

DIE VALENSIE VAN BEWEGINGSWERKWOORDE IN AFRIKAANS

deur

AMANDA-MARIÉ VAN DER MERWE

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF. P.H. SWANEPOEL

JUNIE 1999

INHOUDSOPGAWE

Bedankings	x
Abstrak	xi
Abstract	xiii
HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1 Begripsomskrywing	1
1.2 Probleemstelling en sentrale doelstelling	5
1.2.1 Teoretiese probleemstelling	5
1.2.2 Motivering vir die ondersoek na bewegingswerkwoorde	8
1.2.3 Taalspesifieke probleemstelling	10
1.3. Vooruitskouing	12
1.3.1 Hoofstuk 2	13
1.3.2 Hoofstuk 3	14
1.3.3 Hoofstuk 4	14
1.4 Voetnote	14
HOOFSTUK 2: DIE ONTWIKKELING VAN 'N ADEKWATE VALENSIETEORIE	15
2.1 Doelstelling en metodologie	15
2.2 Grammatiese veranderlikes wat valensie bepaal	18
2.2.1 Die interaksie tussen die veranderlikes	26
2.3 Die belysting en organisasie van die veranderlikes	29
2.3.1. Inherente eienskappe	32
2.3.2 Kontekstuele eienskappe van die werkwoord	34
2.3.3 Die vereistes vir 'n valensieteorie	37
2.3.4 Samevatting van die nodige apparaat vir die verantwoording an grammatikale valensie	39
2.4 Bydraes ten opsigte van 'n valensieteorie	40
2.4.1 Sintakties-kategoriale valensie in die Chomskiaanse grammatika	40
2.4.1.1 Standaardteorie	44
2.4.1.1.1 Herskryfreëls	45
2.4.1.1.2 Seleksiebepervinge	47
2.4.1.1.3 Die leksikale inskrywing as 'n gedeeltelike valensieraam	49
2.4.1.1.4 Samevatting en evaluering van die verantwoording van valensie in die ST	51
2.4.1.2 Uitgebreide Standaardteorie	52
2.4.1.2.1 X-balkteorie	52
2.4.1.2.2 Leksikale invoeging	56
2.4.1.2.3 Filters en voorwaardes	57

2.4.1.2.4 Samevatting en evaluering van die verantwoording van valensie in die EST	58
2.4.1.3 Beginsels en Parameters	59
2.4.1.3.1 Projeksiebeginsel	64
2.4.1.3.2 Regering	65
2.4.1.3.3 Naamvalteorie	65
2.4.1.3.4 Teta-kriterium	67
2.4.1.3.5 Samevatting en evaluering van die verantwoording van valensie in die P&P	69
2.4.1.4 Minimalistiese Program	70
2.4.1.4.1 Komputasie	72
2.4.1.4.2 Kenmerkkontrolering	77
2.4.1.4.3 Leksikon	79
2.4.1.4.4 Samevatting en evaluering van die verantwoording van valensie in die MP	81
2.4.1.5 Implikasies van verantwoording van valensie in die TGG-modelle	83
2.4.2 Uitbouing van die konseptueel-semantiese grammatikakomponent van 'n valensieteorie	86
2.4.2.1 Konseptuele kategorieë	89
2.4.2.2 Korrespondensie tussen konseptuele struktuur en sintaktiese vorm	91
2.4.2.3 Leksikale inskrywing	92
2.4.2.4 Korrespondensiereëls	94
2.4.2.4.1 Argumentsamesmelting	94
2.4.2.4.2 Skakelreëls	95
2.4.2.5 Seleksiebeperkinge	96
2.4.2.6 Voorkeurreëls	100
2.4.2.7 Komponente van leksikale betekenis	102
2.4.2.8 Samevatting en evaluering van CS se rekenskap van valensie	104
2.4.3 Uitbouing van die kognitief-semantiese komponent van 'n valensieteorie	110
2.4.3.1 Modelle van betekenis	114
2.4.3.2 Kognitiewe domeine	115
2.4.3.3 Profilerings	118
2.4.3.4 Beelding	120
2.4.3.5 Sintaktiese valensie	123
2.4.3.6 Presisering van die bewegingsgebeurtenis	128
2.4.4 Die interaksie tussen die semantiek en die sintaksis	132
2.4.4.1 Leksikalisering	132
2.4.4.1.1 Leksikalisering van konseptuele elemente as afsonderlike sintaktiese konstituent	133
2.4.4.1.2 Leksikalisering as inherente deel van die werkwoord se semantiek	135
2.4.4.1.3 Leksikalisering van konseptuele elemente as saamgestelde komplekse	137

2.4.4.1.4 Samevatting en evaluering van die rol van leksikalisering in die verantwoording van valensie	142
2.4.4.2 Die semantiese bepaaldheid van sintaktiese verspreiding	143
2.4.4.2.1 Die semantiese eienskappe van onoorganklike werkwoorde	144
2.4.4.2.2 Die semantiese kenmerke van werkwoorde	146
2.4.4.2.3 Leksikale klassifisering	151
2.4.4.2.4 Skakelreëls	153
2.4.4.2.5 Die implikasies van die semantiese bepaaldheid van sintakties-funksionele valensie vir 'n valensieteorie	155
2.4.4.3 Die interaksie tussen konstruksie-rolle en deelnemerrolle in 'n valensieteorie	157
2.4.4.3.1 Konstruksies	160
2.4.4.3.2 Leksikaal-semantiese representasie van werkwoorde	162
2.4.4.3.3 Profilerings	164
2.4.4.3.4 Passing	166
2.4.4.3.5 Implikasies van die konstruksiebenadering vir 'n valensieteorie	168
2.5 Samevatting van die bydraes uit verskillende teoretiese raamwerke ten opsigte van die formulering van 'n valensieteorie	171
2.5.1 Die grammatiese veranderlikes wat valensie bepaal	171
2.5.2 Analitiese konstruksie en teoretiese apparaat om die veranderlikes in 'n valensieraam te verreken	174
2.5.2.1 Sintakties-kategoriale komponent	174
2.5.2.2 Sintakties-funksionele komponent	174
2.5.2.3 Semanties-funksionele komponent	175
2.5.2.4 Semanties-inhoudelike komponent	175
2.5.2.5 Pragmatiese komponent	175
2.5.2.6 Die interaksie tussen die komponente	176
2.6 Die formulering van 'n toereikende valensieteorie	177
2.6.1 Die beginsels van UG	178
2.6.2 Taalspesifieke veranderlikes	180
2.7 Samevatting	184
2.8 Voetnote	187

HOOFSTUK 3: DIE VALENSIERAAMBESKRYWINGS VAN AFRIKAANSE BEWEGINGSWERKWOORDE 188

3.1. Doelstelling	188
3.2 Organisasie van die hoofstuk	190
3.3 Definisie van bewegingswerkwoorde	190
3.4 Deelnemerrolleraam van bewegingswerkwoorde	192

3.4.1 Bewegende entiteit	199
3.4.2 Objek van gerigtheid	201
3.4.3 Aspek	205
3.4.4 Maatstaf	208
3.4.5 Graad	210
3.4.6 Gebied	213
3.4.7 Pad	215
3.4.8 Bron	218
3.4.9 Bestemming	220
3.4.10 Medium	223
3.4.11 Wyse	225
3.4.12 Klank	227
3.4.13 Spoed	230
3.4.14 Instrument	233
3.4.15 Beoogde resultaat	236
3.4.16 Tydsduur	239
3.4.17 Tydstip	240
3.4.18 Tydsoriëntasie	242
3.5 Agtergrondalemente	245
3.6 Gemeenskaplike kenmerke van bewegingswerkwoorde	246
3.6.1 Sintaktiese kenmerke	246
3.6.1.1 Onoorganklike bewegingswerkwoorde	248
3.6.1.2 Oorganklike bewegingswerkwoorde	250
3.6.1.3 Opsioneel oorganklike bewegingswerkwoorde	251
3.6.2 Semanties-pragmatiese kenmerke	257
3.7 Motivering vir die klassifikasie van bewegingswerkwoorde	260
3.7.1 Klassifikasies op grond van die inherente betekenis van die werkwoord: manier- en rigtingwerkwoorde	264
3.7.2 Klassifikasies op grond van die bewegingsgebeurtenis	277
3.8 Samevatting en evaluering van die verskillende benaderings tot werkwoordklassifikasie	279
3.9 Klassifikasie van afrikaanse bewegingswerkwoorde	280
3.10 Subklasse bewegingswerkwoorde	284
3.10.1 Bewegingswerkwoorde van verandering van lokasie	288
3.10.1.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	289
3.10.1.2 Sintaktiese kenmerke	289
3.10.1.3 Valensieraambeskrywing	290
3.10.1.4 Groepe binne die subklas	290
3.10.2 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van manier van beweging	291
3.10.2.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	293
3.10.2.2 Sintaktiese kenmerke	293
3.10.2.3 Valensieraambeskrywing	293
3.10.2.4 Groepe binne die subklas	294
3.10.3 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van manier van beweging met 'n eksterne oorsaak	295

3.10.3.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	297
3.10.3.2 Sintaktiese kenmerke	297
3.10.3.3 Valensieraambeskrywing	298
3.10.3.4 Groepe binne die subklas	298
3.10.4 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die manier van beweging van 'n uniforme massa, met 'n eksterne oorsaak van die beweging	299
3.10.4.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	299
3.10.4.2 Sintaktiese kenmerke	300
3.10.4.3 Valensieraambeskrywing	300
3.10.5 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die ekstern veroorsaakte manier van beweging van 'n entiteit wat nie 'n uniforme massa is nie	301
3.10.5.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	301
3.10.5.2 Sintaktiese kenmerke	302
3.10.5.3 Valensieraambeskrywing	302
3.10.6 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging	303
3.10.6.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	305
3.10.6.2 Sintaktiese kenmerke	305
3.10.6.3 Valensieraambeskrywing	306
3.10.6.4 Groepe binne die subklas	306
3.10.7 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van 'n liggaam of 'n instrument	307
3.10.7.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	308
3.10.7.2 Sintaktiese kenmerke	309
3.10.7.3 Valensieraambeskrywing	309
3.10.8 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van 'n liggaam	310
3.10.8.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	311
3.10.8.2 Sintaktiese kenmerke	311
3.10.8.3 Valensieraambeskrywing	312
3.10.8.4 Groepe binne die subklas	312
3.10.9 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van ledemate en ander liggaamsdele	313
3.10.9.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	314
3.10.9.2 Sintaktiese kenmerke	314
3.10.9.3 Valensieraambeskrywing	314
3.10.10 Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van ledemate	315
3.10.10.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	316
3.10.10.2 Sintaktiese kenmerke	317
3.10.10.3 Valensieraambeskrywing	317
3.10.10.4 Groepe binne die subklas	318

3.10.11	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die inherent veroorsaakte manier van beweging deur middel van ledemate wat geskik is vir beweging oor 'n oppervlakte	318
3.10.11.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	319
3.10.11.2	Sintaktiese kenmerke	319
3.10.11.3	Valensieraambeskrywing	320
3.10.12	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van ledemate wat geskik is vir beweging deur 'n medium	320
3.10.12.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	321
3.10.12.2	Sintaktiese kenmerke	321
3.10.12.3	Valensieraambeskrywing	322
3.10.12.4	Groepe binne die subklas	322
3.10.13	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van ledemate wat geskik is vir beweging deur 'n medium met die eienskappe van lug	323
3.10.13.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	323
3.10.13.2	Sintaktiese kenmerke	324
3.10.13.3	Valensieraambeskrywing	324
3.10.14	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van ledemate wat geskik is vir beweging deur 'n medium met die eienskappe van vloeistof	325
3.10.14.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	325
3.10.14.2	Sintaktiese kenmerke	326
3.10.14.3	Valensieraambeskrywing	326
3.10.15	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van 'n instrument	327
3.10.15.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	328
3.10.15.2	Sintaktiese kenmerke	328
3.10.15.3	Valensieraambeskrywing	328
3.10.15.4	Groepe binne die subklas	329
3.10.16	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van 'n instrument wat geskik is vir beweging oor 'n oppervlakte	329
3.10.16.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	330
3.10.16.2	Sintaktiese kenmerke	331
3.10.16.3	Valensieraambeskrywing	331

3.10.17	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van 'n instrument wat geskik is vir beweging deur 'n medium met die eienskappe van lug	331
3.10.17.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	332
3.10.17.2	Sintaktiese kenmerke	333
3.10.17.3	Valensieraambeskrywing	333
3.10.18	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die intern veroorsaakte manier van beweging deur middel van 'n instrument wat geskik is vir beweging deur 'n medium met die eienskappe van vloeistof	333
3.10.18.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	334
3.10.18.2	Sintaktiese kenmerke	334
3.10.18.3	Valensieraambeskrywing	335
3.10.19	Taksonomie van manier-van-bewegingswerkwoorde	335
3.10.20	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die rigting van beweging	336
3.10.20.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	338
3.10.20.2	Sintaktiese kenmerke	338
3.10.20.3	Valensieraambeskrywing	339
3.10.20.4	Groepe binne die subklas	339
3.10.21	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die vaste rigting van beweging	340
3.10.21.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	340
3.10.21.2	Sintaktiese kenmerke	341
3.10.21.3	Valensieraambeskrywing	341
3.10.22	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die relatiewe rigting van beweging	342
3.10.22.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	342
3.10.22.2	Sintaktiese kenmerke	343
3.10.22.3	Valensieraambeskrywing	344
3.10.22.4	Groepe binne die subklas	344
3.10.23	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die rigting van beweging relatief tot die rigting van beweging van 'n ander entiteit	345
3.10.23.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	346
3.10.23.2	Sintaktiese kenmerke	346
3.10.23.3	Valensieraambeskrywing	346
3.10.24	Bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die rigting van beweging relatief tot die ligging van 'n ander entiteit	347
3.10.24.1	Semanties-pragmatiese kenmerke	347
3.10.24.2	Sintaktiese kenmerke	348
3.10.24.3	Valensieraambeskrywing	348
3.10.25	Taksonomie van rigting-van-bewegingswerkwoorde	349
3.10.26	Bewegingswerkwoorde van verandering van posisie	349

3.10.26.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	350
3.10.26.2 Sintaktiese kenmerke	350
3.10.26.3 Valensieraambeskrywing	351
3.10.26.4 Groepe binne die subklas	351
3.10.27 Bewegingswerkwoorde van verandering van posisie van 'n veelvuldige bewegende entiteit	352
3.10.27.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	352
3.10.27.2 Sintaktiese kenmerke	353
3.10.27.3 Valensieraambeskrywing	353
3.10.28 Bewegingswerkwoorde van verandering van posisie van 'n nie-veelvuldige bewegende entiteit	353
3.10.28.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	354
3.10.28.2 Sintaktiese kenmerke	355
3.10.28.3 Valensieraambeskrywing	355
3.10.29 Bewegingswerkwoorde van verandering van postuur	355
3.10.29.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	356
3.10.29.2 Sintaktiese kenmerke	356
3.10.29.3 Valensieraambeskrywing	356
3.10.29.4 Groepe binne die subklas	357
3.10.30 Bewegingswerkwoorde van verandering van postuur met die rigting heen-en-weer	358
3.10.30.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	358
3.10.30.2 Sintaktiese kenmerke	358
3.10.30.3 Valensieraambeskrywing	359
3.10.31 Bewegingswerkwoorde van verandering van postuur met 'n nie-heen-en-weer rigting	359
3.10.31.1 Semanties-pragmatiese kenmerke	360
3.10.31.2 Sintaktiese kenmerke	360
3.10.31.3 Valensieraambeskrywing	360
3.10.32 Taksonomie van die klas bewegingswerkwoorde	361
3.11 Die interaksie tussen leksikale kenmerke	362
3.11.1 Afleibare sintaktiese kenmerke	362
3.11.2 Afleibare semanties-pragmatiese kenmerke	363
3.12 Reëls wat die interaksie tussen raam- en argumentrolle verreken	364
3.12.1 Bewegingswerkwoorde uit ander klasse wat in 'n bewegingskonstruksie optree	364
3.12.2 Bewegingswerkwoorde in ander konstruksietipes	370
3.12.3 Implikasies van die mutasie van 'n VRB	371
3.13 Samevatting	372
3.13 Voetnote	373
4. HOOFSTUK 4: SLOTOPMERKINGS	375
4.1 Samevatting	375
4.1.1 Algemeen-teoretiese problematiek	375

4.1.2 Taalspesifieke problematiek	379
4.2 Tekortkominge van hierdie studie ten opsigte van die algemeen-teoretiese problematiek	380
4.3 Tekortkominge van hierdie studie ten opsigte van die taalspesifieke beskrywing	381
 BIBLIOGRAFIE	 383

BEDANKINGS

Ek spreek graag my opregte waardering uit teenoor die volgende persone en instellings:

my promotor, prof. P.H. Swanepoel, sonder wie se inspirerende belangstelling, geduldige leiding en onbaatsugtige ondersteuning hierdie proefskrif nie moontlik kon wees nie;

die personeel van die Samuel Pauw-biblioteek, in die besonder Louise van Heerden en James Kitching, vir hulle hulp met literatuursoektogte;

prof. W.A.M. Carstens, vir sy waardevolle kommentaar op groot gedeeltes van die proefskrif;

en Jaco, vir sy volgehoue ondersteuning deur al die tye en onder al die omstandighede van my studie.

ABSTRAK

Twee sentrale probleme word hier ondersoek, naamlik die daarstelling van 'n teoreties adekwate model om leksikale valensie te verreken en die problematiek rondom die beskrywing van Afrikaanse bewegingswerkwoorde.

Die vertrekpunt is dat 'n teorie van UG leksikale valensie slegs ten dele verreken. So 'n teorie is gemoeid met die vorm van 'n konstruksie wat op LF-vlak leesbaar is. Gevolglik beskryf 'n teorie van UG valensie net in universele sintakties-kategoriale terme. In hierdie studie word die semantiese en pragmatiese komponente van 'n valensieteorie derhalwe uitgebou sodat daar 'n duideliker begrip verkry kan word van die wisselwerking tussen alle veranderlikes van valensie op 'n taalspesifieke LF-vlak.

'n Valensieteorie word op eklektiese wyse saamgestel uit verskeie ander teorieë. Die apparaat om die sintaktiese komponent van 'n valensieteorie te beskryf, word aan TGG-modelle ontleen. Die semantiese komponent van die teorie word aangevul vanuit die Konseptuele Semantiek en die pragmatiese komponent daarvan vanuit kognitiewe grammatikamodelle. Die interaksie tussen hierdie komponente word verreken deur teorieë van leksikalisasie, korrespondensiereëls en die passing tussen konstruksies en leksikale items.

Die ontleding van Afrikaanse bewegingswerkwoorde spesifiseer die omvattender analitiese apparaat wat nodig is vir die verrekening van valensie verby die punt waarvoor 'n teorie van UG voorsiening maak. Dit blyk uit hierdie analise dat die valensie van die kategorie in 'n aantal valensieraam-beskrywings vir die aparte subklasse saamgevat kan word. 'n Duidelike beeld van die universele en taalspesifieke-idiosinkratiese aspekte van hierdie kategorie kan in terme van hierdie valensierame aangetoon word.

'n Verdere hipotese (die onakkusatiwiteithipotese) is dat die sintaktiese verspreiding van werkwoorde uit hulle semantiek voorspel kan word. Hierdie hipotese word getoets aan die empiriese data van Afrikaanse bewegingswerkwoorde. Hierdie bewegingswerkwoorde word in groepe geklassifiseer na gelang van ooreenstemmende semanties-pragmatiese kenmerke. Daar word getoon dat bewegingswerkwoorde met dieselfde semanties-pragmatiese kenmerke dieselfde valensierame het. Valensierame is daarom op sistematiese wyse uit semanties-pragmatiese kenmerke afleibaar. Sekere fasette van valensierame word egter ook bepaal deur konvensies soos profilering, en deur bereelde interaksie met 'n basiese konstruksie se argument-struktuur.

ABSTRACT

This thesis focuses on the development of a theoretically adequate model to account for lexical valence and to provide the detail for such a model by means of an analysis of Afrikaans verbs of motion.

The thesis is a response to a theory of UG which inadequately accounts for lexical valence. A theory of UG is concerned with the universal syntactic form of a construction that is legible on LF level. It therefore describes valence in universal syntactic-categorial terms only. This thesis develops the semantic and pragmatic components of a theory of valence in order that a clearer understanding may be gained of the interaction between all the variables of valence on a language specific LF level.

A theory of valence is construed eclectically from several other theories. TGG models provide the methods used to describe the syntactic component of a theory of valence. Conceptual Semantics contributes to the development of the semantic component, and models of cognitive grammar to the pragmatic component. The interaction between these components is explained by theories of lexicalisation, rules of correspondence and the fusion of constructions and lexical items.

The analysis of Afrikaans verbs of motion provides the comprehensive set of analytical devices required to account for valence beyond the point of LF. From this analysis it emerges that the valence of this category can be summarized in a finite number of frames of valence for distinct classes within the category. 'n Clear understanding of the universal and language specific aspects of this category is achieved by means of these frames of valence.

A further hypothesis (the unaccusativity hypothesis) posits that the syntactic distribution of verbs can be predicted from their semantics. This hypothesis is tested by means of empirical data of Afrikaans verbs of motion. These verbs are classified according to similar semantic-pragmatic features. It is shown that verbs of motion with the same semantic-pragmatic features share frames of valence. These frames thus are deducible systematically from semantic-pragmatic features. Certain aspects of frames of valence, however, are determined by conventions such as profiling and the regulated interaction between verbs and constructions.

KEY TERMS:

Afrikaans syntax; Afrikaans semantics; valence; motion verbs; verb classification; unaccusativity; lexical profiling; Universal Grammar; cognitive grammar; lexicalization

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 BEGRIPSOMSKRYWING

Die term **valensie** is deur die taalkunde ontleen aan die terminologie van die kernfisika en chemie waar dit verwys na 'n atoom se vermoë om te verbind met 'n vasgestelde getal ander atome. In die taalkunde het hierdie term 'n eng asook 'n breër interpretasie. Die term word in die tradisionele, eng interpretasie gebruik om te verwys na die aantal komplemente wat 'n werkwoord neem. In die breër interpretasie word dit gebruik om te verwys na die tipes komplemente en adjunkte waarmee enige kategorie woord kan verbind. In hierdie studie word die breër interpretasie gekies alhoewel die valensie van 'n spesifieke werkwoordkategorie die fokus is.

Valensie word hier gedefinieer as die vereistes van die kategoriale, sintaktiese en semanties-pragmatiese aard van die linguistiese omgewing waarin 'n leksikale item optree. 'n Grammatika van 'n taal moet 'n beskrywing gee van die valensie van elke leksikale item daarvan, in die besonder van die grammatikale konstruksies waarin 'n leksikale item optree en al die verpligte en opsionele tipes sinstukke waarmee dit kan verbind (vergelyk Atkins et al 1995:17). Hierdie tipes verpligte en opsionele sinstukke omvat die komplemente, modifiseerders, adjunkte ens. waarmee 'n leksikale item in sekere konstruksies kan verbind. 'n Taalspesifieke grammatika van die valensie van 'n leksikale item moet 'n beskrywing gee van al hierdie veranderlikes wat by grammatiese valensie betrokke is.

Die grammatikus moet verder ook die valensie van die leksikale items van 'n taal kan voorspel en verklaar binne die grense van bepaalde teoretiese aannames (vergelyk Deane 1996:80). Volgens Deane (1996) se beskrywing is die taalkunde in die eerste plek gemoeid met distribusionele data. Op elke

vlak van beskrywing, van die fonologie tot die pragmatiek, is die taalkunde in hoofsaak gemoeid met die vasstelling van (i) hoe paradigmadiese keuses gemaak word en (ii) hoe sintagmatiese kombinasies toegelaat (gelisensieer) word. Dit is daarom 'n vereiste vir enige taalkundige om 'n beskrywing te kan gee van verspreidingspatrone, om daardie patrone te kan voorspel vanuit die beginsels van 'n gegewe teorie en om te kan verklaar waarom die verspreidingspatrone is soos wat hulle is.

Tradisionele benaderings tot en beskrywings van die valensie van leksikale items steun in 'n groot mate op die werk van Tesnière (1959), wat die werkwoord uitsonder as die regeerder (*régissant*) van die res van die sin. Die werkwoord kan in terme van hierdie teorie optree in verbinding met komplemente (*actants*) en adjunkte (*circonstants*) (vergelyk ook Allerton 1982, Herslund 1988, Jakobsen 1988 en Platzack 1988).

Allerton (1982:1) aanvaar ook dat die werkwoord 'n sentrale plek in die sin inneem en die basiese struktuur van die sin bepaal. Hierdie uitgangspunt word ook in die Transformasioneel-generatiewe Grammatika (voortaan afgekort TGG) aanvaar en vind neerslag in onder meer die projeksiebeginsel van Chomsky se *Principles and Parameters* teorie (P&P), wat bepaal dat die woord 'n sekere struktuur op sy omgewing projekteer (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.1). 'n Bewegingswerkwoord soos *beweeg* projekteer ingevolge hierdie siening verpligtend 'n naamwoordstuk as sy onderwerp en opsioneel 'n adverbiale stuk en 'n preposisionele stuk as adjunkte. Op 'n informele wyse word hierdie verskynsel voorlopig soos volg voorgestel (sinstukke in krulhakies is opsioneel):

geen sistematiese beskrywing van hulle kenmerke gegee nie (vergelyk die bespreking in hoofstuk 2, afdeling 2.2).

In die teoretiese raamwerke binne die tradisie van die generatiewe grammatika word daar uitgebreide beskrywings aangebied van verskeie aspekte van woorde se verbindingsmoontlikhede, hoewel daar feitlik nooit na die verskynsel wat hier beskryf word as *valensie* verwys word nie. In die Standaardteorie (Chomsky 1957, 1965) word spesifieke leksikale inskrywings byvoorbeeld in 'n leksikon vir elke leksikale item voorsien, met inligting oor die idiosinkratiese semantiese en sintaktiese kenmerke daarvan. Sintaktiese herskryfreëls bereël die verbinding van kategorieë in die breë, terwyl filters soos subkategorisasie en seleksiebeperkinge verseker dat die idiosinkratiese inligting omtrent die leksikale item (in sy leksikale inskrywing) in die verbindingsproses gerespekteer word en dat die grammatika alle en slegs die grammatikale sinne van 'n taal genereer. Die verskynsel dat werkwoorde verskil ten opsigte van die tipes komplemente wat hulle selekteer, word in die standaardmodelle hanteer deur byvoorbeeld tematiese (teta- of θ -) rolle. Die verskynsel dat 'n woord verbind met 'n sekere aantal konstituente van 'n sekere kategoriale aard en 'n sekere betekenis word hanteer deur subkategorisasie en seleksiebeperkings. (Vergelyk verder die bespreking in hoofstuk 2, afdeling 2.4.1.)

Valensie kan ook ten opsigte van die generatiewe grammatika beskou word as 'n oorkoepelende term vir al die aspekte wat betrekking het op 'n leksikale item se verbindingsmoontlikhede in 'n taal en op alle grammatiese² reëls, representasies en filters wat daarvoor moet sorg dat 'n grammatika alle en slegs die grammatikale sinne met die betrokke leksikale item genereer.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN SENTRALE DOELSTELLING

Gegee dat 'n taalspesifieke grammatika (hier in die besonder dié van Afrikaans) as taak het om 'n beskrywing van die valensie van die leksikale items daarvan te gee, doen 'n aantal probleme hulle voor. Ten eerste is daar, op algemeen-teoretiese vlak, die probleem van die beskikbaarheid van 'n beskrywend, verklarend en voorspellend adekwate grammatikamodel vir hierdie doel. Ten tweede is daar, op taalspesifieke vlak, die bestaan (al dan nie) van (deel)beskrywings van die valensie van leksikale items van Afrikaans. Albei hierdie probleme vorm die basis van hierdie proefskrif.

1.2.1 TEORETIESE PROBLEEMSTELLING

Die teorie van 'n Universele Grammatika (voortaan afgekort UG) in die generatiewe grammatika (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.1) beskryf, verklaar en voorspel valensie op 'n universele vlak. 'n Taalspesifieke beskrywing van valensie kan vanuit UG afgelei word slegs ten opsigte van die universele sintaktiese kategorieë. Die valensie van Afrikaanse werkwoorde (byvoorbeeld hulle relatiewe posisie ten opsigte van die naamwoordstukke wat as subjek en objek optree en ten opsigte van adjunkte) kan vanuit UG vir 'n Afrikaanse taalspesifieke grammatika afgelei word, maar nie die valensie van 'n semantiese klas werkwoorde, soos bewegingswerkwoorde nie. Die kennis van die universele valensie van werkwoorde is volgens die teorie van die UG aangebore en dié teorie is gemoeid daarmee om hierdie aangebore kennis van valensie en die beperkte taalspesifieke toepassing daarvan te verreken. Omvattender kennis soos die semantiek en pragmatiek wat met afsonderlike werkwoorde geassosieer word, is aangeleerde kennis wat volgens die teorie idiosinkraties en taalspesifiek bepaal word. Dit vorm nie deel van die aangebore kennis van die valensie van sintaktiese kategorieë nie en dit word daarom nie deur die

teorie van UG verreken nie.

Taalspesifieke verrekening van valensie is in UG nie slegs beperk tot die hoof sintaktiese kategorieë (soos naamwoorde en werkwoorde) nie, maar dit is ook onderworpe aan streng vereistes ten opsigte van die ekonomie van beskrywing. Hierdie vereistes vind neerslag in die stel ekonomievoorwaardes wat in die Minimalistiese Program gestel word aan enige tipe grammatiese bewerking. Streng vereistes word in die besonder gestel aan die tipe bewerkings (verskuiwings) wat die taalspesifieke sintakties-kategoriale valensie sistematies aflei van die universele valensiepatroon daarvoor. Hierdie universele valensiepatroon bestaan in die vorm van aangebore kennis in die taalvermoë van die menslike brein.

Die modelle waardeur UG beskryf word (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.1), is van 'n streng modulêre aard: die taalmodule word ondersoek sonder inagneming van enige ander kognitiewe modules. Die interaksie tussen kognitiewe ervarings en die grammatika is volgens hierdie teorie van UG juis 'n proses wat deur ervaring van die (buitetalige) werklikheid geleer word. Hoe hierdie kennis in taal tot uiting kom, is vir UG grootliks irrelevant. Wat wel van belang is, is die sintaktiese vermoëns wat die universele strukture verskaf waarin sulke aangeleerde kennis uitgedruk kan word.

Die kennis dat "'n handeling deur 'n entiteit" uitgedruk kan word in 'n struktuur soos *Naamwoordstuk-Werkwoordstuk* is aangebore kennis. Die spesifieke volgorde van die sinstukke in Afrikaans word sistematies afgelei deur 'n stel parameters vir die strukture in die aangebore kennis. Werkwoorde soos *beweeg* en *dink* sal albei in 'n Afrikaanse konstruksie verskyn met die vorm "X handel", tipies voorgestel as NP-VP. Die feit dat hier sprake is van twee verskillende tipes handelinge, waarvan die eerste met 'n veel groter reeks potensiële subjekte kan verbind as die tweede, is aangeleerde kennis wat

gebaseer is op inligting wat deur ander kognitiewe sisteme verskaf word.

Die beskrywing van die eienskappe van die referente van sintukke word in UG beperk tot algemene en soms vae kenmerke soos [\pm Lewend], [\pm Abstrak] vir naamwoorde. Oor die algemeen word daar nie in hierdie raamwerke semantiese kenmerke vir werkwoorde geïdentifiseer nie, maar slegs sintaktiese kenmerke soos "oorganklik" en "onoorganklik" en hulle semantiese vereistes ten opsigte van hulle komplemente. *Hardloop* sal byvoorbeeld beskryf word as 'n sintakties onoorganklike werkwoord wat semanties 'n Agens van handeling projekteer. Hoewel die semantiese rol van Agens normaalweg met 'n lewende entiteit geassosieer word, word hierdie kennis ook toegeskryf aan aangeleerde ervarings en dit is vir die grammatika irrelevant of X in X *hardloop* as 'n lewende entiteit soos *die man* of as 'n nie-lewende entiteit soos *die boom* uitgedruk word.

Oordele soos of *die boom* versoenbaar is met die handeling in *hardloop*, dus of *Die boom hardloop* 'n geldige refleksie is van *hardloop* se valensieraam, kan volgens die teorie van UG eers gemaak word nadat daar aan die universele valensiepatrone, en hulle taalspesifieke toepassings, voldoen is. Oordele oor die geskiktheid al dan nie van die referente van geldige sintakties-kategoriale konstituenten in 'n leksikale item se valensieraam vind plaas op die domein van interaksie tussen die taalmodule en ander kognitiewe modules. Die Chomskiaanse grammatika sluit per definisie die beskrywing van hierdie interaksie uit die teorie van UG. Die implikasie van UG se beperkte beskouing van valensie is dat daar vir 'n taalspesifieke grammatika (hier vir Afrikaans) 'n goed geartikuleerde sintakties-kategoriale valensiepatroon afgelei kan word. Geen ander taalspesifieke veranderlikes (soos die pragmatiese kenmerke van 'n leksikale item en die interaksie tussen die pragmatiese kenmerke van items in dieselfde valensieraam) by valensie kan egter vanuit UG verreken word nie.

In 'n poging om 'n teorie daar te stel wat ook die taalspesifieke veranderlikes van valensie (wat deur UG uitgesluit word) sistematies hanteer, word bydraes betrek wat die semantiese komponent van die grammatika in meer besonderhede beskryf as vaag gedefinieerde eienskappe soos [+Menslik], [+Handelend], [+Ervarend] en dies meer. Hiervoor word veral Jackendoff (1983, 1990) se Konseptuele Semantiek betrek omdat dit die semantiese apparaat van UG aanvul om op 'n universele vlak valensie in meer besonderhede te verreken.

Taalspesifieke valensie, en ook die (universele) valensie van enige semanties afgebakende klas leksikale items binne 'n universele sintaktiese kategorie (soos bewegingswerkwoorde binne die kategorie werkwoorde) kan egter nie vanuit UG alleen verreken word nie. Vir 'n adekwate taalspesifieke of semanties-kategoriaalspesifieke valensieteorie is dit noodsaaklik om juis ook daardie prosesse te ondersoek wat buite die bereik van UG val. Hulle is naamlik (i) die verworwe kennis van die pragmatiese en ensiklopediese kenmerke van die referente van linguistiese strukture (sinne, woorde ens.) en (ii) die interaksie tussen die aangebore taalvermoë en die verworwe kennis omtrent die referente van linguistiese strukture. Bydraes uit die Kognitiewe Grammatika word betrek om lig te werp op die aard van die verworwe kennis van die referente van linguistiese strukture. Daarna word bydraes betrek wat die reëlmatige interaksie tussen die sintaktiese vorm (soos deur UG beskryf en soos dit taalspesifiek manifesteer) in verband te bring met die semantiese en pragmatiese (en dikwels ook ensiklopediese) versoenbaarheid van die linguistiese objekte in die struktuur.

1.2.2 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK NA BEWEGINGWERKWOORDE

In beginsel sou 'n omvattende en sistematiese ondersoek na enige kategorie leksikale items van 'n taal lig kon werp op die stel grammatiese veranderlikes wat die valensie van 'n

leksikale item bepaal. Die klas bewegingswerkwoorde is egter vir ondersoek gekies omdat 'n aspek van die valensieproblematiek reeds geruime tyd navorsing oor hierdie kategorie stuur. In die besonder gaan dit hier om 'n ondersoek na die hipotese dat die sintaktiese gedrag van werkwoorde deur hulle semantiek bepaal word, en dat hulle sintaktiese gedrag gevolglik op grond van hulle semantiese kenmerke voorspel kan word (vergelyk Levin 1993:1).

Verskeie navorsers het dan ook die kategorie bewegingswerkwoorde in 'n verskeidenheid tale ontleed en daardeur lig gewerp op een of meer van die grammatiese kenmerke van hierdie kategorie ten opsigte van bostaande hipotese: die kategorie se semantiese kenmerke, sintaktiese kenmerke en die interaksie tussen hulle.

Die kategorie bewegingswerkwoorde in Engels is ondersoek deur onder meer Collitz (1931), Talmy (1975, 1985), Levin en Rappaport-Hovav (1995), Levin (1993), Jackendoff (1992) en Taylor (1996). Pedersen (1997) bied 'n klassifikasie aan van Deense bewegingswerkwoorde en Asher en Sablayrolles (1995) van Franse bewegingswerkwoorde. Levin (1993) bied 'n omvattende lys werkwoorde aan in die onderskeie groepe en groepeer die werkwoorde op grond van hulle semantiese eienskappe en hulle gedrag in 'n verskeidenheid alternasiekonstruksies. Levin se doelstelling is egter nie om die verbindingsmoontlikhede van werkwoorde in enige besonderhede te verantwoord nie. Gevolglik word daar ook nie gepoog om die semantiese primitiewe te isoleer wat die verbindingsmoontlikhede van die werkwoorde bepaal nie. Daar word hoogstens 'n algemene beskrywing aangebied van die groep werkwoorde se onderskeidende semantiese eienskappe en tot 'n beperkte mate die eienskappe waaraan konstituente moet voldoen om met die werkwoorde in 'n bepaalde groep te verbind.

Wat wel in hierdie studies aangetoon word, is dat bewegingswerkwoorde nie semanties of sintakties as homogeen

hanteer kan word nie. Semanties fragmenteer die groep in 'n wye reeks groepe met onderskeidende betekeniseienskappe, soos onder andere

- bewegingswerkwoorde van manier van beweging met 'n interne oorsaak (*loop*),
- manier van beweging met 'n eksterne oorsaak (*struikel*),
- rigting van beweging (*styg*),
- beweging deur middel van 'n voertuig (*ry*) of
- beweging wat gerig is op 'n objek (*volg*).

Sintakties is sommige bewegingswerkwoorde

- onoorganklik (*val*),
- oorganklik (*volg die gids*) of
- opsioneel oorganklik (*hardloop/ hardloop 'n myl*).

Studies soos dié van Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) toon aan dat ten minste sommige bewegingswerkwoorde se sintaktiese gedrag semanties bepaal word: **Daar word deur klippe oor die krans gestort* vertoon 'n ongeldige valensieraam omdat *stort* 'n handeling leksikaliseer wat nie deur sy subjek uitgevoer word nie, maar wat daardeur ondergaan word. Tot dusver is daar egter nog geen omvattende beskrywing van die valensie van hierdie groep werkwoorde, hulle valensie of die interaksie tussen hulle betekenis en valensie in enige taal aangebied nie.

1.2.3 TAALSPESIFIEKE PROBLEEMSTELLING

Die ondersoek na Afrikaanse bewegingswerkwoorde, as 'n heterogene klas werkwoorde met 'n breë gemeenskaplike betekenis ("om te beweeg"), hang ten nouste saam met die teoretiese probleemstelling. Hoewel die relasie tussen die betekenis en die sintaktiese optrede van die klas bewegingswerkwoorde al in verskeie ander tale ondersoek is, is daar nog steeds min bekend oor die kenmerke van hierdie

klas in verskeie tale, die wisselwerking tussen hierdie kenmerke en hulle rol in valensie. Dieselfde geld ook ten opsigte van Afrikaans.

Daar is nog geen sistematiese en diepgaande ondersoek gedoen na die valensie van die leksikale items van Afrikaans nie, insluitend die klas bewegingswerkwoorde. Voorts is daar, met die uitsondering van Swanepoel (1995), ook nog min ondersoek gedoen na die sintaktiese, semantiese en pragmatiese kenmerke van die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde. Navorsing oor valensie in Afrikaans sluit onder meer die studies in van Beukes (1981) oor die verbinding van adjektiewe en graadwoorde en Van Jaarsveld (1982) oor die seleksie-beperinge van die naamwoord ten opsigte van die adjektief. Meer algemene besprekings van valensie in Afrikaans word aangebied in De Stadler (1989), De Villiers (1975), Ponelis (1979, 1989) en Van Jaarsveld (1985). De Villiers (1975:173) verwys na valensie as 'n aspek van die Afrikaanse semantiek, maar bespreek nie die verskynsel in enige besonderhede nie. Hy wys wel op enkele probleme met werkwoorde wat valensies kan hê van meer as een tipe, maar gaan nie in besonderhede in op hierdie probleemgevalle nie. In sy bespreking van valensie in Afrikaans volg De Stadler (1989:169) hoofsaaklik die model van Lyons (1977) na, en gebruik dit as 'n basis om die beginsel van valensie in Afrikaans te illustreer. Tot dusver is daar egter geen studies in die Afrikaanse taalkunde wat ten doel het om vanuit die Afrikaanse taalspesifieke grammatika die valensieteorie in die TGG uit te brei of te verfyn nie.

In die Afrikaanse grammatika is daar ook nog geen omvattende ondersoeke gedoen oor die valensie van die klas bewegingswerkwoorde in die besonder nie. Hoewel die verband tussen die semantiese betekenis van die werkwoord en sy sintaktiese gedrag deur verskeie Afrikaanse grammatici beskryf word (vergelyk ook Ponelis 1979), word daar nie uitgebreide aandag aan die verklaring van hierdie verhouding geskenk nie. Klassifikasies van Afrikaanse werkwoorde word in die

literatuur ook meestal gedoen op grond van sintaktiese eienskappe, of "op grond van die argumente waarmee hulle verbind, naamlik onderwerp, voorwerp, kopulapredikaat ens." (De Stadler 1989:147), of op grond van oorganklikheid (De Villiers 1975:179). Ponelis (1979, 1989) tref wel 'n onderskeid tussen werkwoordtipes op grond van sowel hulle sintaktiese as hulle semantiese gedrag en onderskei 'n groep kinetiese werkwoorde (1989:322) wat met rigtingslokatiewe kan verbind. Hierdie groep werkwoorde bestaan volgens Ponelis se indeling uit bewegingswerkwoorde en ander werkwoorde soos *kyk, mik, gryp, staan* en *wys*. Ponelis gaan egter ook nie in op die besonderhede van die semantiese eienskappe of die primitiewe wat hulle sintaktiese gedrag bepaal nie.

Op taalspesifieke vlak word daar gepoog om 'n valensieraam-beskrywing te ontwikkel wat die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde se verbindingsmoontlikhede kan beskryf. Bewegingswerkwoorde is 'n omvattende klas heterogene werkwoorde en die studie poog om in hierdie opsig 'n bydrae te maak tot die sistematiese beskrywing van die valensie van die leksikale items van Afrikaans. Die ontleding van bewegingswerkwoorde in Afrikaans sou voorts as empiriese toetsingsterrein kon dien vir die hipoteses en modelle wat vir die beskrywing, voorspelling en verklaring van valensie geponeer word. Bewegingswerkwoorde figureer naamlik in verskeie ander tale in teoretiese studies oor valensie en die verantwoording daarvan in bepaalde grammatikamodelle, in die besonder na die relasie tussen die semantiese en sintaktiese eienskappe van leksikale items.

1.3. VOORUITSKOUING

In die eerste deel van hoofstuk 2 word 'n kritiese beskouing gegee van die hantering van valensie in die generatiewe grammatikamodelle, TGG en andersins. Die toereikendheid van die grammatikamodelle om valensie te beskryf en te verklaar word getoets aan empiriese Afrikaanse gegewens. Na aanleiding

van sekere leemtes wat op hierdie wyse in die model uitgewys word, word 'n aantal ander modelle ondersoek ter wille van aanvullings wat daaruit vir die suksesvolle hantering van valensie afgelei kan word. In hoofstuk 3 word die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde geanaliseer om die kenmerke te vind wat relevant is vir die beskrywing en verklaring van hulle valensie. Vanuit hierdie klassifikasie en analise word dan voorstelle gemaak vir die algemeen teoretiese beskrywing van die wisselwerking tussen kenmerke by valensie. Die uitleg van die tweede, derde en vierde hoofstukke word hieronder kortliks uiteengesit.

1.3.1 HOOFSTUK 2

In hoofstuk 2 word 'n ontleding van die begrip "valensie" in die taalkunde aangebied. Die faktore wat betrokke is by grammatiese valensie, word geïsoleer en die teoretiese apparaat wat nodig is om van hierdie faktore rekenskap te gee, word geïdentifiseer. Daarna word 'n aantal teoretiese raamwerke ontleed en geëvalueer ten opsigte van hulle beskrywing van valensie, in die besonder watter spesifieke teoretiese apparaat hulle aanbied om die onderskeie elemente van valensie te hanteer. Die klem val in hierdie afdeling op die generatiewe grammatikamodelle, maar na aanleiding van leemtes in hierdie modelle ten opsigte van die pragmatiese aspekte van valensie, word nie-generatiewe modelle ook by die bespreking betrek. In die laaste afdeling van die hoofstuk word 'n eklektiese model vir die beskrywing van valensie saamgestel uit die bydraes wat gespruit het uit die ontleding van valensie as 'n linguistiese verskynsel, en uit die evaluering van die toereikendheid van bestaande grammatikamodelle om die verskynsel te beskryf, voorspel en verklaar.

1.3.2 HOOFSTUK 3

In die derde hoofstuk word die valensieraambeskrywing wat in hoofstuk 2 ontwikkel is, toegepas op die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde. 'n Beskrywing word gegee van die wisselwerking tussen die verskillende kenmerke van bewegingswerkwoorde en die kenmerke van hulle raamelemente, en tussen hulle raamelemente onderling. Daarna word Afrikaanse bewegingswerkwoorde na gelang van hulle sintaktiese, semanties-pragmatiese en ensiklopediese kenmerke geklassifiseer. Vir elke klas word dan 'n valensieraamwerk ontwikkel, met inagneming van die reëls van UG en die taalspesifieke relevante (sintaktiese en semanties-pragmatiese) kenmerke van elke klas.

1.3.3 HOOFSTUK 4

In hoofstuk 4 volg 'n aantal slotopmerkings oor die bereik van hierdie studie, en bestaande leemtes in die ondersoek en die implikasies hiervan vir verdere navorsing.

1.4 VOETNOTE

1 Ongrammatikale strukture word deur 'n * gemerk.

2 *Grammaties* verwys na veranderlikes van taalkundige aard. Die term word onderskei van *grammatikaal* wat aandui dat 'n linguistiese struktuur gevorm is in ooreenstemming met die norme van UG.

HOOFSTUK 2

DIE ONTWIKKELING VAN 'N ADEKWATE VALENSIETEORIE

2.1 DOELSTELLING EN METODOLOGIE

Die doel van hierdie hoofstuk is die totstandkoming van 'n analitiese raamwerk waarbinne leksikale valensie op 'n eksplisiete en toereikende wyse verreken (beskryf, voorspel en verklaar) kan word. Om hierdie doelstelling te bereik, word daar eerstens vasgestel presies watter inligting nodig is om volledig rekenskap te gee van 'n woord se verbindingspotensiaal (valensie). Tweedens word bepaal watter teoretiese apparaat nodig is om hierdie inligting te verreken (te beskryf, verklaar en te voorspel). Daarna word bestaande teoretiese raamwerke in grammatikamodelle geëvalueer ten opsigte van die apparaat wat hulle aanbied vir die hantering van valensie. Uit hierdie bydraes word dan op 'n eklektiese wyse 'n raamwerk saamgestel vir die toereikende hantering van valensie op universele sowel as taalspesifieke vlak.

Hierdie beoogde valensieraamteorie word ontwikkel vanuit die invalshoek van die generatiewe grammatika, omdat die generatiewe grammatika 'n eksplisiete grammatika is wat daarna streef om deur middel van 'n hoogs beperkte aantal grammatikareëls eksplisiete beskrywings, verklarings en voorspellings te gee van 'n infinitie aantal linguïstiese verskynsels en linguïstiese objekte. Die doel van die ondersoek in hierdie hoofstuk is dus om 'n raamwerk te identifiseer wat op 'n eenduidige, eksplisiete manier deur middel van 'n hoogs beperkte aantal duidelik aantoonbare reëls die volle verbindingspotensiaal van 'n leksikale item kan verreken as deel van die taalgebruiker se inherente taalvermoë. Hier word gefokus op die taalgebruiker se taalkennis of -vermoë, of die I-taal (Chomsky 1985, 1986) wat op universele beginsels berus. Die generatiewe grammatika, as 'n grammatika wat konsentreer op die inherente taalvermoë onderliggend aan 'n eksterne taalproduk, is daarom vir

hierdie doeleindes 'n geskikte vertrekpunt.

Die gebruik in die meeste raamwerke binne die generatiewe grammatika, en in die besonder in die Chomskiaanse grammatika, is om taal te beskryf deur middel 'n modulêre benadering, waarin die taalmodule in afsondering van ander kognitiewe modules bestudeer en beskryf word. Hierdie benadering word weerspieël in die verskynsel dat sekere grammatikakomponente in die transformasioneel-generatiewe grammatikamodelle (TGG) (Chomsky 1957, 1965, 1972, 1977, 1981, 1985, 1986, 1991, 1993, 1995a, 1995b) in die fynste besonderhede uitgewerk word, terwyl daar aansienlik minder aandag gegee word aan sekere ander komponente. Die universele sintaksis is reeds in groot besonderhede uitgewerk, terwyl die semantiek wat met daardie sintaktiese strukture geassosieer word, in aansienlik minder besonderhede beskryf word, en die pragmatiek daarvan in feitlik geen besonderhede nie. In die jongste ontwikkelinge in die TGG, en in die besonder in die Minimalistiese Program (MP) (Chomsky 1991, 1993, 1995a, 1995b, Chomsky en Lasnik 1995, Abraham *et al* 1996), speel die semantiek geen rol in die grammatika vir die doeleindes van die ontwikkeling van 'n universele grammatika (UG) nie. Die semantiek en die pragmatiek is egter bepalend vir die valensie van 'n leksikale item, soos blyk uit die voorbeelde in (1) hieronder. Die twee sinne in elke voorbeeld het 'n identiese sintaktiese struktuur, maar die (graad van) grammatikaliteit van die twee sinne verskil as gevolg van die semantiese en pragmatiese inhoud van die sinstukke:

(1)

a. Sintaktiese struktuur: NP¹ [_v volg] NP

i. [_{NP} Die man] [_v volg] [_{NP} die voorste motor].

ii. * [_{NP} Die reënbui] [_v volg] [_{NP} die voorste motor].

b. Sintaktiese struktuur: NP [_v val] PP

i. [_{NP} Die portret] [_v val] [_{PP} van die muur af].

ii. * [_{NP} Die portret] [_v val] [_{PP} teen die muur op].

- c. Sintaktiese struktuur: NP [_varriveer] PP
- i. [_{NP} Die spreker] [_varriveer] [_{PP} by die plegtigheid].
- ii. * [_{NP} Die spreker] [_varriveer] [_{PP} na die plegtigheid toe].

In (1a) het *die reënbui* die pragmatiese kenmerk dat dit nie-lewend is, en *volg* het die pragmatiese kenmerk dat dit 'n wilshandeling is van 'n lewende entiteit. Gevolglik kan *die reënbui* nie as 'n onderwerp optree van *volg* nie. Die pragmatiese kenmerke van *val* in (1b) bepaal onder andere dat dit beweging met 'n afwaartse rigting leksikaliseer - as sodanig is *val* onversoenbaar met 'n adjunk soos *teen die muur op*, wat 'n opwaartse rigting leksikaliseer. Die semantiese kenmerke van *arriveer* bepaal dat dit slegs die tematiese rol Lokatief kan toeken, en nie dié van Bestemming of Bron nie.

By die plegtigheid in (1c.i) is 'n lokatiewe konstruksie, en daarom versoenbaar met die semantiese eienskappe van *arriveer*. *Na die plegtigheid toe* in (1c.ii) is egter 'n rigtingkonstruksie wat die doel of bestemming van die beweging aandui en as sodanig is dit onversoenbaar met die werkwoord se lys van tematiese rolle.

Die TGG-modelle kan nie hierdie verskynsels ondervang nie, omdat hierdie modelle dit nie ten doel het om ongrammatikaliteit op 'n semantiese of pragmatiese vlak te hanteer nie. In vroeëre weergawes van die TGG is gevalle van onwelgevormdheid soos dié in (1a) en (1b) hanteer deur seleksiebeperkinge en dié in (1c) deur subkategorisasie. Seleksiebeperkinge plaas beperkinge op die semantiese en pragmatiese kenmerke van die sinstukke in die omgewing van 'n leksikale item, en subkategorisasie op die kategoriale aard daarvan.

Om 'n adekwate raamwerk te ontwikkel vir die beskrywing, verklarings en voorspelling van die valensie van leksikale items soos wat hier nagestreef word, is dit nodig om die verrekening van valensie in verskillende grammatikamodelle te

ondersoek en daaruit 'n toereikende model saam te stel. Eerstens word die Chomskiaanse grammatikamodelle in die TGG-tradisie ontleed ten opsigte van hulle hantering van valensie; daarna modelle uit ander generatiewe tradisies, en laastens modelle buite die generatiewe tradisie. Laasgenoemde word by hierdie studie betrek hoofsaaklik om die insigte wat hulle bied in die hantering van die semantiese, pragmatiese en kognitiewe aspekte wat betrokke is by valensie en wat in die generatiewe modelle nie ten volle verreken word nie, of glad nie.

In die res van die hoofstuk word ondersoek ingestel na die grammatiese veranderlikes wat die valensie van 'n leksikale item of leksikale kategorie bepaal (afdeling 2.2), die teoretiese apparaat wat nodig is om hierdie elemente te verreken (afdeling 2.3), die apparaat wat bestaande modelle daarvoor aanbied (afdelings 2.4 en 2.5) en die vorm van 'n toereikende valensieraamwerk wat uit hierdie gegewe saamgestel kan word (afdelings 2.6).

2.2 GRAMMATIESE VERANDERLIKES WAT VALENSIE BEPAAL

Soos in afdeling 1 van hoofstuk 1 omskryf, is die valensie van 'n leksikale item die sintakties-kategoriale en semanties-pragmatiese vereistes wat dit stel ten opsigte van die linguistiese konteks waarin dit in 'n taal kan voorkom. Die beskrywing van die valensie van 'n leksikale item moet hiervoor 'n omskrywing gee van die verpligte en opsionele sinstukke waarmee die leksikale item in groter sintaktiese eenhede verbind kan word. Sørensen (1988:1) stel dit ook dat die kernprobleem by valensie is om vas te stel watter en hoeveel komplekse eenhede 'n linguistiese eenheid, soos 'n werkwoord, toelaat as 'n funksie van sy inherente linguistiese eienskappe. In die besonder word hierdie linguistiese omgewing beskryf in terme van die volgende grammatiese kenmerke van die sinstukke (en die interaksie tussen hierdie kenmerke) waarmee so 'n leksikale item verplig

of opsioneel kan verbind, naamlik:

(2)

- a. sintakties-kategoriale kenmerke van sinstukke (NP, VP, S, PP, ens.)
- b. sintaktiese/grammatikese funksie van die sinstukke (onderwerp, voorwerp, adjunk, ens.)
- c. semantiese funksies van sinstukke (Agens, Pasiënt, ens.)
- d. semantiese inhoud van sinstukke ([+Menslik] ens.)
- e. pragmatiese kenmerke ("vinnige" teenoor "stadige" beweging ens.)

'n Bewegingswerkwoord soos *daal* verbind byvoorbeeld opsioneel met sinstukke van die sintakties-kategoriale aard PP soos in (3b) of AP soos in (3c), maar nie met 'n interne NP ('n NP as direkte voorwerp van die werkwoord) nie, soos in (3d):

(3)

- a. Die goudprys daal.
- b. Die goudprys daal [_{PP} tot 'n nuwe laagtepunt].
- c. Die goudprys daal [_{AP} skerp].
- d. *Die goudprys daal [_{NP} 'n nuwe laagtepunt].

'n Bewegingswerkwoord soos *daal* hierbo kan met 'n NP verbind slegs indien die NP die sintaktiese funksie het van onderwerp (die eksterne argument van die werkwoord). In die voorbeelde in (3) tree die NP *die goudprys* in daardie funksie op. Die semantiese funksie van *die goudprys* in die konstruksies in (3) is dié van Tema, in ooreenstemming met die semantiese inhoud daarvan as nie-lewend. Die semantiese funksie van die NP-onderwerp is by bewegingswerkwoorde dikwels dié van Agens, in ooreenstemming met die semantiese eienskap daarvan dat dit die uitvoerder (eerder as die onderganer) van die handeling is. In *Die bergklimmers daal van die berg af* is die semantiese funksie van die NP, *die bergklimmers*, byvoorbeeld dié van Agens. Die PP in (3b) en die AP (3c) waarmee *daal* verbind, vervul in albei gevalle die sintaktiese rolle van

adjunkte van die werkwoord. Die semantiese funksie van die PP in (3b) is dié van rigting of bestemming en die funksie van die AP in (3c) is dié van manier of graad.

Die spesifikasie van die valensie van 'n leksikale item in terme van een of slegs twee van hierdie kenmerke lei meestal tot 'n onderspesifikasie van die valensie van die leksikale item en laat dan die generering van onaanvaarbare sinne toe. 'n Monovalente bewegingswerkwoord soos *klouter* verbind verpligtend met een (eksterne) NP-argument, die onderwerp, en opsioneel met 'n PP met die semantiese funksie van rigting of plek. Deur slegs die sintakties-kategoriale, sintakties-funksionele en semanties-funksionele aard van die grammatiese omgewing te spesifiseer vir *klouter*, is dit nie moontlik om die afwykendheid van die struktuur in (4) te verklaar of dit te blokkeer nie. Die onaanvaarbaarheid daarvan spruit uit die pragmatiese inhoud van die Agens van die handeling, *die slang*, wat nie gekonseptualiseer kan word as in staat daartoe om die handeling uit te voer waarvan hier sprake is nie (vergelyk ook afdeling 2.4.2.6). (Die sintaktiese funksie word in hoofletters gegee voor die sinstuk en die semantiese funksie word in hoofletters na die sinstuk aangedui. Hierdie patroon word deurgaans in die proefskrif gevolg, tensy anders vermeld.)

(4)

*[_{NP} ONDERWERP Die slang AGENS] klouter [_{PP} ADJUNK teen die leer af PAD].

Haas is 'n bivalente bewegingswerkwoord wat verpligtend verbind met 'n NP-onderwerp en 'n NP-voorwerp. Sonder stipulering van die semanties-inhoudelike vereiste dat die onderwerp en die voorwerp dieselfde referent moet hê, kan daar nie 'n verklaring gegee word van die onaanvaarbaarheid van (5a) nie. In (5b) is die afwykendheid van die sin toe te skryf aan die botsing tussen die pragmatiese eienskappe van *haas*, wat "vinnige beweging" voorstel, en dié van die adjunk, *stadig*, wat "nie vinnig nie" beteken. In die notering

hieronder word die sintaktiese en semantiese funksies aangedui op dieselfde wyse as in die voorbeeld in (4):

(5)

- a. *_{NP} [ONDERWERP Hy AGENS] haas [_{NP} DIREKTE VOORWERP haar PASIËNT] [_{PP} ADJUNK na die hospitaal PAD].
- b. *_{NP} [ONDERWERP Hy AGENS] haas [_{NP} DIREKTE VOORWERP hom PASIËNT] [_{AP} ADJUNK stadig WYSE] [_{PP} ADJUNK na die hospitaal PAD].

Die verrekening van valensie in die tradisionele valensie-teorieë is beperk tot die verpligte elemente wat optree saam met 'n woord (gewoonlik die werkwoord). Hierdie tipe benadering gee nie 'n verslag van die verspreiding van adjunkte in verbinding met die werkwoord nie en kan nie gevalle soos (5b) hanteer nie. Hulle is voorts ook nie geskik om rekenskap te gee van die semantiese en pragmatiese eienskappe en die semantiese funksies van die verpligte argumente van die werkwoord nie en kan ook nie gevalle soos (4) of (5a) hanteer nie.

Herslund (1988:5) beskryf die valensie van die kategorie werkwoorde net in terme van grammatiese relasies, wat hy beskou as die morfo-sintaktiese uitdrukkings van semantiese relasies (1988:7,8). Op grond van hierdie grammatiese relasies identifiseer hy drie basiese valensiepatrone, naamlik 'n onoorganklike en oorganklike patroon en 'n patroon waar die grammatiese relasie as onderwerp kan optree of as voorwerp, byvoorbeeld *die glas* in konstruksies soos [*die glas*] breek; *hy* breek [*die glas*]. Herslund (1988) identifiseer wel die onvermoë van die tradisionele valensie-teorieë om verklarings en voorspellings te maak, maar sy hantering van valensie is ook beperk tot sekere grammatiese relasies (onderwerp, voorwerp, en voorwerp van 'n voorsetsel).

Die wyse waarop die werkwoord kan verbind met sinstukke van 'n gegewe kategoriale aard word nie sistematies hanteer in

die lyste van valensiepatrone wat aangebied word in studies soos dié van Allerton (1982), Jakobsen (1988) of Platzack (1988) nie. Hierdie tipe hantering van valensie beweeg nie verby die vlak van beskrywende toereikendheid nie (vergelyk afdeling 2.3.3) en omdat adjunkte gewoonlik buite rekening gelaat word, bereik dit dikwels ook nie beskrywende toereikendheid ten opsigte van 'n leksikale item se valensie nie. *Draf* sal byvoorbeeld in sulke teorieë beskryf word as 'n monovalente werkwoord, omdat dit onoorganklik is. In sekere omstandighede verbind *draf* egter wel met 'n interne NP-argument, alhoewel dit nie die semantiese funksie (soos Pasiënt) het wat gesassosieer word met 'n direkte voorwerp nie. In die voorbeelde hieronder word die monovalente valensiepatroon van *draf* geïllustreer in (6a), en die sintakties oorganklike patroon daarvan in (6b):

(6)

- a. [_{NP} Hy] draf [_{PP} ADJUNK met die pad langs PAD].
- b. [_{NP} Hy] draf [_{NP} VOORWERP die pad PAD].

Die *pad* in (6b) is 'n NP wat in die posisie van die direkte voorwerp van die werkwoord optree, maar dit vervul 'n ander semantiese funksie as die direkte voorwerpe van die oorganklike werkwoorde in die voorbeelde in (7). In (7) vervul die NP 'n ander semantiese rol as die NP in (6b), naamlik dié van Pasiënt:

(7) *Direkte voorwerp in die semantiese rol van pasiënt:*

- a. eet [_{NP} die kos]
- b. skop [_{NP} die bal]
- c. slaan [_{NP} die hond]

Die voorbeelde in (8) hieronder illustreer die verskynsel dat 'n valensiebeskrywing in die tradisionele terme van onoorganklik/monovalent, oorganklik/bivalent, bi-oorganklik/trivalent en dies meer nie 'n voldoende beskrywing van die werkwoord se verbindingspotensiaal gee nie. Die valensiepatrone vir elke werkwoord is afgelei van die patrone wat

Allerton (1982) ontwikkel:

(8)

a. betree: [Subj. + Werkwoord + Direkte Voorwerp]

(i) Die man betree die bergpas.

(ii) *Die man betree die lekkergoedpapiertjie.

(iii) *Die mis betree die bergpas.

b. loop: [Subj. + Werkwoord]

(i) Die man loop.

(ii) Die man loop die pad. (Loop neem 'n direkte voorwerp wat nie in sy sintaktiese valensieraam gespesifiseer is nie.)

Hierdie voorbeelde toon aan dat valensie gaan om veel meer as die aantal en die sintaktiese tipes komplemente wat 'n woord neem. Uit die voorbeelde in (6), (7) en (8) blyk dit dat elke "grammatikale struktuur" waarmee die woord verbind, verstaan moet word as 'n sintaktiese struktuur van 'n bepaalde kategoriale aard (soos N), met 'n bepaalde sintaktiese funksie (soos onderwerp), 'n bepaalde semantiese funksie (soos Agens) en 'n bepaalde semantiese inhoud (soos menslik, manlik).

Dat verskeie pragmatiese aspekte ook 'n rol in die valensie van 'n leksikale item speel, is ook reeds vroeg besef. Waar dit egter in die meeste grammatikas buite beskouing gelaat word, bepleit ander die insluiting daarvan. Fillmore (1971:274) stel voor dat die taalkundige hom ten doel moet stel om die faktore te identifiseer waarvan die taalgebruiker bewus moet wees om 'n leksikale item toepaslik te gebruik en te verstaan, eerder as om te streef na 'n beskrywing van die betekenis van die leksikale item. Valensie behels daarom die reëls onderliggend aan die gebruik van 'n item wat die taalgebruiker moet ken om die betrokke leksikale item toepaslik te gebruik. Hierdie onderliggende reëls behels uiteindelik 'n verslag van alles "wat die spreker weet en glo van die saak waarna verwys word" (Van Jaarsveld 1982:173) en wat op patroonmatige manier die seleksiebepערkinge (dus die

valensie) van 'n item bepaal. Wat die taalgebruiker "weet en glo" omtrent 'n leksikale item soos 'n bewegingswerkwoord, is volgens Fillmore (1971:274) onderliggend aan die taalgebruiker se oordele oor die gepastheid van 'n sin in 'n sekere betekenis, eerder as wat die gepastheid daarvan bepaal word deur die kennis van die woord se linguistiese eienskappe (bv. (on)oorganklikheid).

Taylor (1996) ondersteun (vanuit die raamwerk van die kognitiewe grammatika) die insluiting van pragmatiese kenmerke deur 'n ontleding van die (on)grammatikaliteit van sinne soos dié in (9). Op grond van voorbeelde van die subtiele onderskeid tussen naby-sinonieme soos *hardloop* en *draf* (vergelyk (9)) kom Taylor tot die gevolgtrekking dat ensiklopediese en kulturele kennis van bepalende aard is vir die sintaktiese valensie van 'n woord.

(9)

- a. Die twee atlete [hardloop/draf] om die baan.
- b. Die twee atlete [hardloop/*draf] teen mekaar.
- c. Die twee atlete [hardloop/*draf] kop aan kop.
- d. Hulle [hardloop/*draf] 'n myl in tien minute.
- e. Hulle [hardloop/*draf] so vinnig as wat hulle kan om die bus te haal.

Taylor (1996:28) toon aan dat die aard van die aksies wat deur *draf* en *hardloop* geleksikaliseer word (die referente van die onderskeie werkwoorde) implikasies het vir die sintaktiese gebruik van die twee werkwoorde. Die verskil tussen *hardloop* en *draf* in (9) berus op kultuurspesifieke inligting en Taylor (1996:31) vind dit onmoontlik om die twee leksikale items van mekaar te onderskei bloot op grond van semantiese of konseptuele elemente soos Pad, Bron, Beweging en dies meer. Algemene semantiese representasies in terme soos hierdie is onvoldoende om die verskillende valensieraamwerke van *draf* en *hardloop* te verklaar, soos blyk uit die voorbeelde in (9). Taylor (1996:32) stel voor dat 'n volledige semantiese ontleding van leksiale items vir die

doeleindes van die verrekening van hulle valensie die insluiting van ensiklopediese gegewens omtrent die leksikale item noodsaak (vergelyk ook afdeling 2.4.2.8).

Voorbeelde soos die pare in (10) kan ook nie verklaar word met slegs verwysing na die sintaksis en die semantiek nie, omdat daar meer betrokke is by valensie as slegs die werkwoord se kategorie of sy betekenis. Die onaanvaarbaarheid van die sinne in (i) van elke paar is die gevolg van 'n keuse van 'n sinoniem wat met 'n ander styl geassosieer word as die res van die konstruksie waarin dit optree, of met 'n ander gebruiksfteer.

(10)

- a. i. *Ek arriveer lui-lui by my vriende waar hulle op die gras sit en bier drink.
- ii. Ek kom lui-lui by my vriende aan waar hulle op die gras sit en bier drink.
- b. i. *Die atleet hol elke dag 'n paar kilometer ter voorbereiding vir die byeenkoms.
- ii. Die atleet hardloop/ draf elke dag 'n paar kilometer ter voorbereiding vir die byeenkoms.
- c. i. *Die dame klouter elegant in die motor in.
- ii. Die dame klim elegant in die motor in.
- d. i. *Trap asseblief uit die hotelkamer uit sodat dit skoongemaak kan word.
- ii. Gaan asseblief uit die hotelkamer/ verlaat asseblief die hotelkamer sodat dit skoongemaak kan word.

Die bostaande voorbeelde illustreer die rol van styl en houding in die sintaktis van die leksikale item (vergelyk Carstens 1993:296-302 en Ponelis 1979:390).

Kom, *gaan* en *beweeg* spesifiseer nie op watter wyse (per voet, oor land, oor water, ens.) of teen watter relatiewe snelheid die beweging plaasvind nie. *Beweeg* bevat voorts ook geen aanduiding van die rigting van die beweging nie, terwyl *kom*

en gaan 'n aanduiding daarvan relatief tot die deiktiese sentrum gee. *Kom vinnig hierheen* sal dus in 'n bepaalde konteks aanvaarbaar wees, as 'n deiktiese werkwoord wat in afwisseling met *nael hierheen* of *jaag hierheen* gebruik word. Dit is egter nie 'n aanvaarbare plaasvervanger vir *kruip hierheen* of *skuifel hierheen* nie. Dieselfde tipe kontekstuele beperkinge geld vir die voorbeelde van sinonieme bewegingswerkwoordpare in (11):

(11)

- a. i. Mense [loop/wandel] oor die plein.
ii. Water [loop/*wandel] oor die plein
- b. i. Die grypdiewe [hardloop/hol/laat spaander/nael] oor die plein.
ii. Die marathonaatlete [hardloop/*hol/*laat spaander/*nael] die afstand tussen die twee stede.
iii. Die dief [hardloop/hol/*laat spaander/*nael] weg vir die polisie.
- c. i. Die bal [spring/bons/hop/wip].
ii. Die seun [spring/*bons/*hop/*wip].
- d. i. [klim/bestyg/*beklouter] die berg
ii. [klim/*bestyg/*beklouter] die boom
- e. i. [dryf/dobber] op die water
ii. [dryf/*dobber] in die hawe in
- f. i. Die aarde [roteer/draai] om sy eie as.
ii. Die soldate [roteer/*draai] elke 24 uur.
- g. i. Die boot [seil/vaar] oor die water.
ii. Die ruimtetuig [vaar/*seil] om die planeet.
- h. i. Die motor [ry/snel] oor die baan.
ii. Die donkiekar [ry/*snel] mark toe.


2.2.1 DIE INTERAKSIE TUSSEN DIE VERANDERLIKES

Die beskrywing van die valensie van 'n leksikale item behels nie net 'n omskrywing van die kenmerke in (2) nie maar ook hulle reëlmatige interaksie. Die eerste tipe interaksie waarvan hier sprake is, is die reëlmatige aftekening van

elemente van een vlak op 'n ander vlak (byvoorbeeld die aftekening van 'n sintaktiese funksie op 'n sintaktiese kategorie). Die semantiese eienskap "menslik" word byvoorbeeld afgebeeld op onder andere die semanties-funksionele stuk "Agens"; die Agens word op sy beurt weer afgebeeld op die sintakties-funksionele stuk "grammatiese onderwerp" in 'n aktiewe sin en die grammatiese onderwerp word afgebeeld op die sintakties-kategoriale stuk NP. Skematies kan die reëlmatigheid soos volg aan die hand van die argumente van *jaag* geïllustreer word:

(12)

Die man jaag die dief.



Tweedens is daar op elke vlak (sintakties-kategoriaal, sintakties-funksioneel en dies meer) 'n reëlmatige interaksie tussen die elemente wat op daardie spesifieke vlak afgebeeld word. 'n Bewegingswerkwoord soos *betree* word op sintakties-kategoriale vlak aanvaarbaar gebruik slegs as dit met twee NP-argumente verbind, in die sintakties-kategoriale vorm NP-V-NP. *Die man betree [_{NP} -] is gevolglik ongrammatikaal. Een van die argumente is ekstern (die onderwerp) en die ander intern (die direkte voorwerp). Op sintakties-funksionele vlak

word die struktuur voorgestel as ONDERWERP-HOOFWERKWOORD-DIREKTE VOORWERP. Die struktuur is onaanvaarbaar as een van die twee argumente die sintaktiese funksie van 'n indirekte voorwerp het en nie dié van direkte voorwerp nie, soos in die volgende voorbeeld:

(13)

*Die man betree [_{NP} INDIREKTE VOORWERP sy familie]
[_{NP} DIREKTE VOORWERP -].

Die semanties-funksionele vlak van struktuurbeskrywing vir *betree* is AGENS-HANDELING-TEMA/PLEK. Die struktuur is onaanvaarbaar indien daar 'n NP-argument in die funksie van 'n direkte voorwerp teenwoordig is, maar met 'n semantiese funksie anders as Tema of Gebied:

(14)

*Die man betree [_{NP} DIREKTE VOORWERP die mense in die vertrek PASIËNT].

Op semantiese vlak word die struktuur weergegee as [+MENSLIK]-[+HANDELING]-[-MENSLIK] en 'n sin met *betree* is onaanvaarbaar indien dit nie hierdie eienskappe van die argumente reflekteer nie, soos hieronder geïllustreer word:

(15)

*[[Die mis [-MENSLIK]] betree [_{NP} DIREKTE VOORWERP die mense in die vertrek TEMA [+MENSLIK]].

Op pragmatiese vlak word van 'n lewende entiteit Y verwag om "in staat te wees tot betreding van 'n entiteit X" om as Agens van die handeling op te tree en van 'n nie-lewende entiteit X om "betreding deur 'n entiteit Y te kan ondergaan". Die *mier* het die geskikte pragmatiese kenmerke om 'n *stukkie papier* te betree, maar 'n *stukkie papier* is te klein in omtrek om betreding deur die man te akkommodeer (*Die mier betree die stukkie papier/ *die man betree die stukkie papier*). Die grammatiese kenmerke van die leksikale item word

op alle vlakke van grammatiese beskrywing reëlmatig gepas (ook *saamgesmelt*; vergelyk afdelings 2.4.2.4.1 en 2.4.5.1.1) met die grammatiese kenmerke van die stukke waarmee dit verbind, en die reëls onderliggend aan daardie passing moet in 'n valensieteorie beskryf word.

Die hipotese dat die valensie van 'n leksikale item voorspelbaar is uit sy betekenis (die onakkusatiwiteithipotese; vergelyk Levin en Rappaport Hovav 1995 en afdeling 2.4.5.1.1) het drie variante vorme. Die sterk variant poneer dat alle valensiekenmerke voorspel kan word uit die semantiek van die leksikale item (vergeelyk afdeling 2.4.5.1). Die swakker variant poneer dat ten minste sommige valensiekenmerke voorspelbaar is op grond van die betekenis van die leksikale item, maar nie almal nie (vergeelyk afdeling 2.4.2). Die derde variant poneer dat sommige valensiekenmerke ten opsigte van sekere leksikale items op grond van hulle betekenis voorspel kan word, maar dat ander leksikale items hulle volkome idiosinkraties gedra wat dit betref (vergeelyk afdeling 2.4.3).

Vir 'n valensieteorie is die sterker variant 'n gewenste resultaat, omdat dit implikasies inhou vir die ekonomie van so 'n teorie. 'n Hipotese van reëlmatigheid tussen betekenis en valensie impliseer voorspelbaarheid en voorspelbare gegewens word in beperkte stelle reëls ondervang in plaas daarvan om vir elke individuele geval gestipuleer te word. So 'n benadering laat dan slegs idiosinkratiese inligting toe om in die teorie gespesifiseer te word. In hierdie hoofstuk en in hoofstuk 3 word ondersoek ingestel na die mate waartoe hierdie sterker hipotese deur Afrikaanse data ondersteun kan word.

2.3 DIE BELYSTING EN ORGANISASIE VAN DIE VERANDERLIKES

'n Ander, enersyds enger, maar andersyds breër, benadering tot die beskrywing van die valensie van leksikale items is

die leksikografiese benadering wat in Atkins et al (1995) voorgehou word. 'n Uitgebreide korpus taalgebruik word naamlik ontleed in 'n poging om 'n beskrywing te gee van werklike taalgebruik of E-taal (vergelyk afdeling 2.4.1). 'n Belangrike deel van hulle beskrywing behels 'n ontleding van die grammatiese konteks of raam waarin 'n leksikale item gebruik word. Onder die term raam word hier die grammatiese elemente verstaan waarmee die leksikale item op enige vlak van grammatiese beskrywing verbind, soos in (2) uiteengesit.

Fillmore en Atkins (1994:370) verduidelik die oogmerk van die gebruik van rame in die raamsemantiek as om uiteindelik die valensie van die woord te verklaar. Die raamsemantiek begin naamlik om die konseptuele raam onderliggend aan die betekenis van 'n woord bloot te lê en te beskryf, en dit poog dan om 'n verklaring te gee van die relasies tussen elemente van die konseptuele raam en hulle realisasies binne die grammatikale strukture wat deur die toepassing van grammatikale reëls rondom die woord opgebou word.

Die term "raam" word in verskillende, meer spesifieke betekenis aangewend. Fisher et al (1991) gebruik dit in 'n sintaktiese betekenis om te verwys na die subkategorisasiekenmerke van 'n leksikale item. In hulle subkategorisasieraambenadering het 'n werkwoord soos *betree* die subkategorisasieraamelemente van 'n interne NP en 'n eksterne NP. Fillmore en Atkins (1994:367) gebruik die term om te verwys na die tipes situasies waarmee 'n werkwoord geassosieer word. Die raamelemente is in hulle ontleding semantiese/tematiese rolle en elemente van die sitasie wat deur die werkwoord geleksikaliseer word. In hierdie raamsemantiese benadering sal *betree* die raamrolle hê van ten minste die Agens/Protagonis (meer spesifiek die "betreder"), en die Tema (meer spesifiek die "betrede entiteit").

In hierdie studie word die term raam in 'n algemene betekenis gebruik om te verwys na die algemene eienskappe van die woord se grammatiese omgewing, soos dit in (2a-e) aangetoon word.

Alle beskrywingsvlakke van grammatiese veranderlikes word daardeur geaktiveer. Meer spesifieke verwysing na een besondere beskrywingsvlak kan bereik word deur terme soos **subkategorisasieraam** (die sintakties-kategoriale en sintakties-funksionele omgewing van die leksikale item) en **semantiese raam** (die semantiese en semanties-funksionele kenmerke van die elemente in die omgewing van die leksikale item).

Die pragmatiese raam (die pragmatiese kenmerke van die elemente in die omgewing van die leksikale item) word van die semantiese raam onderskei op grond daarvan dat die semantiese raam die tematiese kenmerke van die argumente in die konstruksie beskryf (byvoorbeeld die Agens by 'n handelingswerkwoord), terwyl die pragmatiese raam die meer spesifieke rolle van een besondere werkwoord beskryf (byvoorbeeld die Betreder by *betree*). Goldberg (1995) verwys na hierdie raam as onderskeidelik die "argumentraam" en die "deelnemerrolleraam" (vergeelyk afdeling 2.4.5.2).

In die leksikografiese benadering wat Atkins en Fillmore (1992), en Atkins *et al* (1995) volg, word voorstelle gemaak vir maniere waarop al die grammatiese veranderlikes wat 'n leksikale item se valensie bepaal (vergeelyk (2)) in 'n leksikale inskrywing weergegee kan word. Hoewel hierdie benadering nie deel vorm van enige spesifieke grammatikamodel nie, volg waardevolle insigte daaruit ten opsigte van die inhoud en die strukturering van 'n valensieraamwerk.

Die twee belangrike onderliggende konsepte in hulle leksikografiese benadering is 'n leksikale item se leksikografiese relevansie en sy maksimale projeksie (Atkins *et al* 1995:4). Die "leksikografiese relevansie" is die konteks en omgewing waarin 'n woord gebruik word, soos opgeteken in die korpus van (werklike) taalgebruik. Die leksikale item se "maksimale projeksie" verwys na die volgende hoër konstruksie waarvan dit 'n konstituent is. In 'n sin soos *Die trein beweeg na die kruising toe is beweeg se*

maksimale projeksie die werkwoordstuk, beweeg na die kruising toe. Die term *maksimale projeksie*, soos dit hier gebruik word, word ontleen aan die terminologie van die X-balkteorie in TGG (vergelyk afdeling 2.4.1.2.1).

'n Leksikale item se sintaktiese relasies is die kern van sy leksikografiese relevansie, en in die samestelling van sy leksikale inskrywing moet die woord beskryf word met verwysing na sy verbindingsbehoefte op verskeie vlakke, soos in (2). Gevolglik moet elke teikenwoord in 'n korpus beskryf word met verwysing na die presiese manier waarop dit in sy maksimale projeksie pas (Atkins et al 1995:5). Hierdie presiese manier van passing behels onder andere die sintaktiese aard van sy maksimale projeksie, die sintaktiese funksies wat die stukke in die maksimale projeksie vervul, hulle semantiese rolle en hulle semantiese struktuur (betekenis). So 'n beskrywing gee vir elke leksikale item 'n omskrywing van die presiese maniere waarop groter frases rondom dit opgebou kan word. Die doel van so 'n leksikale inskrywing is dus om volledig rekenskap te gee van elke leksikale item se valensie.

Die leksikale inskrywing wat Atkins et al (1995) voorstaan, beskryf die eienskappe van die leksikale item op 'n sistematiese en volledige manier. So 'n leksikale inskrywing bestaan uit die leksikale item se **inherente eienskappe** en sy **eksterne eienskappe**, waaronder kontekstuele eienskappe, die interne eienskappe van sy sintaktiese konteks, die eksterne eienskappe van sy sintaktiese konteks en sy sintaktiese eienskappe. Elkeen van hierdie eienskappe word hiernaas verder ondersoek.

2.3.1. INHERENTE EIENSKAPPE

Die volgende lys inherente eienskappe van werkwoorde in (16) word deur Atkins et al (1995:18) onderskei:

(16) *Inherente eienskappe van 'n werkwoord:*

- a. Die lemma X waartoe die werkwoord behoort (bv. *beweeg*).
- b. Die variante vorms van die werkwoord (bv. *jaag/ja/jaë*).
- c. Die sintaktiese kategorie van die werkwoord (bv. *werkwoord*).
- d. Die maksimale projeksies van die werkwoord (bv. *VP*).
- e. Die werkwoord se valensie in sy verskeie semantiese representasies (bv. *loop* met een argument in *hy loop ver*, of met twee argumente waarvan die interne argument die Tema is, in *Hy loop die pad*).
- f. Die wyse waarop die werkwoord se subjek gerealiseer word (bv. NP in [*Die atlete*] *hardloop*; S in [*Dat hy ontevrede is hieroor*] *volg uit sy optrede en opmerkings*).
- g. Die wyse waarop die komplemente gerealiseer word (bv. PP in *Hy moet uitgaan [uit die vertrek uit]*; NP in *Hy moet [die vertrek] verlaat*).
- h. Die sintaktiese subklas van die werkwoord (bv. *hoofwerkwoord, hulpwerkwoord of koppelwerkwoord*).
- i. Die semantiese subklas van die werkwoord (bv. *bewegingswerkwoord of werkwoord van bestaan*).

Hierdie lys eienskappe betrek gelyktydig aspekte van die sintaksis, semantiek en morfologie. Verdere inligting oor die inherente eienskappe van die werkwoord se optrede wat Atkins et al (1995:22) voorsien vir insluiting in die leksikale inskrywing van die werkwoord, is onder meer die volgende:

(17) *Inherente eienskappe van die werkwoord se optrede*

- a. Die werkwoord se deelname aan sekere alternasies, bv. die passief (*Die hond jaag die kat x Die kat word gejaag*).
- b. Die interpretasie van sy implisiete (onuitgedrukte) voorwerpe (*Die volgende aflewering volg binne 'n week: die implisiete voorwerp van volg is hierdie aflewering*).
- c. Sy rolstruktuur (*[Die hond AGENS] jaag [die kat*

PASIËNT]).

- d. Sy deelname aan sekere konstruksies (Oorganklik: *Die hond jaag die kat* en onoorganklik: *Die motoris jaag oor die snelstrik*).

Die eienskappe in (17) hierbo kom neer op 'n beskrywing van die werkwoord se sintaktiese potensiaal (in (17a) en (17d)), die vereistes wat die werkwoord se betekenis stel ten opsigte van die semantiek (betekenis) van sy komplemente (in (17b)) en die tematiese (teta- of θ -) kenmerke van die werkwoord (in (17c)).

2.3.2 KONTEKSTUELE EIENSKAPPE VAN DIE WERKWOORD

Atkins et al (1995:27-32) stel 'n lys kontekstuele kenmerke voor vir opname in 'n leksikale inskrywing, aanvullend tot die eienskappe in (13) en (14) hierbo. Die kontekstuele eienskappe behels sogenaamde "interne" en "eksterne" eienskappe van die leksikale item en van sy maksimale projeksie.

Die interne en eksterne eienskappe van die onmiddellike groter konstruksie (VP vir bewegingswerkwoorde) word in onderskeidelik (15) en (16) hieronder uitgesonder deur Atkins et al (1995:30). Hierdie lys van relevante interne en eksterne eienskappe van die VP is nie bedoel as inligting wat in die leksikale inskrywing ingesluit moet word nie. Dit is eerder inligting wat aangeteken moet word wanneer korpusontleding gedoen word ter voorbereiding van 'n leksikale inskrywing. Hierdie gegewens is dus nie kenmerke van die betrokke leksikale item nie, maar inligting waaruit afgelei kan word wat die taalgebruiker "weet en glo" omtrent die leksikale item. Die uiteindelijke lys kenmerke vir die werkwoord word dan afgelei uit hierdie eienskappe, gegrond op die reële voorkoms en gebruike van die werkwoord:

(18) *Interne eienskappe van VP:*

- a. Tempus (teenwoordig (loop), verlede (geloop) ens.).
- b. Modus (stellend, vraend, imperatief ens.).
- c. Aspek (durend (loop dorp toe), begin van aksie (spring weg dorp toe) ens.).
- d. Vorm (lydend (Die afstand word in 'n rekordtyd gehardloop) of bedrywend (Hulle hardloop die afstand in 'n rekordtyd)).
- e. Modale werkwoord, indien enige (Hulle kan loop).

(19) *Eksterne eienskappe van VP:*

- a. Onderwerp van die werkwoord ([ONDERWERP Die vis] swem).
- b. Eksterne onderwerp van die werkwoord (Hy in Hy is van plan [ONDERWERP -] om te loop).
- c. Direkte voorwerp (volg [DIREKTE VOORWERP die voorste motor]).
- d. Bykomende voorwerp (hardloop [INDIREKTE VOORWERP sy span] 'n eerste plek los).
- e. Lemma en semantiese tipe van naamwoorde wat optree as onderwerp, voorwerp(e) en bykomende voorwerp (hy: NP, Agens in Hy loop).
- f. obliek (voorwerp van P) in die bysin van die teikenwerkwoord se VP (arriveer [OBLIEK by die gala-aand]).
- g. Preposisie wat die hoof vorm van die PP wat as obliekobjek optree ([_P by] die gala-aand).
- h. Predikaat van die werkwoord se VP (Dit gaan [PREDIKAAT baie sleg]; Hy is [PREDIKAAT 'n onderwyser]).
- i. Lemma en semantiese tipe van die hoofde van die NP's en AP's wat die predikaat vorm (baie [_{AP} sleg]; 'n [_{NP} onderwyser]).
- j. Komponent(e) (bywoorde of preposisionele frases) van die adjunk(te) geassosieer met die VP, as maksimale projeksie van die teikenwoord (loop [_{Adv} vinnig]; loop [_{PP} teen 'n vinnige pas]).
- k. Lemma en semantiese tipe van bywoorde wat optree as

adjunkte, indien teenwoordig (*vinnig*: bywoord van manier).

- l. Preposisies wat die hoof vorm van preposisionele frases wat optree as adjunkte, indien toepaslik (*loop* [_P *teen*] 'n *spoed*)).
- m. Semanties-sintaktiese tipe van die adjunk(te) wat geassosieer word met die werkwoord se VP (manier, tyd, plek, graad ens.).
- n. Polariteit van die sin waarin die werkwoord se VP optree, bv. bevestigend of negatief (*loop oor die straat; loop nie oor die straat nie*).
- o. Tipe van die sin waarin die werkwoord se VP optree, bv. stellend, imperatief of vraend (*Hy loop; Trap!; Loop hy?*).
- p. Funksie van die sinstuk (klous) wat die werkwoord se VP bevat in die groter sin, bv. hoofsin, neweskikkende bysin, ekstern gekontroleerde VP ([*HOOFSIN Hy loop*]; *Hy word gevra* [*NEWESKIKKENDE SIN om te loop*])).
- q. Lemma en semantiese tipe van die werkwoord wat optree as regeerder, indien die VP ekstern gekontroleer word (*vra in Hy word gevra* [-] *om te loop*).
- r. Eienskappe van relevante eksterne naamwoorde (sintaktiese funksie, semantiese kenmerke, semantiese funksie en pragmatiese kenmerke van die onderwerp).
- s. Lemma en semantiese tipe van enige saamgestelde werkwoord (*ingaan, uitloop, opspring*: bewegingswerkwoord).
- t. Die veelwoordige eenheid waarvan die werkwoord se VP 'n komponent is, indien toepaslik (*S in* [_S *Hy* [_{VP} *spring uit die water uit*])).

Bogenoemde behels 'n gelyktydige beskrywing van die verskeie vlakke van beskrywing van 'n leksikale item se passing in sy grammatiese omgewing.

2.3.3 DIE VEREISTES VIR 'N VALENSIETEORIE

Valensie geniet in die meeste grammatikaraamwerke nie afsonderlike teoretiese status nie, maar die term dek bloot 'n stel "min of meer goed gedefinieerde" probleme wat verskillend hanteer word in verskillende teorieë (Sørensen 1988:1). In die tradisionele hantering van valensie deur Tesnière (1959) is die werkwoord die regeerder (*régissant*) van die sin en dit bepaal die res van die sinstruktuur deur beperkinge te plaas op sekere verpligte komplemente (*actants*) en adjunkte (*circonstants*).

Tradisionele valensierame verreken slegs die verpligte elemente; opsionele elemente val in sulke teorieë buite die raam (Platzack 1988:58). Hulle gee daarom net 'n gedeeltelike beskrywing van die woord se raam, en ook slegs van die subkategorisasieraam. Omdat slegs die verpligte sintakties-kategoriale elemente in so 'n raam verreken word, is hierdie tipe raam ook nie 'n volledige beskrywing van die leksikale item se subkategorisasie nie.

'n Valensieteorie moet 'n hipotese lewer vir sinstruktuur. Dit moet voorspel watter tipes klouse met watter tipes werkwoorde verwag kan word, en watter tipes uitgesluit word (Herslund 1988:3). Herslund (1988:3) wys egter op 'n belangrike gebrek van die tradisionele valensieteorieë, naamlik dat hulle nie verklarings en voorspellings van hierdie aard kan maak nie omdat hulle bly by 'n belysting van grammatiese relasies soos subjek en (in)direkte objek en werkwoorde op grond daarvan klassifiseer.

Aan 'n valensieteorie, as grammatiese teorie, word die eise gestel dat dit observasioneel, beskrywend, verklarend en voorspellend adekwaat moet wees. Die valensieteorie is observasioneel adekwaat indien dit al die primêre taalkundige gegewens korrek weergee (Botha 1977:210). So 'n teorie is beskrywend adekwaat indien dit begrippe in die teorie toelaat vir die uitdrukking van taalkundig beduidende veralgemenings,

sistematiese grammatikale inhoud besit en algemeen-linguistiese inhoud besit (Botha 1977:410). Die grammatika moet daarom psigologies reëel wees en 'n korrekte beskrywing gee van die struktuur van die taalbeheersing van die moedertaalspreker (Botha 1977:211; vergelyk ook Chomsky 1965:24). 'n Deskriptief adekwate grammatikateorie oor 'n grammatiese objek X moet antwoorde kan gee op ten minste die volgende vrae (vergeelyk Botha 1977:129):

(20)

- a. Watter soort entiteit is X?
- b. Watter eienskappe het X?
- c. Watter onderdele het X?
- d. Hoe hang die onderdele van X saam?
- e. Van watter Y is X 'n onderdeel?
- f. Hoe hang X saam met die ander onderdele van Y?
- g. Hoe werk X en die onderdele van X?

'n Verklarend adekwate grammatikateorie bied verklarings en gevolgtrekkings aan wat op wetmatige veralgemenings gebaseer is, dit wil sê veralgemenings wat empiries bewysbaar of logies afleibaar is (vergeelyk Botha 1977:184,410). Die grammatikateorie is voorspellend adekwaat indien dit bewerings kan maak oor 'n onbekende eienskap van een of meer linguistiese objekte in die grammatika, gegrond op 'n feitelike basis van die betrokke verskynsel, of ander verwante verskynsels. Dit moet voorts 'n teoreties taalkundige veralgemening aanbied van en 'n logiese skakel vorm tussen die eienskap wat voorspel word en die taalkundige gegewens waarop dit gebaseer word (Botha 1977:250).

Die valensieteorie moet derhalwe berus op die reële feite van valensie, soos dit in taal (hier Afrikaans) waarneembaar is. Dit moet 'n akkurate beskrywing aanbied van die waarnemings omtrent valensie en dit moet veralgemenings kan maak op grond van daardie waarnemings. Vanuit die veralgemenings oor valensie moet dit moontlik wees om die valensie van linguistiese strukture (hier bewegingswerkwoorde) wat

waargeneem is, te verklaar en om die valensie van soortgelyke linguistiese strukture te voorspel.

2.3.4 SAMEVATTING VAN DIE NODIGE APPARAAT VIR DIE VERANTWOORDING VAN GRAMMATIKALE VALENSIE

Die apparaat wat nodig is om die valensie van 'n leksikale item toereikend te beskryf, behels 'n raam wat die woord se kombinatoriese vereistes en potensiaal beskryf op sintakties-liniêre, sintakties-hiërargiese, sintakties-kategoriale, sintakties-funksionele, semanties-funksionele (roltematiese) en semanties-inhoudelike vlak. Verder moet die apparaat ook die interaksie tussen hierdie elemente onderling en die interaksie tussen hierdie elemente en die werkwoordkenmerke patroonmatig beskryf, verklaar en voorspel. Bykomend hiertoe moet ook rekenskap gegee word van die liniêre orde van die sinstuk waarvan die betrokke leksikale item deel vorm. Dit is byvoorbeeld nodig om te kan verklaar waarom *hy hardloop vinnig skool toe* 'n aanvaarde Afrikaanse valensiepatroon is, maar nie **hy vinnig hardloop skool toe*, en ook nie **hy hardloop skool toe vinnig* nie. Die apparaat wat minimaal in so 'n valensieraam vervat moet word, kan soos in (21) saamgevat word:

(21) *Samevatting van die apparaat wat nodig is om die valensie van 'n leksikale item X te beskryf, verklaar en voorspel:*

- a. die inherente sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van X
- b. die semantiese en pragmatiese kenmerke van alle sinstukke in X se maksimale projeksie (XP) en die susterstukke van XP
- c. die semantiese rolle van die stukke in (b)
- d. die sintaktiese kategorieë waarop die rolle in (c) afgebeeld word
- e. die sintaktiese funksie (onderwerp, voorwerp, bywoordelike bepaling ens.) van die kategorieë in

- (d)
- f. die posisie van X in die liniêre orde van XP, en van XP in die sin
 - g. die netwerk van relasies tussen (a-f).

In die res van hierdie hoofstuk word verskeie grammatika-modelle ondersoek vir voorstelle van die vorm van so 'n raam (afdeling 2.4). Uit die bruikbare aspekte wat in hierdie benaderings na vore kom - byvoorbeeld hulle analitiese en teoretiese apparaat en primitiewe konsepte - word uiteindelik 'n adekwate valensieteorie saamgestel (afdelings 2.5 en 2.6).

2.4 BYDRAES TEN OPSIGTE VAN 'n VALENSIETEORIE

2.4.1 SINTAKTIES-KATEGORIALE VALENSIE IN DIE CHOMSKIAANSE GRAMMATIKA

'n Generatiewe grammatika, soos die term verstaan word sedert die ontwikkeling daarvan in Chomsky (1957) se *Syntactic Structures*, hang ten nouste saam met die beskrywing van 'n Universele Grammatika (UG) wat onderliggend is aan die grammatikas van alle menslike tale. Fromkin en Rodman (1993:412) beskryf UG as die beginsels wat die klas menslike tale bepaal. So 'n UG word op 'n eksplisiete manier deur 'n hoogs beperkte aantal reëls beskryf. Die grammatikas van afsonderlike tale word op 'n sistematiese wyse van UG afgelei deur die vasstelling van 'n beperkte aantal taalspesifieke waardes van 'n beperkte stel parameters van die beperkte stel universele beginsels.

Chomsky (1965:4) beskryf 'n generatiewe grammatika as 'n grammatika wat 'n beskrywing gee van die ideale sprekerhoorder se aangebore taalvermoë. So 'n grammatika is eksplisiet, omdat dit 'n eksplisiete analise aanbied van die ideale sprekerhoorder se aangebore taalvermoë - dit maak nie staat op die werklike sprekerhoorder se intelligensie, begripsvermoë of omstandighede nie. In wese is 'n generatiewe

grammatika 'n beskrywing, in die mees neutrale terme moontlik, van die taalkennis wat onderliggend is aan die werklike gebruik van 'n taal deur 'n spreker-hoorder (Chomsky 1965:9). Die term *generatiewe grammatika* is die afgelope vier dekades veral met die Chomskiaanse grammatika geassosieer, hoewel die Chomskiaanse grammatika 'n spesifieke toepassing van generatiewe grammatika verteenwoordig en nie die uitsluitlike weergawe daarvan nie (vergelyk onder andere Bresnan 1982 se *Logies-Funksionele Grammatika*; Gazdar et al 1985 se *Algemene Frasestruktuurgrammatika*; Pollard en Sag 1987, 1994 se *Hoofgedrewe Frasestruktuurgrammatika* en Grimshaw 1979, 1981 se *Relasionele Grammatika* wat almal verskillende weergawes van 'n generatiewe grammatika aanbied).

In die beskrywing van die struktuur van UG word verskillende komponente van die grammatika onderskei in 'n generatiewe grammatika. Die teorie van generatiewe grammatika streef daarna om gelyktydig twee tipes beskrywings te gee, naamlik (22a,b):

(22) *Tipes beskrywings in generatiewe grammatika:*

- a. 'n beskrywing van die verskillende strukture wat onderliggend is aan alle menslike tale, die sg. Universele Grammatika of UG;
- b. 'n beskrywing van die wyses waarop taalspesifieke grammatikas van die UG afgelei word.

Die TGG (vergelyk ook hoofstuk 1, afdeling 1.1) is 'n ontwikkeling in generatiewe grammatika wat die afgelope vier dekades deur verskillende ontwikkelingsfases gegaan het. In die literatuur word daarna verwys as die Standaardteorie (*Standard Theory*, voorgaan afgekort ST) (Chomsky 1957, 1965), die Uitgebreide Standaardteorie (*Extended Standard Theory*, voortaan afgekort EST) (Chomsky 1972, 1975, 1977, Jackendoff 1972), die Beginsels-en-parametersteorie (*Principles and Parameters*, voortaan afgekort P&P) (Chomsky 1982, 1985, 1986) en die meer onlangse Minimalistiese Program vir linguistiese

teorie (*Minimalist Program for linguistic theory*, voortaan afgekort MP) (Chomsky 1991, 1993, 1995a, 1995b, Chomsky en Lasnik 1995, Abraham et al 1996, Bennis 1994).

Chomsky (1985, 1986) tref 'n onderskeid tussen die geïnternaliseerde, aangebore kennis van taal (I-taal) en die geëksternaliseerde produk van daardie kennis, of taalgebruik (E-taal) (vergelyk ook afdeling 2.3). 'n Grammatika van E-taal beskryf die reëlmatighede in 'n korpus van werklike taalgebruik en orden die stel eksterne faktore wat by taalgebruik betrokke is (Cook 1988:12). Hierteenoor is die studie van I-taal gemoeid met wat 'n spreker van nature weet van taal en met die oorsprong van taal in die menslike brein. Dit bestudeer taal as 'n interne en inherente eienskap van die menslike verstand en nie as die eksterne, waarneembare produk van daardie eienskap nie (vergelyk ook Cook 1988:13). Chomsky konsentreer in sy teorie van UG deurgaans op die verkenning van I-taal. Daar kan daarom uit die staanspoor verwag word dat die verrekening van valensie in hierdie modelle sal sentreer rondom universele kwessies soos die relasie tussen en die volgorde van sintaktiese kategorieë, omdat hierdie aspekte die taalgebruiker se aangebore taalvermoë verteenwoordig.

Dit val buite die bereik van die Chomskiaanse grammatikamodelle om volledig rekenskap te gee van die manier waarop die semantiese en pragmatiese inhoud van hierdie kategorieë vasgestel word deur eksterne ervarings of aangeleerde konvensies. Die generatiewe grammatika (as 'n teorie wat UG beskryf verklaar en voorspel) bepaal hom in sy grammatikabeskrywing by 'n spesifieke onderafdeling van die stel (on)aanvaarbare sinne van taal, naamlik die stel (on)grammatikale sinne daarvan. Hierdie modelle gee rekenskap van die (on)aanvaarbaarheid van sinne slegs ten opsigte van hulle konformering al dan nie met die grammatikaliteitsvoorwaardes wat deur die inherente taalvermoë daaraan gestel word. Hulle is nie gemoeid met die stel sinne wat op grond van aangeleerde waarheidswaardes vir die taalgebruiker

aanvaarbaar of onaanvaarbaar is nie. Die terme **welgevormd** en **onwelgevormd** sal voortaan gebruik word om onderskeidelik te verwys na sinne/stringe wat aan waarheidswaardes voldoen en sinne/stringe wat nie daaraan voldoen nie (vergelyk Chomsky 1972:121; 1993:27 se gebruik van die term *well-formed sentence*).

Die sintaksis verteenwoordig 'n relasie tussen die fonetiese vorm (PF) of uitspraak van die sin, en die logiese vorm (LF) of betekenis daarvan. Hierdie relasie kan diagrammaties soos volg voorgestel word (aangepas uit Cook 1988:29):

(23)

Fonetiese Vorm <— Sintaksis —> Logiese Vorm

In die Chomskiaanse grammatika word die sentrale sintaktiese komponent (eerder as die PF of die LF) vir ondersoek uitgesonder. Die sentrale probleem in 'n beskrywing van UG is naamlik om rekenskap te gee van hoe die aangebore kennis van die sintaktiese raakvlak daar uitsien, eerder as van die fonologie of die semantiek wat daarmee geassosieer word (Cook 1988:30).


In die ontwikkeling van sy teorie van UG het Chomsky oor die afgelope vier dekades verskeie wysigings aangebring aan die teorie. Die teoretiese fokus was in die ST aanvanklik op UG sowel as taalspesifieke idiosinkrasieë, maar die navorsingsfokus het in die daaropvolgende weergawes toenemend verskuif van taalspesifieke na universele kwessies. Die wyse waarop leksikale valensie in hierdie modelle verreken word, word vervolgens kortliks uiteengesit. Daar word nie gepoog om 'n volledige weergawe van enige van die modelle te gee nie, maar om die modelle se verrekening van valensie uiteen te sit en te beoordeel.

2.4.1.1 STANDAARDTEORIE

In die ST bestaan die grammatika uit 'n kreatiewe sintaktiese komponent, 'n interpretatiewe fonologiese en 'n interpretatiewe semantiese komponent. Herskryfreëls (ook bekend as *PS-reëls* of *konteksvrye subkategorisasiereëls*) beskryf die wyse waarop items uit die leksikon saamgevoeg word om sinstukke te vorm en die wyse waarop die sinstukke saamgevoeg word om sinne of groter sinstukke te vorm. Hierdie sinstukke word in 'n dieptestruktuur (*Deep Structure*, voortaan afgekort *DS*) voorgestel as die onderliggende vorm van die sin, waaruit die onderliggende relasies tussen sy konstituente afgelees word. Die leksikon en die kategoriale subkomponent (die herskryfreëlsisteem) vorm die basis van die sintaktiese komponent. Benewens die basis bestaan die sintaksis ook uit 'n transformasionele subkomponent wat beskryf hoe die overte of oppervlakstruktuur (*Surface Structure*, voortaan afgekort *SS*) van die DS-vorm afgelei word (vergelyk Chomsky 1965:141).

Die struktuur van die grammatika in die ST kan skematies soos in (24) voorgestel word (vergelyk Lyons 1977:412):

(24)



Die sintaksis in die ST behels twee vlakke van representasie: die DS waaruit 'n sintaktiese struktuur se semantiese interpretasie deur semantiese reëls afgelees word, en die SS waaruit die fonologiese representasie van 'n sintaktiese struktuur volg. Die twee representasievlakke SS en DS word

deur transformasiereëls met mekaar in verband gebring. 'n String wat deur die herskryfreëls in die dieptestruktuur gegenerer word, betree die semantiese komponent en ontvang 'n semantiese interpretasie. Die DS-string word deur transformasionele reëls na 'n oppervlakstruktuur afgeteken, waar dit 'n fonetiese interpretasie ontvang deur die reëls van die fonologiese komponent (Chomsky 1965:141).

In die ST word leksikale valensie op twee afsonderlike maniere verreken: op sintakties-kategoriale vlak word die verbinding van leksikale items beskryf deur herskryfreëls (ook bekend as *subkategorisasiereëls* of *frasestruktuurreëls*), en op leksikaal-semantiese vlak deur kontekstsensitiewe seleksiereëls.

2.4.1.1.1 HERSKRYFREËLS

Herskryfreëls beskryf die universele verbindingspotensiaal van kategorieë. Hierdie tipe reëls neem nie die semantiese inhoud, semantiese rolle of sintaktiese funksie van die sinstukke in ag nie. Chomsky (1965:123) skryf twee afsonderlike funksies toe aan herskryfreëls: hulle definieer die universele sisteem van grammatiese relasies tussen sintaktiese kategorieë en hulle bepaal die ordening van elemente in DS. Herskryfreëls kan welgevormde en onwelgevormde stringe soos die volgende in (25) genereer (onwelgevormde strukture word in hierdie voorbeelde soos ongrammatikale strukture met 'n * gemerk):

(25)

a. S → NP VP

i. [_S [_{NP} Die kinders] [_{VP} hardloop]].

ii. * [_S [_{NP} Die boom] [_{VP} hardloop]].

b. VP → V PP

i. [_{VP} [_V val] [_{PP} na onder]]

ii. * [_{VP} [_V val] [_{PP} na bo]]

c. VP → V NP

i. [_{VP} [_V hardloop] [_{NP} die marathon]]

ii. *_{VP} [_V hardloop] [_{NP} die veld]]

Om die generering van onwelgevormde strukture soos dié in (25a-c.ii) te blokkeer, word in ST gebruik gemaak van welgevormdevoorwaardes soos seleksiebeperkinge en subkategorisasiereëls. Om die semantiese faktore onderliggend aan valensie te hanteer, stel Chomsky (1965) kontekssensitiewe subkategorisasiereëls voor. Kontekssensitiewe subkategorisasiereëls bestaan uit streng subkategorisasiereëls en seleksiereëls (Chomsky 1965:120). Streng subkategorisasiereëls beskryf die kategoriale vereistes en seleksiereëls die semantiese vereistes wat die woord stel aan sy omgewing.

Leksikale items word in die ST as 'n komplekse simbool in die struktuur in 'n eindknooppuntposisie ingevoer. 'n Komplekse simbool in die ST is 'n leksikale item met 'n stel kenmerke. So 'n versameling kenmerke bestaan onder andere uit spesifikasies oor die leksikale item se kategorie en sy subkategorisasie. Die kategoriekenmerk (soos V) bepaal die posisie waarin dit in 'n boomdiagram ingevoeg kan word en die subkategorisasiekenmerke beskryf al die verskillende sintaktiese kategorieë waarmee die item kan verbind. Laasgenoemde word in die vorm van 'n arbitrêr gerangskikte lys in die leksikale inskrywing ingesluit (vergelyk Chomsky 1965:95).

'n Oorganklike bewegingswerkwoord soos *betree* bevat in sy subkategorisasielys onder andere die kenmerk [___ NP] en dit is dus positief gemerk vir daardie kenmerke. 'n Onoorganklike werkwoord soos *val* is egter negatief gemerk daarvoor. Vergelyk die grammatikale gebruik van *betree* met 'n direkte voorwerp teenoor die ongrammatikale gebruik van *val* met 'n direkte voorwerp in die volgende voorbeelde:

(26)

- a. betree [_{NP} die terrein]
- b. *val [_{NP} die terrein]

Subkategorisasiereëls is slegs gemoeid met die sintakties-kategoriale aard van 'n leksikale item se komplemente en nie met die semantiese inhoud daarvan nie. Sulke reëls spesifiseer dat arriveer onorganklik is en dat dit met 'n opsionele PP kan verbind, maar nie wat die semantiese aard van daardie PP moet of kan wees nie. Hulle laat gevolglik welgevormde strukture toe soos arriveer [_{PP} in Londen], maar ook onwelgevormde strukture soos *arriveer [_{PP} na Londen]. Die gebruik van seleksiebeperkinge om hierdie tipe onwelgevormdheid te blokkeer word in die volgende afdeling uiteengesit.

2.4.1.1.2 SELEKSIEBEPERKINGE

Radford (1988:370) beskryf seleksiebeperkinge as semantiese beperkinge op die keuse van uitdrukkings binne 'n sekere kategorie wat 'n sekere sinsposisie kan beklee. Terwyl subkategorisasiereëls die sintakties-funksionele elemente van 'n leksikale item se valensieraam beskryf, beskryf seleksiereëls die semanties-funksionele elemente daarvan. 'n Seleksiereël definieer seleksierelasies tussen twee posisies in die sin.

Seleksiereëls vorm deel van die komplekse simbool waardeur 'n leksikale item voorgestel word. Hierdie tipe reëls word in semantiese kenmerke uitgedruk soos [\pm Abstrak], [\pm Lewend] en [\pm Bepaald] (vergelyk Chomsky 1965:153). Hulle plaas gevolglik geen beperkings op die pragmatiese inhoud van 'n leksikale item se raam nie (in soverre daar 'n skeiding tussen die pragmatiese en semantiese kenmerke gehandhaaf kan word). So 'n analitiese struktuur kan deur die herskryfreëls gevorm word, maar dit ontvang in die (interpretatiewe) semantiese komponent 'n afwykende interpretasie.

Vir 'n naamwoordelike komplement bestaan daar die keuses tussen die kenmerke wat in (27) uiteengesit word en wat almal deur Chomsky (1965) hanteer word as sintakties van aard. In latere weergawes van die TGG is dit egter slegs die kategoriekenmerk ([±N]) wat 'n sintaktiese kenmerk is; die res van die kenmerke word beskou as behorende tot die semantiese domein. By implikasie word die semanties-pragmatiese eienskappe van woorde dus in die ST betrek om van hulle valensie rekenskap te gee in die volgende beskrywing van kenmerke in (27) (vergelyk Allen en Van Buren 1971:48):

(27) *Semantiese kenmerke van naamwoordelike stukke:*

- a. [+Algemeen] → [±Telbaar]
- b. [+Telbaar] → [±Lewend]
- c. [-Algemeen] → [±Lewend]
- d. [+Lewend] → [±Menslik]
- e. [-Telbaar] → [±Abstrak]

Wanneer daar gesê word dat 'n bewegingswerkwoord soos *betree* 'n NP-subjek en 'n NP-objek moet neem, word sy streng subkategorisasievereistes beskryf, soos dit in herskryfreëls geformuleer word. Die grammatika laat dan die stringe in (28) toe, waarvan slegs (28a) 'n aanvaarbare Afrikaanse sin is:

(28)

- a. Die man *betree* die vertrek.
- b. *Die warrelwind *betree* die lekkergoedpapiertjie.
- c. *Die man *betree* die lekkergoedpapiertjie.

Seleksiebeperkinge bepaal dat die subjek en die objek van *betree* aan bepaalde vereistes moet voldoen. In terme van die kenmerke in (27) hierbo, moet die subjek die kenmerk [+Lewend] hê. *Die warrelwind* voldoen nie aan die vereiste nie. *Betree* se direkte objek moet 'n NP wees wat 'n abstrakte of konkrete oppervlakte of ruimte leksikaliseer wat groot genoeg is om die subjek (die "betreder") te ontvang en hom toe te laat om verder te vorder met sy beweging. Die direkte objek in (28b) en (28c) hierbo is daarom onaanvaarbaar in

verbinding met *betree*, maar die stel semantiese kenmerke vir naamwoordelike komplemente in (27) is nie verfyn genoeg om dit te kan hanteer nie.

In die ST word 'n leksikale item se sintaktiese, sintakties-funksionele, semanties-funksionele en semantiese valensie bepaal deur die inhoud van sy leksikale inskrywing. Die sintaktiese kategorie van sy etiket (byvoorbeeld naamwoord of werkwoord) beperk sy verspreiding tot eindpunte met dieselfde kategorie-etiket in die frasestruktuur wat deur herskryfreëls gegenerer is. Subkategorisasie- en seleksiebeperkinge bepaal onderskeidelik die sintaktiese en semantiese eienskappe van die konstituente waarmee die item verbind (soos hierbo beskryf is).

2.4.1.1.3 DIE LEKSIKALE INSKRYWING AS 'N GEDEELTELIKE VALENSIERAAM

Chomsky (1965:142) beskryf die leksikon in die ST as 'n ongeordende stel leksikale inskrywings en oortolligheidsreëls. Elke leksikale inskrywing bestaan uit 'n afsonderlike stel fonologiese, sintaktiese en semantiese kenmerke. Oortolligheidsreëls voeg kenmerke by en spesifiseer kenmerke waar dit deur algemene reëls voorspel kan word. Op so 'n wyse spesifiseer die leksikale inskrywings slegs die onreëlmatighede van die taal. Die leksikon belys die woorde van die taal en bevat inligting oor die woord se sintaktiese kategorie en sy sintaktiese subkategorisasie. Chomsky (1965:95) gee die volgende voorbeelde in (29) van die leksikale inskrywings van enkele werkwoorde (in Chomsky (1965) se notering is # = "geen komplement nie"; ^ = "gevolg deur"):

- (29) *Leksikale inskrywings vir werkwoorde:*
eet, [+V, + —NP]
verstryk, [+V, + —#]
groei, [+V, + —#, + —Adjektief]
word, [+V, + —Adjektief, + —Predikaat-Nominaal]

lyk, [+V, + —Adjektief, + —soos^Predikaat-Nominaal]
 kyk, [+V, + —(Preposisionele frase) #, + —Adjektief, +
 —] glo, [+V, + —NP, + —dat^S']
 oorreed, [+V, + —NP (van^Det^N)S']

Chomsky (1965) skei subkategorisasiereëls van die herskryfreëlkomponent van die basis en neem dit in die leksikon op. Konteksvrye subkategorisasiereëls (herskryfreëls) word hanteer as sintaktiese oortolligheidsreëls. Reëls wat kontekstuele kenmerke betrek, selekteer sekere rame waarbinne 'n simbool (byvoorbeeld 'n leksikale item) kan optree en hulle ken ooreenstemmende kontekstuele kenmerke toe aan die konteks. 'n Leksikale inskrywing kan dan as plaasvervanger optree in hierdie posisies as sy kontekstuele kenmerke ooreenstem met dié van die simbool (leksikale item) wat dit vervang. Dit is daarom nodig dat kontekstuele kenmerke in die leksikale inskrywing moet verskyn (Chomsky 1965:121). Die leksikon bestaan dan uit inskrywings wat geassosieer word met sekere substitusietransformasies. Hierdie transformasies betrek leksikale items in stringe wat deur die kategoriale komponent (herskryfreëls) gegenereer word. Dit is hierdie transformasiereëls in die leksikon wat alle kontekstuele beperkinge in die basis beskryf (Chomsky 1965:121). Vir 'n onoorganklike bewegingswerkwoord soos *loop* stel Chomsky (1965: 168) die volgende leksikale inskrywing in (30) voor:

(30)
 loop, [+V, + __ Manier, ...]

Hierdie inskrywing spesifiseer dat *loop* met of sonder 'n bywoord van manier kan optree, maar nie met 'n direkte objek nie. Daarenteen kan 'n oorganklike bewegingswerkwoord soos *betree* met of sonder 'n wyse-adverbiaal optree, maar dit verbind altyd met 'n direkte objek, soos in (31):

(31)
 betree, [+V, + __ NP^Manier, ...]

2.4.1.1.4 SAMEVATTING EN EVALUERING VAN DIE VERANTWOORDING
VAN VALENSIE IN DIE ST

Opsommenderwys kan die sisteme waardeur die ST valensie beskryf, aangedui word soos hieronder:

- (32) *Sisteme waardeur die ST valensie hanteer:*
- a. Die inherente sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van X word in 'n raamwerk van idiosinkratiese kenmerke in die leksikale inskrywing verteenwoordig.
 - b. Die vereiste vir die semantiese en pragmatiese kenmerke van alle sinstukke in X se maksimale projeksie (XP) en die susterstukke van XP word deur seleksiereëls in die leksikon verteenwoordig.
 - c. Die semantiese rolle van die stukke in (b) word onverreken gelaat.
 - d. Die sintaktiese kategorieë waarop die rolle in (c) afgebeeld word, word deur universele herskryfreëls verteenwoordig, maar nie die relasie tussen die sintaktiese kategorie en semantiese rol van die sinstuk nie.
 - e. Die liniêre volgorde van die kategorieë in (d) word deur herskryfreëls verteenwoordig.
 - f. Die sintaktiese funksie van die kategorieë word onverreken gelaat.

Die valensieraam vir elke woord/leksikale item word versprei oor die universele beginsels van taal en die leksikale inskrywing vir die betrokke item. In die ST word die universele beginsels deur die herskryfreëlsisteem verteenwoordig. Die leksikale item se kategorisering as byvoorbeeld werkwoord, bepaal dat dit die algemene verspreiding van daardie kategorie vertoon, in ooreenstemming met die beskrywing daarvan in die herskryfsisteem. Die leksikon spesifiseer slegs dié deel van die woord se valensieraam wat nie uit die universele beginsels volg nie. In die ST behels hierdie idiosinkratiese

inligting die inligting oor die woord se sintaktiese en semantiese kenmerke en sy seleksie- en subkategorisasievereistes. Die netwerk relasies tussen die kenmerke onderliggend aan hierdie vereistes word egter nie verklaar nie.

2.4.1.2 UITGEBREIDE STANDAARDTEORIE

Die werk van Chomsky (1972, 1975, 1977) en Jackendoff (1972) vorm die grondslag van die EST. In die EST word die grammatikamodel in (24) steeds as uitgangspunt gebruik. Die herskryfreëlsisteem word egter in die EST geassosieer met 'n X-balkteorie wat die grondslag vorm vir sintaktiese notering in alle latere ontwikkelings in die teorie. Die wyse waarop hierdie komponent van die grammatika rekenskap gee van die sintakties-kategoriale elemente van 'n valensieraam, word kortliks hieronder uiteengesit.

2.4.1.2.1 X-BALKTEORIE

Die sintakties-kategoriale vlak van valensie (wat deur herskryfreëls hanteer word in die ST) word in die EST deur die X-balkteorie hanteer. In die X-balkteorie is 'n leksikale item die hoof van elke sintuk. Chomsky voer die veranderlike X in om te staan vir enige leksikale kategoriesimbool, byvoorbeeld N, P, V en dies meer. Die leksikale hoof projekteer 'n zero-projeksie, voorgestel as X of X⁰.

Vir 'n werkwoord is die zero-balkprojeksie V, soos voorgestel in die hakie-notering van (33a) en die boomdiagram in (33b):

(33)


a. X: [_V klim]

b. V
|
klim


Daar is twee vlakke van projeksies in X-balkteorie: komplemente en adjunkte kombineer met X om X' te vorm en 'n spesifiseerder kombineer met X' om 'n maksimale projeksie te vorm, voorgestel as X'' (vergelyk Haegeman 1991:95). In EST-notering word daar tipies nie 'n spesifiseerder vir V' geïdentifiseer nie. V' kan daarom V'' projekteer sonder om met 'n spesifiseerder te verbind (vergelyk (34a,b)). Indien 'n leksikale item geen komplemente, adjunkte of spesifiseerders neem nie, kan dit sonder enige verdere verbindings 'n X' en 'n X'' in die sin projekteer (vergelyk (34c)).

(34)


a. X': [_{V'} [_V klim] [_{NP} die berg]]



b. X^{''}: [_{V''} [_{V'} [_V klim] [_{NP} die berg]]]



c. X^{''}: [_{V''} [_{V'} [_V klim]]]



'n Maksimale of dubbelbalkprojeksie van die werkwoord behels die totale werkwoordstuk waarin dit optree, selfs indien die werkwoord die enigste konstituent van daardie werkwoordstuk is (*Die vliegtuig* [_{V''} [_{V'} [_V sweef]]]).


Funksionele kategorieë soos komplementeerdere (voortaan afgekort C) en spesifiseerdere (voortaan afgekort Spec) word in EST as kategorieë bygevoeg tot die leksikale kategorieë. 'n Sin word ontleed in C (wat spesifiseer of dit 'n stel- of 'n vraagsin is) en S (wat uit die konstituente bestaan wat in die ST daarvoor geïdentifiseer is). In die voorbeelde in (35) stel (i) telkens die ST-weergawe van representasie voor en (ii) die EST-weergawe (konstituente in krulhakies is opsioneel):

(35)

- a. i. $VP \rightarrow V \{NP, PP, AP\}$
- ii. $V'' \rightarrow V'$
- $V' \rightarrow V \{NP, PP, AP\}$
- b. i. $S \rightarrow NP \{Aux\} VP$
- ii. $S' \rightarrow Comp S$
- $S \rightarrow N'' \{Aux\} V''$

Die leksikon voorsien spesifieke eienskappe van leksikale inskrywings en algemene beginsels vir die basis. Die model van die sintaktiese komponent, soos in (24) geskets, bly wesenlik onveranderd, behalwe dat daar nou 'n komponent van Logiese Vorm (*Logical Form*, voortaan afgekort LF) en een van Fonologiese Vorm (*Phonological Form*, voortaan afgekort PF) ingevoer word. LF is die representasievlak van die logiese interpretasie van SS-stringe en PF die representasievlak van hulle fonologiese interpretasie.

Transformasionele en interpretatiewe (semantiese) reëls teken albei die DS op representasies af in LF (Chomsky 1977:5). In die EST val groter klem op die beskrywing van die transformasionele proses. Die teorie van spore wat agtergelaat word as 'n neweproduk van 'n transformasie, word as deel hiervan ontwikkel (Chomsky 1977:6). Hierdie ontwikkeling val buite die bestek van die ondersoek na die hantering van valensie, en daar sal hier nie in meer besonderhede daarop ingegaan word nie. Die model van die grammatika in die EST kan diagrammaties voorgestel word soos in (36):



Die ontwikkeling van die teorie van UG in die Chomskiaanse grammatika oor die afgelope vier dekades word gekenmerk deur 'n strewe na verklarende adekwaatheid. Die EST verteenwoordig 'n voortsetting van die doelstellinge en werkwyse in die ST, met 'n voortgesette strewe daarna om die universele beginsels van I-taal te beskryf, te verklaar en te voorspel. Dit verteenwoordig egter ook 'n groter strewe na verklarende adekwaatheid as die ST, met die gevolg dat die interpretasie van grammatikaliteit in die EST anders daar uitsien as in die ST. Welgevormdheid, in soverre dit op (eksterne) waarheidsoordele berus, word sedert die EST gereken as behorende tot die domein van taalspesifieke idiosinkrasieë. Anders as oordele oor grammatikaliteit, berus die spreker se oordele oor welgevormdheid nie op sy aangebore taalvermoë nie, maar op sy ervaring en kennis van die wêreld waarin hy leef en waarin hy taal gebruik, en daarom val dit buite die bestek van die teorie van UG.

2.4.1.2.2 LEKSIKALE INVOEGING

Jackendoff (1972:121) stel 'n vereenvoudigde leksikale invoegingsproses voor, vergeleke met dié van die ST. Leksikale invoegingsreëls voeg leksikale items vryelik in onder kategoriesimbole (in eindknooppuntposisies), sodat die

begrip "komplekse simbool" (vergelyk afdeling 2.4.1.1.1) heeltemal uitgeskakel kan word. 'n Belangrike gevolg van hierdie stap is dat anomaliese strukture (soos *colorless green ideas sleep furiously*) nie meer as ongrammatikaal beskou word nie, en ook nie voorbeelde soos die volgende in (37) nie:

(37)

- a. styg ondertoe
- b. val boontoe
- c. haas hulle stadig na die stasie

Die pragmatiese veranderlikes wat betrokke is by valensie word voortaan in die Chomskiaanse modelle onverreken gelaat. Die modelle is daarmee gemoeid om die sintaktiese struktuur te verreken waarin leksikale items optree, maar nie die pragmatiese interpretasie van daardie struktuur nie.

Die EST verteenwoordig 'n rigiede skeiding tussen aspekte van die grammatika wat as sintakties beskou word, en dié wat as semanties beskou word. Chomsky (1977:10) beskryf "formele grammatika" as bestaande uit die stel reëls wat aan "vlak" strukture oorsprong gee. Hierdie reëls behels die basisreëls (herskryfreëls) en transformasiereëls, en die reëls wat aan fonetiese representasies op PF-vlak oorsprong gee.

2.4.1.2.3 FILTERS EN VOORWAARDES

In die EST word gebruik gemaak van 'n stel filters en voorwaardes op oppervlakstrukture om te verseker dat slegs grammatikale verbindings in die oppervlakstruktuur verskyn. Hierdie filters en voorwaardes staan algemeen bekend as beperkinge op afleidings (*derivational constraints*; vergelyk Chomsky 1972:133-141). Die kategoriale komponent en X-balkteorie plaas beperkinge op die insette van die generatiewe komponent deur kategorieë in 'n vasgestelde hiërargiese en liniêre orde te genereer. Die filters en

voorwaardes plaas beperkinge op die produk van daardie proses, dus op die toelaatbare transformasies en die inhoud van leksikale items wat in eindknooppuntposisies verskyn. Die filters en voorwaardes in EST het hoofsaaklik betrekking op die transformasionele komponent en bepaal onder meer dat verskuiwings nie moontlik is vanuit komplekse naamwoord-konstituente, bysinne of neweskikkende strukture nie.

2.4.1.2.4 SAMEVATTING EN EVALUERING VAN DIE VERANTWOORDING VAN VALENSIE IN DIE EST

Die valensieraam in die EST word versprei oor die DS- en die SS-vlakke van representasie en die leksikale inskrywing. Die universele beginsels van valensie word hanteer in die universele reëls van die X-balkteorie op DS-vlak, en deur 'n stel universele filters en beperkinge op SS-vlak. Die leksikale inskrywing bevat, soos in die ST, 'n gedeeltelike valensieraam van die woord. In die EST word die rol van die leksikale inskrywing in die woord se valensieraam egter afgeskaal om slegs die idiosinkratiese kenmerke van die woord te beskryf, en nie sy seleksie- of subkategorisasievereistes nie. Die hantering van valensie in die EST kan skematies soos in (38) opgesom word:

(38) *Hantering van valensie in die EST:*

- a. Die inherente sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van X word in 'n raamwerk van idiosinkratiese kenmerke in die leksikale inskrywing verteenwoordig.
- b. Die vereiste semantiese en pragmatiese kenmerke van alle sinstukke in X se maksimale projeksie (XP) en die susterstukke van XP word onverreken gelaat.
- c. Die semantiese rolle van die stukke in (b) word onverreken gelaat.
- d. Die sintaktiese kategorieë waarop die rolle in (c) afgebeeld word, word deur die reëls van die X-

balkteorie verteenwoordig, maar nie die relasie tussen die sintaktiese kategorie en semantiese rol van die sinstuk nie.

- e. Die liniêre volgorde van die kategorieë in (d) word deur die reëls van die X-balkteorie verteenwoordig.
- f. Die sintaktiese funksie van die kategorieë word deur die naamvalfilter verteenwoordig.

Die stelle filters en beperkinge wat op die SS-representasie van toepassing is en wat moet voorkom dat die X-balkteorie oorgenerereer in die EST, word in die volgende ontwikkelingsfae van die teorie georden in 'n stel beginsels en parameters. Hierdie sisteem gee groter verklarende krag aan die teorie en dit het in die besonder implikasies vir die wyse waarop sintakties-kategoriale valensie verreken word, soos in die volgende afdeling aangetoon word.

2.4.1.3 BEGINSELS EN PARAMETERS

Chomsky (1981, 1985, 1986) bring aansienlike wysigings aan aan die grammatikamodel soos dit in die ST- en EST-weergawes daar uitgesien het. Daar word algemeen na hierdie model as die Beginsels-en-Parametersteorie (*Principles and Parameters Theory of P&P*) verwys, omdat die grammatikamodel bestaan uit 'n stel beginsels en 'n stel parameters. Daar word soms ook na die teorie verwys as die *Government and Binding*-teorie of die GB-teorie, omdat dit vir die eerste keer in besonderhede uitgewerk word in Chomsky (1981) se *Lectures on Government and Binding*. Die P&P-teorie verteenwoordig volgens Chomsky (1993:4) 'n radikale breuk met beskrywings van UG vanuit 'n taalspesifieke invalshoek. In plaas van taal- en konstruksiespesifieke reëls, skets die P&P 'n model van UG bestaande uit 'n vaste stel beginsels en 'n beperkte stel parameters met waardes vir elke parameter. Taalspesifieke reëls, en gevolglik die beskrywing van taalspesifieke kategoriale valensie, reduceer tot 'n keuse van waardes

P&P word universele beginsels geïdentifiseer wat die struktuur van die inisiële taaltoestand in die menslike brein beskryf. 'n Vaste stel parameters word geassosieer met elke beginsel. Taalspesifieke variasie reduceer dan tot die gegewe taal se toepassing van die stel parameters. In hierdie afdeling sal daar slegs oorsigtelik verwys word na die netwerk beginsels en teorieë waardeur die P&P 'n beskrywing van UG gee. Hierdie beginsels en teorieë word in nadere besonderhede ondersoek slegs vir sover dit lig werp op die grammatikamodel se verrekening van valensie.


Chomsky (1981:5) som die subkomponente van die grammatika se reëlsisteem op soos in (39):

(39) *Subkomponente van die grammatika in P&P:*

- a. leksikon
- b. sintaksis
 - i. kategoriale komponent (X-balkteorie)
 - ii. transformasionele komponent
- c. PF-komponent
- d. LF-komponent

Die basisreëls genereer D-strukture deur twee stappe. Eerstens word inhoudlose sintaktiese stringe gegenereer deur die kategoriale komponent (39b.i). Daarna word leksikale items in hierdie gegenereerde strukture ingevoeg, in ooreenstemming met hulle kenmerkstruktuur. S-strukture word deur transformasieëls van D-strukture afgelei en ontvang PF- en LF-representasies. Die grammatikamodel kan skematies soos volg voorgestel word (vergelyk ook Cook 1988:31 en Haegemann 1991:448):

(40)



Die grammatikamodel hierbo word beskryf deur 'n komplekse netwerk subteorieë (vergelyk afdelings 2.4.1.3.1 - 2.4.1.3.4). DS-stringe word gegenereer in ooreenstemming met die reëls van die X-balk-sisteen en SS-stringe word daarvan afgelei in ooreenstemming met die reëls van die transformasiekomponent (skuif α , werkwoordverhoging ens.).

In die P&P-raamwerk word die voorstelling van frasestruktuur bereik deur die X-balkteorie, wat gebaseer is op die sentrale konsep van frasale projeksie (Freidin 1996:121). Die werkwoord beweeg kan bv. een frasale kategorie projekteer, in (41a), of meer as een frasale kategorie, in (41b):

(41)

- a. die objek [_v beweeg]
- b. die objek [_v, [_v beweeg] [_p, oor die pad]]

Die hoogste projeksie van 'n leksikale hoof in enige gegewe struktuur is sy maksimale projeksie of XP, in notering ook voorgestel as X". 'n Basiese aanname van X-balkteorie is dat elke hoof 'n maksimale frasale projeksie projekteer. Dit word aanvaar dat nie net die vernaamste leksikale kategorieë (N, V, A en P) as hoofde van konstruksies kan optree nie, maar dat funksionele kategorieë soos INFL (I) en C ook hoofde van kategorieë kan wees (Freidin 1996:121). Na aanleiding van voorstelle deur onder andere Pollock (1989) dat die infleksionele kategorie I bestaan uit tempus (T) en ooreenstemming (Agr) wat elkeen die hoof van 'n maksimale projeksie is, word 'n sin in P&P-notering soos in (42)

voorgestel:

(42)

a. CP \rightarrow C IP

[_{CP} [_C dat/of/-] [_{IP} hy sal beweeg]]

b. IP \rightarrow NP I'

[_{IP} [_{NP} hy] [_{I'} sal beweeg]]

c. I' \rightarrow I VP [_I [_I sal] [_{VP} beweeg]]

Die tweevlak X-balkteorie word uitgebrei tot die nieleksikale kategorieë I (wat tempus en ooreenstemming insluit) en C (wat die komplementeerder insluit). Hierdie kategorieë is onderkeidelik die hoofde van IP (*S* in EST-notering) en van CP (*S''* in EST-notering). Liniêre woordorde word vir elke taal bepaal deur die konsekwente keuse van die hoofparameter. Die hoofparameter bepaal naamlik dat 'n gegewe taal die hoof van 'n konstruksie deurgaans aan dieselfde kant (links of regs) van 'n komplement sal hê (vergelyk Cook 1988:7).

Die grammatikamodel in P&P bestaan uit 'n subsisteem generatiewe reëls en 'n subsisteem beginsels wat onderskeidelik in (43) en (44) hieronder uiteengesit word (vergelyk ook Cook 1988:34; Freidin 1996; Chomsky 1981). Die generatiewe reëls beskryf valensie op die sintakties-kategoriale vlak in X-balkvorm en die beginsels verteenwoordig sintakties-funksionele en semanties-funksionele oorweginge waardeur beperkinge geplaas word op die strukture wat deur die X-balkteorie gegenereer word en die transformasies waaraan hulle kan deelneem.

(43) *Generatiewe reëlsisteem:*

a. Die *X-balkteorie* beskryf die universele struktuur van frases.

b. *Verskuiwing* behels die relasie tussen die universele DS en taalspesifieke SS.

i. DS is die representasie van die onderliggende struktuur van die sin.

ii. SS is die representasie van die sinstruktuur na

afloop van verskuiwings (transformasies), met inbegrip van spore wat die onderliggende DS-posisie aandui van verskuifde items.

(44) *Beginselsisteem:*

- a. Die *projeksiebeginsel* vereis dat die spesifikasies vir elke item (soos dit in sy leksikale inskrywing gegee word) gerespekteer moet word op elke vlak van sintaktiese representasie.
- b. Die *bepervingteorie* (*Bounding Theory of Subjacency Condition*) plaas beperkinge op die sintaktiese afstand waaroor 'n sinstuk verskuif kan word deur die reël "skuif α " (α mag byvoorbeeld nie verskuif word oor 'n maksimale projeksie heen nie).
- c. Die *regeringteorie* bereël die relasie tussen die hoof van 'n konstruksie en kategorieë wat daarvan afhanklik is.
- d. Die *teta-teorie* bereël die verspreiding van argumente met betrekking tot predikate en ken semantiese (teta-) rolle soos Agens toe aan argumente.
- e. Die *naamvalteorie* bereël die toekenning van naamval aan naamwoordstukke op grond van hulle sintaktiese posisie.
- f. Die *bindingteorie* bereël die wyse waarop anafore, voornaamwoorde, name en veranderlikes met moontlike antesedente geskakel is.
- g. Die *kontroleteorie* bepaal die antesedent van die abstrakte element PRO in die subjekposisie van infinitiewe sinne, byvoorbeeld in *Sy hou daarvan [[PRO] om te stap]*.

Die subteorie van beginsels funksioneer as voorwaardes vir grammatikale strukture en hulle tree daarom ook op as filters wat ongrammatikale strukture blokkeer (Freidin 1996:120). Hulle funksie in die verrekening van 'n leksikale item se valensieraam is om die sintakties-kategoriale en sintakties-

funksionele veranderlikes in so 'n raam te beskryf.

2.4.1.3.1 PROJEKSIEBEGINSEL

Die projeksiebeginsel word in die P&P ingevoer om rekenskap te gee van 'n groot deel van 'n woord se valensie wat nie in die algemene terme van X-balknotering beskryf kan word nie. Die projeksiebeginsel bepaal dat representasies op elke vlak (DS, SS, PF en LF) vanuit die leksikon geprojekteer word, in die sin dat hulle die subkategoriesasievoorwaardes van leksikale items nakom (Chomsky 1981:29). 'n Verdere vereiste van die projeksiebeginsel is dat leksikale struktuur op elke representasievlak kategoriaal voorgestel moet word (Freidin 1996:133). Dit is daarom oorbodig om in die X-balkreëls te spesifiseer dat woorde soos *haas* in strukture van die tipe in (45) optree:

(45)

a. Hulle [_{VP} [_{V'} [_V *haas*] [_{NP} hulle] [_{PP} na die stasie]]].

b. Hulle [_{VP} [_{V'} [_V *haas*] [_{NP} hulle]]].

Indien *haas* in enige ander raamwerk ingevoeg word, word die projeksiebeginsel oortree en die LF-struktuur is onwelgevorm (Chomsky 1981:31), soos in die volgende voorbeeld in (36):

(46)

*Hulle [_{VP} [_{V'} [_V *haas*] [_{PP} na die stasie]]].

Die bindingteorie bepaal dat *haas* 'n voorwerp neem wat dieselfde referent het as die onderwerp van die werkwoord, dus dat *haas* 'n refleksiewe voorwerp neem. Gevolglik blokkeer die beginsel sinne soos *Hy haas [haar] na die hospitaal*.

2.4.1.3.2 REGERING

Saam met die X-balkteorie en die projeksiebeginsel is die beginsels van die naamvalteorie en die teta-kriterium in die P&P die belangrikste meganismes om leksikale valensie te verreken. Albei hierdie beginsels verteenwoordig besondere gevalle van die relasie regering. 'n Vereenvoudigde definisie van regering is dat dit wesenlik die verhouding behels tussen twee naasliggende konstituente in 'n struktuur, en in die besonder tussen 'n leksikale kern en 'n knooppunt wat nie daarvan geskei word deur 'n grens (gewoonlik 'n maksimale projeksie) nie. Die voorsetsel op regeer byvoorbeeld die NP *die pad* in die PP [_{PP} [_{VP} *op*] [_{NP} *die pad*]]; die werkwoord *betree* regeer die NP *die terrein* in die volgende VP:

(47)

[_{VP} [_V *betree*] [_{NP} *die terrein*]]

Die funksionele kategorie I regeer die NP *die man* in die konstruksie hieronder:

(48)



[_I [_{NP} *Die man*] [_I [_V *hardloop*]]].

Die teoretiese begrip *regering* het in die grammatikamodel verreikende gevolge omdat dit die basis vorm van 'n verskeidenheid ander beginsels wat optree as filters wat ongrammatikale strukture blokkeer. Vir die doeleindes van leksikale valensie word egter slegs die naamvalteorie en die teta-teorie hier verder bespreek.

2.4.1.3.3 NAAMVALTEORIE

Die naamvalteorie bepaal (a) dat leksikale NP's slegs kan verskyn in posisies waaraan naamval toegeken word, of in 'n ketting waarvan een element in so 'n posisie verskyn en (b)

dat naamval slegs toegeken kan word aan 'n NP in 'n behoorlike konfigurasie met 'n naamvaltoekennende element (Freidin 1996:126). In die struktuur in (49) word die nominatiefnaamval toegeken aan die onderwerp, *die ballon* deur regering deur I in (49a) en deur indeksering met die spoor van *die ballon*. In (49b) is *die ballon* na die skuif α -transformasie deel van 'n ketting waarvan die spoor (wat sy oorspronklike posisie in die DS aandui) deur I regeer word.

- (49)
- a. [_I [_N Die ballon] [_I [_I e] [_V styg in die lug op]]].

- b. Wat₁ dink jy [_I t_i [_I e] [_V styg in die lug op]]]?


Die naamvalfilter bepaal dat elke foneties gerealiseerde NP vir naamval gemerk moet wees (Chomsky 1981:49). Nominatiewe naamval word aan die subjek van 'n werkwoord toegeken deur regering deur die Agr-element in I, die objektiefnaamval deur regering van die NP deur V en die obliednaamval deur regering van NP deur 'n preposisie. In die geval van verskuiwings word naamval aan 'n foneties gevulde NP oorgedra deur sy gekoïndekseerde spoor, in ooreenstemming met die bindingteorie. Die naamvalteorie beskryf die vereiste van 'n sekere kategorie in 'n sekere sinsposisie en terselfdertyd die funksie wat aan daardie kategorie in die sin toegeken word.

(50) *Toekenning van objektiefnaamval:*

Die man [_I [_I [-] [_V [_V betree]] [_{NP} die terrein]]].

(51) *Versuim van toekenning van objektiefnaamval:*

*Die man [_V [_V betree]] [_P [_P in]] [_{NP} die terrein]]].

Die naamvalteorie beskryf die valensie van leksikale items op die sintakties-funksionele vlak deur vir elke NP-posisie in

die sin 'n spesifieke sintaktiese funksie te identifiseer. Elke sintaktiese funksie van 'n NP gaan gepaard met 'n ooreenstemmende naamval daarvoor. Die nominatiefnaamval word toegeken aan die grammatiese onderwerp van die werkwoord, die objektiefnaamval aan die grammatiese voorwerp van die werkwoord en die obliednaamval aan die voorwerp van 'n preposisie. Die semantiese funksie van die argumente wat besondere sintaktiese funksies vervul, word beskryf deur die teta-kriterium.

2.4.1.3.4 TETA-KRITERIUM

In 'n sin word semantiese funksies toegeken aan argumente in argumentposisies. Die sintaktiese funksies van onderwerp, direkte voorwerp, indirekte voorwerp en voorwerp van 'n preposisie is voorbeelde van sulke argumentposisies. In 'n sintaktiese struktuur ken 'n predikaat (werkwoord of adjektief) 'n spesifieke semantiese funksie toe aan sy komplement, en soms ook aan sy onderwerp. Die teta-kriterium het betrekking op die leksikale eienskappe van predikate, en spesifiek op hoeveel en watter semantiese funksies elkeen toeken (Freidin 1996:130). Hierdie semantiese funksies staan bekend as tematiese of teta-relasies. In aktiewe sinne word aan die onderwerp sowel as die voorwerp onafhanklike teta-rolle toegeken deur die aktiewe werkwoord. Die teta-kriterium bepaal dat elke argument slegs een teta-rol vertoon en dat een teta-rol aan slegs een argument in 'n sin toegeken word (Chomsky 1981:36).

Op dieselfde wyse as wat die naamvalteorie die sintaktiese funksie van NP-argumente in die sin beskryf, beskryf die teta-kriterium die semantiese rollefunksie van daardie argumente. In gevolge die projeksiebeginsel projekteer 'n werkwoord 'n vasgestelde aantal en tipes teta-rolle op die res van die struktuur. Radford (1988:373) identifiseer die volgende lys teta-rolle wat deur werkwoorde toegeken word (vergelyk ook Haegeman 1991:41). Die NP wat die betrokke

teta-rol ontvang word telkens in hoofletters tussen kantige hakies aangedui:

(52) *Teta-rolle in P&P:*

- a. Agent/aktor: die entiteit wat uit eie wil die aksie inisieer wat deur die predikaat uitgedruk word ([*DIE SEUN*] *hardloop*).
- b. Tema²: die entiteit wat geaffekteer word deur die aksie wat deur die predikaat uitgedruk word ([*DIE SEUN*] *val*; *Die seun gooi [die klip] deur die ruit*).
- c. Pasiënt: die entiteit wat die aksie ondergaan wat deur die predikaat uitgedruk word (*Die seun skop [DIE MEISIE]*).
- d. Ervaarder: die entiteit wat 'n psigologiese toestand ervaar wat deur die predikaat uitgedruk word ([*DIE SEUN*] *is gelukkig*).
- e. Bevoordeelde/Begunstigde: die entiteit wat baat by die aksie wat deur die predikaat uitgedruk word (*Gee dit vir [die SEUN]*).
- f. Instrument: die entiteit wat gebruik word om die aksie uit te voer wat in die predikaat uitgedruk word (*Die seun ry [MET 'n FIETS]*).
- g. Lokatief: die plek waar die aksie of toestand wat deur die predikaat uitgedruk word, plaasvind (*Die hond slaap [ONDER DIE BED]*).
- h. Doel/Bestemming: die plek/entiteit waarheen die aksie wat deur die predikaat uitgedruk word, gerig is (*Die seun hardloop [NA DIE EINDPUNT]*).
- i. Bron: die plek/entiteit waarvandaan 'n entiteit beweeg (word) as gevolg van die aksie wat in die predikaat uitgedruk word (*Die seun ry [VAN DIE SKOOL] tot by sy huis*).

Die teta-rolle hierbo word toegeken deur regering (vergelyk voorbeeld (49)). 'n Werkwoord soos *spring* ken slegs een teta-rol toe, naamlik dié van Agens ([*die seun AGENS*] *spring*). 'n Onoorganklike werkwoord soos *wapper* ken ook net een verpligte teta-rol toe, naamlik die Pasiënt/Onderganer (vergelyk ook

die verskil tussen die twee tipes onoorganklike werkwoorde in afdeling 2.4.2.2). 'n Werkwoord soos *bereik* ken egter twee verpligte teta-rolle toe, naamlik dié van Agens en dié van Bestemming.

2.4.1.3.5 SAMEVATTING EN EVALUERING VAN DIE VERANTWOORDING VAN VALENSIE IN DIE P&P

Kategoriale valensie word in die P&P beskryf deur die beginsels van die X-balkteorie. Die projeksiebeginsel plaas die leksikon in kontak met die sintaksis deur te bepaal dat leksikale items in ooreenstemming met hulle leksikale struktuur op alle representasievlakke voorgestel moet word.

Die projeksiebeginsel vereis dus dat die leksikale item op DS-vlak deur die X-balkteorie op sy ooreenstemmende kategorie (V, N ens.) afgebeeld word en dat hierdie kategorie in ooreenstemming met die hoofparameter in die korrekte posisie in die liniêre orde van die sin verskyn. Die naamvalteorie beskryf die sintaktief-funksionele valensie van 'n werkwoord deur te spesifiseer watter naamvalle die werkwoord op die sin projekteer. Die werkwoord se semanties-funksionele valensieraam word deur die teta-kriterium beskryf en wel deur 'n spesifikasie van die aantal en die tipes tematiese rolle wat 'n werkwoord op die sin projekteer. Die netwerk teta-rolle wat 'n werkwoord op 'n sin projekteer vereis dat die argumente wat dit ontvang aan sekere semantiese vereistes moet voldoen. Die werkwoord projekteer dus ook 'n bepaalde semantiese raam op die sin. 'n Agens is byvoorbeeld tipies (hoewel nie noodwendig nie) lewend. Die argumente in die sintakties-kategoriale funksie van subjek in die volgende sinne ontvang verskillende teta-rolle omdat hulle semantiese kenmerke (in hoofletters na die konstituent aangegee) verskil:


(53)

- a. [Jan AGENS [+Lewend]] ry vinnig (met sy motor).
- b. [Die motor INSTRUMENT [-Lewend]] ry vinnig.

Die kontroleteorie en die bindingteorie beskryf ook elemente van die semantiese raam van 'n leksikale item, deur die semantiese eienskappe te spesifiseer van die referent van onderskeidelik die onderwerp (PRO) van 'n infinitiewe konstruksie ([PRO] om te loop) en van 'n voornaamwoord.

Die teorieë en beginsels van die P&P wat valensie verreken, kan soos volg diagrammaties voorgestel word:

(54)



2.4.1.4 MINIMALISTIESE PROGRAM

Die teoretiese fokus van die TGG verskuif in die negentigerjare van 'n grammatika met beskrywende vermoë na 'n grammatika met verklarende vermoë. Hierdie fokusverskuiwing is onderliggend aan wat Chomsky die Minimalistiese Program (*Minimalist Program for Linguistic Theory of MP*) noem. Die

ontwikkeling van die MP word gemotiveer deur kwessies wat Chomsky (1995b:385) in die twee navorsingsvrae in (55) saamvat:

(55) *Die navorsingsvrae onderliggend aan die MP:*

- a. Watter voorwaardes word aan die menslike taalvermoë gestel deur die oorweging van virtuele konseptuele noodsaaklikheid?
- b. Tot watter mate word die taalvermoë bepaal deur hierdie voorwaardes, m.a.w. hoeveel spesiale struktuur het die taalvermoë benewens hierdie voorwaardes?

Die sukses van die MP berus daarop dat, in antwoord op Chomsky se tweede vraag hierbo, daar benewens die voorwaardes in (55a) baie min spesiale struktuur aan die taalvermoë toegeskryf kan word (Atkinson 1996:138). Die taalvermoë het ten minste twee komponente: 'n kognitiewe sisteem wat inligting berg en 'n uitvoerende sisteem wat die inligting uit die kognitiewe sisteem onttrek en dit op verskeie wyses aanwend. Die kognitiewe en uitvoerende sisteme is met mekaar in interaksie op verskeie vlakke van linguistiese representasie (Chomsky 1995a:2). Daar word spesifiek aanvaar dat daar slegs twee sulke wisselwerkende sisteme is: die artikulatories-perseptuele (voortaan afgekort A-P) sisteem en die konseptueel-intensionele (voortaan afgekort C-I) sisteem (Chomsky 1995b:390). In ooreenstemming met hierdie wisselwerkende sisteme is daar ook slegs twee representasievlakke, naamlik die Fonetiese Vorm (PF) op die A-P raakvlak en die Logiese Vorm (LF) op die C-I raakvlak (Chomsky 1995a:2). Die taalmodule moet voorwaardes bevredig wat deur hierdie sisteme afgedwing word om die raakvlakke in staat te stel om te funksioneer. Sekere aspekte van die taalvermoë word dus bepaal deur eksterne vereistes wat gestel word deur ander kognitiewe sisteme (Atkinson 1996:137).

Die sintaktiese teorie in die MP sentreer om morfologiese kenmerke, soos tempus, naamval en ooreenstemming (*agreement*)

(Marantz 1995:363). Verskille tussen tale word toegeskryf aan die aard van hierdie kenmerke in 'n gegewe taal, en in die besonder aan die verskille in kenmerke van leksikale items wat behoort tot die funksionele kategorieë Agr en T (Marantz 1995:366). Chomsky (1993:3) aanvaar dat daar geen sintaktiese variasie tussen tale is nie. Alle tale het dus dieselfde onderliggende sintakties-kategoriale valensiepatrone. In die MP is die komputasiesisteem en 'n sisteem van kenmerk-kontrolering verantwoordelik vir die verrekening van sintakties-kategoriale valensie (die hiërargiese relasies tussen kategorieë). In die volgende afdelings word slegs dié aspekte van die MP se reëlsisteme ontleed wat vir grammatiese valensie relevant is.

Omdat die MP in hoofsaak gemoeid is met valensie op 'n universele, sintakties-kategoriale vlak, val die klem in die volgende bespreking van die teorie ook op dié aspekte in die komputasie- en kenmerksisteem wat hierdie vlak van valensie verreken.


2.4.1.4.1 KOMPUTASIE

In die MP word 'n komputasiesisteem (die sintaksis) ontwikkel wat beskryf (i) hoe items uit die leksikon met mekaar kombineer en (ii) hoe daardie kombinasies verander kan word deur verskuiwings wat onderworpe is aan 'n beperkte stel ekonomiesbeginsels (Maartens 1996:6). In die MP word slegs die PF- en LF-representasievlakke behou, omdat hulle op konseptuele gronde noodsaaklik is as representasievlakke vir onderskeidelik die A-P- en die C-I-raakvlakke. Die komputasiesisteem trek items uit die leksikon deur 'n proses van selektering (*select*) en vorm deur 'n proses van numerasie (*numeration*) afleidings daarvan wat in 'n X-balkformaat voorgestel word.

Om 'n sin te vorm soos *Hy hardloop oor die straat* word die leksikale items *hy, hardloop, oor, die* en *straat* byvoorbeeld

uit die leksikon getrek. Numerasie voeg elke leksikale item in die afleiding (die sinstruktuur in wording) in vir soveel keer as wat die item nodig is daarvoor. In *Hy hardloop oor die straat* word slegs een invoeging van elke leksikale item benodig. Hierdie leksikale items word dan in 'n X-balkformaat soos volg voorgestel:

(56)



'n Inklusiwiteitsvoorwaarde bepaal dat die produk van 'n sintaktiese operasie nie die leksikale insette mag oorskry. Hierdie bepaling het tot gevolg dat komplekse objekte op die raakvlakke slegs herrangskikkings van leksikale kenmerke (of stelle daarvan) kan wees. 'n Verdere gevolg daarvan is dat balkvlakrepresentasies van sintaktiese strukture, soos dit in die X-balkteorie sedert die EST aangebied word, in die MP nie meer geldig is nie (Atkinson 1996:140) (vergelyk die voorbeelde in (60)).

Samesmelting voeg α en β saam, elimineer die twee individuele linguïstiese objekte α en β en vorm 'n konstruksie K . K is 'n nuwe objek, met α en β as sy konstituente. K bevat 'n etiket y , wat K se relevante kategoriale eienskappe, bv. N of V , aandui in die vorm in (57):

(57)

$K = \{y, \{\alpha, \beta\}\}$.


Afhangende van watter een van α of β projekteer, is y (die etiket) óf α óf β . Indien α projekteer, is α die etiket; indien β projekteer, is β die etiket. Indien α projekteer, is $K = \{\alpha, \{\alpha, \beta\}\}$ (Chomsky 1995a:244). In X-balknotering word hierdie relasie, met α wat projekteer, soos volg voorgestel in (58):

(58)



'n Konstruksie kry sy etiket altyd van die hoof van daardie besondere konstruksie, en nie van die kategorie van die hoof, byvoorbeeld S, N of V nie. 'n Konstruksie soos *hardloop oor die straat* word in hierdie notering soos in (59) voorgestel:

(59)



Die samesmelting van (α, β) is 'n asimmetriese bewerking: slegs een van die twee word geprojekteer. Die leksikale item

(LI) wat geprojekteer word, is die teiken van die operasie. Alle projeksies is vertakkend (Chomsky 1995:246). In die MP is projeksies van die aard in (60), wat in die P&P gebruik word, nie meer moontlik nie:

(60)

a.

$$\begin{array}{c} v'' \\ | \\ v' \\ | \\ v \\ | \\ \text{hardloop} \end{array}$$

b.

$$\begin{array}{c} v \\ | \\ \text{hardloop} \end{array}$$

Liniêre volgorde speel geen rol op LF of in die komputasie van numerasie na LF nie (Chomsky 1995a:334). Dit is slegs deel van die fonologiese komponent. Chomsky (1995:335) is gemoeid met liniêre volgorde slegs tot die mate dat dit 'n beskrywing is van die basiese volgorde (SVO of SOV) van stukke in 'n taal. Chomsky aanvaar dat die liniêre volgorde deur die hoofparameter bepaal word en dat tale basies hoof-eerste (soos Engels) of hoof-laaste (soos Japanees) is.

Elke afleiding bepaal 'n linguistiese uitdrukking of SD wat 'n paar (π, f) bevat, waar π die fonologiese representasie is wat 'n artikulasie-waarde het waar f die logiese representasie is wat 'n waarheidswaarde het. Die teorie is nie geïnteresseerd in die artikulasie- en waarheidsoordele waaraan die SD (π, f) voldoen of nie voldoen nie, maar slegs in die sintaktiese vorm wat hierdie SD moet vertoon om dit


vir die taalgebruiker moontlik te maak om hierdie oordele te vel. Broekhuis (1997:23) beklemtoon dit dat daar in die MP geen voorwaardes aan die operasies opgelê word wat verseker dat hulle 'n welgevormde sin lewer nie, omdat Chomsky hier nie geïnteresseerd is in die formulering van 'n teorie van taalgebruik (E-taal) nie.

'n Sin soos **Boom die pad af hardloop in* word ongrammatikaal gemerk omdat dit nie gevorm is in ooreenstemming met die sintakties-kategoriale valensieraam van die leksikale items in die sin nie. 'n Afwyking van die sintakties-kategoriale spesifikasies van 'n leksikale item se valensieraam het tot gevolg dat die sin nie op LF-vlak geïnterpreteer kan word nie. 'n Sin soos *Die boom hardloop in die pad af* is egter grammatikaal omdat dit die sintakties-kategoriale raam van elke leksikale item in die sin akkuraat reflekteer. Die sin kan daarom op LF-vlak 'n interpretasie ontvang as welgevorm (in ooreenstemming met waarheidswaardes) of onwelgevorm (in stryd met waarheidswaardes).

'n Opsionele reël van uitspelling kan ter enige tyd toegepas word op die konstruksie. Dit skei die afleiding in twee afdelings, naamlik die fonetiese en die logiese representasie (Epstein et al 1996:6). Die afleiding gaan voort na uitspelling (artikulasie), maar dit kan nie meer items uit die leksikon trek nie. Slegs koverte bewerkings is nog daarop van toepassing. 'n Komputasie of afleiding se onderskeie komponente vind aansluiting bymekaar (**konvergeer**) op PF as dit geartikuleer kan word, en op LF as sy waarheidswaarde(s) beoordeel kan word. Die afleiding konvergeer as geheel as dit op albei raakvlakke konvergeer (Chomsky 1995b:390). 'n Komputasie is dus grammatikaal as dit artikuleerbaar is en as dit 'n akkurate weerspieëling is van die sintakties-kategoriale valensie van al die kategorieë daarvan.

Waher en Oosthuizen (1996:38) bied die volgende skematiese voorstelling aan van die grammatikamodel in die MP:

(61)



2.4.1.4.2 KENMERKKONTROLERING

Die MP maak voorsiening vir 'n verklaring van die kenmerkende woordorde in 'n taal (bv. hoof-eerste of hoof-laaste) deur 'n sisteem van kenmerkkontrolering. Sintaktiese kenmerke wat geassosieer word met infleksionele morfologie, is in die MP relevant slegs vir die komputasiesisteem. Hierdie kenmerke het naamlik geen fonologiese of semantiese kenmerke nie en is gevolglik oninterpreteerbaar op fonologiese (A-P) en semantiese (C-I) vlakke. Chomsky (1995a:277) identifiseer die volgende groep formele kenmerke wat relevant is vir bewerkings in die MP:

(62) *Formele Kenmerke die MP:*

- a. kategoriale kenmerke (bv. N, V, A, P)
- b. ϕ -kenmerke (bv. geslag, getal en tempus)
- c. naamvalkenmerke
- d. sterk F-kenmerke (funksionele kenmerke), waar F kategoriaal is

Omdat hierdie kenmerke oninterpreteerbaar is vir die

komponente van die kognitiewe sisteem (wat buite die sintaksis gesitueer is) is hulle ontoelaatbare objekte op die raakvlakke en moet voor uitspelling verwyder word. Verskuiwing³ vind slegs plaas om die oninterpreteerbare kenmerke te kontroleer en te verwyder. 'n Element sonder infleksionele kenmerke of 'n element waarvan die infleksionele kenmerke reeds gekontroleer is, kan onder geen omstandighede verskuif word nie (Epstein et al 1996:16).

Daar word aanvaar dat die LF-representasie van strukture universeel is, maar dat die klas ontoelaatbare objekte op PF-vlak van taal tot taal verskil. Woordordeverskille word teweeggebring deur verskuiwing van elemente, wat weer teweeggebring word deur funksionele (infleksionele of morfologiese) kenmerke wat sterk of swak is in 'n besondere taal.

Die sterk/swak onderskeid by kenmerke van funksionele kategorieë is in 'n groot mate gebaseer op empiriese argumente wat Pollock (1989) aanbied om die verskil in woordorde tussen Frans en Moderne Engels te verklaar. Pollock baseer sy bevindinge op die plasing van die bywoord tussen die werkwoord en die objek in Frans, en die posisie van die Franse negatiewe partikel, vergeleke met die onderskeie Engelse patrone. Hy bevind dat albei tale 'n konstituent AgrP bevat, maar dat die kenmerke daarvan verskil in die onderskeie tale. In Engels is die kenmerke defektief ("swak" in die MP-terminologie) en in Frans is dit effektief ("sterk" in die MP-terminologie). Die sterk kenmerke in Frans dwing verskuiwing van die werkwoord na Infl af. Pollock (1989:372) kom tot die gevolgtrekking dat verskuiwing verpligtend is in alle gevalle waar dit moontlik is. 'n Sterk kenmerk is "sigbaar" op PF-vlak en moet verskuif word om gekontroleer en verwyder te word.

Die aard van kenmerke van funksionele kategorieë (sterk of swak) in 'n gegewe taal bepaal die woordorde van die taal, bv. SOV of SVO. Hierdie kenmerke bepaal dus die onderliggende

sintakties-kategoriale valensiepatrone van die taal. Vir enige gegewe leksikale item bepaal dit hoogstens sy posisie in die spesifiseerder-hoof-relasie, en sy relatiewe posisie in die sin, soos afgelei uit die valensie van sy kategorie.

Die vereiste dat alle morfologiese kenmerke gekontroleer word, maak die naamvalfilter van P&P oorbodig in die MP (Chomsky 1993:29). Swak kenmerke is "onsigbaar" op PF en hoef nie verskuif te word ter wille van kontrolering daarvan nie. In terme van die MP se vereistes kan so 'n kenmerk dan ook glad nie verskuif nie. Sterk kenmerke word voor uitspelling verskuif, d.w.s. in die overte sintaksis. Enige verskuiwing wat na uitspelling plaasvind, is kovert. Volgens minimalisiese aannames is die sterk/swak variasie van die kenmerke van funksionele kategorieë die enigste parametriese variasie wat daar tussen tale bestaan (Epstein et al 1996:15).

2.4.1.4.3 LEKSIKON

In die MP (soos in die ST, EST en P&P) funksioneer die leksikon as 'n lys uitsonderings. Dit bevat alle en slegs die inligting wat nie uit ander algemene beginsels volg nie. Chomsky (1995a:235) beskryf hierdie algemene beginsels as van twee kategorieë: die beginsels van UG, en taalspesifieke beginsels. Laasgenoemde behels aspekte van fonologie en morfologie, keuses van parametriese opsies en wat Chomsky in baie breë terme beskryf as "whatever else may enter into language variation". Die leksikon kan gevolglik gesien word as die enkele bron van taalvariasie in die grammatika. Chomsky aanvaar voorts dat die leksikon oor die optimale kodering vir alle idiosinkrasieë beskik. Chomsky (1995:236-7) se beskrywing van die elemente in die leksikale inskrywing kan soos in (63) uiteengesit word:

- (63) *Inhoud van die leksikale inskrywing in die MP:*
- a. fonologiese matriks van onvoorspelbare kenmerke
 - b. semantiese matriks van onvoorspelbare kenmerke

- c. formele kenmerke wat onvoorspelbaar is, wat dus nie uit byvoorbeeld semantiese kenmerke afgelei kan word nie (vergelyk (62))
- d. enige inligting wat deur die woord self voorsien word vir die operasies van C_{HL} (die universele komputasiesisteem van menslike taal)

Die leksikon in die MP voorsien alle inligting wat vir verdere operasies van die komputasiesisteem nodig is en dit voorsien die optimale kodering vir uitsonderings (Chomsky 1995:239, 241). Die idiosinkratiese kodering word in 'n verenigde leksikale inskrywing aangebied, wat inligting van fonologiese (P), semantiese (S) en formele (F) aard gesamentlik aanbied. "Formele kenmerke" is sintaktiese kenmerke (vergelyk die lys in (62)). Elke leksikale inskrywing is gevolglik van die vorm {P, S, F} (Chomsky 1995b:394). Die fonologiese en semantiese kenmerke van 'n leksikale item voorsien die instruksies vir onderskeidelik die artikulatoriese sisteem en die konseptuele sisteem. Die fonologiese en semantiese kenmerke is noodsaaklik vir interpretasie op die twee raakvlakke, maar hulle is irrelevant vir die komputasiesisteem. Slegs die formele kenmerke (kategorie, persoon, getal en geslag) speel 'n rol in die komputasiekomponent (Broekhuis 1997:21).

Seleksiekenmerke is deel van die kenmerke wat vir verdere operasies van die komputasiesisteem van menslike taal (C_{HL}) benodig word. Die beskrywing van hierdie kenmerke is egter in die MP problematies, aangesien dit irrelevant is vir sintakties-kategoriale valensie. Daar is gevolglik in die teorie min bekend omtrent die semantiese matriks van onvoorspelbare kenmerke. Die feit dat die werkwoord tempus- en ϕ -kenmerke het, word deur die kategorie (V) bepaal en dit word gevolglik nie as idiosinkraties hanteer nie (en daarom ook nie belys nie). Die besondere spesifikasie van hierdie kenmerke (bv. teenwoordig, verlede ens.) is vir Chomsky ook nie deel van die leksikale inskrywing nie. Hierdie spesifieke kenmerke word vermoedelik opsioneel tot die werkwoord

toegevoeg tydens numerasie, en dan deur "ander prosesse" gepas (Chomsky 1995:239).

2.4.1.4.4 SAMEVATTING EN EVALUERING VAN DIE VERANTWOORDING VAN VALENSIE IN DIE MP

Sintakties-kategoriale valensie word verreken deur die algemene beginsels van die X-balkteorie (vergelyk afdeling 2.4.1.4.1) en kenmerkcontroleling (vergelyk afdeling 2.4.1.4.2).

Semantiese seleksie (die semantiese eise wat aan argumente in sekere rolle gestel word) word hanteer deur die interhoofdelike relasie (*head-head relation*). Chomsky (1993:6) beskryf die interhoofdelike relasie as die relasie tussen die hoof van een konstituent en die hoof van 'n ander. 'n Werkwoord se relasie met die hoof van sy NP-komplement of AP-adjunk word onder andere deur hierdie relasie beskryf, en hierdie relasie is onderliggend aan die onwelgevormdheid van struktuur (64). *Hardloop*, as hoof van die VP in hierdie sin, vereis semanties 'n Agens om die aksie uit te voer, maar *boom*, as hoof van die NP wat daardie rol ontvang, is nie lewend nie en gevolglik nie semanties geskik as Agens nie. (Die onwelgevormdheid van die sin word hier deur 'n ? aangedui).

(64)

? [Die boom AGENS [-Lewend]] hardloop in die straat af.

Die interhoofdelike relasie word deur Chomsky (1993:6) direk gelyk gestel aan seleksie. Hierdie relasie is een van die relasies waarby die hoof van 'n konstruksie betrokke is en wat die teoretiese konstruk *regering* vervang. Die ander relasies sluit dié in wat betrokke is by die X-balkteorie, soos die hoof-komplement en Spec-hoof-relasies. In die werkwoordstuk *loop oor die straat* is die werkwoord *loop* byvoorbeeld die hoof en die sinstuk waarmee dit verbind (*oor*

die straat) is sy komplement. Die komplement oor die straat bestaan uit 'n hoof (oor) en 'n komplement (die straat). Die straat bestaan op sy beurt weer uit 'n spesifiseerder, die, en 'n hoof, straat.

Beginsels soos regering en teoretiese begrippe wat daarop gegrond is, soos die naamvalteorie en teta-markering, verval in die MP. Die relasies wat deur hierdie beginsels uitgedruk is, word in die MP in terme van X-balkterme uitgedruk, onder andere deur die Spec-hoof-relasie. Ooreenstemming en strukturele naamval is manifestasies van die Spec-hoof relasie (Chomsky 1993:7). In die sin *Hy ry oor haar* is *hy* die Spec van I, en I is die hoof van die konstruksie $[_I, [_I e] [_v, ry oor haar]]$. As Spec in hierdie Spec-hoof-relasie ontvang *hy* die nominatiefnaamval. In *oor haar* is die preposisie oor die hoof en *haar* die komplement. In hierdie geval word die objektiefnaamval deur die hoof-komplementrelasie tussen die twee stukke aan die komplement (*haar*) toegeken. Chomsky (1993:11) beskryf die hoof-komplement as die fundamentele X-balkteoretiese relasie. Die relasie wat vroeër deur teta-markering uitgedruk is, word in die MP ook vervat in hierdie relasie. Die werkwoord, as hoof van die werkwoordstuk, ken teta-rolle toe aan sy komplemente in die werkwoordstuk. *Ry* ken deur hierdie relasie byvoorbeeld die teta-rol Tema toe aan *haar* in *ry se komplementkonstruksie oor haar*.

Die MP se hantering van valensie kan samevattend aangebied word in die skema in (65):

(65) *Die hantering van valensie in die MP:*

- a. Die inherente sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van 'n leksikale item X word opgeneem as idiosinkratiese inligting in die leksikale inskrywing.
- b. Die semantiese en pragmatiese kenmerke van die sinstukke in X se maksimale projeksie (XP) en die susterstukke van XP word deur die interhoofdelike relasie hanteer.
- c. Die semantiese rolle van die stukke in (b) word

hanteer deur die hoof-komplement-relasie, die sg. fundamentele X-balkteoretiese relasie. Teta-relasies word bepaal deur die hoof van 'n konstruksie.


- d. Die sintaktiese kategorieë waarop die stukke in (c) afgebeeld word, word beskryf deur die algemene beginsels van die X-balkteorie.
- e. Die funksie van die stukke in (c) word nie direk deur die teorie beskryf nie, behalwe vir die vereistes wat deur funksionele kenmerkkontrolering daaraan gestel word.
- f. Die liniêre orde van stukke in (d) word voorgeskryf deur buitetalige artikulatoriese sisteme, wat van PF 'n sekere vorm en liniêre orde vereis om leesbaar te wees, en deur kenmerkkontrolering.

2.4.1.5 IMPLIKASIES VAN VERANTWOORDING VAN VALENSIE IN DIE TGG-MODELLE

Die netwerk teorieë en beginsels waardeur die TGG-modelle rekenskap gee van valensie, kan skematies soos hieronder uiteengesit word:

LEKSIKON:

VALENSIERAAM:

TEORETIESE
REPRESENTASIE:

In die TGG-modelle kom hoofsaaklik die sintakties-kategoriale komponent van valensie ter sprake. Hoewel daar in die vroeëre weergawes van die modelle (Chomsky 1957, 1965) beperkte aandag aan seleksie-beperkinge geskenk is om die semanties-funksionele vlak van valensie te verreken, is hierdie apparaat beperk tot die verklarings van sintaktiek-kategoriale verskynsels. Dit verklaar onder meer waarom *Hy betree [-]* ongrammatikaal is. *Betree* het die semantiese spesifikasie dat

iets betree moet word. Die sin is daarom grammatikaal solank daardie spesifikasie nagekom word, ongeag die pragmatiese aard van die argument. In hierdie benadering is *betree die veld* en *betree die koppiespeld* albei grammatikaal, hoewel hulle in welgevormdheid verskil. Die wisselwerking van die pragmatiese veranderlikes wat betrokke is by hierdie grade van welgevormdheid het egter nie 'n effek op die menslike aangebore kennis van die sinstruktuur nie en die teorie beskik gevolglik nie oor die apparaat om dit te verreken nie.

Die TGG bied duidelike riglyne aan vir die formulering van 'n leksikale inskrywing. Deur die totale ontwikkeling van die teorie in TGG word die leksikon beskou as die komponent van die grammatika waar idiosinkrasieë gespesifiseer word. Sedert die ST is daar 'n poging aangewend om taalspesifieke kwessies en idiosinkrasieë uit die beskrywing van die sintaksis te weer. Met die ontwikkeling van die MP word die volle beskrywende las vir taalspesifieke kwessies (byvoorbeeld die beskrywing van Afrikaans) en idiosinkratiese kwessies (byvoorbeeld die beskrywing van 'n semantiese klas werkwoorde) na die leksikon verskuif. Die leksikale inskrywing word, soos die grammatika self, in streng afgebakende komponente verdeel, met die volle fokus van die teorie op die sogenaamde formele of sintaktiese elemente in 'n leksikale inskrywing. Die semantiese en pragmatiese veranderlikes in so 'n inskrywing word erken, maar nie ondersoek nie omdat dit nie betrekking het op die universele, aangebore sintakties-kategoriale vlak van valensie nie.

Die universele sintakties-kategoriale vlak van valensie word wel in hoogs ekonomiese en eksplisiete terme deur die teorie verreken deur die teorie van kenmerkkontrolering en die beginsels van die X-balkteorie. Die TGG bied daardeur 'n eksplisiete en gefundeerde weergawe van die sintakties-kategoriale patrone wat onderliggend is aan die manifestasie van valensie op enige van die ander vlakke. Die onderontwikkelde semantiese en wesenlik onontwikkelde pragmatiese komponente van die grammatika in TGG is dié

komponente wat betrek word in struktuurbeskrywing nadat die struktuur op LF-vlak gekonvergeer het. Die TGG se grammatikabeskrywing het dit egter nie ten doel om die komputasieproses ná LF-konvergering te beskryf nie. Om meer insig te verkry in die prosesse wat op LF plaasvind, en waarby die semantiese en pragmatiese komponente betrokke is, word daar in die volgende afdelings eerstens aandag geskenk aan die uitbouing van die konseptueel-semantiese (of roltematiese) komponent (afdeling 2.4.2) en daarna aan die uitbouing van die kognitief-semantiese (die pragmatiese) komponent van 'n valensieteorie.

2.4.2 UITBOUING VAN DIE KONSEPTUEEL-SEMANTIESE GRAMMATIKAKOMPONENT VAN 'N VALENSIETEORIE

In reaksie op die Chomskiaanse grammatika se beperkte fokus op die sintaktiese komponent wend Jackendoff 'n poging aan om binne die generatiewe tradisie 'n teorie te ontwikkel wat aan die semantiese komponent ewe veel reg laat geskied as aan die sintaktiese komponent (vergelyk Jackendoff 1972, 1983, 1990). Sy teorie verteenwoordig 'n strewe daarna om dié komponente van die valensieraambeskrywing uit te brei wat deur die Chomskiaanse modelle onvoldoende beskryf of onbeskryf gelaat word. Jackendoff se verkenning van valensie is veral toegespits op die semanties-funksionele en semantiese-inhoudelike komponente van so 'n valensieraam, asook op die interaksie tussen hulle. Omdat hy in sy teorie dit egter ook ten doel het om 'n beskrywing van UG te gee, kan daar verwag word dat hy hoofsaaklik op die sintakties relevante veranderlikes van valensie sal konsentreer. Hierdie veranderlikes in sy teorie behoort hoofsaaklik tot die semanties-funksionele en semanties-inhoudelike komponente van 'n valensieraam.

Jackendoff (1992:158) maak beswaar teen die praktyk in die TGG om 'n hoogs geformaliseerde sintaktiese struktuur in verband te bring met 'n hoogs informele konseptuele struktuur (semantiek) wat slegs in taksonomiese terme soos Agens,

Pasiënt en Tema gespesifiseer word. In Jackendoff (1990) se Konseptuele Semantiek (*Conceptual Semantics*, voortaan afgekort CS) is die semantiek nie bloot 'n interpretatiewe komponent van die LF nie, maar 'n kreatiewe komponent wat self strukture genereer. Die semantiese komponent is in korrespondensie met die sintaksis. Dit is nie afhanklik van en word nie afgelei uit die sintaktiese komponent nie (Jackendoff 1990:19). Die fonologie, sintaksis en semantiek is parallelle generatiewe sisteme, elk met 'n unieke stel eienskappe. Die drie sisteme is in korrespondensie met mekaar deur reëls wat Jackendoff korrespondensiereëls of raakvlakreëls noem.


Jackendoff (1990) se grammatikamodel behels drie outonome vlakke van struktuur: die fonologiese, sintaktiese en konseptuele (semanties-funksionele en semanties-inhoudelike) vlakke, elk met hulle eie generatiewe reëlsisteme en stelle primitiewe. Elke vlak word beskryf deur 'n stel formasiereëls en die vlakke is in korrespondensie met mekaar deur 'n stel korrespondensiereëls. Die verstandelike/geestelike representasie van konsepte teken in taal af op konseptuele strukture deur middel van inferensiereëls (Jackendoff 1990:17). Daar word in die konseptuele struktuur van CS nie onderskei tussen 'n semantiese en pragmatiese representasie nie. Die konseptuele struktuur is naamlik nie totaal taal-afhanklik nie, in teenstelling met die semantiese komponent van TGG. Die konseptuele komponent is in CS 'n raakvlak tussen talige inligting en inligting wat verskaf word deur ander vermoëns soos sig, handeling en dies meer (Jackendoff 1990:18).

Die outonome sintaktiese komponent bevat sintaktiese primitiewe en beginsels van kombinasie, soos dominansie, liniêre orde, X-balkteorie en verskuiwingreëls (Jackendoff 1990:285). Die outonome semantiese komponent bestaan onder andere uit konseptuele primitiewe en beginsels van kombinasie (Jackendoff 1990:286). Die korrespondensiereëlkomponent behels strukturele beskrywings van die algemene vorm "Sintaktiese Struktuur S korrespondeer met Konseptuele Struktuur C". Hierdie reëls behels noodwendig die

terminologie van albei die ander twee outonome komponente. Sintaktiese en konseptuele reëls is streng afgebaken. Daarenteen steek korrespondensiereëls die grense tussen die sintaktiese en die semantiese komponente oor (Jackendoff 1990:286).

Die leksikon is verweef met elkeen van die drie komponente van die grammatika. Elke komponent bestaan naamlik uit leksikale en buite-leksikale reëls. Die organisasie van CS kan soos volg skematies voorgestel word (aangepas uit Jackendoff 1990:16). "KR" word in hierdie skema gebruik as afkorting vir *korrespondensiereëls*:

(67)



In die CS val die klem ten opsigte van valensie op die semantiese funksie van stukke, en nie in die eerste plek op die sintaktiese stukke waarop hulle afteken nie. Met die ontwikkeling van 'n outonome generatiewe komponent wat konseptuele strukture weergee, en met pogings om aan te dui dat konseptuele struktuur universeel is op dieselfde manier as wat sintaktiese struktuur universeel is, probeer die CS om die onafhanklikheid van konseptuele struktuur aan te toon. Jackendoff (1990:7) is gemoeid met konsepte (ook bekend as *gedagtes* of *idees*) en met die maniere waarop konsepte uitdrukking vind in die sintaksis van natuurlike taal.

Op soortgelyke wyse as wat Chomsky (1986) onderskei tussen I- en E-taal, onderskei Jackendoff tussen I- en E-konsepte. Die fokus van CS is I-konsepte, of interne konsepte wat in kodevorm in die verstand bestaan. Jackendoff beskou die studie van I-konsepte as 'n uitbreiding van Chomsky se doelwitte in die verkenning van I-taal omdat die studie van I-konsepte 'n studie is van die beskrywing van die "characterization of the mental resources that make possible human knowledge and experience of the world" (Jackendoff 1990:8). E-konsepte het betrekking op "hoe die wêreld is", en I-konsepte op "hoe ons die wêreld begryp" (Jackendoff 1990:12).

In ooreenstemming met die oneindig groot getal sintaktiese strukture is daar volgens die teorie van CS ook 'n oneindig groot getal konsepte wat geaktiveer word in die generering en interpretasie van sinne (Jackendoff 1990:8). Omdat die getal moontlike konsepte oneindig groot is, aanvaar Jackendoff (1990:9) verder dat konsepte, soos sintaktiese strukture, nie in lysvorm in die menslike brein geberg word nie. Dit word eerder gekarakteriseer in terme van 'n finiete stel verstandelike primitiewe en 'n finiete stel beginsels van verstandelike kombinasie, wat gesamentlik die stel moontlike I-konsepte beskryf wat deur sinne uitgedruk word.

Die konsepte word georganiseer in 'n beperkte aantal konseptuele kategorieë wat in die volgende afdelings bespreek word.

2.4.2.1 KONSEPTUELE KATEGORIEË

Die aangebore basis vir die verwerking van leksikale konsepte is in CS 'n stel generatiewe beginsels wat deur Jackendoff (1990:10) beskryf word as "a group of primitives and principles of combination that collectively determine the set of lexical concepts". Leksikale konsepte word gevolglik beskou as saamgesteld en hulle kan ontleed word in terme van die

primitiewe en beginsels van kombinasie van die aangebore "grammatika van leksikale konsepte". Jackendoff (1990:11) beskryf die aanleer van 'n leksikale konsep daarom as die konstruering van 'n samegestelde uitdrukking in die grammatika van leksikale konsepte. Hierdie uitdrukking word geassosieer met fonologiese en sintaktiese strukture en in die langtermyngeheue geberg as 'n bruikbare eenheid.

Die aangebore reëls vir die vorming van konseptuele strukture behels 'n repertorium van die vernaamste konseptuele kategorieë, onder andere DING/OBJEK, GEBEURE, TOESTAND, HANDELING, PLEK, PAD, EIENSKAP en HOEVEELHEID (Jackendoff 1990:43). 'n Konseptuele konstituent van een van hierdie kategorieë kan uitgebrei word in 'n beperkte aantal funksies en die funksies kan optree saam met argumente van 'n sekere konseptuele kategorie. Die bewegingsituasie in *Hy tuimel van die trap af* word byvoorbeeld voorgestel deur die konseptuele kategorie GEBEURE, wat afteken op die sintaktiese konstruksie "sin", soos in (68) weergegee:

(68)

Konstruksie: Hy tuimel van die trap af.

Konseptuele kategorie: GEBEURE

Sintaktiese kategorie: S (ook S, S", C" of I" in EST, P&P en MP-notering)

Die Gebeure-funksie van die sin in (68) is GAAN (in kontras met BLY in 'n sin soos *Hy sit op die trap*). GAAN neem twee argumente: die DING in beweging (*hy*) en die PAD waarlangs die DING beweeg (*van die trap af*). In Afrikaans word ten minste vier PAD-funksies onderskei, naamlik NA, VAN, WEG-VAN en VIA. Hierdie funksies word hieronder geïllustreer. Die uitdrukking van die toepaslike funksie word in hoofletters in kantige hakies aangedui:

(69)

a. PAD-funksie NA: *reis van Londen [NA PARYS]*

b. PAD-funksie VAN: *reis [VAN LONDEN] na Parys*

- c. PAD-funksie WEG-VAN: verlaat [LONDEN]
- d. PAD-funksie VIA: reis [DEUR ENGELAND]

Die PAD-funksies kan verbind met 'n DING-argument (*tuimel [van DIE TRAP af]*) of met 'n PLEK-argument, soos in die voorbeelde in (69) hierbo. In *tuimel van die trap af* tree die PAD-funksie NA byvoorbeeld op in verbinding met 'n DING-argument (*die trap*) wat die referent is vir die beginpunt van die pad van beweging.

2.4.2.2 KORRESPONDENSIE TUSSEN KONSEPTUELE STRUKTUUR EN SINTAKTIESE VORM

'n Valensieraam wat die valensie van konseptuele konstruksie beskryf, word voorsien in die korrespondensiereëlkomponent. Elke konseptuele kategorie (byvoorbeeld PLEK, PAD, DING, GEBEURE en TOESTAND) en elke funksie van elke konseptuele kategorie (byvoorbeeld NA, VAN, WEG-VAN, VIA vir 'n PAD-kategorie; GAAN of BLY vir 'n GEBEURE-kategorie) teken reëlmatig af op 'n sintakties-kategoriale sinstuk. Sekere sinne korrespondeer byvoorbeeld met 'n GEBEURE-kategorie of met 'n TOESTAND-kategorie; sekere NP's met 'n DING- of PLEK-kategorie en sekere PP's met 'n PLEK of PAD-kategorie.

Deur te steun op die ooreenkoms tussen sekere konsepte en korresponderende sintaktiese kategorieë, kan die volgende illustrasie in (70) van die relasie tussen sintaktiese struktuur en konseptuele argumentstruktuur gegee word (gebaseer op Jackendoff 1990:45):

(70) CS se sintaktiese en konseptuele strukture:

Sin: John hardloop in die vertrek in.

a. Sintaktiese struktuur:

[_S [_{NP} John] [_{VP} hardloop [_{PP} in [_{NP} die vertrek]]]]

b. Konseptuele Struktuur:

[_{Gebeure} GAAN ([_{Ding} JOHN], [_{Pad} NA ([_{Plek} IN
([_{Ding} VERTREK]))])]]]]]

In die sintaktiese struktuur in (70a) korrespondeer die sin S met die konseptuele struktuur GEBEURE. Die werkwoord korrespondeer met die Gebeurefunksie GAAN. Hierdie korrespondensie reflekteer die feit dat die sin beweging uitdruk.

2.4.2.3 LEKSIKALE INSKRYWING

Die reëlmatige wyse waarop konseptuele strukture afteken op sintaktiese strukture, word deur 'n korrespondensiereël-komponent hanteer. Die leksikon is deel van die korrespondensiereëlkomponent (Jackendoff 1992:156) omdat 'n leksikale item op klein skaal korrespondensies enkodeer tussen fonologiese, sintaktiese en konseptuele strukture. 'n Korrespondensiereëlteorie sluit daarom 'n teorie van leksikale inskrywings in. Die korrespondensiereëls en die leksikon is maksimaal eenvoudig, binne die beperking dat hulle moet afteken van 'n universele konseptuele struktuur na 'n taalspesifieke sintaksis.

Die leksikale inskrywing wat Jackendoff voorstel, is 'n verenigde inskrywing waar komponente van die leksikale item met betrekking tot verskillende komponente van die grammatika beskryf word. Derhalwe verwys hy ook na die leksikon as 'n raakvlak op sigself. Die leksikale inskrywing behels 'n fonetiese vorm van die woord, sy sintaktiese konteks, sy konseptuele struktuur, die aftekening van die sintaktiese na konseptuele struktuur en 'n versameling perseptuele informasie (die 3D-model) wat nie deel vorm van die konseptuele struktuur nie. Soos in TGG tref hy dus ook onderskeid tussen sintakties relevante en sintakties irrelevante inligting. Jackendoff (1990:45) stel die konseptuele strukture in (72a,b) voor vir onderskeidelik

hardloop en in ... in in die sin in (71):

(71)

hulle hardloop in die huis in

(72)

- a.
$$\left[\begin{array}{l} \text{in} \\ \text{P} \\ \text{NP}_j \\ \text{[Pad NA ([Plek IN ([Ding]_j)])]} \end{array} \right]$$
- b.
$$\left[\begin{array}{l} \text{hardloop} \\ \text{V} \\ \text{<PP}_j\text{>} \\ \text{[Gebeure GAAN ([DING]_1, [Pad]_j)]} \end{array} \right]$$

Jackendoff (1990:171) vereis van die leksikale inskrywing dat dit in sy subkategorisasieraamwerke slegs die Plek- en Padkomplemente noem wat verpligtend is of wat idiosinkratiese preposisies toeken. Opsionele argumente word uitgedruk in terme van opsionele A-markering. Die verskil tussen die sinonieme *eet*, wat 'n opsionele argument neem, en *verslind*, wat 'n verpligte argument neem, word aangedui deur die argument A onderskeidelik in hakies te sluit, soos in (73a), of nie, soos in (73b):

(73)

- a.
$$\left[\begin{array}{l} \text{eet} \\ \text{V} \\ \text{[VEROORSAAK ([Ding]_A^{\alpha} [GAAN [Ding]_{<A>},} \\ \text{[NA [IN [MOND-VAN [\alpha]]]])}] \end{array} \right]$$

b.
$$\left[\begin{array}{l} \text{verslind} \\ \text{V} \\ [\text{VEROORSAAK} ([\text{Ding}]^{\alpha} [\text{GAAN} ([\text{Ding}]_{\text{A}'}))] \\ [\text{NA} [\text{IN} [\text{MOND-VAN} [\alpha]]]]] \end{array} \right]$$

(Jackendoff 1990:254)

Die leksikale inskrywing vir werkwoorde bevat 'n gedeeltelike valensieraamwerk vir elke werkwoord. Dit word gepas met die sin se konseptuele struktuur deur korrespondensiereëls, wat in die volgende afdeling ondersoek word.

2.4.2.4 KORRESPONDENSIEREËLS

CS gebruik twee tipes korrespondensiereëls om die *passing* (*fusion*) van 'n leksikale item in sy omgewing te verreken: (konseptuele) *argumentsamesmelting* (*argument fusion*) en (sintaktiese) *skakelreëls* (*linking rules*).

2.4.2.4.1 ARGUMENTSAMESMELTING

Vir Jackendoff (1990:55) is argumentstruktuur 'n stel indekse wat die sintaktiese en konseptuele argumente van 'n hoof met mekaar in verband bring. Die lesing van 'n NP-argument is saamgesmelt met die semantiese inligting wat reeds teenwoordig is in die konstituent. Jackendoff (1990:53) bepaal dat die konseptuele struktuur in 'n werkwoord se leksikale inskrywing versmelt moet word met die konseptuele struktuur van die sin waarin dit optree. In die volgende voorbeeld versmelt *hardloop* se konseptuele struktuur, GEBEURE(GAAN), DING en PAD (vergelyk (72b)), met die konseptuele struktuur van die sin:

(74)

Hulle hardloop in die huis in.

Konseptuele struktuur:

[DING] [GEBEURE(GAAN)] [PAD(NA)] [DING]

Indien die sin egter 'n ander konseptuele struktuur het, soos in (75), kan argumentsamesmelting nie plaasvind nie. So 'n sin is dan onaanvaarbaar:

(75)

*Hulle hardloop die huis.

Konseptuele struktuur:

[DING] [GEBEURE(GAAN)] [DING]

Argumentamesmelting hanteer al die verskynsels wat betrekking het op seleksiebeperkings, insluitend die gebruik van seleksiebeperkings om te verseker dat die vernaamste konseptuele kategorie van 'n argument ooreenstem met dié wat deur die werkwoord gestipuleer word (Jackendoff 1990:54). Jackendoff (1990) gebruik 'n stel skakelreëls om die aftekening van die semanties-funksionele struktuur na die sintakties-funksionele struktuur te beskryf, soos in die volgende afdeling uiteengesit.

2.4.2.4.2 SKAKELREËLS

Die leksikale inskrywing in die CS spesifiseer nie ten volle in watter sintaktiese raamwerke die leksikale item verskyn en hoe hierdie raamwerke gepas word met konseptuele struktuur nie. Jackendoff (1990:157) stel dus voor dat eksterne reëls, bekend as **skakelreëls**, bydra om hierdie aftekening te bewerkstellig. Die teorie van die relasie tussen sintaktiese en semantiese argumente staan in die CS bekend as die skakelteorie. Die skakelteorie behels dat elke vername sintaktiese konstituent uniek geskakel is met 'n konseptuele konstituent wat die dominante teta-rol vertoon in 'n gebonde kompleks van een of meer teta-rolle. 'n Werkwoord wat in sy

leksikaal-konseptuele struktuur slegs die teta-rol Tema of Pasiënt toeken sal daardie rol afteken op die subjek van die aktiewe sin ([SUBJEK Hy TEMA/PASIËNT] val). Indien 'n werkwoord egter 'n Agens en 'n Tema in sy leksikaal-konseptuele struktuur vertoon, word die Agens geskakel met of afgeteken op die subjek en die Tema op die direkte objek ([SUBJEK Hy AGENS] jaag die [OBJEK dief TEMA]).

Uitdrukkings van pad of manier word ook saamgesmelt met die leksikaal-konseptuele struktuur van die werkwoord en in ooreenstemming daarmee afgeteken op die sintakties-funksionele struktuur. Hierdie uitdrukkings het semanties-funksionele etikette soos "Pad" of "Manier" en teken af op bywoordelike (*loop [vinnig]*) of preposisionele konstituent (i.e. *loop [na die oorkant van die gebou]*). 'n Beperkte stel teta-rolle maak dit egter moeilik om 'n volledige verslag te gee van die wyse waarop adjunkte geskakel word met sintakties-funksionele posisies in die sin (vergelyk ook afdeling 2.4.5.1.1).

'n Ideale situasie is volgens Jackendoff (1990:155) een waar konseptuele relasies direk en eenvormig gereflekteer word in sintaktiese relasies. Dit maak dit moontlik om leksikale inskrywings te formuleer slegs in terme van hulle sintaktiese kategorie en konseptuele strukture. Alle skakeling is opsioneel, omdat enige konstituent wat nie geskakel is nie (deur argumentskakeling, 'n adjunkreël, of 'n beperkende modifiseerderreël), tot ongrammatikale strukture lei (Jackendoff 1990:265).

2.4.2.5 SELEKSIEBEPERKINGE

Seleksiebeperkinge gee rekenskap van 'n leksikale item se semanties-funksionele valensieraam, gegrond op die semantiese kenmerke van die item self en van die items waarmee dit verbind. Die funksie van seleksiebeperkinge in CS is gevolglik dieselfde as dié in die TGG, met die uitsondering

dat Jackendoff 'n uitbreiding gee van die lys semantiese primitiewe wat bepalend is vir die sintaktiese voorstelling van 'n leksikale item. Deur hierdie uitbreiding en nadere spesifisering van die aantal semantiese rolle word die analitiese apparaat verfyn. Gevolglik kan dit 'n wyer spektrum van die valensieraam verreken as die beperkte en vaag gedefinieerde stel teta-rolle.

Jackendoff aanvaar die swakker variant van die onakkusatiwiteitipoteese (vergelyk afdeling 2.4.5.1.1), naamlik dat sommige valensiekenmerke voorspelbaar is uit die betekenis van die leksikale item, maar dat dit nie op 'n ooglopende manier volg uit die betekenis van die woord nie (byvoorbeeld uit die aksie wat deur 'n werkwoord gepredikeer word) (vergelyk Jackendoff 1990:52). Iemand kan byvoorbeeld op 'n lekkergoedpapiertjie trap of sy voet daarop sit, maar hy kan dit nie *betree* nie, ten spyte daarvan dat die betekenis van *betree* die definisies *die voet sit op* en *trap op* insluit.

?*Die man betree die lekkergoedpapiertjie* is 'n onwelgevormde struktuur ten spyte daarvan dat daar aan al die werkwoord se seleksiebeperkinge voldoen word: 'n DING met die kenmerk [+Lewend] (*die man*) beweeg met 'n PAD (NA) in 'n OBJEK/PLEK met die kenmerk [+Lokasie]. Die beperkinge op die gebruik van *lekkergoedpapiertjie* as sintaktiese stuk waarop die OBJEK/PLEK-funksie afgeteken word, spruit uit die wisselwerking van die eienskappe van al die dele van die sin, nie slegs uit die betekenis van die werkwoord nie. 'n Sin soos *Die mier betree die lekkergoedpapiertjie* is welgevorm omdat *die mier* relatief klein genoeg is en *die lekkergoedpapiertjie* in hierdie konteks relatief groot genoeg is om die handeling toe te laat wat in die werkwoord se betekenis veronderstel word (ongeveer "die voet sit op 'n plek of ding as die eerste van 'n uitgebreide reeks treë"). Die werkwoord se inskrywing self bevat egter geen beperkinge van die aard [+Groot oppervlakte] en dies meer nie. Hierdie pragmatiese inligting is konteksgebonde en nie afleibaar uit die werkwoord se betekenis nie.

Seleksiebeperkinge word gekonstrueer uit 'n subterminologie van die terminologie van konseptuele strukture soos PLEK, DING of GEBEURE (Jackendoff 1990:52). Die stel seleksiebeperkinge word naamlik saamgestel uit die primitiewe en kombinasiebeginsels in die konseptuele struktuur en dit behels die vernaamste kategorieë (bv. PAD, PLEK, DING) asook komponente daarvan (bv. DING: [+Menslik]; [+Vaste stof]). Seleksiebeperkinge funksioneer dus op die semanties-inhoudelike en semanties-funksionele vlakke van 'n valensieraam deur te spesifiseer watter breë semantiese kenmerke (bv. [+Menslik]) verwag word van 'n konstituent met 'n sekere semantiese funksie (bv. Agens).


Jackendoff (1990:52) identifiseer twee komponente van seleksiebeperkings, naamlik (i) bepalinge van die konseptuele struktuur, en (ii) primitiewe en beginsels van kombinasie in konseptuele struktuur. Seleksiebeperkinge is in die CS deel van konseptuele struktuur, nie van sintaksis nie - dit is konseptuele informasie wat 'n hoof verskaf binne 'n geïndekseerde konseptuele konstituent (Jackendoff 1990:55). Deur die toepassing van skakelreëls (vergelyk afdeling 2.3.2.3.2) het dit egter wel sintaktiese implikasies.

Seleksiebeperkings is eksplisiete informasie wat die werkwoord verskaf omtrent sy argumente (Jackendoff 1990:166). Gaan se leksikale inskrywing spesifiseer naamlik dat dit subkategoriseer vir 'n konseptuele kategorie [DING] as subjek en 'n [PAD] as adjunk. Indien 'n argument onuitgedruk bly, word die inligting geheel en al deur die werkwoord voorsien. 'n Werkwoord soos *hardloop* in *Die seun hardloop* impliseer naamlik dat *die seun* met die een of ander ongespesifiseerde PAD beweeg (Jackendoff 1990:45). In die afwesigheid van 'n PAD-argument saam met *val*, soos in die sin *Hy val*, voorsien die werkwoord se leksikale inskrywing die inligting dat daar 'n PAD-konstituent geïmpliseer word. Die uitdrukking van die PAD-argument kan enige een van die PAD-funksies wees wat vroeër geïdentifiseer is, naamlik NA (*val [op die vloer]*), VAN (*val [van sy stoel af]*), WEG-VAN (*val [verder in die gat*

af]) VIA (val [deur die dak]).

'n Bewegingswerkwoord soos *hardloop* druk 'n GAAN-funksie uit en vereis twee argumente: die DING in beweging en die PAD wat die trajek van die beweging spesifiseer. Die welgevormdheidsvoorwaardes vir konseptuele struktuur vereis dat die pad-argument in die konseptuele struktuur afteken. Hierdie argument is implisiet teenwoordig, selfs al word dit nie sintakties gerealiseer nie (Jackendoff 1990:45). *Binnegaan* is 'n voorbeeld van 'n bewegingswerkwoord wat 'n pad- en 'n plekfunksie in sy betekenis inkorporeer. Hierdie funksies word afsonderlik uitgedruk deur die preposisie *in*. Die leksikale inskrywing van *binnegaan* lyk soos volg (gebaseer op Jackendoff 1990:46):

(76)



Waar die argument wel uitgedruk word, word sy interpretasie deur die werkwoord aangevul deur materiaal van sy eie. 'n Seleksiebeperring word oortree as die kenmerke wat deur die werkwoord verskaf word in sy leksikale inskrywing, bots met die kenmerke van sy NP-argument. 'n Werkwoord soos *betree* bepaal dat die handeling uitgevoer word deur 'n DING met lewende eienskappe. Gevolglik het die uitdrukking van die eksterne argument daarvan die kenmerk [+Lewend]:

(77)

[Die man] betree die terrein.

Die gebruik van 'n DING-argument met die kenmerk [-Lewend] in die posisie van die eksterne argument lei tot 'n seleksie-oortreding in:

(78)

*[Die vinnig verspreidende veldbrand] betree die plaashuis.

Seleksiebeperkinge, soos teta-markering in TGG, gee rekenskap van die rol van semantiese kenmerke van argumente in valensie. Jackendoff brei die lys van beskikbare semantiese rolle uit deur sy lys konseptuele kategorieë, vergeleke met dié wat in die TGG aangebied word. In die CS is hierdie rolle egter steeds van 'n baie algemene aard. Hulle word slegs beskryf deur 'n stel algemene en abstrakte semantiese kenmerke en nie deur pragmatiese kenmerke nie. Afwykende strukture soos dié in (79) skep probleme wat nie deur sulke apparaat hanteer kan word nie:

(79)

- a. ?Die slang klouter by die boom af.
- b. ?Die man betree die lekkergoedpapiertjie.

Om rekenskap te gee van anomaliese strukture soos dié in (79) in terme van semanties-inhoudelike kenmerke (eerder as pragmatiese kenmerke) voer Jackendoff die begrip **voorkeurreëls** in. Die wyse waarop die voorkeurreëlsisteme valensie verreken, word in die volgende afdeling besreek.

2.4.2.6 VOORKEURREËLS

Jackendoff (1983:128-133; 1990:35) skep 'n sisteem van voorkeurreëls of voorkeurvoorwaardes (ook bekend as *groeperingsvoorwaardes*) om rekenskap te gee van anomaliese sinstrukture. Die voorkeurreëlsisteme bepaal dat leksikale items konseptuele voorwaardes behels ten opsigte van die groepering waarin hulle kan optree. *Betree* kan gegroeper word met *die man* en met *die terrein*, of met *die mier* en *die lekkergoedpapiertjie*, maar nie in dieselfde sin met *die man* en *die lekkergoedpapiertjie* nie.

Indien nie een van die voorwaardes in 'n stel voorkeurreëls oortree word nie, word 'n aanvaarbare sin gevorm. Indien een voorwaarde oortree word, word 'n sin met twyfelagtige aanvaarbaarheid gevorm. Indien meer as een voorwaarde oortree word, word 'n onaanvaarbare struktuur gevorm. Ter illustrasie gebruik Jackendoff (1990:35) die geval van *klim*. *Klim* sluit blykbaar twee onafhanklike konseptuele voorwaardes in:

(80) *Konseptuele voorwaardes vir klim:*

- a. 'n individu beweeg boontoe en
- b. die individu beweeg met kenmerkende inspannende uitreikbewegings, waarvoor 'n gerieflike term *klouter* is.

In die waarskynlikste interpretasie van (81) word albei voorwaardes nagekom:

(81)

Bill klim die berg.

'n Afwykende, maar interpreteerbare struktuur word gevorm wanneer een van die voorwaardes nie nagekom word nie:

(82)

?Die slang klim die boom.

In (82) hierbo word een voorwaarde verbreek, omdat *die slang* nie 'n individu is wat met kenmerkende klouterbewegings kan beweeg nie. In (83) hieronder word albei voorwaardes verbreek:

(83)

*Die slang klim by/teen die boom af.

Wanneer albei voorwaardes verbreek word, soos in (82) hierbo, kan die aksie nie meer as *klim* gekarakteriseer word nie en die sin kom in so 'n geval anomalies voor. Die inligting wat deur die voorkeurreëlsisteem omtrent 'n leksikale item gegee

word, word as stereotipe aanvaar wanneer die sin of konteks geen inligting tot die teendeel gee nie. Indien inligting dus ontbreek omtrent die bevrediging van die voorkeurvoorwaardes, soos in (84) hieronder, word daar aanvaar dat hulle bevredig word by verstek van enige inligting tot die teendeel wat deur die sin self verskaf word (vergelyk Jackendoff 1990:36):

(84)

a. Hy klim.

b. Hy betree dit.

Voorkeurreëls raak 'n aspek van betekenis aan wat grens aan die pragmatiese en soms ook ensiklopediese domein van taalbeskrywing. Jackendoff, vanuit 'n generatiewe benadering, erken nie die rol van pragmatiese of ensiklopediese veranderlikes in valensie nie, behalwe die beperkte rol wat vir pragmatiese faktore in die voorkeurreëls toegelaat word. In sy analyse van betekenis tref hy ook 'n streng onderskeid tussen semantiese komponente en pragmatiese komponente. Die semantiese komponente is relevant vir die sintaktiese komponent, maar nie die pragmatiese komponente nie, soos in die volgende afdeling aangetoon word.

2.4.2.7 KOMPONENTE VAN LEKSIKALE BETEKENIS

Die konseptuele struktuur van 'n leksikale item is die komponent van sy leksikale inskrywing wat sy semantiese primitiewe ([±Lewend]; [±Menslik]; [±Beweeg] en dies meer) beskryf. Hierdie konseptuele struktuur is in interaksie met die sintaksis deur korrespondensiereëls (vergelyk die skema in (67)) en dit bepaal die sintaktiese gebruik van 'n gegewe leksikale item.

Die konseptuele struktuur in die leksikale inskrywing is egter nie voldoende om die volle betekenis van 'n woord te beskryf nie. Jackendoff (1990:33,34) gee voorbeelde van groepe naamwoorde soos *gans* en *eend* en van groepe werkwoorde


soos *hardloop*, *draf* en *nael* waarvan die lede nie onderskei kan word op grond van die abstrakte semantiese primitiewe in hulle konseptuele struktuur nie. In die CS het *gans* en *eend* naamlik dieselfde konseptuele struktuur, met primitiewe wat hoogstens die kategorieë [+Lewend], [+Voël] en [+Waterlewend] insluit. Die twee leksikale items se betekenis is slegs onderskeibaar op grond van visuele gegewens, soos die feit dat *gans* met 'n lang nek geassosieer word, maar *eend* nie. 'n Kenmerk soos [+Lang nek] is egter nie 'n primitief van betekenis nie (hoewel die term *primitief* hier moeilik definieerbaar is). Dit geld ook vir kenmerke soos [+Vir die pret] of [+Met 'n kompeterende aard] in die geval van *hardloop*, *draf* en *nael*.

Jackendoff (1990:33, 1996) poneer die gebruik van 'n 3D-model van representasie om rekenskap te gee van die pragmatiese en ensiklopediese elemente van leksikale betekenis. Alle visuele, kulturele en ander gegewens wat nodig is om die leksikale item te interpreteer, maar wat nie vir die sintaksis van belang is nie, word in 'n 3D-model-representasie in sy leksikale inskrywing ingesluit. *Hardloop*, *draf* en *nael* het dan identiese konseptuele strukture. Die omvang en detail van hulle semantiese primitiewe strek tot die spesifisering van die handeling in die werkwoord as [+Beweeg]. Alle bykomende inligting oor die betekenis van enige een van die drie woorde (soos "vinnige beweging", "gemaklike beweging", "kompeterende beweging", "beweging deur middel van bene", "beweging oor 'n oppervlakte" en dies meer) behoort tot die pragmatiese domein en word in 'n 3D-model voorgestel. Die 3D-model is in kontak met die konseptuele struktuur via korrespondensiereëls (vergelyk die skema in (67)), maar dit kan per definisie nie met die sintaksis kommunikeer nie.

2.4.2.8 SAMEVATTING EN EVALUERING VAN CS SE REKENSAP VAN VALENSIE

CS brei nie die sintakties-kategoriale komponent van UG uit nie, maar neem die TGG-modelle se weergawe daarvan as 'n vertrekpunt en bou dan die semanties-konseptuele komponent uit as 'n poging om verklarings te gee van die semantiese aspekte van sinsbou wat in TGG onverreken gelaat word. Die teoretiese apparaat waardeur Jackendoff (1983, 1990) valensie verreken, word hieronder skematies saamgevat:

(85)



Die CS verreken struktuurbeskrywing deur universele beginsels (verteenwoordig in korrespondensiereëls wat universele konseptuele struktuur afteken op sintaktiese struktuur) en 'n leksikale inskrywing (wat as 'n gedeeltelike valensieraam funksioneer vir die woord se konseptuele struktuur). 'n Leksikale inskrywing behels onder andere die kategorie en funksies van die leksikale item. Dit moet die verskil tussen opsionele en verpligte argumente uitdruk (Jackendoff 1990:250). Seleksiebeperkings is volgens Jackendoff (1990:52) ook deel van die leksikale inskrywing. Die leksikon self is 'n raakvlak omdat 'n leksikale item 'n korrespondensie bewerkstellig tussen welgevormde fragmente van die fonologiese, sintaktiese en konseptuele struktuur. Die leksikon is vir Jackendoff (1990:18) deel van die korrespondensiereël-komponent. Leksikale inskrywings is self korrespondensiereëls, en soos ander korrespondensiereëls moet hulle afteken van 'n universele konseptuele struktuur na 'n taalspesifieke sintaksis (Jackendoff 1990:155).

Jackendoff bou die semantiese komponent van 'n generatiewe grammatika uit deur meer verfynde analitiese apparaat beskikbaar te stel vir die ontleding van die semanties-funksionele komponent van struktuurbeskrywing. Hierdie uitbreiding werp lig op 'n deel van die bewerkinge wat op LF-vlak plaasvind, maar dit beskryf dit nie ten volle nie.

Die konseptuele kategorieë wat Jackendoff poneer as 'n uitbreiding op die baie rigiede stel semantiese/tematiese rolle van TGG, beskryf die semanties-funksionele komponent van valensie in groter besonderhede. Sy stel konseptuele kategorieë is egter steeds veralgemenings en abstraksies van vaag omskrewe en beperkte onderliggende semantiese kenmerke. Die pad van beweging word byvoorbeeld in abstrakte funksies soos VAN, NA, WEG-VAN en VIA onderskei, wat nie verder ontleed kan word in meer spesifieke funksies soos VAN [BO/ONDER/VOOR/AGTER] of VIA [VASTE STOF/VLOEISTOF/LUG] en dies meer nie. Die teorie laat soos die TGG ook 'n groot hoeveelheid anomaliese strukture toe soos *val boontoe omdat

die konseptuele kategorie waarvoor val subkategoriseer enige PAD met die funksie VAN, NA, WEG-VAN of VIA kan wees, sonder spesifisering van die relatiewe begin- of eindpunte of die rigting daarvan.

Voorkeurreëls is 'n poging om die probleem op te los, maar omdat die teorie streef na universele verklarings en beskrywings, is daar nie sistematiese riglyne vir die idiosinkratiese voorkeurreëls nie. Dit is ook nie sonder meer duidelik hoe hierdie reëls algemeen op leksikale items van toepassing is nie. Die voorkeurreëlsisteme wat geskep word om van anomalieë rekenskap te gee, is in te min besonderhede uitgewerk en te min is bekend oor die reëlmatighede waarop hulle berus om deur middel daarvan 'n volledige verklaring te kan gee vir pragmatiese botsings. Hierdie tipe reëls betrek noodwendig ook inligting van 'n pragmatiese en selfs 'n ensiklopediese aard. Jackendoff (1990:35) se ontleding van *klim* as 'n "opwaartse" beweging en die beweging "van 'n individu" deur middel van "grypbewegings" is naamlik ensiklopedies eerder as konseptueel (soos PAD, DING, GEBEURE ens.). Die betekenselemente waarvan daar hier sprake is en wat 'n effek het op die sintaksis, is bykomend tot die stel konseptuele kategorieë en die semantiese primitiewe wat in CS geïdentifiseer word. Kenmerke soos [\pm Boontoe], [\pm Beweging deur 'n individu] of [\pm Deur grypbewegings] kan ewe min as [\pm Lang nek] (vergelyk Jackendoff 1990:34) gereken word as semantiese primitiewe, maar hulle het nietemin 'n beduidende uitwerking op die leksikale item se sintaktiese verspreiding.

Die semantiese kenmerke waarmee konseptuele kategorieë geassosieer is, is beperk tot *semantiese primitiewe* van betekenis en Jackendoff (1990:33) gee self toe dat die afbakening daarvan nie duidelik is nie. Dit is naamlik nie duidelik op grond waarvan 'n betekenselement soos [\pm Beweeg] as 'n primitief van betekenis beskou behoort te word nie, terwyl [\pm Met grypbewegings] nie as sodanig beskou word nie. Albei kenmerke het 'n effek het op die sintaksis van die woord (vergelyk voorbeelde (82) en (83)).

Taylor (1996:23) maak beswaar teen die veronderstelde kenmerke wat Jackendoff in die 3D-model toeskryf aan woorde soos *hardloop* en *draf* om 'n betekenisonderskeid te tref. Jackendoff onderskei die twee leksikale items op grond van perseptuele eienskappe, dus op grond van hoe die handeling lyk vir die waarnemer. Sulke perseptuele gegewens is in Jackendoff se benadering nie semantiese primitiewe nie en hulle het geen effek op die sintaksis nie (vergelyk afdeling 2.4.2.7). Taylor (1996) kom in sy ontleding van die sintaktiese verspreiding van *run* en *jog* in Engels egter tot die gevolgtrekking dat daar meer betrokke is by die leksikale items se valensie as slegs dié elemente van betekenis wat Jackendoff as semantiese primitiewe en as behorende tot die konseptuele kategorieë beskou.

In navolging van Jackendoff (1983, 1990) se onderskeid tussen die 3D-elemente en konseptuele struktuur sal aan *hardloop* en *draf* 'n identiese konseptuele struktuur en gevolglik 'n identiese valensieraam toegeken word. Albei

- bevat die semantiese primitiewe [+Gaan] of [+Beweeg],
 - teken af op 'n konseptuele kategorie [GEBEURE] met die funksie [GAAN],
 - selekteer 'n Agens-onderwerp met die semantiese kenmerke [+Lewend],
 - selekteer geen Pasiënt in die direkte voorwerp nie, en
 - neem opsionele temporale en lokasiefrases as adjunkte.
- (Vergelyk Taylor 1996:27.)

Taylor (1996) toon egter deur die ontleding van die onderskeie gebruike van *draf* en *hardloop* (dus op grond van oorweginge van E-taal) aan dat hierdie konseptuele klassifikasie van die twee items oppervlakkig is en dat hulle valensie slegs ten volle verreken kan word deur analitiese apparaat wat verwysings na die pragmatiese en ensiklopediese elemente van betekenis insluit.

In die voorbeelde in (86) hieronder ontvang die sin

byvoorbeeld verskillende interpretasies na gelang van die keuse van *hardloop* of *draf*. *Hardloop* se veronderstelde 3D-representasie sluit die perseptuele gegewens in dat dit gepaard gaan met 'n groter spoed en 'n groter mate van inspanning as *draf*:

(86)

- a. *hardloop* poskantoor toe
- b. *draf* poskantoor toe

Taylor voer aan dat die onderskeid tussen die bewegings-aktiwiteite "om te *hardloop*" en "om te *draf*" nie altyd duidelik is uit *waarneming* nie. 'n Uitgeputte atleet se *hardloop*aksie kan onder andere vir die waarnemer dieselfde lyk as die *draf*aksie van 'n atleet wat opwarm. Ensiklopediese agtergrondinligting, soos die doel van die aktiwiteit, is hiervolgens nodig om die verskil tussen die twee aktiwiteite *hardloop* en *draf* te verklaar. Taylor (1996:27) se interpretasie van die woord *hardloop* is dat dit 'n wyer gebruiksfere het as *draf*. Gevolglik is daar baie kontekste waar *draf* nie as plaasvervanger vir *hardloop* kan optree nie. Dit impliseer dat gegewens van 'n perseptuele aard nie sintakties "onsigbaar" is soos Jackendoff aanvoer nie. Taylor (1996:28) baseer sy argument op voorbeeldpare soortgelyk aan dié in (87):

(87)

- a. *hardloop*/**draf* 'n wedloop
- b. *hardloop*/**draf* teen die horlosie
- c. *hardloop*/**draf* kop aan kop na die eindstreep
- d. *hardloop*/**draf* 'n myl in 10 minute
- e. *hardloop*/**draf* agter die bus aan om dit nie te verpas nie
- f. *hardloop*/**draf* weg vir die kwaai hond

Die voorbeelde in (86) is ook hier van toepassing. Om poskantoor toe te *draf* is nie net perseptueel verskillend daarvan om poskantoor toe te *hardloop* nie. Die twee

aktiwiteite verskil ook ten opsigte van die doel van die aksie. Iemand wat poskantoor toe draf (in die letterlike gebruik van die woord), het "om te draf" as die hoofdoel van sy handeling in gedagte en die poskantoor funksioneer hier as 'n min of meer arbitrêre eindpunt of keerpunt van die handeling. Daarteenoor *hardloop* iemand na die poskantoor met die hoofdoel "om die poskantoor (vinnig) te bereik" en die handeling, "om te hardloop", funksioneer hier as 'n medium tot hierdie doel (vergelyk ook Taylor 1996:28). *Draf* kan normaalweg nie gebruik word

- in 'n kompeterende sin nie (86a,b,c),
- in verbinding met 'n NP met afstand-betekenis en 'n adjunk van tydsverloop nie (86d),
- in verbinding met 'n doelwit wat die hoofdoel van die handeling is nie (86e), of
- in verbinding met 'n bron wat die hoofdoel van die handeling is nie (86f).

Taylor (1996:30) wys daarop dat *drif* in moderne taalgebruik geassosieer word met 'n aktiwiteit wat gekenmerk word deur 'n besondere stel sosiokulturele waardes, wat verskil van dié wat met *hardloop* geassosieer word. Dit is volgens Taylor (1996:31) die taalgebruiker se kennis van wat *drif* en *hardloop* in werklikheid behels wat die kontekste motiveer waarin die woord *hardloop* of *drif* onderskeidelik toepaslik gebruik kan word. Hierdie kennis van wat die referente van die woorde behels, is gebaseer op wat Taylor noem "stereotiepe konsepsies van postindustriële leefwyses", en dit strek baie wyer as die aksiepatroonstereotipes ([±Beweeg]; [PAD] ens.) wat Jackendoff aagee.

Taylor se gevolgtrekking dat die wesenlike aard van die referente van leksikale items medebepalend is vir die woorde se sintaksis, kom ooreen met dié van Van Jaarsveld (1982). Valensie kan slegs ten volle verreken word deur op reëlmatige wyse verwysings na pragmatiese en ensiklopediese (buitetalige) informasie te betrek by die sintaktiese en

semantiese inligting wat oor die woord bekend is. Jackendoff se insluiting van 'n 3D-model in sy teorie is 'n meganisme om erkenning te gee aan sulke inligting, maar die teorie het nie 'n bevredigende reëlsisteem om die interaksie tussen die 3D-elemente en die konseptuele struktuurelemente enersyds, en die 3D-elemente onderling andersyds, te verklaar nie.

Jackendoff (1983, 1990) bewerkstellig wel 'n sinvolle kommunikasie tussen die semanties-inhoudelike, semanties-funksionele en sintakties-kategoriale komponente deur 'n sisteem van argumentsamesmelting en skakelreëls (vergelyk ook Levin en Rappaport Hovav (1995) se hantering daarvan in afdeling 2.4.5.1). CS voorsien dus die apparaat waarmee die verskillende vlakke van 'n valensieraam met mekaar in wisselwerking tree. Hierdie korrespondensie is egter beperk tot grammatiese prosesse wat plaasvind voor LF-vlak. Ter wille van 'n beter begrip van die interaksie tussen die pragmatiese komponente van die valensieraam (die prosesse op LF-vlak) enersyds, en tussen die pragmatiese vlak en die ander vlakke van valensie, word bydraes uit die kognitiewe semantiek vervolgens ondersoek.

2.4.3 UITBOUING VAN DIE KOGNITIEF-SEMANTIESE KOMPOENT VAN 'N VALENSIETEORIE

Die Kognitiewe Grammatika (*Cognitive Grammar*, voortaan afgekort CG) aanvaar, in teenstelling met generatiewe grammatika, dat taal nie op sigself 'n volledige en onafhanklike, aangebore sisteem van kennis is nie, en dat dit daarom nie moontlik is om taal te beskryf sonder verwysing na kognitiewe prosesse nie. | Taal aktiveer ander kognitiewe sisteme en moet daarom beskryf word as 'n integrale komponent van die algehele psigologiese organisasie. Die CG hanteer die grammatika van 'n taal as nie-generatief en nie-konstruksioneel (Langacker 1988a:4). Hierdie siening van die grammatika is gegrond op die oortuiging dat die uitdrukkings van 'n taal nie 'n goed gedefinieerde en algoritmies

berekenbare stel vorm nie.

In die CG word gevolglik ook geen outonome komponente van die grammatika erken nie. Die sisteem van taalbeskrywing bestaan uit drie basiese tipes eenhede (waar 'n eenheid 'n gestruktureerde lys konvensionele linguistiese eenhede is wat ten volle deur die taalgebruiker bemeester is): die semantiese, fonologiese en simboliese eenhede. Simboliese eenhede is bipolar, met 'n semantiese eenheid aan die een pool, wat in simboliese korrespondensie is met 'n fonologiese eenheid aan die ander pool (Langacker 1988c:91).

Grammatiese strukture vorm nie 'n outonome, formele sisteem of representasievlak, soos in generatiewe modelle nie (Langacker 1986:1). Volgens Langacker (1986:2) is die verskillende grammatiese strukture eerder inherent simbolies. Hulle maak voorsiening vir die strukturering en die konvensionele simbolisering van konseptuele inhoud. Die leksikon, morfologie en sintaksis vorm 'n kontinuum van simboliese eenhede. Hulle word slegs op arbitrêre wyse in afsonderlike komponente verdeel.

In die CG word semantiese strukture ontleed met verwysing na kennissisteme waarvan die toepassingsgebied wesenlik onbeperk is. Die semantiese strukture se waarde reflekteer voorts nie slegs die inhoud van 'n bepaalde situasie nie, maar ook die wyse waarop hierdie inhoud gestruktureer en gekonstrueer is. Betekenis word gekarakteriseer relatief tot sulke kognitiewe domeine. Baie van hierdie kognitiewe domeine word in kognitiewe modelle geïdealiseer, wat fundamenteel is aan die menslike ervaring/en/opvatting van die wêreld (vergelyk ook afdeling 2.4.5.1 en Goldberg 1995:39 wat aanvoer dat konstruksies tonele beskryf wat onderliggend is aan menslike ervaring). Hierdie kognitiewe modelle is onderliggend aan die prototipewaardes van sekere grammatikale konstruksies, onder andere bewegingswerkwoorde (Langacker 1991:282). Sinstruktuur word volgens die uitgangspunte in die CG tot 'n groot mate bepaal deur die interaksie tussen hierdie buitetalige faktore

ook Hendrikse

en die struktuur van die taalgebruiker se (buitetalige) opvatting van gebeurtenisse.

In die CG is daar nie 'n rigiede definisie vir welgevormdheid nie. Oordele oor welgevormde strukture is volgens Langacker (1988a:5) dikwels kwessies van graad, en hulle reflekteer die subtiële wisselwerking van semantiese en kontekstuele faktore. Die semantiese waarde van 'n uitdrukking, en die spreker se oordele omtrent die aanvaarbaarheid daarvan, is nie alleen gegrond op die inherente eienskappe van die entiteit of die situasie wat deur 'n linguistiese uitdrukking beskryf word nie. Dit berus ook op die taalgebruiker se ervaring en interpretasie van die buitetalige realiteit. Dit is op grond van sulke buitetalige kwessies wat besluit word of 'n slang by 'n boom kan afklim (vergelyk 2.4.2.6) en of atlete kop aan kop kan draf (vergelyk afdeling 2.4.3).

Betekenis word in CG gelykgestel aan konseptualisering (vergelyk ook afdeling 2.4.2.1; Jackendoff 1983, 1990). Semantiese strukture of die betekenis van linguistiese uitdrukkings word beskou as konseptualiserings wat gevorm word in ooreenstemming met linguistiese konvensies. Terwyl die TGG-modelle en Jackendoff se CS egter ensiklopediese elemente van betekenis uitsluit uit enige semantiese/konseptuele beskrywings van struktuur, aanvaar Langacker 'n ensiklopediese model van linguistiese semantiek. Alle fasette van die taalgebruiker se algemene kennis van 'n gegewe entiteit dra by tot die betekenis van 'n talige uitdrukking wat na daardie entiteit verwys. Gevolglik is daar in CG nie sprake van 'n rigiede skeiding tussen sintakties-relevante semantiese en sintakties-irrelevante pragmatiese elemente van betekenis (soos in TGG en CS) nie.

Die CG gee aandag aan presies daardie areas van taalbeskrywing wat buite die bestek van die TGG en ander generatiewe modelle soos CS val, naamlik die prosessering van grammatiese veranderlikes op LF-vlak nadat dit in 'n leesbare vorm vir LF-operasies beskikbaar gestel is. Die interpretasie

van semantiek/betekenis is in die model van deurslaggewende belang vir die hantering van valensie omdat daar erkenning gegee word aan die rol van al die fasette van betekenis in 'n valensiestruktuur. Hierdie fasette van betekenis is hoofsaaklik die verskynsels dat

- betekenis gereduseer kan word tot konseptualisering of 'n verstandelike/geestelike ervaring;
- 'n linguistiese uitdrukking 'n netwerk van verwante betekenisonderskeidings aktiveer;
- semantiese strukture beskryf word relatief tot kognitiewe domeine;
- 'n semantiese struktuur sy betekeniswaarde verkry van die posisie van 'n geprofileerde referent relatief tot 'n agtergrondbasis; en
- semantiese strukture konvensionele uitbeeldings inkorporeer (dat hulle 'n besondere situasie op 'n besondere manier konstrueer)

(Langacker 1988b:48,49).

Die linguistiese apparaat om valensie te verreken word in die model tot 'n groot mate bepaal deur hierdie basiese beskouing van semantiek. CG bied die apparaat aan om valensie op LF-vlak te ontleed deur voorsiening te maak vir 'n ontleding van:

(88)

- a. verskillende modelle van betekenis
- b. die kognitiewe domeine relatief tot betekenis
- c. die wyse waarop fasette van betekenis geprofileer word
- d. die kenmerke van die argetipe rolspelers in 'n betekenisituasie
- e. die wyse waarop 'n werkwoord (in 'n veel groter mate as 'n naamwoord) 'n betekenismodel op sy omgewing projekteer


Elkeen van hierdie meganismes word vervolgens in oënskou geneem.

Vgl. met Hendrikse

2.4.3.1 MODELLE VAN BETEKENIS

Langacker (1991:283) gebruik 'n handelingsketting om die basiese betekenis van sinstruktuur diagrammaties voor te stel. So 'n handelingsketting bestaan uit 'n kop (normaalweg die Agens van die handeling) wat kragtige kontak maak met 'n volgende objek en wat daardeur die energie verskaf wat van een intermediêre punt na 'n volgende oorgedra word. Die energie-oordrag gaan voort totdat die energie uitgeput is of totdat dit die laaste punt, die stert (normaalweg die Pasiënt wat deur die handeling geaffekteer word), bereik. 'n Tipiese handelingsketting kan soos hieronder voorgestel word (sirkels verteenwoordig die objekte betrokke by die handeling en dubbele pyle verteenwoordig die energie wat deur hulle oorgedra word). Die eenvoudigste vorm van die handelingsketting behels slegs 'n kop en 'n stert wat deur energie-oordrag in direkte kontak is met mekaar:

(89)



NB omgekeerde
geld by
ervaringaanpak.


Die handelingsketting is 'n algemene weergawe van handeling. Om 'n meer volledige weergawe te gee, skets Langacker (1991: 284) 'n model waarin 'n inklusiewe toneel beset word deur wisselwerkende deelnemers. Die deelnemers word deur 'n onbetrokke waarnemer ervaar as dat hulle diskrete gebeure uitvoer. Die elemente van hierdie model, bekend as die verhoogmodel (stage model), vorm die basis vir 'n verskeidenheid kognitiewe modelle wat daarvan afgelei kan word. 'n Spesifieke gebeurtenis word byvoorbeeld gekenmerk deur 'n spesifieke toneel en spesifieke deelnemers (soos Agens, Pasiënt, Instrument of Ervaarder) wat in 'n spesifieke soort energie-oordrag betrokke is.

NB

Die verhoogmodel en die handelingsketting word gekombineer in 'n sogenaamde kanonieke gebeurtenismodel (Langacker 1991:

285). Die prototipe kanonieke gebeurtenismodel word soos volg diagrammaties voorgestel:

(90)



'n Spesifieke handeling (byvoorbeeld val) behels 'n spesifieke geval van die gebeurtenismodel. Dit aktiveer 'n kognitiewe domein relatief waartoe die handeling en die deelnemers geklassifiseer en geïnterpreteer word. Die veranderlikes in die model en die wyse waarop dit deur die keuse van werkwoord geaffekteer word, word in afsonderlike afdelings hieronder uiteengesit.

2.4.3.2 KOGNITIEWE DOMEINE

Semantiese strukture van enige grootte staan in die CS bekend as **predikasies** en word beskryf relatief tot kognitiewe domeine. Domeine soos die taalgebruiker se ervaring van tyd en ruimte is kognitief onreduseerbaar en hulle is daarom **basiese kognitiewe domeine** (Langacker 1987:55). Die meeste domeine wat vir linguistiese uitdrukking relevant is, is egter van 'n nie-primitiewe aard. Hulle is opgebou uit kognitiewe strukture soos nuwe en gevestigde konseptualiserings, perseptuele gewaarwordinge en die individu se algehele kennissistiem. Enige kognitiewe struktuur kan optree as 'n domein vir 'n semantiese struktuur of predikasie.

Betekenis is vir Langacker (1987:56) nie gelyk te stel aan 'n objektiewe realiteit nie en dit word nie in waarheidsvoorwaardes uitgedruk nie. Betekenis behels eerder dat 'n uitdrukking 'n bepaalde beeld op sy domein projekteer. Die gekonvensionaliseerde beelde wat so geprojekteer word, word afgebeeld op die simboliese eenhede van 'n taal (lekseme, sinne ens.) en hierdie geprojekteerde beelde vorm die basis van 'n uitdrukking se semantiese waarde (vergelyk Jackendoff se ontleding van *klim* in afdeling 2.4.2.6).

Die **omvang** van 'n predikasie is daardie deel van relevante domeine wat dit in die besonder aktiveer en wat vereis word vir die beskrywing van die predikasie. Vir *hardloop* is die algemene omvang byvoorbeeld beweging, en die besondere omvang is beweging deur middel van bene/voete. Die konsepsie "om te beweeg deur middel van bene/voete" is daarom die **onmiddellike omvang** van die predikasie vir *hardloop*, en "om te beweeg" is op sy beurt weer die onmiddellike omvang vir "om te beweeg deur middel van bene/voete". Op soortgelyke wyse is "om weg van die deiktiese sentrum te beweeg" die onmiddellike omvang van *gaan*, terwyl *gaan* weer die onmiddellike omvang is van *ingaan, uitgaan, weggaan* en dies meer. Die onmiddellike omvang tree op hierdie wyse op as die onmiddellike of naaste verwysingspunt met betrekking waartoe 'n predikasie se referent in meer besonderhede beskryf kan word.

'n Predikasie aktiveer normaalweg veelvuldige domeine wat verskillende aspekte van dieselfde entiteit beskryf (Langacker 1987:57). So word *hardloop* en *nael* beskryf deur dieselfde fisiese spesifikasies. *Nael* aktiveer egter meer pertinent die rol van spoed as *hardloop*. Die gebruik van 'n leksikale item soos *wandel* gee meer prioriteit aan domeine behorende tot ontspanning en buitelugaktiwiteite as 'n sinoniem soos *stap* of *loop*. Hierdie assosiasie van 'n predikasie met 'n sekere domein vind neerslag in sy sintaktiese verbindingsmoontlikhede. Vergelyk byvoorbeeld die volgende stukture:

(91)


- a. stap/*wandel na die hoof se kantoor om die probleem aan te meld
- b. sy kar het gebreek en hy moes etlike kilometer ver stap/*wandel om hulp te ontbied

Soos in die geval van *hardloop* teenoor *draf* het *stap* 'n wyer domein, en daarom ook 'n wyer toepassingsgebied as *wandel*. Gevolglik kan dit ook met 'n wyer reeks adjunkte verbind as *wandel*.

Die afbakening van 'n meer spesifieke domein binne 'n groter domein, soos verteenwoordig in die domeine van *stap* en *wandel* in (91), staan in die CS bekend as afbakening (bounding) (Langacker 1987:58). 'n Werkwoord beskryf 'n *streek* in 'n sekere domein, maar 'n bewegingswerkwoord beskryf 'n *afgebakende streek* in daardie domein. 'n Deiktiese bewegingswerkwoord soos *gaan* beskryf op sy beurt weer 'n *streek* in 'n domein, maar 'n bewegingswerkwoord van rigting, soos *ingaan* beskryf 'n *afgebakende streek*.

Die afbakening van domeine kan skematies soos hieronder geïllustreer word met *ingaan*:

(92)



Om 'n predikasie (byvoorbeeld *ingaan*) volledig te beskryf, is dit nodig om die kognitiewe domeine (handeling, beweging weg van 'n deiktiese sentrum, rigting van beweging en dies meer) wat dit vooronderstel, volledig te beskryf. *Gaan* beskryf naamlik 'n proses of 'n reeks relasionele konstrunkte wat in sekvens op mekaar volg oor 'n tydperk in 'n gegewe ruimte. *Tyd* en *ruimte* is daarom ook domeine in die matriks van *gaan* (Langacker 1988b:61).

Die vernaamste deelnemers in die gebeurtenismodel van die predikasie *gaan* is die trajektor (bewegende objek) en die landmerk (die ruimtelike agtergrond waarteen die beweging plaasvind) (Langacker 1988b:61). Sekere deelnemers in 'n predikasie word deur 'n proses van predikasie tot 'n meer prominente posisie in die fokus van die predikasie verhef as ander. Hierdie proses van profilering is van bepalende belang vir die valensie van 'n leksikale item, en die proses word in die volgende afdeling in meer besonderhede bespreek.

2.4.3.3 PROFILERING

Die taalgebruiker kan op verskeie wyses 'n kognitiewe domein konstrueer deur 'n proses van *beelding* (*imagery*). Die opvallendste fasette van *beelding* is die onderskeid tussen 'n *profiel* en 'n *basis*. Die *basis* van 'n linguistiese predikasie is al die domeine wat daarmee geassosieer word. Vir *gaan* is die domeine van handeling, beweging met 'n pad; beweging weg van die deiktiese sentrum; 'n verandering van ruimte en 'n verandering oor tyd. 'n Faset van die *basis* word in 'n predikasie uitgesonder en verhef tot 'n vlak van prominensie en dit dien as die fokuspunt van die predikasie (Langacker 1988b:58). In die gevalle van *gaan* en *kom* is hierdie prominente faset van die *basis* onderskeidelik 'n rigting van en na die deiktiese sentrum.

Die predikasie se *profiel* (byvoorbeeld "na die deiktiese sentrum" of "weg van die deiktiese sentrum") is 'n

substruktuur van die basis wat verhef word tot 'n duidelike vlak van prominensie in die uitdrukking (Langacker 1987:56). Die denkbeeld van beweging deur middel van bene/voete kan funksioneer as die basis vir 'n verskeidenheid uitdrukkings wat elkeen verskillende fasette daarvan beskryf. *Stap*, *loop* en *wandel* aktiveer almal dieselfde domein, maar *wandel* aktiveer 'n spesifieke faset van daardie domein, naamlik die ontspannings- en buitelugfaset daarvan. Hierdie spesifieke faset van die domein van *wandel* word deur die leksikale item geprofileer en onderskei dit van *stap* en *loop* ten opsigte van betekenis en valensie. Die onderskeid tussen *draf* en *hardloop* (vergelyk afdeling 2.4.2.8) berus op dieselfde tipe onderskeid in profilering. *Draf* het 'n meer spesifieke domein as *hardloop* en profileer 'n sekere leefwyse. *Vertrek* en *verlaat* neem albei die domein van die begin van beweging weg van 'n gespesifiseerde entiteit/plek. *Vertrek* profileer egter die begin van beweging en *verlaat* profileer die gespesifiseerde entiteit/plek. Die verspreidingspatrone van *verlaat* en *vertrek* in (93) is 'n resultaat van profilering:

(93)

a. *verlaat*/**vertrek* Londen

b. *vertrek* van/ **verlaat* (van) Londen na Dublin

Profilering bepaal watter rolle van 'n werkwoord uitgedruk moet word. *Vertrek* laat 'n opsionele uitdrukking van die Bron toe as 'n adjunk, maar *verlaat* vereis dit as 'n objek. Albei impliseer 'n trajektor en 'n pad van beweging, maar slegs *vertrek* laat die uitdrukking daarvan op sintaktiese vlak toe. Die rol van profilering in die beskrywing van 'n leksikale item se valensie is ten nouste gekoppel aan die organisasie van deelnemerrolle wat dit op die res van die toneel verbeeld. Hierdie faset word hiernaas ondersoek.

2.4.3.4 BEELDING

Op 'n breë vlak word naamwoorde en werkwoorde as sintaktiese kategorieë onderskei op grond van die betekenis van hulle linguistiese uitdrukkings. Naamwoorde word normaalweg geassosieer met nominale uitdrukkings en werkwoorde met relasionele uitdrukkings (Langacker 1987:68). 'n Naamwoord soos *beweging* en 'n werkwoord soos *beweeg* verskil nie soseer ten opsigte van inhoud nie as die manier waarop daardie inhoud geprofileer word (vergelyk *hy [beweeg] moeilik X sy [beweging] is moeilik*). Die naamwoord vooronderstel die netwerk relasies tussen 'n stel entiteite en profileer die streek wat tot stand kom deur so 'n netwerk. 'n Werkwoord ('n relasionele predikasie) vooronderstel 'n stel entiteite en profileer die netwerk relasies tussen die entiteite. Dit is gevolglik moontlik om die man te konseptualiseer as 'n entiteit onafhanklik van enige gebeurtenismodel, maar nie om 'n gebeurtenis (geleksikaliseer in 'n werkwoord) te konseptualiseer buite so 'n model nie. Werkwoorde soos *hardloop*, *gaan* of *val* kan naamlik nie gekonseptualiseer word sonder die een of ander implisiete (verstandelike) of eksplisiete (talige) verwysing na die entiteit wat "hardloop", "gaan" of "val" nie en ook nie sonder die een of ander implisiete of eksplisiete verwysing na 'n pad binne 'n ruimte en 'n tydsverloop daarvoor nie.

Handlike

'n Werkwoord verteenwoordig 'n gebeurtenis wat vir die konseptualisering daarvan noodwendig verwys na deelnemers of rolle wat minimaal deur die handeling veronderstel word (ten minste die bewegende entiteit en die Pad) (vergelyk Langacker 1991:286). Sonder hierdie verwysings is die betekenis van die werkwoord onsamehangend en dit word dus nie in 'n leesbare vorm aan LF aangebied vir waarheidsoordele nie.

Enige linguistiese struktuur beliggam konvensionele beelding en dwing daardeur 'n sekere konstruering af van die situasie wat dit kodeer (Langacker 1991:294). 'n Fisiese referent soos *die man* word hiervolgens gekodeer deur 'n naamwoordelike

konstituent op sintakties-kategoriale vlak en 'n energieke interaksie soos *hardloop* deur 'n werkwoordelike konstituent (vergelyk Langacker 1991:294). Beelding is vergelykbaar met die projeksiebeginsel in TGG omdat dit dieselfde tipe relasie tussen grammatiese veranderlikes beskryf waarop beginsels soos TGG se projeksiebeginsel berus (vergelyk afdeling 2.4.1.3.1). In TGG het die projeksiebeginsel, soos alle teoretiese apparaat, egter slegs toepassing op 'n voor-LF-vlak. In CG strek beelding/projeksie egter tot op LF-vlak.

'n Leksikale item wat 'n referent beskryf met 'n groot konsentrasie agensiewe eienskappe (soos *lewend, menslik*) word in sy leksikale inskrywing beskryf deur semanties-inhoudelike kenmerke [+Lewend, +Menslik]. Hierdie kenmerke projekteer 'n sekere aftekening van die leksikale item op die sintakties-funksionele vlak. Hoe meer agensiewe kenmerke teenwoordig is, hoe groter is die waarskynlikheid dat dit as die subjek gekodeer sal word; hoe meer tematiese/pasiëntiese eienskappe teenwoordig is, hoe groter is die waarskynlikheid dat dit as die objek gekodeer sal word. *Die man* in *Die man betree die terrein* is die enigste deelnemer met die semanties-inhoudelike kenmerke [+Lewend, +Menslik]. Dit is daarom meer waarskynlik dat *die man* sal afteken op die Agens op semanties-funksionele vlak en op die subjek op sintakties-funksionele vlak.


Langacker (1988a:40, 1991:304,343) wys daarop dat sintaktiese funksies soos subjek, objek en indirekte objek 'n semantiese basis het. Die mees prominente deelnemer in 'n gebeurtenis teken normaalweg af op die Agens-rol op semanties-funksionele vlak. Die Agens-rol teken weer tipies (hoewel nie noodwendig nie) af op die sintaktiese funksie van subjek. Die prototipe subjek is daarom agensief, menslik, bepaald en die figuur in 'n geprofileerde situasie. Die prototipe-objek is daarenteen pasiënties, 'n fisiese objek, onbepaald en die sekondêre figuur in 'n geprofileerde situasie.

Die aftekening is egter afhanklik van die totale relasie

Omgekeerd by ervaring

tussen al die deelnemers in 'n gebeurtenismodel en berus grootliks op die struktuur wat die werkwoord op so 'n model projekteer. In 'n sin soos *Teenspoed volg die man* teken die man af op die semanties-funksionele rol van pasiënt en die sintakties-funksionele rol van objek, ongeag die feit dat die man die enigste deelnemer in die gebeurtenis is met die kenmerke [+Lewend, +Menslik]. Sekere denkbeelde, soos "om te volg" in hierdie voorbeeld, vooronderstel en inkorporeer ander denkbeelde (in hierdie geval 'n entiteit wat die handeling "om te volg" uitvoer en 'n entiteit wat daardeur geaffekteer word). Hierdie inkorporasie van ander konsepsies gaan in die geval van werkwoorde gepaard met 'n projeksie van sekere deelnemers op die toneel en verskaf die basis vir hulle (verpligte of opsionele) optrede en beskrywing (Langacker 1988b:53). *Volg* projekteer 'n bewegende entiteit en 'n ander entiteit waarop die bewegende entiteit sy beweging rig. As 'n bewegingswerkwoord projekteer dit ten minste ook nog 'n pad en 'n konsep van tyd en ruimte. Al hierdie deelnemers word nie noodwendig in die overte sintaksis uitgedruk nie. In *Teenspoed volg die man* bly die uitdrukking van die ruimte en tyd kovert/implisiet. Die predikasie volg kan egter nie samehangend gekonseptualiseer word sonder die aktivering van al hierdie deelnemers nie.

Die model van betekenis in CG wat hier uiteengesit is, kan skematies soos in (94) uiteengesit word:



NB

Die komponente van die kognitiewe semantiek wat hierbo ter sprake gekom het, behels die wyse waarop buitetalige gebeurtenisse deur die taalgebruiker ontleed en in semantiese konstrukte georganiseer word. Vir valensie is dit ook belangrik hoe daardie organisasie neerslag vind in sintaktiese vorm, soos daar in die volgende afdeling aangetoon word.

2.4.3.5 SINTAKTIESE VALENSIE

Langacker bevind dat dit onmoontlik is om sintaktiese valensie in absolute terme te voorspel op grond van die betrokke leksikale item se betekenis (Langacker 1988c:99) (vergelyk die onakkusatiwiteitipoteese in afdeling 2.4.5.1). Die semantiese strukture van 'n morfeem definieer sy valensiepotensiaal en bepaal hoe geredelik dit in sekere valensierelasies kan optree wat daardie potensiaal ontgin. 'n Leksikale item se inherente eienskappe projekteer dus

hoogstens 'n potensiele struktuur op sy linguistiese omgewing. Die verwesenliking van daardie potensiaal en die mate waartoe dit verwesenlik word is egter 'n funksie van linguistiese konvensie eerder as betekenis (Langacker 1988c:100).

'n Valensierelasie tussen twee predikasies is slegs moontlik indien die twee predikasies oorvleuel. Die substruktuur van een moet dus ooreenkom met 'n substruktuur van die ander en die twee substrukture moet as identies ervaar word (Langacker 1988c:102; vergelyk ook afdeling 2.4.2.4.1). Die beweger-rol ('n spesifieke eksemplaar van die meer algemene Agens-rol) wat deur 'n bewegingswerkwoord gespesifiseer word en op die struktuur geprojekteer word, is byvoorbeeld identies aan die predikasie *die man* in (95):

(95)

Die man verlaat Londen.

In hierdie struktuur projekteer die werkwoord ook 'n geprofileerde landmerk wat ooreenkom met *Londen* in die objekposisie van die sin. Deur korrespondensies van hierdie aard daar te stel, is dit moontlik om te beskryf hoe *verlaat* verbind met *die man* en met *Londen* in 'n grammatiese valensierelasie. Die spesifikasies van die konseptualisering van *die man* oorvleuel met die beweger van *verlaat* en die spesifikasies van die konseptualisering van *Londen* oorvleuel met die landmerk van *verlaat*. *Die man* en *Londen* staan in verskillende valensierelasies tot *verlaat* omdat hulle ooreenstem met verskillende substrukture in *verlaat* (vergeelyk Langacker 1988c:103).

'n Konstruksie soos (96a) is onwelgevormd, in teenstelling met (96b), omdat *verlaat* nie 'n geprofileerde pad projekteer nie en omdat die spesifikasies van *pad (uit Londen)* nie kan oorvleuel met enige geprojekteerde stuk in die werkwoord se konseptualisering nie.

(96)

- a. *Hy verlaat uit Londen.
- b. Hy vertrek uit Londen.


Die profilering van domeine van die werkwoord vorm die basis van die verskillende valensiepatrone van *vertrek* en *verlaat* hierbo. Die woorde het dieselfde betekenis, maar hulle valensie verskil op grond van die profilering wat konvensioneel (dus deur buitetalige prosesse) met elkeen geassosieer word.

Alle valensierelasies berus op korrespondensies tussen onderafdelings van komponentstrukture van die predikasies wat betrokke is in 'n gebeurtenis, soos dit hierbo verduidelik is. Die werkwoord is sentraal in hierdie proses. Dit aktiveer en organiseer 'n toneel waarin prominente deelnemers op 'n spesifieke manier in wisselwerking is. 'n Werkwoord projekteer ten minste twee linguistiese objekte op 'n konstruksie: die entiteit wat die handeling uitvoer of waaraan dit toegeskryf kan word en die landmerk binne sy relasionele profiel (Langacker 1988c:103). Die werkwoord is vir sy konseptualisering afhanklik van die deelnemers in die toneel (vergelyk afdeling 2.4.3.4) en dit organiseer gevolglik die toneel deur 'n relasie daar te stel tussen die gespesifiseerde objekte. Die predikate wat op hierdie wyse in die toneel geprojekteer word, staan bekend as *e-tonele* (*elaboration sites* of *e-sites*) en hulle brei dan sekere substrukture van die werkwoord uit (vergelyk Langacker 1988c:104).

'n Bywoordelike modifiseerder het byvoorbeeld die relasie wat deur die werkwoord verbeeld word as 'n *e-domein* en 'n adjektiwiese modifiseerder het 'n objek as 'n *e-domein*. 'n Bywoord soos *vinnig* het 'n relasie as sy trajektor en *e-domein* en in 'n konstruksie soos *hardloop vinnig* brei dit die skematiese proses uit. Dit beskryf 'n meer spesifieke vorm van *hardloop* en is daarom die *profielbepaler*. Die direkte objek in 'n sin brei die landmerk van 'n werkwoord uit: *volg*

die *gids* het naamlik 'n meer uitgebreide landmerk as *volg*. Die landmerk van die werkwoordstuk, byvoorbeeld *volg die man*, word op sy beurt weer uitgebrei deur die toevoeging van 'n subjek (vergelyk Langacker 1988c:106). In ooreenstemming met sy substrukture projekteer 'n gegewe werkwoord daarom nie slegs 'n spesifieke stel deelnemers in sy valensieraam nie, maar ook spesifieke eienskappe van die deelnemers en 'n spesifieke relasie tussen die deelnemers.

Omdat die leksikon 'n kontinuum vorm met die fonologie en die semantiek, en omdat daar geen duidelike onderskeid tussen die komponente van die grammatika is nie, is daar nie formele nosie van 'n leksikale inskrywing in die CG nie. 'n Werkwoord soos *hardloop* is 'n instansie van die konsep "vinnige beweging", en meer spesifiek van die konsep "vinnige beweging deur middel van twee bene deur 'n persoon". Die bydraes wat uit Langacker se benadering afgelei kan word vir 'n valensieraamwerk, kan soos in (97) saamgevat word:



Langacker se hantering van valensie berus daarop dat elke linguistiese struktuur (soos bewegingswerkwoorde) 'n sekere kognitiewe domein verbeeld. 'n Werkwoord se kognitiewe domein projekteer 'n bepaalde kognitiewe model op die sin waarin dit gebruik word: dit spesifiseer die handelingsketting, toneel, deelnemers, profilering en die relasie of interaksie tussen die deelnemers. Op hierdie wyse word die prosesse beskryf wat op LF-vlak plaasvind, nadat die linguistiese afleiding in 'n LF-leesbare (grammatikale) vorm genereer is.

CG verskaf deur middel van teoreties-analitiese apparaat soos *beelding* en *profilering* ook die middele om te beskryf en te verklaar hoe hierdie prosesse op die LF-vlak neerslag vind in

semantiese konstrunkte en hoe dit bydra tot die ordening van semantiese kategorieë. Die teorie gee riglyne vir die aftekening van een grammatiese beskrywingsvlak tot 'n volgende, met algemene riglyne vir die aftekening op sintakties-kategoriale vlak. Die ordening van die sintaktiese vlak en die ontleding daarvan in primitiewe is egter nie hier ter sprake nie.

Soos CS verskaf die CG ook riglyne vir die presisering van 'n baie algemene en abstrakte stel teta-rolle, maar nie die presisering self nie. Die rolle waarin die konseptuele kategorie Bewegingsgebeurtenis gesegmenteer word deur die taalgebruiker is egter van bepalende belang vir die begrip van bewegingswerkwoorde se valensie. Dit is naamlik hierdie rolle, hulle inhoud, interaksie en sintaktiese aftekening wat uiteindelik die volle valensie van 'n bewegingswerkwoord behels. Daar word daarom in die volgende afdeling in nadere besonderhede op die ontleding van die bewegingsgebeurtenis ingegaan.

2.4.3.6 PRESISERING VAN DIE BEWEGINGSGEBEURTENIS

Langacker (1991:285) tref 'n onderskeid tussen die spesifieke manifestasie van 'n deelnemerrol (soos "wegspringer") en die veralgemening van die semantiese funksie daarvan in 'n gebeurtenismodel ("Agens") deur na die tematiese rolle te verwys as **rolargetipes**. Die rolargetipes het hulle oorsprong buite die linguistiek omdat hulle gebaseer is op die taalgebruiker se konseptualisering van 'n gebeurtenis en van die rolle wat 'n werkwoord op die gebeurtenis projekteer.

Die stel basiese tetra-rolle en hulle interpretasie verskil van grammatiese model tot grammatiese model. Langacker (1991:287) identifiseer die rolle **Zero, Beweger, Pasiënt, Ervaarder** en **Tema**. 'n Argument het 'n zero-rol in 'n konstruksie wat bloot die feit van sy bestaan uitdruk, soos in (98a). Die beweger is 'n argument wat sy posisie ten

opsigte van die omgewing verander, soos in (98b). Die Pasiënt is 'n argument wat 'n verandering van toestand ondergaan, soos in (98c) en die tema is enige deelnemer in 'n ongespesifiseerde tematiese relasie. Konsepte soos Zero, Beweging, Pasiënt of Ervaarder is daarom almal spesifieke gevalle van die tema.

(98)

- a. [DIE ATLEET] is by die wegspringblokke.
- b. [DIE ATLEET] spring weg.
- c. [DIE ATLEET] val oor die hekkie.

Langacker stel 'n (teoreties infiniete) uitbreiding voor vir die hoogs beperkte en hoogs algemene stel teta-rolle in TGC en die sintakties relevante konseptuele kategorieë in CS. Die deelnemerrolle wat Langacker in CG identifiseer word in 'n stel rolargetipes geabstraheer. Hierdie abstrakte rolargetipes word dan gepresiseer in 'n spesifieke toneel. Die Agens word byvoorbeeld as die beweging gepresiseer in 'n bewegingstoneel of as die hardloper in 'n hardloop-toneel. Spesifieke deelnemers (soos die "hardloper") vorm deel van die werkwoord se geassosieerde kognitiewe model. 'n Linguistiese konstruksie se kognitiewe model behels die kognitiewe domeine relatief waartoe die handeling (voorgestel deur 'n handelingsketting) en die deelnemers (voorgestel deur 'n verhoogmodel) in 'n gebeurtenismodel geklassifiseer, gepresiseer en geïnterpreteer word.

Die bewegingsituasie wat deur 'n bewegingswerkwoord op 'n struktuur geprojekteer word, is 'n presisering van die abstrakte handelingsketting wat Langacker vir gebeurtenisse poneer. Elke geval van beweging, byvoorbeeld "om te spring", en elke gebruik daarvan, byvoorbeeld "om in die water/ op die stoel/ op die trampolien te spring", is 'n verdere presisering daarvan (vergelyk ook afdeling 2.4.3.2). Nadere besonderhede oor die deelnemerrolle wat gepaard gaan met 'n bewegingsituasie kan slegs verskaf word deur 'n ontleding van die toneel van die bewegingsituasie (vergelyk Langacker se

verhoogmodel) en die handelingsketting wat daarmee gepaard gaan. Die toneel en die handelingsketting word geprojekteer deur die werkwoord se kognitiewe domein.

Langacker (1988b:61) analiseer die basiese bewegingsgebeurtenis as bestaande uit 'n trajektor ('n deelnemer in beweging) en 'n landmerk (die agtergrond - 'n pad of 'n ruimte - waarteen die beweging plaasvind). Talmy (1975, 1985) bied 'n meer gedetailleerde, hoewel steeds algemene, ontleding van die bewegingsituasie aan. Hy ondersoek naamlik die reëlmatige verband tussen oppervlakkvorm en betekenis (vergelyk ook afdeling 2.4.4). Hy isoleer ook bepaalde semantiese elemente in die domein van die bewegingsituasie soos Beweging, Pad, Figuur, Grond, Manier en Oorsaak. Die sintakties-kategoriale oppervlakelemente in die bewegingsituasie is byvoorbeeld Werkwoord, Ondergeskikte klous en Satelliet⁴.

Die bewegingsituasie word geanaliseer as bestaande uit een objek wat beweeg of gestasioneer is relatief tot 'n ander objek. Die bewegende (of gestasioneerde⁵) objek funksioneer as die Figuur van die bewegingsituasie. Die objek wat dien as verwysingspunt vir die beweging funksioneer as die GROND van die bewegingsituasie. Figuur is 'n bewegende of konseptueel beweegbare objek waarvan die pad of ligging ter sake is. Grond is 'n verwysingsraamwerk, of 'n verwysingspunt binne 'n verwysingsraamwerk, relatief waartoe die Figuur se pad of ligging gekenmerk word. In die sin

(99)

Die vliegtuig vlieg oor die vallei.

is die vliegtuig die FIGUUR en die vallei die GROND.

Talmy (1975:181, 182) identifiseer verder die tematiese rolle Pad en Beweging by 'n bewegingsituasie. Pad is verteenwoordigend van die mate waarin een objek geag word om te beweeg in die rigting van 'n ander objek. Beweging is die

rol verteenwoordigend van die bewegende toestand waarin een objek beskou word om gestasioneer te wees relatief tot 'n ander objek. 'n Bewegingsituasie (S_M) bestaan dan uit ten minste die vier komponente Figuur (F), Beweging (M), Pad (P) en Grond (G). Talmy (1975:182) stel die bewegingsituasie soos in (100) voor in notasievorm:

(100)

S_M : F+M+P+G

byvoorbeeld:

S_M : [F: Die vliegtuig] [M: vlieg] [P: oor die vallei]
[G: die vallei].

Hierdie rolle word steeds in breë, algemene terme voorgestel en slaag nie daarin om die fyner onderskeid tussen instansies van die komponente vas te vang nie. Die beweging in ry kan enige van 'n verskeidenheid maniere behels wat die uitdrukking van die Figuur, Pad en Grond beïnvloed. In 'n konstruksie soos *Die perd ry lekker* is die Figuur 'n onuitgedrukte Agens wat *die perd* as 'n instrument gebruik. Om branderplank te ry vereis 'n Grond met vloeistof-eienskappe en om met 'n motor te ry 'n Grond met vastestof-eienskappe.

Die stel meer spesifieke raamrolle vir die bewegingsgebeurtenis wat Swanepoel (1995:87) gebruik, word hieronder aangebied as 'n model van die deelnemers wat as 'n minimum vereiste by 'n bewegingsgebeurtenis betrokke is. (Die sintuk wat die betrokke rol ontvang, word in hoofletters aangedui.)

(101) *Deelnemerrolle vir bewegingswerkwoorde:*

- a. Bewegende entiteit (*DIE VOËL vlieg*)
- b. Gebied (*loop OP DIE VLOER*)
- c. Pad (*kruip OM DIE BOOM*)
- d. Bron (*vlieg UIT HULLE NES UIT*)
- e. Bestemming (*klim IN DIE KAS IN*)
- f. Wyse (*loop OP SY TONE*)
- g. Klank (*kruip SAGGIES*)

- h. Spoed (*hardloop VINNIG*)
- i. Instrument (*ry IN HAAR MOTOR*)
- j. Medium (*seil DEUR DIE GRAS*)

In hoofstuk 3 (afdeling 3.4) word hierdie stel deelnemerrolle uitgebrei en elkeen word in meer besonderhede ontleed, maar voorlopig word daar hierby volstaan as 'n illustrasie van die deelnemers wat minimaal by 'n bewegingsgebeurtenis betrokke is en wat minimaal in 'n bewegingswerkwoord se valensieraam verreken moet word. In die volgende afdeling word aandag gegee aan die wyse waarop die deelnemers, as deel van die toneelorganisering, deur leksikalisering geselekteer en georganiseer word.

2.4.4 DIE INTERAKSIE TUSSEN DIE SEMANTIEK EN DIE SINTAKSIS

In hierdie afdeling word ondersoek ingestel na verskillende wyses waarop die reëlmatige interaksie tussen oppervlakvorm en (diep) betekenis van bewegingsituasies aan die bod kom in die literatuur. Hier word gefokus op drie manifestasies van die toneelorganisering onderliggend aan 'n linguistiese objek (predikasie) se valensie: leksikalisering, die reëlmatige voorkoms van werkwoorde met 'n sekere betekenis in sekere sintaktiese strukture en die bydrae van 'n sekere tipe konstruksie tot die werkwoord se inherente valensieraam.

2.4.4.1 LEKSIKALISERING

Die taalgebruiker selekteer slegs bepaalde aspekte van 'n gebeurtenis (vergelyk die kanonieke gebeurtenismodel in afdeling 2.4.3.1) om in 'n linguistiese struktuur te kodeer. Hy plaas daarom geselekteerde onderdele van die gebeurtenismodel in perspektief deur 'n keuse van leksikaal-grammatiese middele (vergelyk Swanepoel 1998:136). Die leksikalisering van 'n gebeurtenis vind op hoofsaaklik drie maniere plaas, naamlik:

(102)

- a. Elke konseptuele element/deelnemerrol van die gebeurtenismodel leksikaliseer as 'n afsonderlike konstituent, byvoorbeeld:
[BEWEGENDE ENTITEIT Die trein] [BEWEGING beweeg]
[MANIER met sy wiele] [PLEK op die spoor] [BRON van Johannesburg] [BESTEMMING na De Aar].
- b. Konseptuele elemente word as 'n morfologies saamgestelde werkwoordkompleks geleksikaliseer, byvoorbeeld:
Die trein het [BEWEGING, BESTEMMING aangekom].
- c. Konseptuele elemente word geleksikaliseer as deel van die inherente semantiek van die werkwoord, byvoorbeeld:
Die trein [BEWEGING, BRON vertrek].

Die wyse waarop elke vorm van leksikalisering die valensie van die werkwoord beïnvloed, word vervolgens kortliks uiteengesit.

2.4.4.1.1 LEKSIKALISERING VAN KONSEPTUELE ELEMENTE AS AFSONDERLIKE SINTAKTIESE KONSTITUENTE

Talmy (1975, 1976, 1985, 1988) dui aan hoe verskillende deelnemerrolle van 'n domein wat deur die hoofwerkwoord geaktiveer word, op 'n sintaktiese struktuur afgebeeld word.

'n Linguistiese struktuur (byvoorbeeld 'n sin of 'n woord) aktiveer by die hoorder 'n besondere tipe ervaringskompleks waarna Talmy (1988:165) verwys as 'n kognitiewe representasie (vergelyk Langacker se toneel en verhoogmodel). Die sintaktiese en leksikale sisteme in 'n sin spesifiseer verskillende onderafdelings van die kognitiewe representasie. Die sintaktiese elemente bepaal die sintakties-kategoriale struktuur daarvan en die leksikale items wat dit bevat, bepaal sy inhoud. Daar kan daarom gesê word dat die sintaktiese spesifikasies in 'n sin 'n konseptuele raam

(vergelyk Langacker se *kognitiewe domein*) of onge vulde struktuur (vergelyk TGG se X-balkteorie in afdeling 2.4.1) daarstel vir die konseptuele materiaal wat leksikaal gespesifiseer word (Talmy 1988:165).

Hoewel Talmy dit nie eksplisiet stel nie, kan die onge vulde sintaktiese struktuur vergelyk word met die sintaktiese kategorieë van TGG wat deur die reëls van UG in 'n vaste hiërargiese en liniêre vorm vir elke taal gegenerer word. 'n Stelsin (*Die boot vaar die hawe binne*) en 'n ooreenstemmende vraagsin (*Vaar die boot die hawe binne?*) verteenwoordig volgens Talmy (1988:173) 'n gewysigde organisasie van een toneel, maar elkeen aktiveer dieselfde komponente (deelnemers en handelingsketting) van die toneel (Talmy 1988:173). Die grammatiese elemente van 'n sin beskryf gesamentlik die struktuur se kognitiewe representasie, wat geaktiveer word deur daardie sin (Talmy 1988:196). Hulle spesifikasies funksioneer as 'n raamwerk waarin inhoudelike materiaal (leksikale items) gevoeg kan word en hulle bepaal daarom die vorm van die struktuur wat op LF-vlak konvergeer.

Elke semantiese of kognitiewe konstituent van die bewegingsituasie spesifiseer 'n bepaalde komponent van die bewegingsituasie en behoort tot 'n besondere grammatiese kategorie (Talmy 1975:182). 'n Naamwoordelike konstituent verteenwoordig die Figuur- en Grond-spesifiserende konstituente. Die konstituent wat die Pad spesifiseer, word deur 'n preposisionele konstituent (PP) verteenwoordig en die konstituent wat die beweging spesifiseer deur 'n werkwoordelike konstituent (VP). Talmy (1975:183) se algemene bewegingsituasie kan daarom skematies soos in (103) uiteengesit word (konstituente tussen hakies is die semantiese konstituente waarvan die sintaktiese konstituente die representasie is):

(103)

S (S_M) → NP(F) VP(M) PP(P) NP(G)

byvoorbeeld:

[_S [_{NP} Die trein] [_{VP} [_V loop] [_{PP} [_P na] [_{NP} Kaapstad]]]].

In (103) word die bewegingsgebeurtenis/bewegingsituasie wat 'n waarnemer/taalgebruiker waarneem en waarop hy die aandag wil vestig, geleksikaliseer deur die sin *Die trein loop na Kaapstad*. Die beweging (as 'n geval van die handelingsketting) word geleksikaliseer deur 'n werkwoordelike konstituent (*loop*); die Figuur word geleksikaliseer as 'n naamwoordelike konstituent (*die trein*); die Pad as 'n preposisionele konstituent (*na Kaapstad*) en die Grond as 'n naamwoordelike konstituent (*Kaapstad*).

Die leksikalisering van konseptuele konstituente is onderworpe aan 'n passing in die werkwoord se konseptuele struktuur en hulle keuse word bepaal deur die konseptuele struktuur (die organisasie van die toneel) wat deur die hoofwerkwoord se inherente eienskappe geaktiveer word. Hierdie proses word in die volgende afdeling uiteengesit.

2.4.4.1.2 LEKSIKALISERING AS INHERENTE DEEL VAN DIE WERKWOORD SE SEMANTIEK

Die waarnemer in die kanonieke gebeurtenismodel segmenteer 'n gebeurtenis-toneel in terme van bepaalde deelnemers (soos 'n Bewegende entiteit, Pad of Bron), en 'n bepaalde handelingsketting (soos die beweging van een deelnemer) en kies dan 'n deel van die handelingsketting om gekodeer en geprofileer te word (Swanepoel 1998:154). Die gebeurtenissituasie waarin 'n man langs die pad van sy motor af wegstap, kan byvoorbeeld deur verskeie bewegingswerkwoorde gekodeer word, maar met telkens 'n verandering in die profilering daarvan. *Stap* profileer die handeling "om te beweeg deur bene en voete" self, maar *wandel* profileer die doel van die handeling, "om te stap vir ontspanning". Afhangende van uit

watter perspektief die gebeure beskryf word, kies die taalgebruiker (die waarnemer in die kognitiewe gebeurtenismodel) 'n faset van die gebeurtenis waarop aandag gevestig word. Indien die taalgebruiker kies om aandag te vestig op die een of ander vorm van ontspanning as doel van die handeling, kan *wandel* gebruik word om die handeling te leksikaliseer. *Wandel* kan egter nie die handeling leksikaliseer indien die aandag op 'n ander doel van die handeling val nie en dit plaas dienooreenkomstige beperkinge op uitdrukkings van die doel van die handeling. (104a) is 'n welgevormde sin omdat die leksikalisering van die doel van die handeling ooreenstem met en aanvullend is tot die doel van die handeling wat inherent in die werkwoord se konseptuele struktuur geprofileer word. In (104b) is die eksplisiete doel egter in stryd met die inherente betekenis van die werkwoord en as gevolg van hierdie botsing is die sin onwelgevorm:

(104)

- a. Die man *wandel* van sy motor af (om hom by sy stapklub se lede aan te sluit).
- b. *Die man *wandel* van sy motor af (om hulp te ontbied vir sy beseerde kind).

'n Leksikale item het naamlik toneelverdelende eienskappe wat sy referente in komponente en deelnemers onderverdeel (Talmy 1988:192). *Wandel* verdeel 'n toneel in 'n handeling, 'n pad en 'n sosiokulturele agtergrond van 'n ontspanningsaktiwiteit. Die komponent van 'n ontspanningsaktiwiteit onderskei *wandel* van naby-sinonieme soos *loop* en *stap*.

Sekere elemente van die werkwoord se valensieraam is inherent aan die betekenis daarvan: hoe meer spesifiek die organisering wat 'n werkwoord op 'n toneel projekteer, hoe meer spesifiek is die valensievereistes wat dit stel aan sy grammatiese omgewing. *Loop* het in Afrikaans 'n meer generiese funksie as *stap*, en *stap* het 'n meer generiese funksie as *wandel*. Vergelyk die volgende voorbeelde waar *loop* as

sinoniem vir *stap* en *wandel* kan optree, maar nie altyd andersom nie:

(105)

- a. Die voetslaners [loop/stap/wandel] in die berge.
- b. Die man [loop/stap/*wandel] dorp toe om hulp te ontbied.
- c. Die trein [loop/*stap/*wandel] tussen die voorstede.

In Afrikaans het die toepassing van *loop* dermate uitgebrei dat dit ook kan verwys na die beweging van voertuie oor land (motors, treine, busse en dies meer) of die rotering van 'n enjin se onderdele (*Die enjin loop stil*), benewens die verwysing na die beweging deur middel van voete en bene van 'n lewende wese oor 'n oppervlakte. Hierdie faset van *loop* se valensieraam is taalspesifiek en konvensioneel bepaald. Dit vorm deel van die woord se valensieraam wat afsonderlik geleer moet word en wat nie uit sy betekenis as "beweging deur middel van voete en bene" afleibaar is nie. *Stap*, as 'n naby-sinoniem vir *loop*, word daarvan onderskei deur slegs die beweging deur voete oor 'n oppervlakte te leksikaliseer. *Wandel*, as 'n naby-sinoniem vir *stap* en *loop* (met voete), word in sy valensieraam van die ander twee lede van die sinoniemgroep onderskei deur die profilering van 'n spesifieke doel van die handeling.

Indien 'n werkwoord geen inherente spesifikasies vir 'n deelnemerrol (geleksikaliseer as 'n sintakties-kategoriale element van die valensieraam) het nie, kan dit in beginsel met 'n groot verskeidenheid uitdrukkings van rolle verbind. *Beweeg*, as 'n generiese bewegingswerkwoord, kan teoreties verbind met enige vorm van 'n Bewegende entiteit, Pad, Manier en dies meer. Vergelyk die volgende verbindings met Pad wat saam met *beweeg* geleksikaliseer kan word:

(106)

- a. PAD OPWAARTS: Die klimmers beweeg [by die berg op].
- b. PAD AFWAARTS: Die water beweeg [teen die muur af].
- c. PAD VOORWAARTS: Die optog beweeg [vorentoe na die volgende straat].
- d. PAD TERUGWAARTS: Die goudprys beweeg [terug na sy vorige vlak].
- e. PAD INWAARTS: Die geselskap beweeg [in die huis in].
- f. PAD UITWAARTS: Die ondernemings beweeg [uit die sentrale sakegebied uit].
- g. PAD ROTEREND: Die verkeer beweeg [om die markplein].

Beweeg is generies gespesifiseer vir Pad, soos trouens ook vir alle ander deelnemerrolle in die bewegingsituasie (vergelyk hoofstuk 3, afdeling 3.4 en afdeling 3.9). 'n Meer presiese spesifikasie van Pad word egter geïnkorporeer in samestellings van *beweeg*, soos *opbeweeg*, *inbeweeg*, *rondbeweeg*, *deurbeweeg* en dies meer. In samestellings van hierdie aard word 'n spesifieke eksemplaar van 'n deelnemer (Pad in hierdie voorbeelde) in die toneel geprofileer en geleksikaliseer. Enige bykomende uitdrukkings van Pad in so 'n bewegingswerkwoord se valensieraam is dan onderworpe aan passing met die spesifieke instansie van Pad wat deur die werkwoordkompleks geleksikaliseer word (vergelyk ook Jackendoff se argumentsamesmelting in afdeling 2.4.2.4.1), soos blyk uit die voorbeelde hieronder:

(107)

- a. Die weer was goed en die klimmers het vinnig opbeweeg [PAD boontoe/ *ondertoe].
- b. In die museum het die toeriste lank rondbeweeg [PAD in sirkels/ *na die deur toe].

Die inherente aspek van 'n werkwoord stel aook sekere eise ten opsigte van die werkwoord se uitgedrukte komplemente en adjunkte. Talmy (1985:77) beskryf aspek as die patroon van verspreiding van aksie deur tyd. Aksie verwys hier na 'n statiese kondisie (die voortsetting van 'n lokus of

toestand), sowel as beweging of verandering. 'n Herstelbare tipe eenrigtingwerkwoord word onderskei van 'n nie-herstelbare tipe, soos blyk uit (108) (vergelyk Talmy 1985:77):

(108)

- a. *Herstelbare eenrigtingvorm*: Hy het drie keer geval.
- b. *Nie-herstelbare eenrigtingvorm*: *Hy het drie keer gesterf.

Die eenrigtingvorm word onderskei van 'n volsiklusvorm, soos geïllustreer in (109):

(109)

- a. *Eenrigtingvorm*: Hy val en staan op.
- b. *Volsiklusvorm*: *Die aarde wentel vir 'n paar meter om die son.

'n Werkwoord van voortgesette beweging kan optree saam met bywoorde van gradering soos in die volgende voorbeeld in (110a), maar nie 'n bewegingswerkwoord van die einde of begin van die handeling nie, soos in (110b,c):

(110)

- a. Hy hardloop al hoe vinniger.
- b. *Hy arriveer al hoe vinniger.
- c. *Hy vertrek al hoe vinniger.

Talmy (1985:78) bevind dat geen werkwoord waarskynlik 'n totaal aspek-neutrale betekenis het nie. Die werkwoord se intrinsieke aspek bepaal hoe dit in wisselwerking tree met grammatiese elemente wat ook aspektuele betekenis het.

Talmy (1985:81-82) onderskei by bewegingswerkwoorde soos rol drie gebruike op grond van hulle interne semantiek. In 'n sin soos *Die seun rol* word een van drie moontlike konseptuele argumente of rolle in die struktuur geïmpliseer deur die werkwoord se inherente semantiek. Indien die polisemiese

betekenisonderskeid van 'n outonome gebeurtenis geleksikaliseer word, kan die sin die vorm hê in (111a). Indien 'n self-agensiewe gebeurtenis geleksikaliseer word, kan die werkwoord soos in (111b) gebruik word en indien 'n kousatiewe veroorsaking geleksikaliseer word, kan die sin die vorm in (111c) hê:

(111)

- a. Die seun rol by die heuwel af nadat hy gegly het.
- b. Die seun rol homself nader aan die muur.
- c. Die seun rol die bal.

Die voorbeelde in (112) illustreer die verskynsel dat verskillende deelnemers aan 'n gebeurtenissituasie (hier die oorsaak van beweging) inherent aan die werkwoord se semantiek geleksikaliseer word en dat die inherente werkwoordsemantiek die organisasie van die sin bepaal:

(112)

- a. i. Die bal rol. (outonoom)
 - ii. Die seun rol die bal. (agensiewe veroorsaking)
- b. i. Die bal bons. (outonoom)
 - ii. Die speler bons die bal. (agensiewe veroorsaking)
- c. i. Die tafel beweeg. (outonoom)
 - ii. Die draers beweeg die tafel. (agensiewe veroorsaking)
- d. i. Die skroef draai. (outonoom)
 - ii. Die werktuigkundige draai die skroef. (agensiewe veroorsaking)
- e. i. Die blare roer. (outonoom)
 - ii. Die wind roer die blare. (agensiewe veroorsaking)
- f. i. Die paaie skei. (outonoom)
 - ii. Hy skei die twee dele. (agensiewe veroorsaking)
- g. i. Die water spat oor die pad. (outonoom)
 - ii. Die kind spat die water uit die emmer. (agensiewe veroorsaking)
- h. i. Die voël nes swaai in die wind. (outonoom)
 - ii. Die kat swaai sy stert. (agensiewe veroorsaking)

- i. i. Die wind waai. (outonoom)
- ii. Die vrou waai haar sakdoek. (agensiewe veroorsaking)

Die wyse waarop die werkwoordkompleks 'n meer spesifieke valensieraam projekteer op sy grammatiese omgewing, word in die volgende afdeling bespreek.

2.4.4.1.3 LEKSIKALISERING VAN KONSEPTUELE ELEMENTE AS SAAMGESTELDE KOMPLEKSE

Een van die deelnemers in die kognitiewe model van 'n werkwoord kan in adjunksie met die werkwoord beweeg as 'n satelliet van die werkwoord. Die werkwoord met sy satelliet vorm in so 'n geval 'n werkwoordkompleks (Talmy 1975:206). Die werkwoordkompleks self is ook onderhewig aan passing, omdat 'n werkwoord nie verbind met 'n deelnemer wat nie deel is van sy gebeurtenismodel nie (vergelyk *voortretireer). Die voorbeelde in (113) hieronder is almal voorbeelde van padsatelliete in Afrikaans:

(113)

- a. gaan: ingaan, uitgaan, verbygaan,...
- b. klim: opklim, afklim, inklim, uitklim ...
- c. val: omval, afval, inval, uitval, ...
- d. hardloop: deurhardloop, oorhardloop, aanhardloop, ...
- e. rol: afrol, aanrol, verbyrol...

Satelliete word met hoofwerkwoorde verbind om 'n meer spesifieke toneel te skep, of om 'n meer spesifieke verspreiding van die taalgebruiker se aandag te leksikaliseer. Daardeur word noodwendig ook 'n verdere presisering van die handelingsketting en die deelnemers in die gebeurtenis geaktiveer. *Uitgaan* verteenwoordig 'n meer spesifieke verspreiding van aandag as *gaan* en dit vereis dat die uitdrukkings van deelnemers in die struktuur by daardie verspreiding van aandag aanpas. Satelliete kodeer naamlik 'n

verskuiwing in die valensievereistes wat in werkwoordstamme teenwoordig is (Talmy 1985:117). Gaan het 'n baie breë valensieraam (dit stel min eise ten opsigte van die deelnemers en die handelingsketting binne die bewegings-toneel), maar uit inkorporeer in sy betekenis 'n spesifieke pad. In verbinding met 'n werkwoord soos gaan wat nie 'n teenstrydige pad spesifiseer nie, bepaal die satelliet die grammatiese relasies van die omliggende konstituente (vergelyk Talmy 1985:117).

2.4.4.1.4 SAMEVATTING EN EVALUERING VAN DIE ROL VAN LEKSIKALISERING IN DIE VERANTWOORDING VAN VALENSIE

'n Bepaalde kognitiewe model, soos 'n spesifieke bewegings-gebeurtenis, word in linguistiese objekte geleksikaliseer deur die werkwoord wat 'n inherente, maar soms nie-spesifieke argumentstruktuur (ook "toneel" of "situasie") projekteer (ook "verbeeld"). In die afwesigheid van enige leksikaal uitgedrukte argumente om die werkwoord se argumentstruktuur aan te vul en verder te presiseer, voorsien die leksikale item self alle inligting oor die interpretasie (profilering, toneelorganisering) van die werkwoord.

Indien enige deelnemers (ook "rolle") van 'n spesifieke werkwoord se inherente argumentstruktuur wel in die sin uitgedruk word, is dit 'n vereiste dat die geleksikaliseerde deelnemer moet saamsmelt met die struktuur wat die werkwoord verbeeld. Die werkwoord se valensieraam word beperk en gepresiseer wanneer een van die deelnemers in sy inherente argumentstruktuur in 'n werkwoordkompleks met die werkwoord geleksikaliseer word. Alle ander uitdrukkings of implikasies van daardie spesifieke deelnemer word per definisie daardeur uitgesluit.

Uit bogenoemde blyk twee belangrike implikasies vir 'n valensieteorie:

(114)

- a. Die inherente semantiese argumentstruktuur van 'n werkwoord is bepalend vir sy sintaktiese verspreiding, dus vir sy sintakties-kategoriale valensieraam.
- b. 'n Sintaktiese konstruksie (met 'n spesifieke versameling argumente) is bepalend vir die werkwoord se presiese semantiese klassifikasie en interpretasie.

Hierdie twee aspekte van die valensieteorie word in onderskeidelik afdeling 2.4.4.2 en afdeling 2.4.5.3 verder ondersoek.

2.4.4.2 DIE SEMANTIESE BEPAALDHEID VAN SINTAKTIESE VERSPREIDING

Levin (1993), Levin en Rappaport (1988), Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) se navorsing is daarop gemik om aan te toon dat 'n werkwoord se sintaktiese verspreiding en klassifikasie semanties bepaal word. Werkwoorde wat sistematies geassosieer word met 'n afgebakende reeks betekenis, verskyn in 'n afgebakende reeks sintaktiese strukture en vertoon ooreenstemmende sintaktiese verspreiding (Levin en Rappaport Hovav 1995:180).

Levin en Rappaport Hovav (1995) probeer gevolglik vasstel of die betekenis van 'n woord die enigste inligting is wat deur die taalaanleerder geleer hoef te word, en of dit nodig is dat die woord se sintaktiese eienskappe afsonderlik aangeleer moet word. Sintaktiese eienskappe sal afsonderlik aangeleer moet word slegs indien dit nie op 'n sistematiese wyse afgelei kan word uit die woord se betekenis nie. In navolging van onder andere Chomsky (1986), wat spekuleer dat sintaktiese gedrag uit betekenis afgelei kan word, probeer hulle bepaal tot watter mate sintaktiese eienskappe voorspelbaar is en watter komponente van werkwoordbetekenis

'n rol speel in veralgemenings wat vir die sintaksis relevant is (Levin en Rappaport Hovav 1995:124).

2.4.4.2.1 DIE SEMANTIESE EIENSKAPPE VAN ONOORGANKLIKE WERKWOORDE

Die onakkusatiwiteitipoteese (*Unaccusativity Hypothesis*) bepaal onder meer dat 'n werkwoord se klaslidmaatskap ten volle bepaal word op grond van sy betekenis. Die klas onoorganklike werkwoorde is naamlik nie homogeen nie, maar bestaan uit twee subklasse, elk geassosieer met onderskeie sintaktiese strukture. Daar is duidelike semantiese reëlmatighede in die samestelling van die twee klasse onoorganklike werkwoorde (Levin en Rappaport 1995:1), soos hieronder aangedui word.

Daar word algemeen onderskei tussen 'n groep onoorganklike werkwoorde wat onergatief is en 'n groep wat onakkusatief is. 'n Onergatiewe werkwoord ken 'n Agens-rol toe, maar geen Pasiënt nie, byvoorbeeld *draf*, *huppel* of *swem*. 'n Onakkusatiewe werkwoord ken 'n Pasiënt-rol toe, maar geen Agens nie, byvoorbeeld *val*, *stort* of *wapper*.

'n Onergatiewe werkwoord het die sintakties-kategoriale valensie NP [_{VP} V]. Hierdie sintaktiese klas werkwoorde sluit agensiewe bewegingswerkwoorde soos *swem* en *loop* in. Hulle kan tipies nie 'n direkte objek met 'n Pasiënt-funksie neem nie, soos in (115):

(115)

*Die afrigter swem die leerlinge.

In resultatiewe konstruksies moet die werkwoord verbind met sowel 'n refleksiewe voornaamwoord as 'n uitdrukking van resultaat, soos aangedui in die volgende voorbeelde (vergelyk Levin en Rappaport Hovav 1995:35):

(116)

- a. Die man loop [homself] [nugter RESULTAAT].
- b. *Die man loop [homself].
- c. *Die man loop [nugter RESULTAAT].

Die klas onergatiewe werkwoorde vertoon hierdie besondere sintaktiese valensierame omdat hulle in hulle leksikaal-semantiese representasie nie 'n Pasiënt verbeeld nie. Onakkusatiewe werkwoorde, daarenteen, verbeeld 'n Pasiënt/Tema, maar nie 'n Agens nie. Gevolglik vertoon onakkusatiewe werkwoorde in die DS-representasie die sintakties-kategoriale valensieraam $\text{---}[_{VP} V NP/CP]$ (Levin en Rappaport Hovav 1995:35). Hierdie klas werkwoorde word op grond van hulle betekenis onderskei in onder meer werkwoorde van bestaan/vertoon (soos *bestaan*, *bly*, *verskyn*) en werkwoorde van nie-agensiewe beweging (soos *rol*, *val*, *dryf*). In 'n konstruksie soos *Die klippe val oor die krans* is die subjek, *die klippe*, nie 'n Agens wat die handeling uitvoer nie, maar 'n Onderganer wat die handeling ondergaan. Vergelyk die verskil tussen die aanwending van 'n onergatiewe werkwoord soos *duik*, wat 'n Agens as subjek neem, en 'n onakkusatiewe werkwoord soos *val*, wat 'n Onderganer as subjek neem:

(117)

- a. [Die swemmers AGENS] duik in die water.
Passiewe inversie: Daar word deur die swemmers in die water geduik.
Lokatiewe inversie: Van die hoogste duikplank af duik daar 'n swemmer in die water.
- b. [Die klippe ONDERGANER] val oor die krans.
Passiewe inversie: *Daar word deur die klippe oor die krans geval.
Lokatiewe inversie: *Oor die krans val daar klippe.

Die sintaktiese groep onakkusatiewe werkwoorde subkategoriseer vir 'n direkte interne argument (die Onderganer), maar nie vir 'n direkte eksterne argument ('n Agens) nie.

Gevolgt is daar nie 'n direkte eksterne argument waarop die passiewe en lokatiewe inversies in (117b) toegepas kan word nie. Hierteenoor subkategoriseer die groep onergatiewe werkwoorde vir 'n eksterne argument (maar geen interne argument nie), wat hulle geskik maak om in die passiewe en lokatiewe inversies op te tree in (117a).

Elke groep onoorganklike werkwoorde word reëlmatig met sekere semantiese eienskappe geassosieer. Op grond hiervan argumenteer Levin en Rappaport Hovav (1995) dat elke groep se sintaktiese verspreiding semanties bepaal word. Hulle toon verder aan dat die semantiese inhoud van 'n leksikale item op 'n konsekwente manier sy sintaktiese verspreiding bepaal. Hierdie verskynsel is nie beperk tot die breë klasse van onakkusatiewe en onergatiewe werkwoorde nie, maar dit geld ook ten opsigte van kleiner groeperinge semantiese klasse werkwoorde. Om die verhouding tussen die werkwoordsemantiek en die sintaksis te ondersoek is dit eerstens nodig om die inherente semantiese eienskappe van werkwoorde te identifiseer, soos in die volgende afdeling.

2.4.4.2.2 DIE SEMANTIESE KENMERKE VAN WERKWOORDE

'n Leksikaal-semantiese benadering tot valensie is vir Levin en Rappaport Hovav verkieslik bo 'n ontleding van argumente in terme van teta-rolle. Die definisies vir teta-rolle is eerstens baie vaag en hulle kan nie met sukses toegepas word op werkwoorde buite die kernklas werkwoorde wat gebruik word om hulle te motiveer nie (Levin en Rappaport 1988:8). Teta-rolle soos Agens en Pasiënt bied 'n bevredigende verklaring van die onderskeid tussen algemene semantiese klasse soos onergatiewe en onakkusatiewe werkwoorde. Hulle is egter nie verfyn genoeg om 'n beskrywing te gee van kleiner groeperinge binne so 'n klas of om 'n verklaring te gee van die reëlmatige sintaktiese verskille tussen sulke kleiner groeperinge werkwoorde nie. *Spring* en *wegspring* is albei onergatiewe werkwoorde wat 'n Agens as subjek neem, maar

hulle vertoon nie dieselfde sintaktiese verspreiding nie. *Spring* kan in 'n resultatiewe konstruksie gebruik word in (118a), maar nie *wegspring* in (118b) nie:

(118)

- a. Ons hoop dat Jan ['n rekordhoogte RESULTAAT] sal spring op vanaand sy byeenkoms.
- b. *Ons hoop dat Jan ['n rekordtyd RESULTAAT] sal wegspring op vanaand se byeenkoms.

Die inherente semantiek van *spring* bepaal onder meer dat dit 'n volledige proses leksikaliseer en dat dit as sodanig meetbaar is (hier in terme van afstand/hogte). *Wegspring* se inherente semantiek behels egter die begin van 'n handeling en nie 'n proses nie. Dit is derhalwe nie meetbaar in terme van afstand, hoogte, tyd en dies meer nie.

Levin en Rappaport Hovav (1995:23) onderskei tussen twee komponente van leksikale betekenis in die leksikale item se leksikaal-semantiese representasie. Hierdie komponente is vergelykbaar met Jackendoff (1990) se onderskeid tussen die konseptuele struktuur en 3D-struktuur, hoewel dit in detail en toepassing verskil. Soos met Jackendoff (1990) se hantering van die leksikale inskrywing sluit Levin en Rappaport Hovav ook die werkwoord se argumentstruktuur/konseptuele struktuur sowel as sy onderskeidende ("perseptuele") betekenis in 'n enkele leksikale inskrywing in.

In Levin en Rappaport Hovav (1995) word werkwoordbetekenis voorgestel deur 'n keuse van elemente van 'n vaste stel **primitiewe predikate** en 'n stel **konstantes**. Die konstantes in werkwoordbetekenis word gekies uit 'n beperkte stel semantiese tipes wat argumentposisies vul in die primitiewe predikate of wat as modifiseerders daarvan optree (Levin en Rappaport Hovav 1995:23). Die werkwoorde *breek* en *kraak* het dieselfde primitiewe predikaatstruktuur (ook *konseptuele*

struktuur of argumentstruktuur) in die volgende sinne:

(119)

a. Die venster breek.

Primitiewe predikate: [X WORD] [TOESTAND Y]

b. Die venster kraak.

Primitiewe predikate: [X WORD] [TOESTAND Y]

Die werkwoorde word egter van mekaar onderskei deur die konstantes in hulle leksikaal-semantiese representasie, onderskeidelik [BREEK] en [KRAAK], soos hieronder aangedui in kursief gedrukte hoofletters:

(120)

a. Die venster breek.

[X WORD] [TOESTAND BREEK]

b. Die venster kraak.

[X WORD] [TOESTAND KRAAK]

Die konstantes in 'n werkwoord se leksikaal-semantiese representasie onderskei hom van werkwoorde met dieselfde primitiewe predikaatstruktuur en beperk sy semantiese klaslidmaatskap (Levin en Rappaport Hovav 1995:25). Polisemie (bv. *die stomp rol X die man rol die stomp*) word toegeskryf aan een konstante (ROL) wat twee afsonderlike primitiewe predikaatstrukture neem (vergelyk afdeling 2.4.4.2.3).

Primitiewe soos [WORD], [HANDEL], [VEROORSAAK] en [TOESTAND] word geïdentifiseer om die resultatiewe konstruksie se argumente te beskryf, soos hieronder aangedui. In (121a) word die resultatiewe konstruksie met 'n ekstern veroorsaakte bewegingswerkwoord geïllustreer en in (121b) met 'n intern veroorsaakte bewegingswerkwoord. Die ekstern veroorsaakte beweging word geassosieer met die primitief [WORD] en die intern veroorsaakte beweging met die primitief [HANDEL] ([DO-SOMETHING]). Die konstantes word onderskei van die primitiewe deur kursiefdruk:

(121)

a. Hy val hom disnis.

Hy [WORD BEWEEG] [VEROORSAAK] [TOESTAND DISNIS]

b. Hy hardloop hom flou.

Hy [HANDEL BEWEEG] [VEROORSAAK] [TOESTAND FLOU]

Die gemeenskaplike semantiese eienskappe van 'n groep leksikale items tree op as die konstantes in hulle betekenis en bepaal dat hulle valensierame deel (vergelyk Levin en Rappaport Hovav 1995:25). Levin en Rappaport Hovav (1995:233) bevind byvoorbeeld dat die meeste onakkusatiewe werkwoorde behoort tot óf die klas werkwoorde van bestaan of verskyning (soos *arriveer*), óf die klas ekstern veroorsaakte werkwoorde van verandering van toestand (soos *val*; vergelyk ook die voorbeelde in (122) en (123)).

Werkwoorde van inherent gerigte beweging spesifiseer almal 'n bereikte eindpunt van die beweging. Hierdie klas werkwoorde sluit items in soos *arriveer* en *land*. Die betekenis van hierdie leksikale items sluit 'n afbakening in waarvoor die bewegingswerkwoord inherent gespesifiseer is. Die afbakening kan in verdere besonderhede geleksikaliseer word deur 'n konstituent (byvoorbeeld 'n Pad-adjunk) wat die semantiese inligting inherent aan die werkwoord aanvul (vergelyk afdeling 2.4.4.1). Die inherente afbakening van hierdie werkwoorde laat geen uitdrukkings van Pad toe nie, soos hieronder geïllustreer:

(122)

a. Die trein arriveer [op die stasie PLEK (BESTEMMING)].

b. *Die trein arriveer [na die stasie toe/ van Kaapstad af PAD].

Omdat hierdie werkwoorde inherent gespesifiseer is vir die afsluiting van 'n Pad, kan hulle nie verbind met sinstukke wat 'n verandering of 'n voortsetting van 'n Pad leksikaliseer nie, soos in (122b). Hulle kan slegs met 'n

uitdrukking van Bestemming verbind indien daardie uitdrukking die voltooidheid van die beweging verder afbaken, soos in (122a).

Levin en Rappaport Hovav onderskei hoofsaaklik twee groepe werkwoorde op grond van die konstantes in hulle betekenis en die sintaktiese gedrag wat met elke groep geassosieer word. Inherent gerigte bewegingswerkwoorde tree sintakties onakkusatief op (vergelyk 123a,c), maar nie manier-van-bewegingswerkwoorde nie (vergelyk 123b,d) (Levin en Rappaport Hovav 1995:148):

(123)

- a. *Sy het 'n glansryke arrivering gearriveer.
- b. Hy het 'n manjifieke wedren gehardloop.
- c. *Die appels val hulle pad in die kratte in.
- d. Die roeiers roei hulle pad oop deur die riete.

Arriveer en *val* neem nie 'n objek nie en ken nie die teta-rol Agens van handeling toe in hulle onderskeie inherente argumentstrukture nie. Dit verduidelik waarom (123a,c) onwelgevormd is. *Hardloop* en *roei* neem ook nie 'n sintaktiese objek nie, maar hulle inherente semantiek laat die verskyning van sekere semantiese tipes direkte objekte toe. Hulle leksikaliseer nie 'n inherente gerigtheid van beweging nie, maar 'n manier van beweging en hulle kan daarom die Resultaat/Bestemming van beweging as 'n direkte objek neem.

Levin en Rappaport Hovav (1995:23) identifiseer hoofsaaklik twee tipes kenmerke wat relevant is vir die beskrywing van 'n werkwoord se betekenis. Betekenis word eerstens beskryf deur 'n vaste stel primitiewe, en tweedens deur 'n stel konstantes wat gekies word uit 'n beperkte stel semantiese tipes. 'n Werkwoord van verandering van toestand, soos nie-kousatiewe *breek*, sal die primitief [WORD] vertoon, en 'n bewegingswerkwoord die primitief [HANDEL].

Levin en Rappaport Hovav (1995:183) merk onder meer op dat

die agensiewe manier-van-bewegingswerkwoorde almal die sintaktiese eienskap vertoon dat hulle met rigtingfrases kan verbind, en op daardie wyse gelyktydig rigting en manier van beweging kan spesifiseer. Die voorbeelde in (124) is 'n illustrasie van hierdie verskynsel:

(124)

- a. swem [_{PP} na die anderkant toe PAD]
- b. vlieg [_{PP} na die noorde PAD]
- c. ry [_{PP} van die huis af PAD]

Indien die taalgebruiker reëlmatige afleidings omtrent hierdie tipe sintaktiese valensiepatrone kan maak op grond van die woord se leksikaal-semantiese representasie, verminder dit die hoeveelheid inligting wat afsonderlik aangeleer (en in 'n grammatika beskryf) moet word. Levin en Rappaport Hovav (1995) stel daarom voor dat werkwoorde volgens die konstantes in hulle betekenis in die leksikon geklassifiseer word, soos in die volgende afdeling verduidelik word.

2.4.4.2.3 LEKSIKALE KLASSIFISERING

In afdeling 2.4.4.2.2 is aangedui dat Levin en Rappaport Hovav (1995) werkwoorde klassifiseer op grond van die konstantes in hulle leksikaal-semantiese representasies en nie op grond van hulle primitiewe predikaatstrukture nie. *Hardloop*, *rol* en *wapper* word as bewegingswerkwoorde geklassifiseer op grond van die konstante BEWEEG in al drie werkwoorde se betekenis. Elkeen het egter ook verdere onderskeidende konstantes, wat subklassifisering daarvan moontlik maak. *Hardloop* word gekenmerk daardeur dat die beweging 'n wilshandeling is wat deur 'n lewende Agens uitgevoer word, voorgestel deur die konstante [INTERNE OORSAAK]. *Wapper* leksikaliseer 'n ekstern veroorsaakte beweging van 'n nie-lewende Tema, voorgestel deur die konstante [EKSTERNE OORSAAK]:

(125)

a. Die man hardloop.

Die man [HANDEL BEWEEG [INTERNE OORSAAK]]

b. Die vlag wapper.

Die vlag [BESTAAN BEWEEG [ESKTERNE OORSAAK]]

Rol is egter versoenbaar met meer as een sintaktiese raam, soos onder andere aangedui in voorbeelde (111), (112) en (126). Daar is hoofsaaklik twee maniere waarop leksikale polisemie verreken word. Vanuit 'n leksikaal-semantiese benadering word aanvaar dat 'n leksikale item meer as een valensieraam vertoon en vanuit 'n konstruksie-benadering word aanvaar dat 'n leksikale item op grond van die wisselwerking tussen sy valensieraam en 'n konstruksie se argumentstruktuur in meer as een tipe grammatiese omgewing kan optree. Levin en Rappaport Hovav (1995:181) beskryf polisemie vanuit die eerste benadering (vergelyk Goldberg 1995 en afdeling 2.4.4.3 vir die tweede benadering).

Levin en Rappaport Hovav (1995) voer aan dat sulke gevalle van bereelde polisemie⁶ die gevolg is daarvan dat 'n werkwoord altyd met dieselfde stel konstantes geassosieer word (BEWEEG; ROLBEWEGINGS), maar dat daardie stel konstantes versoenbaar is met meer as een primitiewe predikaatstruktuur. *Rol* vertoon die valensie van die klas intern veroorsaakte bewegingswerkwoorde in (126a), die klas ekstern veroorsaakte bewegingswerkwoorde in (126b) en die klas akkusatiewe bewegingswerkwoorde in (126c) as gevolg van hierdie veelvuldige klassifikasie moontlikhede.

(126) Valensiepatrone van *rol*

a. As 'n intern veroorsaakte bewegingswerkwoord:

Hy *rol* na die anderkant van die bed toe.

[HANDEL BEWEEG [ROL]] na die anderkant van die bed toe.

b. As 'n ekstern veroorsaakte bewegingswerkwoord:

Die klippe *rol* met die stroom af.

Die klippe [WORD BEWEEG [ROL]] met die stroom af.

c. Hy rol die waterdrom na sy hut toe.

Hy [[X HANDEL] VEROORSAAK Y WORD BEWEEG [ROL]] die waterdrom na sy hut toe.

2.4.4.2.4 SKAKELREËLS

Argumente wat sekere semantiese rolle vervul, word reëlmatig geassosieer met sekere sintaktiese uitdrukkings. Hierdie reëlmatighede staan bekend as skakelreëlmatighede (*linking regularities*) en dit word beskryf deur skakelreëls (*linking rules*) (vergeelyk ook die aanwending daarvan in die CS in afdeling 2.4.2.4.2).

Skakelreëls druk die reëlmatige ooreenkoms uit tussen semantiese rolle en argumentposisies in die sintakties-funksionele struktuur. Levin en Rappaport Hovav (1995:1) stel voor dat skakelreëlmatighede universeel is, en vermoedelik deel van die "argitektuur van taal", dus van UG. Skakelreëls is afhanklik van 'n volledig geartikuleerde teorie van leksikaal-semantiese representasie (Levin en Rappaport Hovav 1995:1). In Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) word daar in die besonder aandag gegee aan die uitbouing van hierdie leksikaal-semantiese representasie van leksikale items.

Die reëlmatige verhouding tussen die semantiek en die sintaksis van werkwoorde word deur Levin en Rappaport Hovav (1995) saamgevat in die skakelreëls in (127). 'n Voorbeeld ter illustrasie van die toepassing van elke skakelreël word gegee, gebaseer op die skematiese voorstelling daarvan in Levin en Rappaport Hovav (1995). (Die leksikaal-semantiese representasie word hier afgekort LSR, die sintakties-kategoriale representasie SKR en die sintakties-funksionele representasie SinFR.)

- d. *Verstek-skakelreël ("Default Linking Rule")* (Levin en Rappaport Hovav (1995:154):
'n Argument van 'n werkwoord wat nie binne die toepassingsgebied van enige ander skakelreël val nie, is sintakties gerealiseer as sy direkte interne argument (Onderganer).

Die skakelreëls voorspel onder meer dat nie-agensiewe manier-van-bewegingswerkwoorde (soos *rol*) sintakties onergatief optree wanneer hulle 'n lewende agensiewe subjek neem (vergelyk 128a,b), maar andersins onakkusatief, soos in (128c,d) (vergelyk ook voorbeelde (111) en (112)):

(128)

- a. Die kinders *rol* hulle pad by die duin af.
- b. Daar word by die duin afgerol (deur die kinders).
- c. *Die bal *rol* sy pad tot in die gat.
- d. *Daar word in die gat ingerol (deur die bal).

Die skakelreëls bewerkstellig in baie algemene terme 'n korrespondensie tussen die leksikaal-semantiese representasie van 'n woord se argumente en hulle sintakties-kategoriale aftekening.

2.4.4.2.5 DIE IMPLIKASIES VAN DIE SEMANTIESE BEPAALDHEID VAN SINTAKTIES-FUNKSIONELE VALENSIE VIR 'N VALENSIETEORIE

Die valensieraam waarvan Levin en Rappaport Hovav (1995) uitgaan, berus op 'n patroon van vorm-betekenis-ooreenstemming. Die betekenis van 'n woord, soos bepaal deur sy klaslidmaatskap en sy idiosinkratiese eienskappe, bepaal die sintaktiese potensiaal van die woord, sowel as die sintaktiese funksie en semantiese rol van die sinstukke in die woord se omgewing.

Die belangrikste bydraes vanuit so 'n benadering ten opsigte

van 'n valensieteorie kan soos volg saamgevat word:

(129)

- a. Sintaktiese reëls word vereenvoudig ten koste van 'n meer komplekse en gedetailleerde leksikale inskrywing.
- b. Die leksikon bestaan uit 'n hoogs geordende stel leksikale items wat geklassifiseer word op grond van semantiese konstantes.
- c. Een stel konstantes (soos BEWEEG, ROL) kan verbind met veelvuldige stelle semantiese primitiewe, wat kruisklassifisering en gevolglik veelvuldige leksikale inskrywings van dieselfde lemma (soos *rol*) tot gevolg het.
- d. Sintaktiese valensie word nie afsonderlik gestipuleer vir werkwoorde nie, maar word reëlmatig afgelei van die werkwoord se leksikaal-semantiese representasie deur 'n beperkte en vermoedelik universele stel skakelreëls.

In die benadering tot valensie wat hierbo uiteengesit is, is die gebruik van skakelreëls van besondere belang. Levin en Rappaport Hovav (1995) se lys skakelreëls is beperk tot die vernaamste semantiese klasse soos *onmiddellike oorsaak van gebeurtenis*, *ondergaan gerigte verandering* en *bestaan*. Die beginsels waarop die skakelreëls berus, naamlik die reëlmatige ooreenkoms tussen 'n werkwoord se leksikaal-semantiese representasie en sy spesifieke sintaktiese valensie, maak dit egter moontlik om die stel skakelreëls vir 'n spesifieke semantiese klas werkwoorde (hier bewegingswerkwoorde) te verfyn en uit te brei.

So 'n stap verminder die beskrywende las wat op die sintaktiese komponent geplaas word in 'n valensieteorie. Omdat daar nie vir elke afsonderlike werkwoord 'n afsonderlike sintaktiese valensieraam voorgestel hoef te word nie, maak dit die teorie ook baie meer ekonomies. Dit plaas egter baie meer beskrywende las op die leksikon as wat tans

in generatiewe teorieë soos die TGG en CS aangebied word en vereis 'n hoogs verfynde en gedetailleerde leksikaal-semantiese representasie van die werkwoord. In die volgende afdeling word bydraes vanuit hoofsaaklik die Konstruksiegrammatika betrek ten opsigte van die verfyning van die leksikaal-semantiese representasie en die wisselwerking tussen die leksikon en die sintaktiese konstruksie.

2.4.4.3 DIE INTERAKSIE TUSSEN KONSTRUKSIE-ROLLE EN DEELNEMERROLLE IN 'N VALENSIETEORIE

Tot dusver is twee komponente van leksikale betekenis geïdentifiseer as belangrik vir valensie: die werkwoord se argumentstruktuur (ook *konseptuele struktuur* of *primitiewe predikaatstruktuur*) en sy deelnemerrollestruktuur (sy pragmatiek, *3D-struktuur* of *toneel*). Levin en Rappaport Hovav (1995) inkorporeer albei komponente in 'n leksikale inskrywing en poneer afsonderlike leksikale inskrywings vir elke lid van 'n polisemiese paar of groep. Goldberg (1995) skei egter die twee komponente in haar Konstruksiegrammatika (voortaan afgekort KG).

In KG is die leksikaal-semantiese patroon (bestaande uit die *primitiewe* van afdeling 2.4.4.2.2 of die vernaamste *konseptuele kategorieë* van afdeling 2.4.2.1) deel van die taal se stel basiese konstruksies. 'n Werkwoord se leksikale inskrywing spesifiseer slegs sy stel deelnemerrolle (vergelyk afdeling 2.4.3.7; ook die *3D-representasie* in afdeling 2.4.2.7 en die *konstantes* in afdeling 2.4.4.2.2). 'n Werkwoord met 'n bepaalde versameling deelnemerrolle word dan reëlmatig gepas in 'n konstruksie met 'n sekere argumentstruktuur.

Goldberg (1995:11) verwerp nosies soos die projeksiebeginsel (vergelyk afdeling 2.4.1.3.1) wat bepaal dat 'n leksikale item 'n bepaalde struktuur projekteer op die sin. Sy toon aan dat 'n werkwoord nie bepaal hoeveel en watter tipe

komplemente dit neem nie, omdat een werkwoord met 'n verskeidenheid argumente kan verbind. Vergelyk byvoorbeeld die volgende gebruike van *loop* in verskillende konstruksies:

(130)

- a. Die platteland loop [leeg RESULTAAT].
- b. Die vleuel loop [sy opponent PASIËNT].
- c. Die arbeiders loop [hierdie pad PAD].
- d. Die kinders loop [skool toe RIGTING].
- e. Die honde loop [in die straat PLEK].
- f. Die man loop [-].

'n Werkwoord encodeer ook nie in isolasie die semantiek van 'n bepaalde argumentstruktuur nie. *Skop* en *slaan* verbeeld die argumentrolle Agens en 'n Tema in (131). In die konstruksie in (132) encodeer hulle egter 'n Agens, Tema en veroorsaakte beweging, met inkorporering van 'n Bestemming- en Pad-uitdrukking:

(131)

- a. [Jan AGENS] skop [die muur TEMA].
- b. [Jan AGENS] slaan [die tafel TEMA].

(132)

- a. [Jan AGENS] skop [die bal TEMA] [in die doelhof in BESTEMMING].
- b. [Jan AGENS] slaan [die bal TEMA] [na die oorkant van die baan PAD].

Die werkwoord word in KG eerder geassosieer met een of 'n beperkte stel basiese betekenis (die "konstantes" in Levin en Rappaport (1995) se benadering). Hierdie basiese betekenis van *skop* en *slaan* bly dieselfde ongeag in watter konstruksie die werkwoorde optree. Die betekenis van (130a,b) verskil van die betekenis van (131a,b) omdat die argumentstruktuur van die konstruksies verskil, nie omdat die werkwoorde 'n ander betekenis aanneem van een konstruksie tot die volgende nie.

Die konstruksiebetekenis van die twee sinne in (131) is ongeveer "X HANDEL OP Y" en dié van (132) ongeveer "X VEROORSAAK Y BEWEEG". Die basiese betekenis van die werkwoorde (voorlopig "om met die voet te skop" en "om met iets op iets anders te slaan") word in die konstruksiebetekenis geïntegreer eerder as om 'n aparte leksikale inskrywing te spesifiseer vir elke betekenisonderskeiding van die leksikale item.

Goldberg (1995:21) wys daarop dat die werkwoord se kenmerke alleen dikwels nie genoeg is om die grammatikaliteit of aanvaarbaarheid van 'n konstruksie te bepaal nie. Voorbeelde soos die volgende in (133) dui daarop dat daar nie soseer beperkings bestaan op die gebruik van die werkwoord nie, maar op die konstruksie in geheel:

(133)

- a. Die beampste stap per ongeluk by die verkeerde kantoor in.
- b. *Die beampste stap per ongeluk.

In die sinne hierbo bepaal die inherente semantiek van *stap* dat dit 'n wilshandeling is wat aan die gang gesit en uitgevoer word deur 'n lewende Agens. Die Bestemming van daardie handeling (*die verkeerde kantoor*) kan daarom 'n toevalligheid of 'n "ongeluk" wees, maar nie die handeling self nie. Ekstern veroorsaakte bewegingswerkwoorde leksikaliseer egter 'n handeling waaraan die bewegende entiteit deelneem sonder dat hy beheer daarvoor het. Die oorsaak van *val*, *gly* of *rol* kan wel 'n ongeluk wees, ongeag die bestemming daarvan:

(134)

- a. Hy val/gly/rol per ongeluk van die krans af.
- b. Hy val/gly/rol per ongeluk.

Die omstandighede waaronder 'n gegewe konstruksie toepaslik gebruik kan word is in KG belangrik vir valensie. Subtiele

semantiese en pragmatiese elemente in 'n werkwoord se leksikaal-semantiese representasie en hulle wisselwerking met die konstruksie is daarom belangrik vir die begrip van die beperkings op grammatikale konstruksies. Die KG verwerp ook die streng skeiding tussen semantiek en pragmatiek. Inligting oor geprofileerde konstituente, topikaliteit en register word daarom saam met semantiese inligting in konstruksies voorgestel (Goldberg 1995:7).

In die volgende afdelings word eerstens aandag gegee aan die vorm en inhoud van die KG se basiese konstruksies (afdeling 2.4.4.3.1) en die vorm en inhoud van die werkwoord se leksikaal-semantiese representasie (afdelings 2.4.4.3.2 en 2.4.4.3.3). Daarna word aandag gegee aan die proses van passing tussen die werkwoord en die basiese konstruksie (afdeling 2.4.4.3.4).

2.4.4.3.1 KONSTRUKSIES

Konstruksies is die basiese eenhede van taal in KG. 'n *Konstruksie* word gedefinieer as 'n betekenisdraende struktuur waarvan die betekenis nie voorspelbaar is uit die samestellende dele daarvan nie (vergelyk Goldberg 1995:4). Vir 'n resultatiewe werkwoord identifiseer Levin en Rappaport Hovav (1995) die primitiewe VEROORSAAK en WORD. In die KG word hierdie nosies nie as primitiewe van werkwoordbetekenis hanteer nie, maar as argumente van die konstruksie waarin die werkwoord gebruik word, byvoorbeeld:

(135) *Resultatiewe konstruksie:*

Argumentstruktuur: X VEROORSAAK Y WORD Z

Voorbeeldsin: Hy loop sy skoene stukkend.

Konstruksies self dra daarom betekenis (onafhanklik van die woorde in die sin) en die sin se betekenis word medebepal deur die betekenis van die konstruksie en dié van die leksikale items in die konstruksie (Goldberg 1995:1). Die

werkwoord se semantiek word direk geassosieer met een of 'n beperkte aantal basiese argumentstrukture en die grammatiese eienskappe van die werkwoord word geïntegreer in die betekenis van die konstruksie (vergelyk afdeling 2.4.4.3.4). Konstruksies in die KG enkodeer tonele (dus toneelorganiserings en rolargetipes) wat menslik relevant is (Goldberg 1995:39; vergelyk ook afdeling 2.4.4.3.1). Die basiese konstruksies wat Goldberg (1995:3) identifiseer, is van die tipes in (136). Die tipe konstruksie word benoem in (i), die semantiek wat daarmee geassosieer word, word in (ii) beskryf, die tipiese sintaktiese funksies in die konstruksie word in (iii) beskryf en 'n voorbeeld van so 'n konstruksie word in (iv) gegee:

(136) *Goldberg (1995) se basiese konstruksies:*

- a. i. Ditransitief
 - ii. X veroorsaak dat Y vir Z ontvang
 - iii. Subj V Obj Obj₂
 - iv. Sy faks hom die inligting.
- b. i. Veroorsaakte beweging
 - ii. X veroorsaak dat Y na Z beweeg
 - iii. Subj V Obj Obl
 - iv. Sy nies die servet van die tafel af.
- c. i. Resultatief
 - ii. X veroorsaak dat Y Z word
 - iii. Subj V Obj Xcomp
 - iv. Sy soen hom bewusteloos.
- d. i. Onoorganklike beweging
 - ii. X beweeg Y
 - iii. Subj V Obl
 - iv. Die by zoem in die vertrek in.

Die konstruksies waarna Goldberg (1995) hier verwys, staan in die literatuur ook bekend as "sintaktiese rame" of "subkategorisasierame" (vergelyk Fisher et al 1991). Dit behels 'n uitdrukking van die sintaktiese funksie (voorbeelde (iii) hierbo) en die tematiese funksie (voorbeelde (ii) hierbo) van die werkwoord en sy argumente.

Die semantiek en pragmatiek van die werkwoord en sy besondere stel uitgebeelde deelnemers word deur die werkwoord se leksikale inskrywing voorsien. In die volgende afdeling word aandag gegee aan die vorm en inhoud van werkwoordsemantiek in die KG.

2.4.4.3.2 LEKSIKAAL-SEMANTIESE REPRESENTASIE VAN WERKWOORDE

Goldberg (1995) volg 'n raamsemantiese benadering tot betekenisbeskrywing. Werkwoorde en naamwoorde behels naamlik raamsemantiese betekenis, en hulle beskrywing moet verwysing insluit na 'n agtergrondraam ryk aan wêreld- en kulturele kennis (Goldberg 1995:27). Swanepoel (1995:85) beskryf so 'n agtergrond- of kognitiewe raam as

'n konstruk van kultuurspesifieke, gestruktureerde agtergrondskennis bestaande uit ons ervarings, verwagtings of praktyke waarteen die betekenis van 'n leksikale item gedefinieer word en waarvan kennis noodsaaklik is vir die korrekte begryp van die betekeniswaarde(s) van 'n woord.

In die poging om werkwoordbetekenis in verband te bring met die totale kognitiewe domein wat deur die werkwoord geaktiveer word, het die KG heelwat raakpunte met die Kognitiewe Grammatika (Goldberg 1995:6; vergelyk ook afdelings 2.4.3 en 2.4.4.1).

Goldberg assosieer werkwoorde met **deelnemerrolle** (vergeelyk die *deelnemers* aan 'n toneel in afdeling 2.4.3.1) en konstruksies met **tematiese rolle** (vergeelyk die *rolargetipes* in afdeling 2.4.3.1 en 2.4.3.4). Deelnemerrolle is spesifieke eksemplare van die algemene argumentrolle en druk spesifieke seleksiebeperkinge uit. Tema-rolle is daarom posisies in relasionele semantiese strukture. Argumentrolle word gedefinieer as posisies in die algemene semantiese representasie van besondere konstruksies en deelnemerrolle as posisies in die omvattende semantiese representasie van leksikale items.

Bewegingswerkwoorde soos *betree* en *spring* behels volgens hierdie onderskeid die volgende deelnemerrolle in (137), en die konstruksies waarin dit tipies optree, behels die tematiese rolle in (138):

(137) *Deelnemerrolle:*

- a. *betree* <betreder, betredene>
- b. *spring* <springer>

(138) *Tematiese rolle:*

- a. *betree* <Agens, Tema>
- b. *spring* <Agens>

'n Raamsemantiese benadering is noodsaaklik om volledige rekenskap te gee van die aard van werkwoordbetekenis. So 'n volledige verslag van werkwoordbetekenis is op sy beurt weer nodig om rekenskap te gee van die verspreiding van al die werkwoord se komplemente, maar ook van sy bywoorde en adjunkte. Vergelyk die verskil in valensiepatrone tussen *loop* en *nael* in (139) en (140):

(139)

- a. Jan loop [_{Adv} stadig] in die vertrek in.
- b. *Jan nael [_{Adv} stadig] in die vertrek in.

(140)

- a. Jan loop [_{PP} ADJUNK op sy krukke] in die vertrek in.
- b. *Jan nael [_{PP} ADJUNK op sy krukke] in die vertrek in.

Dit is vir die taalgebruiker nie voldoende om te weet slegs watter rolargetipes en argumentstrukture *loop* en *nael* projekteer nie, maar ook watter gebeurtenismodel elkeen verbeeld en watter kognitiewe domeine daardeur geaktiveer word. Hieruit volg dat die taalgebruiker moet weet watter toneel en uitgebreide deelnemerrolleraam (vergelyk afdeling 2.4.3.7) met die werkwoord geassosieer word. *Loop* het in sy

deelnemerrolleraam 'n neutraal gemerkte element ten opsigte van spoed, maar *nael* is positief gemerk ten opsigte van vinnige spoed. *Nael* se inherente spesifikasie ten opsigte van 'n beweging teen hoë spoed bots met die betekenis van die bywoord *stadig* en die adjunk *op sy krukke* (vergeelyk afdeling 2.4.4.1.2).

2.4.4.3.3 PROFILERING

Leksikale items word in die KG onderskei hoofsaaklik op grond van die kognitiewe rame of domeine waarbinne dit gedefinieer word. Hierdie benadering is ook onderliggend aan Taylor (1996) se onderskeid tussen *draf* en *hardloop* (vergeelyk afdeling 2.4.2.8). Verskille in profilering van raamelemente of deelnemers in 'n toneel stem ooreen met verskille in die prominensie van die strukture binne 'n semantiese raam en dit reflekteer volgens Goldberg (1995:26) verskuiwings in die verspreiding van die taalgebruiker se fokus (vergeelyk die verspreiding van *aandag* in afdeling 2.4.4.2).

Werkwoorde bepaal inherent (deur hulle leksikalisering) watter aspekte van hulle raamsemantiese kennis verpligtend geprofileer word (Goldberg 1995:44; vergeelyk ook afdeling 2.4.4.1.2). Leksikaal geprofileerde rolle is entiteite in die raamsemantiek wat geassosieer word met die werkwoord. Hulle moet verpligtend bereik word en funksioneer as fokuspunte binne die toneel. Op hierdie wyse bereik hulle 'n besondere graad van prominensie. 'n Raamelement of deelnemer wat as deel van die werkwoord se inherente semantiek geprofileer word, bepaal watter raamelemente daarmee saam kan optree. Die profilering van 'n hoë spoed in die inherente semantiek van *nael* verhoed die uitdrukking van raamelemente met 'n teenoorgestelde betekenis (*stadig* en *op sy krukke*).

Profilering, soos Goldberg dit hier beskryf, word leksikaal bepaal en is hoogs gekonvensionaliseerd. Dit kan nie deur konteks gewysig word nie. Goldberg (1995:44) noem gevalle

waar die belangrikste onderskeid tussen werkwoorde deur profilering verklaar word, soos in die geval van *beroof* x *steel*. Die semantiese verskil tussen *beroof* en *steel* kom neer op 'n verskil in profilering (vergelyk Langacker se *streek* binne 'n spesifieke domein en *afgebakende streek* binne 'n streek in afdeling 2.4.3.2; Talmy se *Figuur* en *Grond* in afdeling 2.4.4.1.1). In die geval van *beroof* word die Pasiënt (die slagoffer) geprofileer en in die geval van *steel* die Tema (die gesteelde goedere).

Die ander uiterste van profilering is 'n proses wat Goldberg (1995:57) *verdonkering* (*shading*) en *skrapping* (*cutting*) noem. 'n Deelnemer kan deur sekere konstruksies in die skadu gestel word en daardeur nie meer geprofileer word nie, hoewel dit by implikasie nog deel van die werkwoord se deelnemerraam is. Die Agens is die teta-rol wat die meeste fokus ontvang in 'n hiërargiese tematiese struktuur (Jackendoff 1990:67; Goldberg 1995:57). In die passiewe konstruksie word hierdie rol verdonker, soos hieronder geïllustreer:

(141)

- a. Vanaand word daar weer tot laat gedans
(deur [- AGENS]).
- b. Daar mag nie geswem word in hierdie baai nie (deur
[- AGENS]).

In middelkonstruksies soos dié hieronder word die Agens nie verdonker nie, maar geskrap uit die argumentstruktuur van die konstruksie:

(142)

- a. Die motor ry lekker (*deur [- AGENS]).
- b. Dié skoene loop gemakliker as die ander (*deur
[- AGENS]).

2.4.4.3.4 PASSING

Goldberg (1995:50) stel twee reëls voor waardeur die betekenis van 'n werkwoord saamsmelt met die betekenis van die res van die konstruksie (ook bekend as *argument-samesmelting* of *fusion*; vergelyk afdeling 2.4.2.4). Argumentsamesmelting word naamlik bereël deur die semantiese samehangendheidsbeginsel (*semantic coherence principle*) en die korrespondensiebeginsel.

Die **semantiese samehangendheidsbeginsel** bepaal dat 'n werkwoord se deelnemerrolle slegs met semanties versoenbare argumentrolle in die konstruksie versmelt kan word. 'n Deelnemerrol is versoenbaar met 'n argumentrol indien dit 'n eksemplaar van daardie rol is. Goldberg (1995:65) stel die volgende vereistes vir passing van 'n deelnemerrol in 'n konstruksie-argumentstruktuur:

(143)

Die gebeurtenistipe van die werkwoord (G_v) moet verband hou met die gebeurtenistipe van die konstruksie (G_k) op een van die volgende maniere:

- a. G_v is 'n sub tipe van G_k , of
- b. G_v beskryf die metode van G_k , of
- c. G_v beskryf die resultaat van G_k , of
- d. G_v beskryf die voorvereiste vir G_k , of
- e. G_v beskryf die manier van G_k .


Die deelnemerrolleraam van *verlaat* sluit ten minste die deelnemers in wat in (101) vir 'n bewegingswerkwoord belys word (vergelyk Swanepoel 1995:87 en afdeling 2.4.3.7). Die stel deelnemers vir *verlaat* word in (144) voorgestel. Die geprofileerde deelnemerrolle word in vet druk aangedui:

(144)

verlaat: <verlater, gebied, pad, bron, bestemming, wyse, klank, spoed, instrument, medium>

Die "verlater" in die raamwerk van verlaat kan versmelt met die Agens van die oorganklike bewegingkonstruksie, omdat die "verlater"-rol 'n eksemplaar van die Agens is. "Bron" is 'n eksemplaar van Tema en kan daarom met daardie argumentrol in die konstruksie saamsmelt. Die korrespondensiebeginsel bepaal dat elke deelnemerrol wat leksikaal geprofileer en uitgedruk word, versmelt moet word met 'n geprofileerde argumentrol van die konstruksie, soos hieronder geïllustreer:

(145)




'n Konstruksie kan rolle verdonker of skrap, soos aangetoon in afdeling 2.4.4.2.4. 'n Konstruksie kan egter ook rolle byvoeg tot die werkwoord se inherente lys deelnemerrolle. Die geprofileerde deelnemer van *loop*, die "loper", stem ooreen met die Agens in die onorganklike bewegingskonstruksie se argumentstruktuur. Die werkwoord kan egter in sommige omstandighede in die oorganklike konstruksie gebruik word, soos geïllustreer in voorbeeld (146):

(146)

Die vleuel loop die verdediging.

In (146) word 'n bykomende rol, dié van Pasiënt, tot die woord se semantiese raam bygedra deur die konstruksie, soos in (147) geïllustreer:

(147)



Werkwoordbetekenis bly dus konstant oor konstruksies heen, maar verskille in die betekenis van vol uitdrukkings is in 'n groot mate toe te skryf aan die verskillende konstruksies wat daarby betrokke is. Die valensie van 'n werkwoord word bepaal deur wisselwerking tussen die werkwoord se konvensionele raam van deelnemerrolle en die tematiese rolle wat met die basiese konstruksies in 'n taal geassosieer word.

2.4.4.3.5 IMPLIKASIES VAN DIE KONSTRUKSIEBENADERING VIR 'N VALENSIETEORIE

Die spesifieke bydraes van die KG tot 'n valensieteorie kan soos volg saamgevat word:

(148)

- a. Semanties-funksionele en sintakties-funksionele valensierame word bepaal deur die reëlmatige wisselwerking tussen die argumentstruktuur van die konstruksie en die pragmatiese en kognitiewe deelnemerraam van die werkwoord.
- b. Inherente werkwoordbetekenis word in fyn besonderhede ontleed deur teoretiese apparaat soos profilering en kognitiewe semantiese rame.
- c. Die interaksie tussen die semantiek van die werkwoord en die semantiek van die konstruksie word bereël deur 'n stel skakelreëls.

- d. Die interaksie tussen die semantiek van die werkwoord en sy adjunkte word beskryf as 'n funksie van die geprofileerde deelnemers in 'n werkwoord se kognitiewe semantiese raam.

In die KG word sistematies aangetoon dat die sintaktiese komplement-struktuur (die aard en rangskikking van die komplemente in die klous) op 'n unieke manier voorspelbaar is uit die leksikaal-semantiese representasie van die hoofwerkwoord (Goldberg 1995:8). Die aftekening van 'n spesifieke leksikaal-semantiese representasie na 'n algemene komplement-struktuur word bereël deur skakelreëls wat 'n taalspesifieke leksikaal-semantiese struktuur afteken op 'n universele semanties-funksionele en sintakties-funksionele struktuur. Die beskrywing van die universele sintakties-kategoriale strukture waarop hierdie funksionele strukture afteken, val buite die bestek van die KG.

Poliseme, dit wil sê betekenisonderskeidings van dieselfde werkwoord (soos *rol* in (111) en (128)), word in die leksikon met mekaar in verband gebring deur aan al die lede van 'n polisemiese groepering dieselfde leksikaal-semantiese representasie te gee en die konstruksie (die semanties-funksionele en sintakties-funksionele representasie) toe te laat om rolle in die werkwoord se deelnemerraam te profileer, verdonker, skrap of by te voeg.

Uit Goldberg (1995) se ontledings van die gebruik van werkwoorde blyk dit dat werkwoorde se valensiepatrone nie verder as die semanties-funksionele vlak verreken kan word met apparaat soos konvensionele teta-rolle nie. Sy stel daarom 'n omvattender en verfynde weergawe van werkwoorde se leksikaal-semantiese representasie voor. So 'n representasie betrek die totale kognitiewe domein van 'n werkwoord se gebeurtenismodel, in ooreenstemming met die hantering daarvan in Talmy (1975, 1985) en die verfyning daarvan wat spruit uit Langacker (1986, 1988a, 1988b, 1988c, 1988d, 1990) se bydraes oor die inhoud en organisasie van 'n toneel binne 'n gegewe

model.

Vanuit 'n verfynder analise van werkwoordsemantiek is dit moontlik om 'n sistematiese verslag te gee van die valensie van die werkwoord ten opsigte van bywoorde en adjunkte. Die verhouding tussen die werkwoord se inherente semantiek (die kognitiewe domein en die toneel wat die werkwoord leksikaliseer) en dié van sy adjunkte is 'n aspek van die sintakties-funksionele en semanties-inhoudelike valensieraam wat oor die algemeen buite rekening gelaat word deur generatiewe grammatikateorieë. Goldberg (1995) toon aan dat die verspreiding van bywoorde en adjunkte met 'n bepaalde semantiese en pragmatiese inhoud afhang van 'n uitgebreide rolleraam van die werkwoord wat gebaseer is op kognitiewe domeine. Sy gee slegs voorbeelde van die mees algemene deelnemers in so 'n raam, maar daar is in hierdie afdeling aangetoon dat die valensie van die werkwoord uiteindelik bepaal word deur alle lede van so 'n raam. 'n Voorbeeld van so 'n rolleraam vir bewegingswerkwoorde is dié van Swanepoel (1995) in (101).

Die leksikale inskrywing in KG word aansienlik uitgebrei deur die insluiting van 'n deelnemerraam, gebaseer op die kognitiewe domein wat die werkwoord aktiveer. 'n Stel skakelreëls bepaal op sistematiese wyse hoe en onder watter omstandighede die deelnemers van 'n werkwoord kan versmelt met die argumentposisies (teta-rolle) van 'n konstruksie. Dit is gevolglik nie nodig om vir elke werkwoord 'n afsonderlike sintakties-funksionele en semanties-funksionele valensieraam te poneer nie. Die teorie bereik deur hierdie veralgemenings 'n hoër graad van ekonomie van beskrywing.

2.5 SAMEVATTING VAN DIE BYDRAES UIT VERSKILLENDE TEORETIESE RAAMWERKE TEN OPSIGTE VAN DIE FORMULERING VAN 'N VALENSIETEORIE

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om vas te stel presies wat die veranderlikes is wat betrokke is by leksikale valensie en watter teoretiese en analitiese apparaat 'n valensieteorie nodig het om daardie veranderlikes te verreken. Hieronder word kortliks 'n samevatting gegee van die veranderlikes wat verreken moet word in 'n valensieteorie (afdeling 2.5.1) en die analitiese konstruksie en apparaat wat deur verskillende grammatikamodelle bygedra word tot die verrekening van spesifieke veranderlikes wat vir valensie relevant is (afdeling 2.5.2).

2.5.1 DIE GRAMMATIESE VERANDERLIKES WAT VALENSIE BEPAAL

In hierdie hoofstuk is daar aangedui dat die valensie van werkwoorde slegs volledig beskryf, verklaar en voorspel kan word met verwysing na die leksikale item se sintakties-kategoriale, sintakties-funksionele, semanties-funksionele, semanties-inhoudelike en pragmatiese/kognitief-semantiese eienskappe en die interaksie tussen al daardie eienskappe. Hierdie vereistes kan soos volg saamgevat word:

(149)

Die valensieteorie wat die valensie van 'n leksikale item X verreken, moet rekenskap gee van die volgende veranderlikes:

- a. Die inherente sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van X.
- b. Die semanties-pragmatiese kenmerke K van alle sinstukke in X se maksimale projeksie (XP) en die susterstukke van XP.
- c. Die semantiese rolle R van die stukke in (b).
- d. Die sintaktiese kategorieë SK waarop die rolle in (c) afgebeeld word.

- e. Die sintaktiese funksie (onderwerp, voorwerp, bywoordelike bepalingens ens.) SF van die kategorieë in (d).
- f. Die posisie van X in die liniêre orde van XP, en van XP in die sin.
- g. Die netwerk van relasies tussen (a-f).

Daar is in afdeling 2.4.1 aangetoon dat 'n beskrywing van valensie vanuit die sintakties-kategoriale benadering slegs die aangebore, inherente taalvermoë onderliggend aan valensie verreken. In afdelings 2.4.2 en 2.4.3 is tot die slotsom gekom dat die streng skeiding tussen 'n sintakties relevante semantiese komponent en 'n sintakties irrelevante pragmatiese komponent in generatiewe grammatikamodelle valensie slegs ten dele kan verreken.

Die semantiese analitiese apparaat soos teta-rolle in die generatiewe grammatikamodelle ondervang slegs die mees algemene en dikwels vaag gedefinieerde semantiese eienskappe van werkwoorde en die konstruksies waarin hulle optree. 'n Ontleding van werkwoordbetekenis slegs in terme van hierdie algemene rolle laat groot dele van die valensieraam onbeskryf, in die besonder die verhouding tussen die werkwoord en die uitdrukking van sy adjunkte. Daar word aangetoon dat 'n volledige verantwoording van werkwoordvalensie ook die pragmatiese of kognitief-semantiese aspekte van betekenis moet betrek. Hiervoor word 'n meer verfynde analise van werkwoordsemantiek voorgestel in terme van kognitiewe domeine en deelnemerrolle.

Die onderskeid tussen semantiek, pragmatiek en ensiklopediese kennis is uit die staanspoor problematies vir die hantering van valensie. Daar is in afdeling 2.4 aangetoon dat 'n eng hantering van die semantiek van leksikale items in 'n beperkte aantal argumentrolle nie volledig rekenskap kan gee van die betekenis van die woord of van sy valensie nie.

Die probleem kan ook toegeskryf word aan die vaagheid in die

afbakening van die pragmatiek en die semantiek. Gazdar *et al* (1985:7) som die onderskeid tussen die semantiek en die pragmatiek op as dat die semantiek betrekking het op "the relation between expressions and what they denote" en die pragmatiek op "the relation between expressions, their denotata, and their use". Dik (1994:289) beklemtoon die vaagheid van onderskeid tussen sogenaamde semantiese (sintakties relevante) inligting en buitetalige (sintakties irrelevante) inligting omtrent betekenis:

It is not at all clear that there is any sharp dividing line between world knowledge and knowledge of the language. ... the lexicon codifies [an immense] part of our knowledge of the world.

Goldberg (1995) verwerp dan ook 'n rigiede skeiding tussen die semantiek en die pragmatiek in haar benadering tot konstruksiebeskrywing. Die voorbeelde van Afrikaanse konstruksies wat in hierdie hoofstuk vergelyk is, toon aan dat 'n onderskeid tussen semantiese, pragmatiese en ensiklopediese faktore dikwels nie volgehou kan word nie. Daar sal gevolglik verder verwys word na alle elemente van leksikale betekenis onder die oorkoepelende term **semanties-pragmaties**. Die term **semanties** word gebruik om te verwys na die argumentrolle in 'n konstruksie (Goldberg 1995) (ook die *konseptuele kategorieë* (Jackendoff 1990) of die *rolargetipes* (Langacker 1991)). **Pragmaties** sal gebruik word om te verwys na die kognitief-semantiese fasette van leksikale betekenis (ook die *3D-representasie* (Jackendoff 1990), die *deelnemerrolle* (Goldberg 1995), *semantiese konstantes* (Levin en Rappaport Hovav 1995) of die *kognitiewe domein* (Langacker 1991)).

Geen grammatikamodel wat in 2.4 ondersoek is, voldoen aan al die vereistes vir 'n valensieteorie nie. Elkeen maak egter 'n bydrae tot een of meer komponente van die valensieraam en hierdie bydraes word hieronder in afdeling 2.5.2 saamgevat.

2.5.2 ANALITIESE KONSTRUKTE EN TEORETIESE APPARAAT OM DIE VERANDERLIKES IN 'N VALENSIERAAM TE VERREKEN

Die analitiese apparaat en teoretiese konstrukte waardeur elke komponent van 'n valensieraam deur verskillende grammatikamodelle verreken word, word hieronder vir die afsonderlike komponente uiteengesit.

2.5.2.1 SINTAKTIES-KATEGORIALE KOMPONENT

Van die modelle wat hier ondersoek is, lewer die TGG die vernaamste bydrae tot die analitiese apparaat om die sintakties-kategoriale veranderlikes van leksikale valensie te verreken. Die werking van 'n universele komputasiesisteen word beskryf deur die X-balkteorie se generatiewe reëls en in terme van sintakties-kategoriale primitiewe soos [$\pm V$] en [$\pm N$]. Die liniêre orde van stukke word bepaal deur 'n hoofparameter in teorieë voor die MP en deur die sterk/swak onderskeid tussen funksionele (F-) kenmerke in die MP.

2.5.2.2 SINTAKTIES-FUNKSIONELE KOMPONENT

Die TGG lewer ook die vernaamste bydra ten opsigte van die beskrywing van die sintakties-funksionele komponent van valensie. Die komponent word beskryf deur teoretiese konsepte soos naamval, spesifiseerders en komplemente. Die subjek van 'n werkwoord ontvang die Nominatiefnaamval en sy objek die Objektiefnaamval, terwyl die objek van 'n preposisie die Obliëknaamval ontvang. Die subjek van 'n sin is ook die spesifiseerder van die predikaat en die direkte objek is die komplement van die werkwoord.

2.5.2.3 SEMANTIES-FUNKSIONELE KOMPONENT

Die TGG lewer hier 'n beperkte bydrae deur 'n hoogs beperkte stel teta-rolle wat in ooreenstemming met die teta-kriterium (voor die MP) of die interhoofdelike relasie (in die MP) toegeken word aan argumente. Die CS brei die beskikbare lys teta-rolle uit tot 'n omvattender en beter geordende stel konseptuele kategorieë. Hierdie konseptuele kategorieë vorm die basis van die argumentrolle in KG. Talmy (1975, 1985) brei die lys semantiese primitiewe uit om spesifieke gebeurtenissituasies in meer besonderhede te beskryf.

2.5.2.4 SEMANTIES-INHOUDELIKE KOMPONENT

Die TGG-modelle sowel as CS gebruik 'n onverfynde stelsel van algemene semantiese primitiewe om eienskappe van leksikale items in bepaalde semanties-funksionele posisies te ontleed. Hiervoor word abstrakte kenmerke soos [\pm Lewend] gebruik. Levin en Rappaport Hovav (1995) brei dit uit met semantiese primitiewe wat spesifieke tipe werkwoorde beskryf soos WORD, HANDEL en VEROORSAAK.

2.5.2.5 PRAGMATIESE KOMPONENT


Die meeste generatiewe grammatikamodelle kom die teoretiese apparaat kort om verslag te doen van die pragmatiese veranderlikes wat onderliggend is aan 'n leksikale item se verspreiding. Dit word in TGG glad nie verreken nie en in CS word erkenning daaraan gegee in 'n 3D-model wat per definisie nie met die sintaksis verband hou nie. Hierdie veranderlikes lê op die vlak van LF en beskryf prosesse wat buite die komputasiesisteem plaasvind. Die primitiewe op hierdie vlak is spesifieke gevalle van die semanties-inhoudelike rolle (die bewegende entiteit is 'n spesifieke eksemplaar van óf die Agens óf die Tema). Vir die semanties-funksionele kategorie "Gebeurtenis" word in die CG en deur Talmy (1975,

1985) meer presiese eksemplare voorgestel (soos "beweging"). Elke eksemplaar van 'n gebeurtenis word op sy beurt weer verder gepresiseer deur 'n spesifieke toneelorganisasie en 'n spesifieke stel deelnemers.

2.5.2.6 DIE INTERAKSIE TUSSEN DIE KOMPONENTE

Die interaksie tussen die komponente van 'n valensieraam is van 'n tweeledige aard. Dit behels eerstens die wisselwerking tussen al die fasette van dieselfde komponent van so 'n valensieraam en tweedens die reëlmatige aftekening van een komponent na 'n ander. Op inter-komponensiële vlak word die wisselwerking bereël deur stelling oortolligheidsreëls wat soos volg voorgestel kan word:

(150)



Die skakeling tussen die komponente word bewerkstellig deur die wyse waarop 'n gegewe kognitiewe domein en gebeurtenismodel geleksikaliseer word. Die keuse van 'n geprofileerde streek binne 'n domein en die keuse van geprofileerde deelnemers bepaal byvoorbeeld of die leksikale item as *stap* of as *wandel* geleksikaliseer word. Die toneelorganisering wat met so 'n proses verband hou, bring die pragmatiese komponent in verband met die semanties-inhoudelike komponent (die bewegende entiteit by *wandel* is normaalweg menslik, maar die bewegende entiteit by *stap* vereis slegs 'n lewende bewegende entiteit).

Vanaf die semanties-inhoudelike komponent word stukke afgeteken na 'n semanties-funksionele voorstelling deur rolargetipering. Die argetipiese Agens is naamlik menslik en argetipiese Tema nie-menslik (vergelyk Langacker 1991:285). 'n Semanties-funksionele voorstelling teken deur skakelreëls af op 'n sintakties-funksionele voorstelling (Jackendoff 1990, Levin en Rappaport Hovav 1995, Goldberg 1995). Die X-balkrelasies wat die skakeling tussen sintaktiese kategorieë en hulle sintaktiese funksies beskryf, is interhoofdelike relasies, Spec-hoof en hoof-Comp relasies.

In afdeling 2.6 hieronder word hierdie bydraes verenig in 'n voorgestelde valensieteorie vir leksikale items.

2.6 DIE FORMULERING VAN 'N TOEREIKENDE VALENSIETEORIE

Uit die ontleding van die verskillende grammatikamodelle se benadering tot valensie het dit onder andere geblyk dat daar by grammatiese valensie twee afsonderlike maar verwante groepe veranderlikes betrokke is. Die beginsels van UG verreken die universele valensiepatroon wat deel is van die individu se aangebore taalvermoë en die inligting in die taalspesifieke leksikale inskrywing bepaal die interaksie tussen items in so 'n patroon.

2.6.1 DIE BEGINSELS VAN UG

Die universalialia in 'n valensieteorie behels die universele reëls van kategorieevalensie in die komputasiesisteesem, en algemene reëls in die leksikon. Grammatiese valensie op die universele vlak behels die verbinding van sinstukke met leksikaal-kategoriele eienskappe (soos N, P, en V) met mekaar en met sinstukke met funksionele kategoriele eienskappe (soos T, I en C). Leksikale valensie in enige taal behels die verbinding van leksikale items volgens die hiërargiese en liniêre patrone wat daarvoor neergelê is in die universele patrone en die taal se taalspesifieke toepassing daarvan. Die universele patrone vir kategorieverbinding word deur 'n teorie vir UG beskryf, waarvan die komputasiesisteesem in die MP 'n voorbeeld is. Die volgende tipes hiërargiese kategoriele verbindings in (151) is voorbeelde van sulke universele beginsels:

(151) *Tipiese universele patrone van hiërargiese kategoriele verbindings:*

- a. 'n Werkwoordelike kategorie (werkwoord of werkwoordstuk) verbind met 'n funksionele kategorie I wat die elemente van die sin se tempus en werkwoordoooreenstemming bevat.
- b. Die sinstuk wat die handeling, tempus en ooreenstemming bevat, verbind met 'n naamwoordelike kategorie ((voor)naamwoord of naamwoordstuk) om die sintaktiese eenheid *sin* te vorm.
- c. Die sin verbind met 'n komplementeerder wat inligting verskaf oor onder meer die stellende of vraende aard daarvan.
- d. 'n Hoof verbind met 'n spesifiseerder.
- e. 'n Hoof verbind met 'n komplementeerder.

Verskillende generatiewe grammatikamodelle gebruik verskillende meganismes om die liniêre orde waarin hierdie kategoriele verbindings in spesifieke tale plaasvind, te verklaar. In die MP word daar aanvaar dat taalspesifieke

keuses van sterk/swak kenmerke vir die funksionele kategorieë (soos I) bepaal of 'n taal hoof-eerste of hoof-finaal is en of werkwoordverhoging moet plaasvind. Vir Afrikaans word die taalspesifieke liniêre kategorie-orde op sistematiese wyse van die UG afgelei deur 'n vasgestelde uitoefening van 'n hoogs beperkte aantal opsies tussen sterk en swak kenmerke van die funksionele kategorieë.

Chomsky (1993, 1995) stel voor dat die leksikale inskrywing alle idiosinkratiese inligting omtrent die woord bevat en alle inligting wat nodig mag wees vir verdere komputasie van die woord. In navolging hiervan word voorgestel dat die reëls wat die interaksie tussen die elemente van 'n woord se leksikale valensie beheer, in die leksikon gehuisves word. Die leksikon is 'n hoogs geordende sisteem, bestaande uit leksikale kategorieë wat onderverdeel is in klasse en subklasse. Dit is in teenstelling met Chomsky (1995) se interpretasie daarvan as 'n ongeordende geheel, maar in ooreenstemming met die bevindinge van Levin en Rappaport Hovav (1995). Elke lid van 'n kategorie X (bv. V) het ingevolge die UG die liniêre valensiepatroon wat deur die taalspesifieke toepassing van die reëls van UG aan daardie kategorie toegeken word. Verder ontvang elke werkwoord van 'n klas die valensieraam van al sy genera (sy bevattende klas(se) en kategorie) by wyse van oorerwing. Slegs die valensiekenmerke (die woord se sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke en sy rolleraam) wat bykomend is tot die kategorie- en klasvalensiekenmerke, word in daardie leksikale item se leksikale inskrywing gespesifiseer.

Die beskrywing van UG en die taalspesifieke afleiding daarvan is beperk tot die voor-LF-vlak. Generatiewe grammatikas beskryf die sintakties-kategoriale vorm van strukture wat deur LF vereis word om taalspesifieke waarheidsoordele daaroor te kan maak. Die prosesse van UG is gevolglik beperk tot die komputasiesisteem wat oorsprong gee aan 'n LF-leesbare linguistiese afleiding. Alle inligting wat vir die prosesse van LF nodig is, word in die leksikale item se stel

semanties-pragmatiese kenmerke gehuisves. Hierdie kenmerke speel geen rol in die universele komputasiekomponent nie, maar wel in die taalspesifieke pragmatiese vlak wat die LF-prosesse vir 'n gegewe taal beskryf.

2.6.2 TAALSPESIFIEKE VERANDERLIKES

Die logiese prosesse wat op LF plaasvind nadat 'n leesbare struktuur in ooreenstemming met universele valensiepatrone gevorm is, is 'n taalspesifieke aangeleentheid. Hierdie prosesse berus op die taalgebruiker se beheer oor E-taal, dus op aangeleerde en nie aangebore kennis nie.

Taalspesifieke leksikale konvensies bepaal watter pragmatiese elemente van 'n kognitiewe domein geprofileer word in 'n gegewe leksikalisering. Hierdie profilering bepaal die uitdrukking van die leksikale item se komplemente en adjunkte soos bepaal deur die taalgebruiker se strukturering van die toneel en sy waarheidsoordele.

Die leksikon vertoon 'n hoogs geordende struktuur, wat die taalgebruiker se kennis reflekteer oor die verband tussen betekenis en sintaktiese kenmerke. In die voorgestelde valensieteorie word leksikale items in die taalgebruiker se leksikon gegroepeer in kategorieë (soos N of V) met kenmerkende sintaktiese en semanties-pragmatiese gedrag, waarvan elk verder onderverdeel is in klasse en subklasse (soos bewegingswerkwoorde en bewegingswerkwoorde met 'n interne oorsaak van beweging). 'n Leksikale item word nie in isolasie verwerf deur die taalgebruiker nie, maar in die konteks van die patrone van die taal se konstruksies (afgelei van die konstruksies van die UG) en die klassifisering van die taalspesifieke leksikon.

Daar kan sekere vaste patrone (of konstantes) in hierdie idiosinkratiese leksikale kennis aangedui word, wat die basis vorm van die leksikale kennis van enige woord in enige taal.

Hierdie leksikale konstantes word in (152) weergegee:

(152) *Konstantes in die leksikon:*

- a. Die leksikon bestaan uit leksikale items, georganiseer in kategorieë, klasse en subklasse op grond van gemeenskaplike sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke.
- b. Idiosinkratiese fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke word gespesifiseer vir elke kategorie, klas, subklas en individuele leksikale item.
- c. 'n Kognitiewe domein en toneelorganisering, met volledige spesifikasie van die deelnemers, profilering en gebruiksfere (byvoorbeeld graad van formaliteit) van die leksikale item word gespesifiseer vir elke kategorie, klas, subklas en individuele leksikale item.
- d. Oortolligheidsreëls bepaal dat 'n deelnemerrol R^D in die leksikale item se inherent gespesifiseerde kognitiewe domein (in ooreenstemming met die konvensies van sy leksikalisering) versoenbaar moet wees met die uitdrukking R^U daarvan in die konstruksie.

Volledige rekenskap van grammatiese valensie kan dan gegee word deur die volgende spesifikasies in 'n valensieteorie:

(153)

- a. Verreken die universele komputasieprosesse wat liniêre en hiërargiese verhoudings bepaal:
 - i. die onderliggende volgorde en verhoudinge word deur die beginsels die X-balkteorie van UG beskryf en
 - ii. die oppervlakvolgorde word beskryf deur die stipulering van die keuses van parameters vir die taalspesifieke grammatika.
- b. Verreken die prosesse van LF deur die volgende inligting in die leksikale inskrywing:
 - i. semanties-pragmatiese kenmerke (insluitend die

kognitiewe domein wat die leksikale item aktiveer)
en

- ii. oortolligheidsreëls wat die interaksie tussen die semanties-pragmatiese kenmerke van die leksikale item en dié van sy grammatiese omgewing beskryf.

Die valensieteorie wat saamgestel word uit die besonderhede in (151) en (152) om die tipe verantwoordings in (153) te akkommodeer, sal dan die volgende vorm hê:

(154) *Komponente van 'n valensieteorie vir leksikale items:*


- a. Sintaktiese kategoriale valensie wat op universele vlak hanteer word deur UG se sintaktiese reëls/komputasiekomponent.
- b. Leksikale valensie wat die liniêre en hiërargiese patroon volg in (a) en wat op LF-vlak hanteer word deur 'n leksikale inskrywing met die volgende vorm:
 - i. sintaktiese kenmerke (formele kenmerke)
 - ii. semanties-pragmatiese kenmerke, insluitend 'n spesifikasie van die kognitiewe domein wat die item se leksikalisering aktiveer met inligting rakende:
 - die leksikale item se deelnemerraam
 - die leksikale item se agtergrondraam
- c. Reëls wat die passing van (b.i,ii) in konstruksies verreken.

By die kognitiewe domein in (bii) word twee tipes valensierame onderskei: 'n deelnemerraam en 'n agtergrondraam. Die deelnemerraam is in afdeling 2.4.3 bespreek. Die agtergrondraam behels idiosinkratiese inligting oor die werkwoord se aspek en buitetalige inligting wat konvensioneel deur die lemma gekodeer word, soos styl, register en houding.


Die grammatikamodel onderliggend aan so 'n valensieteorie behels 'n grammatika bestaande uit 'n universele komputasiesisteem en 'n taalspesifieke leksikon. Die taalspesifieke

leksikale items word op universele sintaktiese patrone geprojekteer deur prosesse van die komputasiesisteem, soos *selektering* en *numerasie* in die MP. Skematies kan hierdie model soos in (155) voorgestel word:

(155)



Die universaliala van 'n valensieteorie is breedvoerig uiteengesit in afdeling 2.4.1 en saamgevat in (151) en (153) hierbo. Die organisasie en funksionering van hierdie komponent van die grammatika, soos dit hierdie uiteengesit word, word vir die doeleindes van 'n valensieteorie sonder wysigings aanvaar as 'n model van UG. Die konstantes in die taalspesifieke leksikon (die tweede komponent in die model in (155)) wat in (152) gestipuleer is, kan skematies soos in (156) voorgestel word. *Kenmerke* staan in hierdie skema vir fonologiese, morfologiese, sintaktiese, semantiese en pragmatiese kenmerke, tensy anders vermeld:



2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling nagestreef van 'n adekwate valensieteorie om taalspesifieke valensie te verreken. Daar is aangedui dat die veranderlikes wat betrokke is by die beskrywing van valensie van 'n veel meer omvattende aard is as sintakties-kategoriale veranderlikes wat in generatiewe grammatikas verreken word.

'n Universele sintaktiese teorie van UG verreken valensie slegs tot op die vlak wat funksioneer as invoer vir LF-

bewerkinge. Die valensieteorie van UG word in afdeling 2.4.2 uitgebou deur bydraes uit die Konseptuele Semantiek. Vanuit die Konseptuele Semantiek word 'n meer gedetailleerde beskrywing van die semanties-funksionele komponent van 'n valensieteorie bereik. Die bespreking in afdeling 2.4.3 betrek bydraes uit die Kognitiewe Grammatika om die semanties-inhoudelike en pragmatiese komponente van die teorie aan te vul.

Die spesifieke teoretiese apparaat wat elke grammatika-raamwerk bydra tot die ontwikkeling van 'n valensieteorie, kan soos volg saamgevat word:

(157)

TGG-modelle:

- a. 'n Werkwoord projekteer 'n sinstruktuur deur die projeksiebeginsel.
- b. Die naamvalteorie volg uit die projeksiebeginsel en bepaal die sintaktiese funksies van sinstukke.
- c. Die **teta-teorie** volg uit die projeksiebeginsel en bepaal die semantiese funksie van sinstukke.
- d. Die universele sinstruktuur word voorgestel deur die **X-balkteorie**.
- e. Die **hoofparameter** bepaal die taalspesifieke hoof-eerste of hoof-laaste volgorde.

Konseptuele Semantiek:

- a. 'n Meer gedetailleerde lys **teta-rolle** in die vorm van **konseptuele argumente** vir spesifieke konstruksietipes.
- b. **Korrepondensiereëls** wat die aftekening van die semantiese vlak na die sintaktiese vlak bereël.

Kognitiewe modelle:

- a. Gedetailleerde lys konseptuele argumente in die vorm van **deelnemerrolle** vir spesifieke gebeurtenissituasies.
- b. Modelle van **toneelorganisering** en **profilering** van

deelnemers vir spesifieke werkwoorde.

- c. Organisasie van deelnemerrolle in meer algemene
teta-rolle deur rolargetipering.

In afdeling 2.4.4 word die interaksie tussen 'n taalspesifieke leksikale item en 'n universele konstruksie ondersoek in 'n poging om die reëls te formuleer wat die interaksie tussen kenmerke hanteer. Daar word in afdeling 2.4.4.1 aangetoon dat die profilering en organisering van deelnemers as 'n inherente deel van werkwoordsemantiek geleksikaliseer word. Die proses van leksikalisasie van die werkwoord plaas dus reeds beperkinge op die uitdrukking van argumente en adjunkte van die werkwoord. Hierdie beperkinge op die werkwoord se sintaktiese verspreiding volg enersyds uit die werkwoord se inherente semantiek (afdeling 2.4.4.2). Andersyds volg dit uit 'n reëlmatige interaksie tussen die werkwoord se inherente kenmerke (sy deelnemerrolle en hulle profilering) en die konstruksie se argumentrolle en hulle organisasie (afdeling 2.4.4.3).

Hierdie bydraes word in afdeling 2.6 verenig in 'n valensieteorie wat toegerus is om taalspesifieke valensie op 'n universele voor-LF-vlak sowel as 'n taalspesifieke LF-vlak te verreken.

In die volgende hoofstuk word die besonderhede van die valensieraam, met besondere aandag aan die afdelings in (154b.i, ii en iii) en (154c), vir Afrikaanse bewegingswerkwoorde uiteengesit. Dit is naamlik slegs hierdie komponente van die raam wat idiosinkratiese inligting bevat wat vir individuele woorde en woordklasse eksplisiet gemaak moet word in die grammatika.

2.8 VOETNOTE

- 1 In aansluiting by die konvensie in generatiewe grammatika word hier gebruik gemaak van die simbole NP (=naamwoordstuk), VP (=werkwoordstuk), AP (=adjektiefstuk/bywoordelike stuk), PP (=voorsetselstuk) en Adv (=bywoord).
- 2 Baie outeurs tref nie 'n onderskeid tussen Tema en Pasiënt nie, maar gebruik Tema as 'n oorkoepelende term vir albei.
- 3 Die MP se ekonomiese beginsels het betrekking op verskuiwingsoperasies. Verskuiwing is nie hier van direkte belang vir valensie nie en daar word gevolglik nie verder op hierdie stel beginsels ingegaan nie. Vergelyk egter Chomsky (1993, 1995a,b) en Abraham *et al* (1996).
- 4 'n **Satelliet** is enige onmiddellike konstituent van die werkwoord, anders as voor- of agtervoegsels, hulpwerkwoorde of nominale argumente (Talmy 1985:102).
- 5 In hierdie studie word die gestasioneerde betekenis van die bewegingsituasie buite rekening gelaat.
- 6 **Bereelde polisemie** word onderskei van toevallige polisemie. Eersgenoemde berus op verskillende betekenisonderskeidings van dieselfde leksikale item en laasgenoemde op 'n toevallige ooreenkoms in vorm van twee verskillende leksikale items.

HOOFSTUK 3
DIE VALENSIERAAMBESKRYWINGS VAN AFRIKAANSE
BEWEGINGSWERKWOORDE

3.1 DOELSTELLING

In hoofstuk 2 is 'n taalspesifieke valensieteorie ontwikkel na aanleiding van 'n ontleding van die wyse waarop leksikale valensie in 'n verskeidenheid teoretiese raamwerke hanteer word. Die komponente van so 'n valensieteorie is geïdentifiseer as die elemente in (1):

- (1) *Komponente van 'n valensieteorie:*
- a. sintaktiese kategoriale valensie wat op universele vlak hanteer word deur UG se sintaktiese reëls/komputasiekomponent
 - b. leksikale valensie wat die liniêre en hiërargiese patroon volg in (a) en wat op LF-vlak hanteer word deur 'n leksikale inskrywing met die volgende vorm:
 - i. sintaktiese kenmerke (formele kenmerke)
 - ii. semanties-pragmatiese kenmerke, insluitend 'n spesifikasie van die kognitiewe domein wat die item se leksikalisering aktiveer met inligting rakende:
 - die leksikale item se deelnemerraam
 - die leksikale item se agtergrondraam
 - c. reëls wat die passing van (b.i,ii) in konstruksies verreken.

Die valensieteorie moet 'n volledige valensieraambeskrywing (voortaan afgekort VRB) van 'n leksikale item gee. Die VRB vir 'n leksikale item X moet aan die vereistes voldoen wat in (2) gestipuleer word:

(2) Vereistes vir 'n VRB:

Die VRB vir 'n leksikale item X moet 'n eksplisiete beskrywing gee van:

- a. die inherente sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van X
- b. die semanties-pragmatiese kenmerke K van alle sinstukke in X se maksimale projeksie (XP) en die susterstukke van XP
- c. die semantiese rolle R van die stukke in (b)
- d. die sintaktiese kategorieë SK waarop die rolle in (c) afgebeeld word
- e. die sintaktiese funksie SF (onderwerp, voorwerp, bywoordelike bepaling ens.) van die kategorieë in (d)
- f. die posisie van X in die liniêre orde van XP, en van XP in die sin
- g. die netwerk van relasies tussen (a-f).

Die besonderhede van so 'n VRB vir Afrikaanse bewegingswerkwoorde word in hierdie hoofstuk uitgewerk. Die hoofdoel van hierdie hoofstuk is om die valensieraambeskrywings van die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde te formuleer. Die doelstelling van hierdie hoofstuk kan in die volgende verwante doelwitte verdeel word:

1. Om die wisselwerking tussen die bewegingswerkwoord se kenmerke en sy deelnemerrolle vas te stel en om die wisselwerking tussen die kenmerke van die deelnemerrolle onderling vas te stel.
2. Om die Afrikaanse bewegingswerkwoorde na gelang van hulle sintaktiese, semanties-pragmatiese en ensiklopediese kenmerke te klassifiseer.
3. Om 'n VRB vir elke klas bewegingswerkwoorde te ontwikkel, met inagneming van die reëls van UG en die taalspesifieke relevante (sintaktiese en semanties-pragmatiese) kenmerke van elke klas.

Die ondersoek word hier beperk tot die optrede van

bewegingswerkwoorde in enkelvoudige sinne sonder inversie of alternasie, dus tot die *binnebou* (vergelyk Ponelis 1968:16) van die basiese bewegingskonstruksie (vergelyk Goldberg 1995).

3.2 ORGANISASIE VAN DIE HOOFSTUK

In afdeling 3.3 word die definisie gegee van bewegingswerkwoorde wat vir die doeleindes van die studie hier sal geld. Die deelnemerrolle van bewegingswerkwoorde word in afdeling 3.4 in meer besonderhede ontleed. In afdeling 3.5 word die vorm en inhoud van die agtergrondraam van bewegingswerkwoorde verduidelik. Die gemeenskaplike sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde word in afdeling 3.6 ontleed.

Die klassifisering van bewegingswerkwoorde volgens gemeenskaplike semanties-pragmatiese kenmerke maak dit moontlik om veralgemenings te maak oor hulle sintaktiese verspreiding, soos in afdeling 3.7 aangedui word. Verskillende kriteria vir die klassifisering van bewegingswerkwoorde word in afdeling 3.8 ontleed en geëvalueer vir hulle geskiktheid vir hierdie doel. Vanuit hierdie bydraes word die korpus Afrikaanse bewegingswoordstamme dan in afdelings 3.9 en 3.10 geklassifiseer volgens hulle gemeenskaplike VRB's. Die interaksie tussen die leksikale item se VRB en die konstruksionele valensieraam word in afdeling 3.12 ondersoek.

3.3 DEFINISIE VAN BEWEGINGSWERKWOORDE

Die definisie van bewegingswerkwoorde wat hier aanvaar word, is dié van 'n werkwoord wat die beweging van 'n entiteit of entiteite leksikaliseer. In hierdie studie word die ondersoek beperk tot gebruike van bewegingswerkwoorde wat die handeling leksikaliseer wat 'n bewegende entiteit uitvoer of ondergaan.

Hierdie gebruike sluit die voorbeelde in (3) in:

(3)

- a. Die stomp rol oor die gras.
- b. Die tou swaai.
- c. Die papiersak waai in die straat af.

Die werkwoorde in (4) leksikaliseer kousatiewe handelingne waarby beweging betrokke is, maar nie as fokuselement nie. Die verandering wat die objek ondergaan, is ook nie noodwendig beweging nie, soos aangedui in die interpretasie daarvan tussen hakies:

(4)

- a. Sluk die kos af.
(effek op *die kos*: die kos beweeg af)
- b. Sluk die kos weg.
(effek op *die kos*: die kos verdwyn)
- c. Skop die bal nader.
(effek op *die bal*: die bal beweeg nader)
- d. Skop die bal stukkend.
(effek op *die bal*: die bal word stukkend)
- e. Slaan die hek toe.
(effek op *die hek*: die hek beweeg toe)
- f. Slaan die kind.
(effek op *die kind*: die kind ervaar fisiese pyn)
- g. Gooi die stomp in die vuur.
(effek op *die stomp*: die stomp beland in die vuur)
- h. Stryk die papier glad.
(effek op *die papier*: die papier word glad)

Kousatiewe gebruike van bewegingswerkwoorde word ook van verdere ondersoek uitgesluit. Kousatiewe bewegingswerkwoorde het nie die handeling/beweging van die bewegende entiteit as fokus nie, maar die handeling van die Agens wat die beweging veroorsaak, soos geïllustreer in (5). In sulke gevalle is die Agens nie self die bewegende entiteit nie:

(5)

- a. Hy rol die stomp oor die gras.
(Hy voer 'n handeling uit wat daartoe aanleiding gee dat die stomp oor die gras rol.)
- b. Hy swaai die tou.
(Hy voer 'n handeling uit wat daartoe aanleiding gee dat die tou swaai.)
- c. Die wind waai die papiersak in die straat af.
(Die wind voer 'n handeling uit/ oefen 'n krag uit wat daartoe aanleiding gee dat die papiersak in die straat af beweeg.)

3.4 DEELNEMERROLLERAAM VAN BEWEGINGSWERKWOORDE

In hoofstuk 2 (afdeling 2.4.3.2; afdeling 2.4.4.1) is daarop gewys dat die leksikalisering van 'n bewegingsgebeurtenis 'n spesifieke toneel verbeeld en dat die bewegingswerkwoord 'n toneelorganisering projekteer op die sin (afdeling 2.4.3.2; afdeling 2.4.3.4). Die werkwoord projekteer daarom 'n sekere struktuur of potensiële struktuur op die sin. Dit bepaal watter naamvalle toegeken word op sintakties-funksionele vlak en watter teta-rolle toegeken word op semanties-funksionele vlak.

Die teta-rolle wat 'n bewegingswerkwoord projekteer, is van die tipes Agens, Tema, Lokatief en dies meer (vergelyk voorbeeld (52) in hoofstuk 2). Daar is in hoofstuk 2 ook daarop gewys dat hierdie teta-rolle nie verfyn genoeg is om rekenskap te gee van die semanties-funksionele valensieraam van bewegingswerkwoorde nie. Deelnemerrolle verteenwoordig die spesifieke gevalle van teta-rolle wat deur die leksikalisering van 'n besondere bewegingsgebeurtenis geprojekteer word.

Deelnemerrolle is spesifieke elemente van die gebeurtenis (hier die bewegingsgebeurtenis) wat deur die werkwoord geprojekteer word. 'n Geprojekteerde deelnemerrol word

geleksikaliseer as inherente deel van die werkwoord se semantiek (afdeling 2.4.4.1.2), as deel van 'n saamgestelde werkwoordkompleks (afdeling 2.4.4.1.3) of as 'n afsonderlike konstituent (afdeling 2.4.4.1.1). In hierdie afdeling word gekonsentreer op die kenmerke van deelnemerrolle wat (in ooreenstemming met die werkwoord se projeksie) as afsonderlike konstituente geleksikaliseer word.

In hoofstuk 2 is daar die volgende deelnemerrolle in (6) vir 'n bewegingswerkwoord geïdentifiseer (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.3.6, voorbeeld (101)).

(6) *Deelnemerrolle vir bewegingswerkwoorde:*

- a. Bewegende entiteit (*DIE VOËL vlieg.*)
- b. Gebied (*loop OP DIE VLOER*)
- c. Pad (*kruip OM DIE BOOM*)
- d. Bron (*vlieg UIT HULLE NES UIT*)
- e. Bestemming (*klim IN DIE KAS IN*)
- f. Wyse (*loop OP SY TONE*)
- g. Klank (*kruip SAGGIES*)
- h. Spoed (*hardloop VINNIG*)
- i. Instrument (*ry IN HAAR MOTOR*)
- j. Medium (*seil DEUR DIE GRAS*)

Bykomend tot hierdie lys deelnemerrolle kan daar vir bewegingswerkwoorde in Afrikaans ook ander deelnemerrolle geïdentifiseer word, byvoorbeeld:

(7)

- k. Objek van relatiewe gerigtheid by sintakties oorganklike bewegingswerkwoorde (*volg DIE GIDS*).
- l. Aspek (*HOU AAN om te hardloop*)
- m. Tydsduur (*hardloop VIR TWEE URE*) (vergelyk Ponelis 1979:335)
- n. Tydstip (*vertrek OM TIENUUR*) (vergelyk Ponelis 1979:336)
- o. Tydsoriëntasie (*stap huis toe NADAT HY SY WERK*)

- AFGEHANDEL HET*) (vergelyk Ponelis 1979:340).
- p. Maatstaf (*spring DRIE METER HOOG*) (vergelyk Ponelis 1979:349)
- q. Beoogde resultaat (*draf OM FIKS TE WORD*) (vergelyk Ponelis 1979:349)
- r. Graad van die beweging (*val HEELTEMAL om*) (vergelyk Ponelis 1979:349)

In hoofstuk 2 (afdeling 2.4.4.1) is daarop gewys dat die leksikalisering van 'n deelnemerrol as inherente deel van die werkwoordsemantiek van die werkwoord of as deel van 'n werkwoordkompleks aansienlike beperkinge plaas op verdere spesifisering van daardie rol as 'n aparte konstituent. Die volgende bewegingswerkwoorde is voorbeelde van sulke konflasies (Talmy 1985) wat die feit van beweging en een van die deelnemerrolle gesamentlik uitdruk (vergelyk ook Swanepoel 1995:89):

- (8) *Konflasies van beweging + Deelnemerrol:*
- a. Medium: *swem, vlieg, vaar, sproei ...*
 [vlieg MEDIUM][deur die lug MEDIUM]
- b. Bestemming: *arriveer, bereik ...*
 [bereik BESTEMMING][die basis BESTEMMING]
- c. Bron: *vertrek, afskeid neem ...*
 [verlaat BRON][die kamp BRON]
- d. Klank: *fluit, kraak ...*
 Die koeël [fluit KLANK] by sy ore verby.
- e. Wyse: *skarnier, sukkel ...*
 Die hekkie [skarnier WYSE] toe.

Wanneer 'n bepaalde deelnemerrol uit die prototipe kognitiewe domein as deel van die bewegingswerkwoord se inherente semantiek geleksikaliseer word, kan geen ander geval van dieselfde deelnemerrol normaalweg as 'n adjunk saam met die werkwoord optree nie. In voorbeeld (8a) word twee gevalle van die medium van beweging onderskeidelik geleksikaliseer: beweging deur 'n vloeistof (*swem*) en beweging deur lug (*vlieg, sproei*). In die afwesigheid van 'n uitgedrukte adjunk

waardeur hierdie rolle verder gespesifiseer word, soos in (9), word daar by verstek aanvaar dat die beweging plaasvind deur die medium wat deur die werkwoord se leksikalisering gespesifiseer word:

(9) *Inherente spesifisering van MEDIUM:*

- a. Die kinders swem [MEDIUM: VLOEISTOF] al die hele middag.
- b. Die glasskerwe vlieg [MEDIUM: LUG] in alle rigtings.

Die voorbeelde in (10) en (11) toon aan dat adjunkte met 'n medium-rol slegs saam met hierdie werkwoorde kan optree indien die spesifieke betekenis daarvan versoenbaar is met of aanvullend tot die betekenis van medium inherent aan die werkwoord. 'n Uitdrukking van medium met die kenmerk "vloeistof" of "vaste stof" is byvoorbeeld in botsing met die spesifisering van daardie kenmerk as "lug" in die werkwoordbetekenis:

(10) *Leksikalisering van MEDIUM as 'n afsonderlike konstituent:*

- a. Die kinders swem [MEDIUM: VLOEISTOF] die hele middag al [in die swembad/ in die rivier MEDIUM: VLOEISTOF].
- b. *Die kinders swem [MEDIUM: VLOEISTOF] die hele middag al [deur die sandduin MEDIUM: VASTE STOF / in die lug MEDIUM: LUG].

(11)

- a. Die glasskerwe [vlieg MEDIUM: LUG] in alle rigtings [deur die vertrek/ oor die parkeerterrein/ deur die lug MEDIUM: LUG].
- b. *Die glasskerwe [vlieg MEDIUM: LUG] in alle rigtings [deur die water MEDIUM: VLOEISTOF/ deur die berg MEDIUM: VASTE STOF].

Uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met mekaar en met die werkwoord se kenmerke. Die bewegende entiteit moet

dus kenmerke hê van so 'n aard dat dit in staat is tot beweging:

- van die aard wat deur die bewegingswerkwoord geleksikaliseer word
- oor die gespesifiseerde gebied
- met die gespesifiseerde pad
- vanuit die gespesifiseerde bron
- na die gespesifiseerde bestemming
- op die gespesifiseerde wyse
- met die gespesifiseerde gepaardgaande klank
- met die gespesifiseerde gepaardgaande spoed
- deur middel van die gespesifiseerde instrument
- deur die gespesifiseerde medium
- gerig op die gespesifiseerde objek van gerigtheid
- in ooreenstemming met die gespesifiseerde aspek
- vir die gespesifiseerde tydsduur
- op die gespesifiseerde tydstip
- met die gespesifiseerde tydsoriëntasie
- vir die gespesifiseerde maatstaf
- met die gespesifiseerde beoogde resultaat en
- met die gespesifiseerde graad van beweging.

In die volgende konstruksies is daar botsings tussen die deelnemerrolle onderling, of tussen die kenmerke van die werkwoord en die uitgedrukte deelnemerrolle:

(12)

- a. *Die man betree die koppiespeld.
(BEWEGENDE ENTITEIT en BESTEMMING is onversoenbaar)
- b. *Die mis betree die bergpas.
(inherente spesifisering van AGENS en uitdrukking van BEWEGENDE ENTITEIT is onversoenbaar)
- c. *styg ondertoe
(inherente spesifisering van PAD en uitdrukking van PAD is onversoenbaar)
- d. *arriveer na die lughawe toe
(inherente spesifisering van ASPEK en uitdrukking

- van PAD is onversoenbaar)
- e. *verlaat van die hawe af
(inherente spesifisering van ASPEK en uitdrukking van PAD is onversoenbaar)
 - f. *kruie vinnig aan
(inherente spesifisering van SPOED en uitdrukking van SPOED is onversoenbaar)
 - g. *swem op die tafel
(inherente spesifisering van MEDIUM en uitdrukking van OPPERVLAKTE is onversoenbaar)
 - h. *Die koeël trek uit die boek uit.
(uitdrukkings van BRON en BEWEGENDE ENTITEIT is onversoenbaar)
 - i. *Die atleet spring twee minute lank weg.
(inherente spesifisering van ASPEK en uitdrukking van TYDSDUUR is onversoenbaar)
 - j. *Die donkiekarretjie versnel om op te styg.
(BEWEGENDE ENTITEIT en BEOOGDE RESULTAAT is onversoenbaar)

Die deelnemerrolle vir bewegingswerkwoorde (vergelyk voorbeelde (6) en (7)) behels 'n meer gedetailleerde analise van vyf basiese fasette van beweging: die entiteite, gebondenheid, ruimte, wyse en tyd van beweging. Die adjunkte wat tradisioneel vir werkwoorde geïdentifiseer word, is in baie gevalle sambreelterme vir 'n meer komplekse stel deelnemerrolle. Die wyse-adjunk behels byvoorbeeld deelnemerrolle wat onderskeidelik die wyse, klank, spoed, instrument en beoogde resultaat leksikaliseer. Plekadjunkte dui onderskeidelik die gebied, pad, bron, bestemming en medium van beweging aan. Die volgende groepering van die deelnemerrolle word hieronder voorgestel:

(13)

- a. Entiteite:
 - bewegende entiteit

- objek van relatiewe gerigtheid

b. Gebondenheid:

- aspek
- maatstaf
- graad

c. Ruimte:

- gebied
- pad
- bron
- bestemming
- medium

d. Wyse:

- wyse
- klank
- spoed
- instrument
- beoogde resultaat

e. Tyd¹:

- tydsduur
- tydstip
- tydsoriëntasie

Elkeen van die onderskeie deelnemerrolle is op sigself ook 'n oorkoepelende term vir 'n verskeidenheid relasies. Die wyse van beweging sluit byvoorbeeld uitdrukkings in van beweging deur middel van die liggaam, deur middel van sekere dele van die liggaam en dies meer. Vergelyk afdeling 3.4.11 vir 'n verdere bespreking hiervan.

Oordele oor die versoenbaarheid van die werkwoord se kenmerke, sy uitgedrukte deelnemerrolle en die inhoud van deelnemerrolle onderling verskil dikwels van spreker tot spreker en van konteks tot konteks. Daar is nietemin sekere riglyne wat deurslaggewend is by die beskrywing van valensie

van bewegingswerkwoorde. Dit is nie prakties moontlik om die relasies tussen alle kenmerke vir alle potensiële kombinasies van bewegingswerkwoorde/bewegingswerkwoordkomplekse en hulle potensiële adjunkte en argumente uit te spel nie. So 'n benadering sal ook geen verklarende krag hê nie omdat geen veralgemenings daardeur gemaak word nie. Hier word gepoog om die beperkte stel reëls wat die spreker gebruik in sy vergelyking van die kenmerke, eksplisiet te stel. Vervolgens word hierdie riglyne uitgestippel vir elke afsonderlike deelnemerrol in die deelnemerraam.

3.4.1 BEWEGENDE ENTITEIT

Die kenmerke van die bewegende entiteit moet versoenbaar wees met die inherente spesifikasie van die manier van beweging in die werkwoord se leksikale inskrywing. Indien die werkwoord inherent gespesifiseer is ten opsigte van beweging deur 'n medium D, moet die bewegende entiteit die kenmerk hê [+In staat tot beweging deur medium D]. Indien die werkwoord inherent gespesifiseer is ten opsigte van beweging deur middel van 'n instrument van die tipe I, moet die bewegende entiteit die kenmerke hê [+In staat tot beweging deur middel van instrument: tipe I]. Dieselfde tipe versoenbaarheidsvereistes geld ten opsigte van alle ander deelnemerrolle.

Die bewegende entiteit vertoon onder andere semanties-inhoudelike kenmerke soos [+Lewend] en [+Menslik]. Hierbenewens vertoon enige bewegende entiteit in enige bewegingsituasie ook die volgende relevante kenmerke [BE] in (14). Relevante kenmerk word in hierdie studie gebruik as 'n term vir die deelnemerrol se semanties-pragmatiese kenmerke relatief tot alle ander deelnemerrolle in die bewegingsgebeurtenis.

(14) *Relevante kenmerke [BE] van die bewegende entiteit:*

- a. [+In staat tot beweging X]
- b. [+In staat tot beweging oor die GEBIED G]

- c. [\pm In staat tot beweging met die PAD P]
- d. [\pm In staat tot beweging vanaf die BRON B]
- e. [\pm In staat tot beweging na die BESTEMMING E]
- f. [\pm In staat tot beweging op die WYSE W]
- g. [\pm In staat tot beweging geassosieer met die KLANK K]
- h. [\pm In staat tot beweging met die SPOED S]
- i. [\pm In staat tot beweging deur die INSTRUMENT I]
- j. [\pm In staat tot beweging deur die MEDIUM D]
- k. [\pm In staat tot beweging relatief tot 'n OBJEK O]
- l. [\pm In staat tot beweging met die ASPEK A]
- m. [\pm In staat tot beweging vir die TYDSDUUR TD]
- n. [\pm In staat tot beweging op die TYDSTIP TS]
- o. [\pm In staat tot beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO]
- p. [\pm In staat tot beweging gemeet aan MAATSTAF F]
- q. [\pm In staat tot beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR]
- r. [\pm In staat tot beweging met 'n GRAAD GR van beweging]

Werkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die spoed van beweging kan slegs verbind met bewegende entiteite wat gekonseptualiseer kan word as bewegend met die spoed S waarvoor die werkwoord gespesifiseer is. Gevolglik is die konstruksies in (15) in Afrikaans moontlik, maar nie die konstruksies in (16) nie:

(15)

- a. Die torpedo wat pas afgevuur is, snel deur die water.
- b. Die donkiekarretjie kruie aan met die pad.

(16)

- a. *Die donkiekarretjie snel oor die pad.
- b. *Die torpedo wat pas afgevuur is, kruie aan deur die water.

Die bewegende entiteite in (15) vertoon die relatiewe kenmerk

[+In staat tot die beweging X], waar X onderskeidelik "beweging met 'n vinnige spoed" en "beweging met 'n stadige spoed" is. In (16) is die situasie omgekeer en daar vertoon die bewegende entiteit die kenmerk [-In staat tot die beweging X].

Die bewegende entiteit word altyd afgebeeld op 'n NP:

(17)

- a. [_{NP} Die vis BEWEGENDE ENTITEIT] swem deur die water.
- b. [_{NP} Die torpedo wat pas afgevuur is BEWEGENDE ENTITEIT] pyl op hulle af.

So 'n NP het altyd die sintaktiese funksie van die grammatiese onderwerp in aktiewe sinne, en direkte voorwerp in passiewe sinne, soos

(18)

Daar word aangekruie deur [_{NP} OBJEK die ou donkiekarretjie BEWEGENDE ENTITEIT].

Die voorwerp het die semantiese funksie Agens indien dit die semantiese kenmerk [+Lewend] vertoon en indien dit die pragmatiese kenmerk [+In beheer van die beweging] vertoon, soos in (19a). Andersins het dit die semantiese funksie Tema, soos in (19b):

(19)

- a. [_{NP} Die hond AGENS] rol op sy rug.
- b. [_{NP} Die bal TEMA] rol oor die gras.

3.4.2 OBJEK VAN GERIGTHEID

Oorganklike bewegingswerkwoorde neem die objek van gerigtheid as 'n direkte voorwerp. Die objek van gerigtheid is in sulke gevalle 'n geaffekteerde entiteit op wie/waarop die beweging van 'n bewegende entiteit gerig is. Oorganklike bewegings-

werkwoorde is inherent gespesifiseer vir hierdie rol en dit moet as 'n afsonderlike konstituent geleksikaliseer word. Die geaffekteerde entiteit kan 'n Pasiënt wees, soos in (20) hieronder:

(20)

Die winkeleienaar jaag [_{PP} die kind wat lekkers gesteel het
OBJEK VAN GERIGTHEID: PASIËNT]

In ander gevalle is dit 'n instansie van die bron, bestemming of pad (vergelyk ook afdeling 3.6.1.3 vir meer gevalle):

(21)

- a. arriveer [_{PP} by die eindpunt BESTEMMING]
- b. bereik [_{NP} die eindpunt OBJEK VAN GERIGTHEID:
BESTEMMING]

(22)

- a. vertrek [_{PP} vanaf die beginpunt BRON]
- b. verlaat [_{NP} die beginpunt OBJEK VAN GERIGTHEID: BRON]

(23)

- a. loop [_{PP} agter die spoor aan PAD]
- b. volg [_{NP} die spoor OBJEK VAN GERIGTHEID: PAD]

Verskeie ander deelnemerrolle wat die ruimte en wyse van beweging spesifiseer, kan na voorsetselstroping ook as 'n semantiese direkte objek van die werkwoord optree. Hoewel hierdie deelnemerrolle nie hulle status as pad, medium en dies meer verloor nie, is daar nietemin 'n subtiele betekenisverskil tussen hulle realisering as 'n NP en as 'n PP. Hierdie verskynsel word in meer besonderhede bespreek in afdeling 3.6.1.3. Hier word volstaan met die volgende voorbeelde van die verskynsel:

(24)

- a. swem [_{PP} ADJUNK deur die kanaal MEDIUM]
- b. swem [_{NP} VOORWERP die kanaal OBJEK VAN GERIGTHEID: MEDIUM]

(25)

- a. loop [_{PP} ADJUNK met die pad PAD]
- b. loop [_{NP} VOORWERP die pad OBJEK VAN GERIGTHEID: PAD]

(26)

- a. ry [_{PP} ADJUNK met die stoomtrein INSTRUMENT]
- b. ry [_{NP} VOORWERP die stoomtrein OBJEK VAN GERIGTHEID: INSTRUMENT]

Die sinstuk in die sintaktiese funksie van die direkte voorwerp in die voorbeelde in (b) van (21)-(26) verteenwoordig die objek van relatiewe gerigtheid van die beweging eerder as die bestemming, bron of pad van beweging.

Die geaffekteerde objek kan slegs oort teenwoordig wees in verbinding met werkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die gerigtheid op 'n entiteit. In Afrikaans moet sulke objekte ook uitgedruk wees indien hulle teenwoordigheid in die betekenis van die werkwoord geïmpliseer word. Die geaffekteerde entiteit moet versoenbaar wees met die kenmerke van die werkwoord wat die uitdrukking daarvan vereis, en met al die ander overte deelnemerrolle. Die kenmerke wat met die geaffekteerde objek in die bewegingsituasie geassosieer word, word in (27) weergegee:

(27) *Relatiewe kenmerke [O] van die objek van gerigtheid van beweging:*

- a. [\pm Geskik vir gerigtheid van beweging X]
- b. [\pm Geskik vir gerigtheid deur 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE]
- c. [\pm Geskik vir gerigtheid van beweging oor 'n GEBIED G]
- d. [\pm Geskik vir gerigtheid van beweging met 'n PAD P]

- e. [±Geslik vir gerigtheid van beweging vanaf 'n BRON B]
- f. [±Geslik vir gerigtheid van beweging met 'n BESTEMMING E]
- g. [±Geslik vir gerigtheid van beweging met 'n WYSE W]
- h. [±Geslik vir gerigtheid van beweging met KLANK K]
- i. [±Geslik vir gerigtheid van beweging met 'n SPOED S]
- j. [±Geslik vir gerigtheid van beweging deur 'n INSTRUMENT I]
- k. [±Geslik vir gerigtheid van beweging deur 'n MEDIUM D]
- l. [±Geslik om beweging vir die TYDSDSDUUR TD te akkommodeer]
- m. [±Geslik om beweging op die TYDSTIP TS te akkommodeer]
- n. [±Geslik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te akkommodeer]
- o. [±Geslik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te akkommodeer]
- p. [±Geslik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR te akkommodeer]
- q. [±Geslik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te akkommodeer]

In voorbeelde soos die volgende in (28) is daar 'n botsing tussen die kenmerke van die objek van gerigtheid en die kenmerke van 'n ander raamelement:

(28)

- a. *[Die man BEWEGENDE ENTITEIT] betree [OBJEK die lekkergoedpapiertjie].
- b. *[Die vrou BEWEGENDE ENTITEIT] haas [OBJEK die man] na die hospitaal.
- c. *bereik [die seebodem OBJEK] [op die berg BESTEMMING]

In (28a) vertoon die objek van gerigtheid die kenmerk [-Geskik vir gerigtheid deur 'n bewegende entiteit BE]. Die bewegingswerkwoord *betree* vereis dat die objek van gerigtheid van so 'n aard moet wees dat dit die bewegende entiteit totaal kan omsluit of ontvang en dat dit die verdere beweging van die bewegende entiteit binne die grense van die objek kan akkommodeer. *Die lekkergoedpapiertjie* het nie die relatiewe eienskappe dat dit *die man* kan ontvang of omsluit nie en dit kan nie *die man* se verdere beweging binne die grense daarvan akkommodeer nie. In (28b) het *die man* ook die kenmerk [-Geskik vir gerigtheid deur 'n bewegende entiteit BE]. Die werkwoord *haas* vereis naamlik dat die enigste geskikte objek van gerigtheid 'n refleksiewe voornaamwoord met die bewegende entiteit as referent kan wees (vergelyk die projeksiebeginsel in hoofstuk 2, afdeling 2.4.1.3.1). Die kenmerke van die objek van gerigtheid in (28c), *die seebodem*, sluit in [+Vloeistofmedium] en [+Laagliggendste punt]. Hierteenoor vertoon die bestemming in die konstruksie, *op die berg*, die kenmerke [-Vloeistofmedium] en [-Laagliggendste punt].

Die objek van gerigtheid van beweging verteenwoordig die entiteit waarop die bewegende entiteit se beweging gerig is, en waarvolgens die bewegende entiteit sy beweging aanpas. Dit word altyd afgebeeld op 'n NP en dit is altyd die sintaktiese direkte voorwerp van die aktiewe werkwoord:

(29)

- a. volg [_{NP} VOORWERP die dief]
- b. verlaat [_{NP} VOORWERP die oewer]
- c. bereik [_{NP} VOORWERP die stukkie gras]

3.4.3 ASPEK

Aspek word as 'n inherente deel van die werkwoordsemantiek geleksikaliseer. Alle bewegingswerkwoorde is daarom inherent gemerk ten opsigte van 'n aspek van die duur, begin of einde van die beweging.

Uitdrukings van aspek moet op die volgende maniere versoenbaar wees met die omliggende uitdrukings van deelnemerrolle van 'n bewegingswerkwoord:

(30) *Relatiewe kenmerke [A] van die aspek van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te spesifiseer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te spesifiseer]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te spesifiseer]
- d. [\pm geskik om beweging met 'n PAD P te spesifiseer]
- e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te spesifiseer]
- f. [\pm Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te spesifiseer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n WYSE W te spesifiseer]
- h. [\pm Geskik om beweging met KLANK K te spesifiseer]
- i. [\pm Geskik om beweging met 'n SPOED S te spesifiseer]
- j. [\pm Geskik om beweging deur middel van 'n instrument I te spesifiseer]
- k. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te spesifiseer]
- l. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te spesifiseer]
- m. [\pm Geskik om beweging vir die TYDSDUUR TD te spesifiseer]
- n. [\pm Geskik om beweging op die TYDSTIP TS te spesifiseer]
- o. [\pm Geskik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te spesifiseer]
- p. [\pm Geskik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te spesifiseer]
- q. [\pm Geskik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR te spesifiseer]
- r. [\pm Geskik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te spesifiseer]

Werkwoorde wat inherent gespesifiseer is vir die aspek van beweging, kan nie met 'n uitdrukking van 'n botsende aspek verbind nie. Die werkwoorde in (31) is inherent gespesifiseer ten opsigte van 'n besondere aspek, en die voorbeelde in (32) en (33) illustreer die beperkings wat so 'n spesifikasie plaas op die uitdrukking van aspek in die sin:

(31)

- a. [-Duur, +Begin] vertrek, verlaat
- b. [-Duur, +Einde] arriveer, bereik
- c. [+Duur] loop, sweef, wapper, val, volg

Werkwoorde met die Aspek [-Duur] is inherent afgebaken en verbind nie met uitdrukking van tydsduur of maatstaf nie:

(32)

- a. Hy [arriveer +EINDE] in die dorp [vandag TYDSTIP].
- b. *Hy [arriveer +EINDE] in die dorp [die hele dag lank TYDSDUUR].

(33)

- *[land -DUUR: +EINDE] ['n kilometer lank MAATSTAF]

Werkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van [+Duur] kan geredelik verbind met uitdrukking van tydsduur, maar nie sonder meer met uitdrukking van tydstop nie:

(34)

- a. [volg +DUUR] die blou motor [die hele dag lank TYDSDUUR]
- b. *[volg +DUUR] die blou motor [om tienuur (en hou dan op) TYDSTIP]

Die voorbeelde van die uitdrukking van aspek in (32b), (33) en (34b) het telkens die kenmerk [-Gesik om beweging X te spesifiseer]. In (34b) het die werkwoord, *arriveer*, die kenmerk [-Duur], wat onversoenbaar is met die kenmerk [+Duur] van *die hele dag*. *Vandag* in (34a) het die kenmerk [\pm Duur],

wat dit versoenbaar maak met uitdrukkings met die kenmerk [+Duur] sowel as uitdrukkings met die kenmerk [-Duur]. Volg in (34a) het die kenmerk [+Duur], wat onversoenbaar is met die kenmerk [-Duur] in die uitdrukking *om tienuur (en hou dan op)*.

Uitdrukkings van pad vooronderstel dat die beweging van 'n durende aard is, en laat verbindings toe met uitdrukkings wat 'n ooreenstemmende aspek leksikaliseer, soos in (35):

(35)

[ry +DUUR] die paadjie [_{AP}ure lank TYDSDUUR] [tot by die plaashuis PAD]

Die uitdrukking van aspek beeld af op 'n bywoord (in (36)), AP (in (35)) of 'n PP (in (37)):

(36)

a. spring [_{Adv}plotseling ASPEK] uit die water

(37)

a. spring [_{PP}met tussenposes ASPEK] in die water]

3.4.4 MAATSTAF

Die uitdrukking van die maatstaf van beweging moet op die volgende wyses versoenbaar wees met die bewegingswerkwoord se valensieruum:

(38) *Relatiewe kenmerke [F] van die maatstaf van beweging:*

- a. [+Gesik om beweging X te spesifiseer]
- b. [+Gesik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te spesifiseer]
- c. [+Gesik om beweging oor 'n GEBIED G te spesifiseer]
- d. [+Gesik om beweging met 'n PAD P te spesifiseer]
- e. [+Gesik om beweging vanaf 'n BRON B te

- spesifiseer]
- f. [+Gesik om beweging met 'n BESTEMMING E te spesifiseer]
 - g. [+Gesik om beweging met 'n WYSE W te spesifiseer]
 - h. [+Gesik om beweging met KLANK K te spesifiseer]
 - i. [+Gesik om beweging met 'n SPOED S te spesifiseer]
 - j. [+Gesik om beweging deur middel van 'n instrument I te spesifiseer]
 - k. [+Gesik om beweging deur 'n MEDIUM D te spesifiseer]
 - l. [+Gesik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te spesifiseer]
 - m. [+Gesik om beweging met 'n ASPEK A te spesifiseer]
 - n. [+Gesik om beweging vir die TYDSDUUR TD te spesifiseer]
 - o. [+Gesik om beweging op die TYDSTIP TS te spesifiseer]
 - p. [+Gesik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te spesifiseer]
 - q. [+Gesik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR te spesifiseer]
 - r. [+Gesik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te spesifiseer]

Die uitdrukking van maatstaf in 'n konstruksie word beperk deur die inherente aspek van die bewegingswerkwoord (vergelyk afdeling 3.4.3). Bewegingswerkwoorde van 'n durende aard, soos *hardloop* in (39), kan geredelik met 'n uitdrukking van maatstaf verbind:

(39)

[hardloop +DUUR] [twee kilometer ver MAATSTAF]

Bewegingswerkwoorde met die kenmerk [-Duur] kan met uitdrukkings van maatstaf verbind slegs indien die aspek van die werkwoord nie gespesifiseer is ten opsigte van die begin

of einde van die beweging nie. *Spring* in (40a) is nie gespesifiseer ten opsigte van die begin of einde van beweging nie, maar *wegspring* in (40b) is gespesifiseer ten opsigte van die begin van beweging:

(40)

- a. [spring -DUUR: -BEGIN, -EINDE] ['n meter ver MAATSTAF]
- b. *[spring weg -DUUR: +BEGIN] ['n meter ver MAATSTAF]

Maatstaf word afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP. In alle gevalle het dit die funksie van 'n adjunk:

(41)

- a. loop [_{Adv} ADJUNK ver MAATSTAF]
- b. loop [_{AP} ADJUNK drie meter ver MAATSTAF]
- c. loop [_{PP} ADJUNK vir drie meter MAATSTAF]

3.4.5 GRAAD

Die graad van beweging spesifiseer die mate waartoe 'n beweging ten volle of gedeeltelik plaasvind. 'n Toring kan byvoorbeeld gedeeltelik of heeltemal *kantel*:

(42)

- a. Die toring kantel [heeltemal GRAAD] (en val om).
- b. Die toring kantel [effens GRAAD] (maar bly nog skeef staan).

'n Mens kan egter nie gedeeltelik of heeltemal *ry* nie:

(43)

- a. *Hy ry [heeltemal GRAAD] in sy motor.
- b. *Hy ry [effens GRAAD] in sy motor.

Kantel leksikaliseer 'n gradeerbare beweging met 'n pad wat strek van die bron ('n posisie op een sy) na 'n bestemming

('n posisie op 'n volgende sy). Hierdie beweging kan ten volle (*heeltemal*) of gradueel (*effens*) plaasvind. Ry is egter nie 'n gradeerbare beweging nie omdat dit slegs die wyse van beweging leksikaliseer en nie die pad, bron of bestemming nie. Wanneer 'n uitdrukking van pad, bron of bestemming egter as 'n adjunk van die werkwoord optree, word die bewegingsgebeurtenis daardeur afgebaken en daarom gradeerbaar gemaak:

(44)

- a. Hy ry [heeltemal GRAAD] [uit ons bereik uit BRON].
- b. Hy ry [effens GRAAD] [nader aan die motor voor hom BESTEMMING].

Die uitdrukking van 'n resultaat van die beweging maak die bewegingsgebeurtenis ook gradeerbaar omdat die gebeurtenis dan gemeet kan word aan die graad waartoe die resultaat bereik is:

(45)

- a. loop homself [meer GRAAD] [nugter BEOOGDE RESULTAAT]
- b. *loop homself [meer GRAAD]

(46)

- a. die hek swaai [groter GRAAD] [oop BEOOGDE RESULTAAT]
- b. *die hek swaai [groter GRAAD]

Bewegingsgebeurtenisse wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van óf die bron óf die bestemming van beweging is sogenaamde **werkwoorde van bereiking** (*achievement verbs*, of "teliese" werkwoorde) en per definisie ongradeerbaar:

(47)

- a. *[arriveer BESTEMMING] [heeltemal GRAAD]
- b. *[verlaat BRON] [haar man OBJEK VAN GERIGTHEID: BRON] [gedeeltelik GRAAD]

Uitdrukkings van graad moet op die volgende wyses versoenbaar wees met die bewegingswerkwoord se valensieraam:

- (48) *Relatiewe kenmerke [GR] van die graad van beweging:*
- a. [\pm Geskik om beweging X te spesifiseer]
 - b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te spesifiseer]
 - c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te spesifiseer]
 - d. [\pm Geskik om beweging met 'n PAD P te spesifiseer]
 - e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te spesifiseer]
 - f. [\pm Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te spesifiseer]
 - g. [\pm Geskik om beweging met 'n WYSE W te spesifiseer]
 - h. [\pm Geskik om beweging met KLANK K te spesifiseer]
 - i. [\pm Geskik om beweging met 'n SPOED S te spesifiseer]
 - j. [\pm Geskik om beweging deur middel van 'n instrument I te spesifiseer]
 - k. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te spesifiseer]
 - l. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te spesifiseer]
 - m. [\pm Geskik om beweging met 'n ASPEK A te spesifiseer]
 - n. [\pm Geskik om beweging vir die TYDSDUUR TD te spesifiseer]
 - o. [\pm Geskik om beweging op die TYDSTIP TS te spesifiseer]
 - p. [\pm Geskik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te spesifiseer]
 - q. [\pm Geskik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te spesifiseer]
 - r. [\pm Geskik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR te spesifiseer]

Graad word afgebeeld op 'n bywoord van graad, 'n AP of 'n PP in die funksie van 'n graad-adjunk:

(49)

- a. swaai [_{Adv} ADJUNK heeltemal GRAAD] oop

- b. rol [_{AP} ADJUNK amper heeltemal] af
- b. gaan [_{PP} ADJUNK op sy grootste GRAAD] oop

3.4.6 GEBIED

Die kenmerke van die gebied waaroor, waarbinne of waardeur die beweging plaasvind, moet geskik wees om die tipe beweging wat in die werkwoord geleksikaliseer word, te akkommodeer, en dit moet geskik wees om al die ander deelnemerrolle te akkommodeer. Die gebied van beweging vertoon die relatiewe kenmerke wat in (50) uiteengesit word, en wat vergelyk word met die kenmerke van die werkwoord en al die teenwoordige of geïmpliseerde semantiese deelnemerrolle:

(50) *Relatiewe kenmerke [G] van die gebied van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te akkommodeer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te akkommodeer]
- c. [\pm Geskik om 'n PAD P van beweging te akkommodeer]
- d. [\pm Geskik om 'n BRON B van beweging te akkommodeer]
- e. [\pm Geskik om 'n BESTEMMING E van beweging te akkommodeer]
- f. [\pm Geskik om 'n WYSE W van beweging te akkommodeer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n KLANK K te akkommodeer]
- h. [\pm Geskik om beweging met SPOED S te akkommodeer]
- i. [\pm Geskik om beweging deur 'n INSTRUMENT I te akkommodeer]
- j. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te akkommodeer]
- k. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te akkommodeer]
- l. [\pm Geskik om beweging met 'n ASPEK A te akkommodeer]
- m. [\pm Geskik om beweging vir 'n TYDSTDSUUR TD te akkommodeer]
- n. [\pm Geskik om beweging op 'n TYDSTIP TS te akkommodeer]
- o. [\pm Geskik om beweging volgens 'n TYDSORIËNTASIE TO te akkommodeer]

- p. [±Gesik om beweging gemeet aan 'n MAATSTAF F te akkommodeer]
- q. [±Gesik om beweging met 'n BEOOGDE RESULTAAT BR te akkommodeer]
- r. [±Gesik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te akkommodeer]

Op grond van 'n vergelyking van die kenmerke van die gebied, word die keuse in (b) in elke voorbeeld in (51) - (54) onaanvaarbaar gevind. In die voorbeelde in (a) van (51) - (54) is die uitgedrukte gebied versoenbaar met die ander deelnemerrolle en positief gemerk ten opsigte van geskiktheid om dit te akkommodeer. Die inherente betekenis van die gebied is egter telkens onversoenbaar met die betekenis van die overte raamelement in (b), en daarom negatief gemerk ten opsigte van geskiktheid om dit te akkommodeer.

(51)

- a. [Die voël BEWEGENDE ENTITEIT] loop [op die boomtoppe GEBIED].
- b. *[Die olifant BEWEGENDE ENTITEIT] loop [op die boomtoppe GEBIED].

(52)

- a. ry [op hierdie stuk teerpad GEBIED] [tot by die huis BESTEMMING]
- b. *ry [op hierdie stuk teerpad GEBIED] [tot in die bloedvat BESTEMMING]

(53)

- a. [swaai WYSE] [met 'n tou WYSE] [bo-oor die spruit GEBIED]
- b. *[kruip WYSE] [op sy knieë WYSE] [bo-oor die spruit GEBIED]

(54)

- a. ry [te perd INSTRUMENT] [op die voetpaadjie GEBIED]
- b. *ry [per trein INSTRUMENT] [op die voetpaadjie GEBIED]

Die gebied word sintakties meestal afgebeeld op 'n PP:

(55)

- a. Die fietsryers ry [_{PP} ADJUNK in die straat GEBIED].
- b. Die voëls land [_{PP} ADJUNK op die boomtoppe GEBIED].
- c. Hy spring [_{PP} ADJUNK bo-oor die spruit GEBIED].

In sommige gevalle word dit na voorsetselstropping ook op 'n NP afgebeeld (vergelyk verder afdeling 3.6.1.3)

(56)

- a. Klim [_{PP} ADJUNK met die berg op GEBIED] tot bo.
- b. Klim [_{NP} VOORWERP die berg GEBIED] tot bo.

Wanneer die gebied op 'n PP afgebeeld word, vervul dit die funksie van 'n plek-adjunk en wanneer dit op 'n NP afgebeeld word, is dit die semantiese direkte voorwerp in 'n aktiewe sin.

3.4.7 PAD

Die pad van beweging moet aan dieselfde kriteria voldoen as wat in die vorige twee afdelings vir die bewegende entiteit en die gebied van beweging uitgestippel is. Die relatiewe kenmerke wat met die pad van beweging geassosieer word, word in (57) aangetoon:

(57) *Relatiewe kenmerke [P] van die pad van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te akkommodeer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te akkommodeer]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te akkommodeer]
- d. [\pm Geskik om beweging vanuit 'n BRON B te

- akkommodeer]
- e. [±Geslik om beweging met 'n BESTEMMING E te akkommodeer]
 - f. [±Geslik om beweging met 'n WYSE W te akkommodeer]
 - g. [±Geslik om beweging met 'n KLANK K te akkommodeer]
 - h. [±Geslik om beweging met SPOED S te akkommodeer]
 - i. [±Geslik om beweging deur 'n INSTRUMENT I te akkommodeer]
 - j. [±Geslik om beweging deur 'n MEDIUM D te akkommodeer]
 - k. [±Geslik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te akkommodeer]
 - l. [±Geslik om beweging met 'n ASPEK A te akkommodeer]
 - m. [±Geslik om beweging vir 'n TYDSTDSUUR TD te akkommodeer]
 - n. [±Geslik om beweging op 'n TYDSTIP TS te akkommodeer]
 - o. [±Geslik om beweging met 'n TYDSORIËNTASIE TO te akkommodeer]
 - p. [±Geslik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te akkommodeer]
 - q. [±Geslik om beweging met 'n BEOOGDE RESULTAAT BR te akkommodeer]
 - r. [±Geslik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te akkommodeer]

By bewegingswerkwoorde met inherente aanduiding van pad moet die uitgedrukte pad-adjunkte ooreenstem met die pad wat in die werkwoord geleksikaliseer word. By verstek van so 'n adjunk word aanvaar dat die rigting gehandhaaf word wat in die werkwoord geleksikaliseer word. Konstruksies soos **daal boontoe* is in Afrikaans nie moontlik nie, omdat *daal* inherent gespesifiseer is ten opsigte van 'n afwaartse rigting, en omdat *boontoe* inherent gespesifiseer is ten opsigte van 'n opwaartse rigting. Die uitdrukking van 'n pad word uitgesluit by alle bewegingswerkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die bestemming van die beweging, soos in die volgende voorbeelde in (58):

(58)

- a. arriveer [op die lughawe BESTEMMING]
- b. *arriveer [na die lughawe toe PAD]

Arriveer het die aspektuele kenmerke [-Duur, +Einde]. Uitdrukkings van pad vooronderstel egter 'n durende beweging. Werkwoorde soos *arriveer*, *land* en *aankom* is inherent gespesifiseer ten opsigte van een faset van die pad van beweging, naamlik die voltooiing van die pad. 'n Werkwoord soos *betree* is inherent gespesifiseer ten opsigte van die begin van pad en kan eweneens nie met 'n pad-adjunk van rigting verbind nie:

(59)

- *[betree -DUUR, +BEGIN] die era [na die einde toe PAD]

Die deelnemerrol van die pad van beweging word afgebeeld op 'n PP:

(60)

- a. Beweeg [_{PP} ADJUNK na die aanloopbaan PAD].
- b. Nader die dorp [_{PP} ADJUNK met 'n ompad PAD].
- c. afdwaal [_{PP} ADJUNK van die goeie pad PAD]

Dit kan ook op 'n NP afgebeeld word na voorsetselstroping (vergelyk afdeling 3.6.1.3):

(61)

- a. loop [_{PP} VOORWERP met die pad PAD]
- b. loop [_{NP} VOORWERP die pad PAD]

Die Pad word ook afgebeeld op 'n bywoord:

(62)

- a. loop [_{Adv} ADJUNK vorentoe PAD]

In die vorm van 'n PP of Adv is die funksie van die semantiese rol dié van 'n rigting-adjunk. Indien dit op 'n NP

afgebeeld is, het die rol die funksie van die grammatiese direkte voorwerp by aktiewe sinne, en die grammatiese onderwerp by passiewe sinne.

3.4.8 BRON

Die gespesifiseerde beweging moet kan plaasvind vanaf of vanuit die uitgedrukte of geïmpliseerde bron, met inagneming van die versoenbaarheid tussen die kenmerke van die bron en al die ander deelnemerrolle, op die manier wat reeds vroeër aangetoon is, byvoorbeeld:

(63)

- a. Die mense het [uit die brandende huis BRON] gehardloop.
- b. Die geselskap stap [van hierdie punt af BRON].

Die relatiewe kenmerke van die bron van beweging word in (64) gelys:

(64) *Relatiewe kenmerke [B] van die bron van beweging:*

- a. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging X]
- b. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE]
- c. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging oor 'n GEBIED G]
- d. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n PAD P]
- e. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n BESTEMMING E]
- f. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n WYSE W]
- g. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n KLANK K]
- h. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging met SPOED S]
- i. [\pm Geskik om as beginpunt op te tree vir beweging

- deur 'n INSTRUMENT I]
- j. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging deur 'n MEDIUM D]
 - k. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging relatief tot 'n OBJEK O]
 - l. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n ASPEK A]
 - m. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging vir 'n TYDSDUUR TD]
 - n. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging op 'n TYDSTIP TS]
 - o. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n TYDSORIËNTASIE TO]
 - p. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging gemeet aan 'n MAATSTAF F]
 - q. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n BEOOGDE RESULTAAT BR]
 - r. [±Geslik om as beginpunt op te tree vir beweging met 'n GRAAD GR van beweging]

'n Konstruksie soos die voorbeeld in (65a) is in Afrikaans nie moontlik nie, omdat *val* behels dat beweging onwillekeurig en onbeheersd plaasvind van 'n hoër na 'n laer punt:

(65)

- a. **val* [van die vloer af BRON]
- b. *val* [van die vloer af BRON] [deur die gat in die vloerplanke PAD]

Die kenmerke van die bron in (65a) sluit in die feit dat dit die laagste punt in 'n vertrek is, en as sodanig bots dit met die kenmerke van die bewegingswerkwoord *val*, wat vereis dat die beweging van 'n hoër na 'n laer punt moet gaan. In (65b) word die beweging gekwalifiseer deur 'n uitdrukking van die pad-rol, *deur die gat in die vloerplanke*, met die implikasie dat die bron van die beweging, *die vloer*, relatief hoër is as die bestemming waarheen die bewegende entiteit op pad is. Gevolglik word daar in hierdie geval voldoen aan die vereiste

dat die bron in die drie-dimensionele ruimte bo die bestemming of beoogde bestemming geplaas is.

Die semantiese rol van die bron van beweging word in 'n sin afgebeeld op 'n PP-konstruksie:

(66)

- a. Toe die polisiehonde opdaag, het die ondersteuners blitsvinnig [_{PP} van die deure BRON] wegbeweeg.
- b. Bes het drie jaar gelede [_{PP} uit Nederland BRON] na Suid-Afrika geïmmigreer.
- b. Die reën drup [_{PP} van die dak af BRON].

Die voorsetsel wat as hoof optree van die PP-konstruksie in die semanties-pragmatiese funksie van die bron van beweging, het altyd die betekenis "(van)af" of "(van)uit". Sekere bewegingswerkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die bron van beweging en wat ook die kenmerk het dat die beweging inherent gerig is op die bron, neem die bron as 'n direkte voorwerp. In sulke gevalle word die bron op 'n NP afgebeeld in die aktiewe sin (vergelyk afdeling 3.4.2):

(67)

- a. Ons het maar net daar rondgehang en het [_{NP} VOORWERP die plaas OBJEK VAN GERIGTHEID: BRON] net verlaat wanneer ons 'n opdrag gehad het om uit te voer.

3.4.9 BESTEMMING

Die gespesifiseerde beweging moet kan eindig by die gespesifiseerde bestemming; die bewegende entiteit moet gekonseptualiseer word as in staat om die bestemming te bereik en die kenmerke van die bestemming moet versoenbaar wees met al die ander owerste deelnemerrolle, soos in (68) uiteengesit word:

- (68) *Relatiewe kenmerke [E] van die bestemming van beweging:*
- a. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging X]
 - b. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE]
 - c. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging oor 'n GEBIED G]
 - d. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met 'n PAD P]
 - e. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging vanaf 'n BRON B]
 - f. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met 'n WYSE W]
 - g. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met 'n KLANK K]
 - h. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met SPOED S]
 - i. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging deur 'n INSTRUMENT I]
 - j. [\pm geskik om as eindpunt op te tree vir beweging deur 'n MEDIUM D]
 - k. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging relatief tot 'n OBJEK O]
 - l. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met 'n ASPEK A]
 - m. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met 'n TYDSDUUR TD]
 - n. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging op 'n TYDSTIP TS]
 - o. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met 'n TYDSORIËNTASIE TO]
 - p. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging gemeet aan 'n MAATSTAF F]
 - q. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR]
 - r. [\pm Geskik om as eindpunt op te tree vir beweging met 'n GRAAD GR van beweging]

Bewegingswerkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die bestemming van die beweging het die kenmerk [-Duur] en kan nie met pad-adjunkte verbind met die kenmerk [+Duur] nie (vergelyk voorbeeld (58) en afdeling 3.4.7). In die volgende voorbeelde is die bestemming van die beweging onversoenbaar met die betekenis van die werkwoord:

(69)

- a. *styg na [die grond BESTEMMING]

In die voorbeeld in (69) word *die grond* as die laagste punt in die omgewing beskou, in die afwesigheid van enige inligting tot die teendeel. *Styg* is daarenteen inherent gespesifiseer vir beweging van 'n laer na 'n hoër punt in 'n drie-dimensionele ruimte. Die werkwoord *styg* in (69) het onder andere die kenmerk in (70a), wat onversoenbaar is met die kenmerk van die bestemming, *die grond*, in (70b):

(70)

- a. *styg*: [+Bestemming relatief hoër as bron]
b. *die grond*: [-Bestemming relatief hoër as bron]
waar X *styg* is, met die kenmerk in (70a).

Die bestemming word op dieselfde maniere as die bron afgebeeld in die sin. Meestal leksikaliseer dit as 'n PP met die sintaktiese funksie van 'n adjunk:

(71)

- a. Die vlieënier het [_{PP} ADJUNK na Vilanculos BESTEMMING] teruggevlieg.
b. die verstommende binnegeveg wat tussen die ANC-leierskap en Winnie [_{PP} ADJUNK na die oppervlak BESTEMMING] geborrel het

Enkele bewegingswerkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die gerigtheid op die bestemming van beweging, neem die bestemming as 'n direkte voorwerp in die aktiewe sin. In sulke gevalle word die bestemming op 'n NP afgebeeld

as 'n besondere semantiese funksie van die objek van gerigtheid (vergelyk afdeling 3.4.2 en afdeling 3.6.1.3):

(72)

Die boot nader [_{NP} VOORWERP die hawe OBJEK VAN GERIGTHEID: BESTEMMING].

3.4.10 MEDIUM

Uitdrukkings van die medium van beweging moet aan dieselfde vereistes voldoen as die ander deelnemerrolle. Dit moet geskik wees vir die besondere bewegende entiteit en die beweging in die konstruksie. Dit moet ook versoenbaar wees met al die ander uitdrukkings van deelnemerrolle. Die kenmerke van die medium van beweging word in (73) gelys:

(73) *Relatiewe kenmerke [D] van die medium van beweging:*

- a. [±Gesik om beweging X te akkommodeer]
- b. [±Gesik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te akkommodeer]
- c. [±Gesik om beweging oor 'n GEBIED G te akkommodeer]
- d. [±Gesik om beweging met 'n PAD P te akkommodeer]
- e. [±Gesik om beweging vanaf 'n BRON B te akkommodeer]
- f. [±Gesik om beweging met 'n BESTEMMING E te akkommodeer]
- g. [±Gesik om beweging met 'n WYSE W te akkommodeer]
- h. [±Gesik om beweging met KLANK K te akkommodeer]
- i. [±Gesik om beweging met 'n SPOED S te akkommodeer]
- j. [±Gesik om beweging deur 'n INSTRUMENT I te akkommodeer]
- k. [±Gesik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te akkommodeer]
- l. [±Gesik om beweging met 'n ASPEK A te akkommodeer]
- m. [±Gesik om beweging vir 'n TYDSDUUR TD te

- akkommodeer]
- n. [±Geslik om beweging op die TYDSTIP TS te akkommodeer]
- o. [±Geslik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te akkommodeer]
- p. [±Geslik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te akkommodeer]
- q. [±Geslik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR te akkommodeer]
- r. [±Geslik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te akkommodeer]

In (8a) is voorbeelde gegee van werkwoorde soos *vlieg* en *vaar* wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van beweging deur 'n spesifieke medium. In die geval van *vlieg* is die spesifikasie ten opsigte van lug, en in die geval van *vaar* ten opsigte van vloeistof. In albei gevalle moet die uitdrukking van medium versoenbare kenmerke met dié van die werkwoord vertoon, soos uit die voorbeelde in (74) afgelei kan word:

(74)

- a. *vlieg* [deur die lug MEDIUM]
 b. **vlieg* [deur die water MEDIUM]

(75)

- a. *vaar* [deur die water MEDIUM]
 b. **vaar* [deur die gras MEDIUM]

Deur die water in (74b) en *deur die gras* in (75b) het albei die relatiewe kenmerk [-Geslik om beweging X te akkommodeer]. X is in (74) "beweging deur 'n lugmedium" en in (75) "beweging deur 'n vaste stofmedium", wat onversoenbaar is met die onderskeie kenmerke van die uitgedrukte medium in elke geval. In (76) hieronder word die onversoenbaarheid van die kenmerke van die uitgedrukte medium met die kenmerke van ander deelnemerrolle geïllustreer:

(76)

- a. stap [op die voetpaadjie GEBIED] [deur die veld MEDIUM]
- b. *stap [op die voetpaadjie GEBIED] [deur die see MEDIUM]

Die bewegende entiteit in (76a) het die kenmerk [+In staat tot beweging deur 'n vloeistofmedium], teenoor die kenmerk van *die veld*, wat [-Vloeistof] gemerk is. Die medium in hierdie geval, *deur die veld*, het gevolglik die kenmerk [-Gesik om die beweging van die bewegende entiteit BE te akkommodeer], waar BE positief gemerk is vir 'n vloeistofmedium. In (76b) het die uitgedrukte gebied, *op die voetpaadjie*, die kenmerk [+Landoppervlakte], teenoor die uitgedrukte medium se kenmerk [-Landoppervlakte]. Gevolglik het die medium hier ook die relatiewe kenmerk [-Gesik om beweging met 'n pad P te akkommodeer], waar P die kenmerk [+Landoppervlakte] vertoon.

Medium word (soos gebied) sintakties afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n adjunk. Na voorsetselstropping kan dit ook op 'n NP afgebeeld word in die sintaktiese funksie van 'n voorwerp (vergelyk afdeling 3.6.1.3)

(77)

- a. Die klippe spoel [_{PP} ADJUNK deur die rivier MEDIUM].
- b. swem [_{NP} VOORWERP die rivier MEDIUM]

3.4.11 WYSE

Uitdrukkings van die manier van beweging moet aanpas by die beperkinge van die bewegende entiteit, die beperkinge van die werkwoord en die beperkinge wat alle omringende deelnemerrolle daarop plaas. Die relatiewe kenmerke van sinstukke wat die manier van beweging uitdruk, word in (78) gegee:

(78) *Relatiewe kenmerke [W] van die wyse van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te presiseer]
- b. [\pm Geskik om die beweging te presiseer van 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te presiseer]
- d. [\pm Geskik om beweging met 'n PAD P te presiseer]
- e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te presiseer]
- f. [\pm Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te presiseer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n KLANK K te presiseer]
- h. [\pm Geskik om beweging met SPOED S te presiseer]
- i. [\pm Geskik om beweging deur 'n INSTRUMENT I te presiseer]
- j. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te presiseer]
- k. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te presiseer]
- l. [\pm Geskik om beweging met 'n ASPEK A te presiseer]
- m. [\pm Geskik om beweging met 'n TYDSDUUR TD te presiseer]
- n. [\pm Geskik om beweging op 'n TYDSTIP TS te presiseer]
- o. [\pm Geskik om beweging met 'n TYDSORIËNTASIE TO te presiseer]
- p. [\pm Geskik om beweging gemeet aan 'n MAATSTAF F te presiseer]
- q. [\pm Geskik om beweging met 'n BEOOGDE RESULTAAT BR te presiseer]
- r. [\pm Geskik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te presiseer]

Indien die werkwoord inherent gespesifiseer is ten opsigte van 'n manier van beweging, moet die uitgedrukte adjunkte van manier dit aanvul of beklemtoon. 'n Werkwoord met die inherente spesifikasie [$+$ Beweeg deur wyse W] kan dus nie verbind met 'n bepaling van manier met die kenmerk [$-$ W] nie, soos in die voorbeelde in (79) aangetoon word:

(79)

- a. Die water vloei [in dun stroompies WYSE] weg.

- b. *Die water vloei [op sy/hulle hande en knieë WYSE]
weg.

In (79a,b) het vloei die inherente kenmerk [+Beweeg in 'n uniforme massa]. Die uitdrukking van wyse in (79a) vul hierdie inherente uitdrukking van manier eksplisiet aan, maar die uitdrukking van wyse in (79b) weerspreek dit. Die relatiewe kenmerke van die werkwoord, teenoor dié van die uitdrukking van manier, word in (80) uiteengesit:

(80)

- a. vloei: [+WYSE: in 'n uniforme massa]
b. in dun stroompies: [+WYSE: in 'n uniforme massa]
c. op hande en knieë: [-WYSE: in 'n uniforme massa]

Die rol van wyse word afgebeeld op 'n PP (in (81)), op 'n AP (in (82)) of op 'n bywoord (in (83)). In alle gevalle vervul dit die sintaktiese funksie van 'n adjunk:

(81)

- a. Mense begewe hulle [_{PP} ADJUNK met so min kennis, ervaring en opleiding WYSE] op die terrein.
b. [_{PP} ADJUNK deur middel van 'n bootjie WYSE] die rivier oorsteek
c. Deesdae strompel die sumostoeier [_{PP} ADJUNK met swak knieë WYSE] die sumokryt binne.

(82)

Hy gaan nie die huis [_{AP} ADJUNK lewend WYSE] verlaat nie.

(83)

Ou gunsteling het [_{Adv} ADJUNK goed WYSE] van die tonge gerol.

3.4.12 KLANK

Die bewegende entiteit moet in staat wees daartoe om tydens

beweging die geluid voort te bring wat deur die sinstuk in die semantiese rol van klank gespesifiseer word, die gespesifiseerde tipe beweging moet die gespesifiseerde klank kan veroorsaak, en alle ander deelnemerrolle moet op soortgelyke wyse met die klank versoenbaar wees. Die kenmerke van die uitgedrukte spesifikasie van klank word in (84) gegee:

(84) *Relatiewe kenmerke [K] van die klank van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te presiseer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te presiseer]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te presiseer]
- d. [\pm Geskik om beweging met 'n PAD P te presiseer]
- e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te presiseer]
- f. [\pm geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te presiseer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n WYSE W te presiseer]
- h. [\pm Geskik om beweging met SPOED S te presiseer]
- i. [\pm Geskik om beweging deur 'n INSTRUMENT I te presiseer]
- j. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te presiseer]
- k. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te presiseer]
- l. [\pm Geskik om beweging met 'n ASPEK A te presiseer]
- m. [\pm Geskik om beweging vir 'n TYDSDUUR TD te presiseer]
- n. [\pm Geskik om beweging op 'n TYDSTIP TS te presiseer]
- o. [\pm Geskik om beweging met 'n TYDSORIËNTASIE TO te presiseer]
- p. [\pm Geskik om beweging gemeet aan 'n MAATSTAF F te presiseer]
- q. [\pm Geskik om beweging met 'n BEOOGDE RESULTAAT BR te presiseer]
- r. [\pm Geskik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te presiseer]

Sekere werkwoorde kan in die betekenis van bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die klank van beweging gebruik word, soos *fluit* en *dreun* in die voorbeelde in (85). Sulke bewegingswerkwoorde kan slegs met uitdrukkings van klank verbind indien die klank in die werkwoord en die klank in die uitdrukking van dieselfde tipe is:

(85)

- a. die vragmotors dreun om hom [met 'n groot lawaai KLANK]
- b. *die vragmotors dreun [skaars hoorbaar KLANK] om hom

Die betekenis van *dreun* as 'n bewegingswerkwoord is "om te beweeg met die vrystelling van harde dreungeluide", en daardie betekenis word ondersteun deur 'n groot lawaai in (85a). Die uitdrukking *skaars hoorbaar* in (29b) het egter die kenmerk [-Harde geluid], en daarom die relatiewe kenmerk [-Gesik om die beweging X te akkommodeer], waar X se betekenis [+Harde geluid insluit].

Sekere werkwoorde is inherent gespesifiseer vir die luidheid of sagtheid van die klank waarmee dit gepaard kan gaan, hoewel dit nie die tipe klank spesifiseer nie. Werkwoorde soos *sluip* en *bekruip* vertoon die kenmerk [-Harde klank], en daarom is hulle onversoenbaar met uitdrukkings van harde klank, soos in (86):

(86)

- a. *sluip [skreeuend KLANK] op die wagte af
- b. *bekruip die prooi [lawaaierig KLANK]

Klank word op dieselfde manier as die semantiese rol van wyse afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP. Die sinstukke waarop die klank afgebeeld word, tree op in die funksie van klankadjunkte van die werkwoord:

(87)

- a. ry [_{PP} ADJUNK met 'n gedreun van enjins KLANK] daar

weg

- b. loop [_{Adv} ADJUNK saggies KLANK]
- c. ry [_{Adv} ADJUNK dreunend KLANK] weg
- d. loop [_{AP} ADJUNK skaars hoorbaar KLANK] oor die vloer

3.4.13 SPOED

Uitdrukkings van spoed moet versoenbaar wees met die inherente aanduiding van spoed in die werkwoord, die vermoë tot spoed van die bewegende entiteit, en met al die ander deelnemerrolle wat uitgedruk word, soos dit in (88) aangetoon word:

(88) *Relatiewe kenmerke [S] van die spoed van beweging:*

- a. [±Geskik om beweging X te presiseer]
- b. [±Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te presiseer]
- c. [±Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te presiseer]
- d. [±Geskik om beweging met 'n PAD P te presiseer]
- e. [±Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te presiseer]
- f. [±Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te presiseer]
- g. [±Geskik om beweging met 'n WYSE W te presiseer]
- h. [±Geskik om beweging met KLANK K te presiseer]
- i. [±Geskik om beweging deur 'n INSTRUMENT I te presiseer]
- j. [±Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te presiseer]
- k. [±Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te presiseer]
- l. [±Geskik om beweging met 'n ASPEK A te presiseer]
- m. [±Geskik om beweging vir 'n TYDSDUUR TD te presiseer]
- n. [±Geskik om beweging op 'n TYDSTIP TS te presiseer]
- o. [±Geskik om beweging volgens 'n TYDSORIËNTASIE TO te presiseer]
- p. [±Geskik om beweging gemeet aan 'n MAATSTAF F te presiseer]

presiseer]

- q. [±Gesik om beweging met 'n BEOOGDE RESULTAAT BR te presiseer]
- r. [±Gesik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te presiseer]

Die meeste werkwoorde is neutraal gemerk ten opsigte van die spoed van beweging, met die gevolg dat hulle kan verbind met uitdrukkings van 'n hoë tot 'n lae spoed, soos in (89):

(89)

- a. loop [blitsvinnig/vinnig/stadig SPOED] winkel toe
- b. val [blitsvinnig/vinnig/stadig SPOED] grond toe
- c. roteer [blitsvinnig/vinnig/stadig SPOED] om sy eie as
- d. buk [blitsvinnig/vinnig/stadig SPOED] ondertoe

Enkele werkwoorde het egter 'n inherente spesifikasie van vinnige of stadige beweging, soos in (90) aangedui word. Hierdie werkwoorde kan nie verbind met uitdrukkings van spoed wat onversoenbaar is met die inherente spesifikasie van spoed in die werkwoord nie:

(90)

- a. snel [vinnig SPOED] oor die aarde
- b. *snel [stadig SPOED] oor die aarde

(91)

- a. skiet [vinnig SPOED] uit die wegspringblokke
- b. *skiet [stadig SPOED] uit die wegspringblokke

(92)

- a. kruie [stadig SPOED] aan dorp toe
- b. *kruie [vinnig SPOED] aan dorp toe

(93)

- a. drentel [stadig SPOED] deur die strate
- b. *drentel [vinnig SPOED] deur die strate

In die voorbeelde in (90) en (91) het die werkwoord die kenmerk [+Vinnig]. Dit is daarom onversoenbaar met die uitdrukking *stadig*, met die kenmerk [-Vinnig]. *Kruie* in (92) en *drentel* in (93) het daarenteen die kenmerk [+Stadig], wat dit onversoenbaar maak met die kenmerk [-Stadig] in die uitdrukkings in (92b) en (93b).

Die uitdrukkings van spoed moet versoenbaar wees met enige ander uitgedrukte elemente in die konstruksie, soos geïllustreer in die voorbeelde in (94):

(94)

- a. loop [stadig SPOED] [sodat die wag hom nie sien nie BEOEGDE RESULTAAT]
- b. *loop [stadig SPOED] [sodat hy die voorste atlete kan inhaal BEOEGDE RESULTAAT]

(95)

- b. [Die motor BEWEGENDE ENTITEIT] ry [teen 120km/h SPOED] dorp toe.
- a. *[Die donkiekarretjie BEWEGENDE ENTITEIT] ry [teen 120km/h SPOED] dorp toe.

In die voorbeelde in (95b) het die *donkiekarretjie* die relatiewe kenmerk [-In staat tot beweging X], waar X "vinnige beweging" is. Gevolglik kan dit nie verbind met 'n uitdrukking met die kenmerk [+S] waar S "vinnig" is nie. Die *motor* in (95a) het, tensy anders vermeld in die konteks, die kenmerk [+In staat tot beweging X], waar X "vinnige beweging" is, en dit kan gevolglik verbind met 'n uitdrukking met die kenmerk [+S], waar S die waarde "vinnig" het.

Die afbeelding van spoed in die sin en die funksie daarvan is vergelykbaar met dié van die manier- en klank-rolle. Spoed word ook afgebeeld op 'n PP of 'n bywoord. Die sinstuk wat die spoed verbeeld, is 'n adjunk van die werkwoord.

(96)

- a. trek weg [_{PP} ADJUNK met die spoed van lig SPOED]
- b. beweeg [_{Adv} ADJUNK blitsvinnig SPOED] weg van die deure

Na voorsetselstroping kan die uitdrukking van spoed ook as 'n direkte voorwerp in die vorm van 'n NP in die sin optree (vergelyk afdeling 3.6.1.3):

(97)

- a. Die motors ry [_{PP} ADJUNK teen 'n angswekkende spoed SPOED] op hierdie pad.
- b. Die motors ry [_{NP} VOORWERP 'n angswekkende spoed SPOED] op hierdie pad.

3.4.14 INSTRUMENT

Uitdrukkings van die instrument waardeur beweging plaasvind, moet versoenbaar wees met die werkwoord se inherente betekenis en met die betekenis van alle ander uitgedrukte deelnemerrolle. Die kenmerke van die instrument word in (98) aangedui:

(98) *Relatiewe kenmerke [I] van die instrument van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te akkommodeer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te akkommodeer]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te akkommodeer]
- d. [\pm Geskik om beweging met 'n PAD P te akkommodeer]
- e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te akkommodeer]
- f. [\pm Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te akkommodeer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n WYSE W te akkommodeer]
- h. [\pm Geskik om beweging met KLANK K te akkommodeer]
- i. [\pm Geskik om beweging met 'n SPOED S te akkommodeer]
- j. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te akkommodeer]

- k. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te akkommodeer]
- l. [\pm Geskik om beweging met 'n ASPEK A te akkommodeer]
- m. [\pm Geskik om beweging vir 'n TYDSTDSUUR TD te akkommodeer]
- n. [\pm Geskik om beweging op 'n TYDSTIP TS te akkommodeer]
- o. [\pm Geskik om beweging volgens 'n TYDSORIËNTASIE TO te akkommodeer]
- p. [\pm Geskik om beweging gemeet aan 'n MAATSTAF F te akkommodeer]
- q. [\pm Geskik om beweging met 'n BEOOGDE RESULTAAT BR te akkommodeer]
- r. [\pm Geskik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te akkommodeer]

Die volgende voorbeelde in (99) - (101) illustreer die versoenbaarheid (in (a) van elke voorbeeld) en die onversoenbaarheid (in (b) van elke voorbeeld) van die instrument met ander deelnemerrolle:

(99)

- a. vlieg [per vliegtuig INSTRUMENT] Kaap toe
- a. *vlieg [per trein INSTRUMENT] Kaap toe

(100)

- a. vaar [per boot INSTRUMENT]
- b. *vaar [per motor INSTRUMENT]

(101)

- a. reis [per boot/per motor INSTRUMENT]
- b. *reis [per motor INSTRUMENT] [oor die Stille Oseaan GEBIED]

In die voorbeelde in (b) van (99) - (101) is die uitdrukking van instrument telkens onversoenbaar met die inherente spesifikasie van medium in die bewegingswerkwoord. *Vlieg* in (99a) vertoon die kenmerk [$+$ Lugmedium], wat bots met die

kenmerk [-Gesik om beweging deur 'n medium M (lug) te akkommodeer] in die uitdrukking *per trein*. Vaar in (100b) vertoon die kenmerk [+Vloeistofmedium], wat bots met die kenmerk [-Gesik om beweging deur 'n medium M (vloeistof) te akkommodeer] in *per motor*. In (101b) bots die kenmerke van die instrument, *motor*, met die kenmerke van die gebied, *Stille Oseaan*. *Motor* het naamlik die kenmerk [-Gesik om beweging oor 'n gebied M te akkommodeer], waar M 'n watermassa is. Hierteenoor het *Stille Oseaan* die kenmerk [+M], waar M 'n watermassa is.

Die instrument word in die sin afgebeeld op 'n PP wat as 'n adjunk funksioneer:

(102)

het [_{PP} ADJUNK agterop 'n polisieskopfiets INSTRUMENT]
deur die strate van Taipei gevleg

Die NP is hier die voorwerp van die voorsetsel. In gevalle van semantiese oorganklikheid kan die NP ook optree as die direkte voorwerp van 'n bewegingswerkwoord in 'n aktiewe sin (vergelyk afdeling 3.6.1.3)

(103)

- a. ry [_{PP} ADJUNK met die trein INSTRUMENT] Kaap toe
- b. ry [_{NP} VOORWERP trein INSTRUMENT] Kaap toe

In bepaalde gevalle word die Instrument ook afgebeeld op die NP in subjekposisie. In sulke gevalle word die Agens wat in beheer is van die Instrument verswyg, byvoorbeeld:

(104)

- a. [Die boer BEWEGENDE ENTITEIT: AGENS] ry [_{PP} ADJUNK met sy trekker INSTRUMENT] bo-oor die wal.
- b. [_{NP} Die trekker BEWEGENDE ENTITEIT: INSTRUMENT] ry bo-oor die wal.

3.4.15 BEOOGDE RESULTAAT

Die beoogde resultaat verwys in hierdie studie na die uitdruklike doel waarmee 'n beweging aan die gang gesit word, soos in (105a) geïllustreer. Dit word onderskei van die bereikte resultaat (aangedui as RESULTAAT) in 'n resultatiewe bewegingskonstruksie, soos in (105b). Laasgenoemde word nie in hierdie studie as een van die standaard deelnemerrolle van 'n bewegingsgebeurtenis hanteer nie en dit word daarom ook nie verder in besonderhede ontleed nie:

(105)

- a. Hulle draf [om fiks te word BEOOGDE RESULTAAT].
- b. Die glas val [stukkend RESULTAAT].

Die relatiewe kenmerke van die Beoogde resultaat is soos volg:

(106) *Relatiewe kenmerke [BR] van die Beoogde resultaat van beweging:*

- a. [+Gesik om beweging X te spesifiseer]
- b. [+Gesik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te spesifiseer]
- c. [+Gesik om beweging oor 'n GEBIED G te spesifiseer]
- d. [+Gesik om beweging met 'n PAD P te spesifiseer]
- e. [+Gesik om beweging vanaf 'n BRON B te spesifiseer]
- f. [+Gesik om beweging met 'n BESTEMMING E te spesifiseer]
- g. [+Gesik om beweging met 'n WYSE W te spesifiseer]
- h. [+Gesik om beweging met KLANK K te spesifiseer]
- i. [+Gesik om beweging met 'n SPOED S te spesifiseer]
- j. [+Gesik om beweging deur middel van 'n instrument I te spesifiseer]
- k. [+Gesik om beweging deur 'n MEDIUM D te

- spesifiseer]
- l. [+Gesik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te spesifiseer]
 - m. [+Gesik om beweging met 'n ASPEK A te spesifiseer]
 - n. [+Gesik om beweging vir die TYDSDUUR TD te spesifiseer]
 - o. [+Gesik om beweging op die TYDSTIP TS te spesifiseer]
 - p. [+Gesik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te spesifiseer]
 - q. [+Gesik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te spesifiseer]
 - r. [+Gesik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te spesifiseer]

Die beoogde resultaat word nie as deel van die werkwoord of werkwoordkompleks geleksikaliseer nie. Die semanties-pragmatiese eienskappe daarvan moet egter in ooreenstemming wees met dié wat in die werkwoord geleksikaliseer word:

(107)

- a. wandel [om te ontspan BEOOGDE RESULTAAT]
- b. *wandel [om die naellopers in te haal BEOOGDE RESULTAAT]

Wandel leksikaliseer 'n bewegingsgebeurtenis waarin ontspanning geprofileer word. As sodanig is dit onversoenbaar met 'n beoogde resultaat wat vinnige beweging met inspanning veronderstel, soos in (107b). Vergelyk in hierdie verband ook die bespreking van *wandel* en *stap* in hoofstuk 2, afdeling 2.4.3.2 (voorbeelde (91)) en afdeling 2.4.4.1.2 (voorbeelde (104) en (105)).

Werkwoorde wat nie 'n Agens as bewegende entiteit neem nie, kan normaalweg nie met 'n uitdruklike beoogde resultaat verbind nie (vergeelyk die bespreking van onakkusatiewe werkwoorde in hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.2.1). Hierdie tipe

bewegingswerkwoorde verbind normaalweg met 'n nie-lewende bewegende entiteit, of 'n lewende entiteit wat gekonseptualiseer word as nie in beheer van die beweging nie. Gevolglik kan die bewegende entiteit dan ook nie 'n resultaat met die (onwillekeurige) beweging beoog nie:

(108)

- a. *Die rotse val oor die afgrond [om die pad te versper BEOOGDE RESULTAAT].
- b. *Die bal rol oor die gras [sodat dit die doelhok kan bereik BEOOGDE RESULTAAT].

Vir die gevalle hierbo kan 'n bereikte resultaat wel uitgedruk word:

(109)

- a. Die rotse val oor die afgrond [en versper daardeur die pad RESULTAAT].
- b. Die bal rol oor die gras [totdat dit in die doelhok beland RESULTAAT].

Die beoogde resultaat word afgebeeld op 'n PP, soos in (110), of op 'n S, soos in (111). In albei gevalle tree dit op as 'n adjunk van die werkwoord:

(110)

- a. ry [_{PP} ADJUNK vir die plesier BEOOGDE RESULTAAT]
- b. swem [_{PP} ADJUNK vir sy gesondheid BEOOGDE RESULTAAT]

(111)

- a. ry [_S ADJUNK om dit te geniet BEOOGDE RESULTAAT]
- b. swem [_S BYSIN VAN REDE sodat hy gesond kan bly BEOOGDE RESULTAAT]

3.4.16 TYDSDUUR

Die uitdrukking van tydsduur as 'n afsonderlike konstituent word tot 'n groot mate bepaal deur die inherente aspek van die werkwoord (vergelyk afdeling 3.4.3). Bewegingswerkwoorde wat inherent gespesifiseer is vir die kenmerk [-Duur], sluit geen tydsuitdrukkings in hulle VRB in nie, byvoorbeeld:

(112)

- a. *[tien minute lank TYDSDUUR] [wegspring -DUUR]
- b. *[betree -DUUR] 'n nuwe terrein ['n jaar lank TYDSDUUR]

Die relatiewe kenmerke van die tydsduur van beweging kan soos volg saamgevat word:

(113) *Relatiewe kenmerke [TD] van die tydsduur van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te spesifiseer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te spesifiseer]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te spesifiseer]
- d. [\pm Geskik om beweging met 'n PAD P te spesifiseer]
- e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te spesifiseer]
- f. [\pm Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te spesifiseer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n WYSE W te spesifiseer]
- h. [\pm Geskik om beweging met KLANK K te spesifiseer]
- i. [\pm Geskik om beweging met 'n SPOED S te spesifiseer]
- j. [\pm Geskik om beweging deur middel van 'n INSTRUMENT I te spesifiseer]
- k. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te spesifiseer]
- l. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te spesifiseer]

- m. [\pm Geskik om beweging met 'n ASPEK A te spesifiseer]
- n. [\pm Geskik om beweging op die TYDSTIP TS te spesifiseer]
- o. [\pm Geskik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te spesifiseer]
- p. [\pm Geskik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te spesifiseer]
- q. [\pm Geskik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR te spesifiseer]
- r. [\pm Geskik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te spesifiseer]

Tydsduur word afgebeeld op 'n bywoord, 'n AP, of 'n PP. In alle gevalle is dit 'n adjunk van die werkwoord.

(114)

- a. Die reddingspan vlieg [_{Adv} ADJUNK lank TYDSDUUR] oor die woud op soek na die stappers.
- b. Die reddingspan vlieg [_{AP} ADJUNK die hele dag lank TYDSDUUR] oor die woud op soek na die stappers.
- c. Die reddingspan vlieg [_{PP} ADJUNK vir die hele dag TYDSDUUR] oor die woud op soek na die stappers.

3.4.17 TYDSTIP

Net soos uitdrukkings van tydsduur (afdeling 3.4.16) is uitdrukkings van tydstip ook beperk deur die inherente aspek van die bewegingswerkwoord. By bewegingswerkwoorde met die kenmerk [+Duur] kan die tydstip slegs uitgedruk word om 'n punt in die bewegingsproses te beskryf. *Hardloop om tienuur* kan slegs die interpretasie hê dat 'n stadium van die beweging om tienuur aan die gang was. Dit kan nie veronderstel word dat die totale bewegingsgebeurtenis wat deur *hardloop* geleksikaliseer word om tienuur begin en geëindig het nie. Die tydstip van beweging kan by hierdie bewegingswerkwoorde gevolglik uitgedruk word saam met

uitdrukking van pad (115a) en Tydsduur (115b).

(115)

- a. Hulle hardloop [om tienuur TYDSTIP] [hier verby PAD].
- b. Hulle hardloop [om tienuur TYDSTIP]
[nog steeds TYDSDUUR].

Gebeurtenisse wat deur [-Duur] gekenmerk word (die bewegingswerkwoorde van bereiking; vergelyk afdeling 3.4.5) verbind met 'n uitdrukking van tydstip slegs indien so 'n uitdrukking die bereik van die werkwoord verder afbaken, byvoorbeeld:

(116)

- a. Die land betree [vanmiddag TYDSTIP] 'n nuwe era.
- b. *Die land betree [vanmiddag TYDSTIP] [nog steeds TYDSDUUR] 'n nuwe era.

(117) *Relatiewe kenmerke [TS] van die tydstip van beweging:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te spesifiseer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te spesifiseer]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te spesifiseer]
- d. [\pm Geskik om beweging met 'n PAD P te spesifiseer]
- e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te spesifiseer]
- f. [\pm Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te spesifiseer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n WYSE W te spesifiseer]
- h. [\pm Geskik om beweging met KLANK K te spesifiseer]
- i. [\pm Geskik om beweging met 'n SPOED S te spesifiseer]
- j. [\pm Geskik om beweging deur middel van 'n INSTRUMENT I te spesifiseer]
- k. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te spesifiseer]
- l. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te spesifiseer]

- spesifiseer]
- m. [±Gesik om beweging met 'n ASPEK A te spesifiseer]
 - n. [±Gesik om beweging vir die TYDSDUUR TD te spesifiseer]
 - o. [±Gesik om beweging volgens die TYDSORIËNTASIE TO te spesifiseer]
 - p. [±Gesik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te spesifiseer]
 - q. [±Gesik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR te spesifiseer]
 - r. [±Gesik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging te spesifiseer]

Tydstip word afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP. In alle gevalle tree dit op as 'n adjunk:

(118)

- a. hardloop [_{ADV} ADJUNK nou TYDSTIP] op die veld
- b. hardloop [_{AP} ADJUNK later vanmiddag TYDSTIP] op die veld
- c. hardloop [_{PP} ADJUNK om vieruur TYDSTIP] op die veld

3.4.18 TYDSORIËNTASIE

Die chronologiese volgorde van gebeure in 'n bewegingsgebeurtenis word deur die deelnemerrol tydsoriëntasie uitgedruk. Die uitdrukking van tydsoriëntasie moet die volgorde van gebeure op 'n logiese wyse met mekaar verbind, byvoorbeeld:

(119)

- a. Die vliegtuig het neergestort [nadat dit teen die berghang vasgevlieg het TYDSORIËNTASIE].
- b. *Die vliegtuig het teen die berghang vasgevlieg [nadat dit neergestort het TYDSORIËNTASIE].

In (119a) word die logiese en mees waarskynlike volgorde van gebeure weergegee. Die volgorde van gebeure wat deur die uitdrukking van tydsoriëntasie daargestel word, is egter onaanvaarbaar.

Die relatiewe kenmerke van die uitdrukking van tydsoriëntasie is die volgende:

(120) *Relatiewe kenmerke [TO] van tydsoriëntasie:*

- a. [\pm Geskik om beweging X te spesifiseer]
- b. [\pm Geskik om 'n BEWEGENDE ENTITEIT BE te spesifiseer]
- c. [\pm Geskik om beweging oor 'n GEBIED G te spesifiseer]
- d. [\pm Geskik om beweging met 'n PAD P te spesifiseer]
- e. [\pm Geskik om beweging vanaf 'n BRON B te spesifiseer]
- f. [\pm Geskik om beweging met 'n BESTEMMING E te spesifiseer]
- g. [\pm Geskik om beweging met 'n WYSE W te spesifiseer]
- h. [\pm Geskik om beweging met KLANK K te spesifiseer]
- i. [\pm Geskik om beweging met 'n SPOED S te spesifiseer]
- j. [\pm geskik om beweging deur middel van 'n INSTRUMENT I te spesifiseer]
- k. [\pm Geskik om beweging deur 'n MEDIUM D te spesifiseer]
- l. [\pm Geskik om beweging relatief tot 'n OBJEK O te spesifiseer]
- m. [\pm Geskik om beweging met 'n ASPEK A te spesifiseer]
- n. [\pm Geskik om beweging vir die TYDSDUUR TD te spesifiseer]
- o. [\pm Geskik om beweging op die TYDSTIP TS te spesifiseer]
- p. [\pm Geskik om beweging gemeet aan MAATSTAF F te spesifiseer]
- q. [\pm Geskik om beweging met die BEOOGDE RESULTAAT BR

te spesifiseer]

- r. [+Gesik om beweging met 'n GRAAD GR van beweging
te spesifiseer]

Bewegingswerkwoorde van bereik is inherent gespesifiseer vir die kenmerk [-Duur] en hulle laat nie uitdrukkings toe van tydsoriëntasie met die kenmerk [+Duur] nie. Uitdrukkings van tydsoriëntasie met *sedert*, *van(af)* en *tot(dat)* as 'n hoof vertoon die kenmerk [+Duur]. Tydsoriëntasie-uitdrukkings met preposisies soos *(al)vorens*, *voor(dat)* en *na(dat)* as hoof is egter neutraal gemerk ten opsigte van aspek:

(121)

- a. Die vliegtuig vertrek [nadat dit toestemming ontvang
het TYDSORIËNTASIE].
b. *Die vliegtuig vertrek [sedert vroeg vanoggend
TYDSORIËNTASIE].

(122)

- a. Die klimmers bereik die piek [voor dit begin sneeu
TYDSORIËNTASIE].
b. *Die klimmers bereik die piek [totdat dit begin
sneeu TYDSORIËNTASIE].

Tydoriëntasie word afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n adjunk, soos in (123), of op 'n neweskikkende sin, soos in (124):

(123)

- a. styg op [_{PP} ADJUNK na toestemming]
b. hardloop [_{PP} ADJUNK sedert vanoggend vroeg]

(124)

- a. kruip [_S BYSIN voor jy kan kan loop]
b. arriveer [_S BYSIN nadat hy geskakel het]

3.5 AGTERGRONDRAAMELEMENTE

In hoofstuk 2 is die volgende voorbeelde in (125) - (127) gegee ter illustrasie van die vereiste in taal dat die styl en die houding wat geassosieer word met 'n woord, versoenbaar moet wees met die styl en houding wat geassosieer word met die konstruksie waarin dit ingevoeg word:

(125)

- a. Ek kom lui-lui by my vriende aan waar hulle op die gras sit en bier drink.
- b. *Ek arriveer lui-lui by my vriende waar hulle op die gras sit en bier drink.

(126)

- a. Die atleet hardloop/draf elke dag 'n paar kilometer ter voorbereiding vir die byeenkoms.
- b. *Die atleet hol elke dag 'n paar kilometer ter voorbereiding vir die byeenkoms.

(127)

- a. Gaan asseblief uit die hotelkamer/verlaat asseblief die hotelkamer sodat dit skoongemaak kan word.
- b. *Trap asseblief uit die hotelkamer uit sodat dit skoongemaak kan word.

In die voorbeelde hierbo is *arriveer* gradueel formeler as *aankom* en daarom minder geskik in die informele konteks van (125b). *Hol* is relatief informeel en minder geskik in die neutrale tot formele konteks van (126b). *Trap* (as sinoniem vir *loop (weg)*) is informeel en derogatief, en ongeskik in die formele, hoflike konteks in (127b). Oortolligheidsreëls in die leksikon bepaal dat die elemente in die leksikale item se agtergrondraam (styl en houding) versoenbaar moet wees met die ooreenstemmende elemente in die konteks waarin die leksikale item geplaas word.

Hierdie verskynsel kan in 'n oortolligheidsreël van die tipe

in (128) hanteer word (vergelyk ook illustrasie (156) in hoofstuk 2):

(128) Oortolliheidsreël 1:

Agtergrondraamelement G^{L^I} in die leksikale item se agtergrondraam is versoenbaar met agtergrondraamelement G^K in die konstruksie se agtergrondraam.

Die volgende reël in (129) hanteer die versoenbaarheid van agtergrondraamelemente:

(129) Oortolliheidsreël 2:

'n Agtergrondraamelement van 'n leksikale item is versoenbaar met die konteks van die konstruksie indien dit vir daardie element dieselfde gemerk is (+, - of ±) as die konteks, of indien die leksikale item of die konteks van die konstruksie neutraal gemerk is (±) ten opsigte van daardie element.

3.6 GEMEENSKAPLIKE KENMERKE VAN BEWEGINGSWERKWOORDE

Soos hierbo in afdeling 3.4 aangetoon is, deel bewegingswerkwoorde 'n prototipe deelnemerrolleraam. Lede van die klas tree egter divers op in hulle seleksie van lede van die raam en in hulle vereistes vir kenmerke van die rolle wat geselekteer word. Voordat daar oorgegaan word na die klassifisering van bewegingswerkwoorde op grond van hierdie semanties-pragmatiese valensiepatrone word daar in hierdie afdeling eers 'n ontleding gegee van die klas se gemeenskaplike sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke.

3.6.1 SINTAKTIESE KENMERKE

Die kategoriekenmerk [+V] geld vir alle lede van die klas bewegingswerkwoorde, soos vir alle lede van die klas met die

semanties-pragmatiese kenmerk [+Beweeg]. Dit hoef nie afsonderlik gespesifiseer te word in die leksikale inskrywing nie, mits daar in die grammatikale reëls 'n oortolligheidsreël is wat dit eksplisiet maak. So 'n oortolligheidsreël word in (130) voorgestel:

(130) *Oortolligheidsreël 3:*

Enige leksikale item met die semanties-pragmatiese kenmerk [+Beweeg] het ook die sintakties-kategoriale kenmerk [+V].

Uit die ontleding in 3.5 van die kognitiewe raam waarmee bewegingswerkwoorde geassosieer word, en die sinstukke waarop die rolle in die raam afgebeeld word, word afgelei dat bewegingswerkwoorde binne die VP kan verbind met 'n NP, AP, PP, of met geen stuk nie. Die sintaktiese kenmerke van die klas bewegingswerkwoorde kan dus slegs in baie algemene terme gestel kan word as [V: V__ {e, NP, AP, PP}]. In hierdie raam word 'n arbitrêre liniêre volgorde van konstituente aanvaar waarvan die Afrikaanse woordorde deur die beginsels en parameters van UG afgelei word (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.1). Afrikaans vertoon 'n hoof-eerste-volgorde. Hierdie volgordepatroon behels dat die hoof van 'n konstruksie (hier die bewegingswerkwoord) sy komplemente en adjunkte voorafgaan. Ponelis (1979:525-533) beskryf hierdie patroon ook as 'n nukleus-satelliet-volgorde.

Die enigste vereiste wat gemeenskaplik deur alle bewegingswerkwoorde aan hulle linguistiese omgewing gestel word, is dat hulle moet verbind met 'n bewegende entiteit met die eienskap dat dit beweegbaar is.² Hierdie sintaktiese vereiste hoef nie as 'n afsonderlike sintaktiese kenmerk gespesifiseer te word nie omdat dit afgelei word uit die semanties-pragmatiese kenmerk [+Beweeg]. Enige vorm van beweging vooronderstel dat daar 'n entiteit in beweging is.

Daar is verskeie kere reeds daarop gewys dat die klas bewegingswerkwoorde nie 'n sintakties homogene groep vorm

nie. Almal vertoon die kategoriekenmerk [+V], maar lede van die klas vertoon uiteenlopende sintaktiese valensie. Binne die klas word groepe oorganklike, onoorganklike en opsioneel oorganklike werkwoorde aangetref, soos aangedui in die voorbeelde in (131):

(131) *Sintaktiese verspreiding van bewegingswerkwoorde:*

- a. Altyd onoorganklik: *val by die heuwel af*
- b. Altyd oorganklik: *betree* [_{NP} *die terrein*]
- c. Opsioneel oorganklik: *swem* [_{NP} *die kanaal*]/ *swem deur die lengte van die kanaal*

Elkeen van hierdie groepe word hiernaas in meer besonderhede bespreek.

3.6.1.1 ONOORGANKLIKE BEWEGINGSWERKWOORDE

Onoorganklike bewegingswerkwoorde in Afrikaans neem nie 'n objek van gerigtheid in hulle VRB nie en laat nie toe dat 'n ander deelnemerrol (soos pad of bron) as die objek van gerigtheid optree nie. Onoorganklike bewegingswerkwoorde is hoofsaaklik onakkusatiewe (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.2.1) manier-van-bewegingswerkwoorde, soos in (132) en inherent gerigte bewegingswerkwoorde, soos in (133):

(132)

- a. *Die vlag wapper [_{NP} 'n pad deur die optog OBJEK VAN GERIGTHEID: PAD].
- b. *Die klippe spoel [_{NP} die rivier OBJEK VAN GERIGTHEID: MEDIUM].
- c. *Die bal bons [_{NP} die baan OBJEK VAN GERIGTHEID: GEBIED].

(133)

- a. *Die gaste arriveer [_{NP} die dinee OBJEK VAN GERIGTHEID: BESTEMMING].

- b. *Die arend duik [_{NP} die lug OBJEK VAN GERIGTHEID: MEDIUM] op sy prooi af.
- c. *Die albasters rol [_{NP} die vloer OBJEK VAN GERIGTHEID: GEBIED].

Onoorganklikheid is nie deurgaans voorspelbaar uit onakkusatiwiteit of inherente gerigtheid nie. Konvensionele profilering (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.3.3 en afdeling 2.4.4.3.3) speel hier ook 'n belangrike rol. Inherent gerigte bewegingswerkwoorde tree byvoorbeeld nie eenvormig op ten opsigte van oorganklikheid nie. Sekere werkwoorde in die klas, soos *arriveer* in (133a), is verplig onoorganklik. 'n Sinoniem soos *bereik* is egter verplig oorganklik, ten spyte daarvan dat albei werkwoorde die kenmerke [-Duur], [+Einde] en [+Gerig] het. In albei werkwoorde word die bestemming van beweging geleksikaliseer, maar in die geval *bereik* word die bestemming ook geprofileer, terwyl die voltooiing van 'n pad (by die bestemming) in *arriveer* geprofileer word.

Gebruikskonvensie (vergelyk die agtergrondraam in afdeling 3.5) speel hier ook 'n rol. Vergelyk byvoorbeeld die verskil in oorganklikheid tussen die sinonieme *ry* in (134) en *kruie* in (135) hieronder. Albei is manier-van-bewegingswerkwoorde wat 'n Agens as bewegende entiteit neem, maar slegs *kruie* is verplig onoorganklik:

(134)

- a. Die motor *ry* [_{NP} die stofpad OBJEK VAN GERIGTHEID: PAD].
- b. Die motor *ry* [_{NP} 'n veilige snelheid OBJEK VAN GERIGTHEID: SPOED].

(135)

- a. *Die motor *kruie* [_{NP} die stofpad OBJEK VAN GERIGTHEID: PAD].
- b. *Die motor *kruie* [_{NP} 'n veilige snelheid OBJEK VAN GERIGTHEID: SPOED].

Verpligte onoorganklikheid is in Afrikaans slegs by die klas onakkusatiewe manier-van-bewegingswerkwoorde deurgaans die patroon. Hierdie klas bewegingswerkwoorde verbind nie met 'n Agens as bewegende entiteit nie. Die verskynsels van verpligte en opsionele oorganklikheid word in die volgende afdelings bespreek.

3.6.1.2 OORGANKLIKE BEWEGINGSWERKWOORDE

Oorganklike bewegingswerkwoorde neem 'n objek van gerigtheid in hulle VRB. Hulle is inherent gespesifiseer ten opsigte van daardie objek (die bron, pad, bestemming of Pasiënt) en die beweging kan nie gekonseptualiseer word in die afwesigheid van daardie objek nie. Die bron, pad, bestemming of Pasiënt word in hierdie gevalle geprofileer en geniet 'n meer prominente status in die bewegingstoneel as die wyse of rigting van beweging of enige ander deelnemerrol.

'n Minderheid bewegingswerkwoorde profileer die objek waarop die beweging gerig is op hierdie manier en is daarom verplig oorganklik. Die werkwoordstamme wat hierdie kenmerk vertoon, is onder andere die volgende:

(136)

- a. betree [_{NP} 'n era OBJEK VAN GERIGTHEID:
GEBIED]
- b. bereik [_{NP} die basis OBJEK VAN GERIGTHEID:
BESTEMMING]
- c. jaag [_{NP} die hoenderdief OBJEK VAN GERIGTHEID:
PASIËNT]
- d. nader [_{NP} die kamp OBJEK VAN GERIGTHEID:
BESTEMMING]
- e. verlaat [_{NP} die hawe OBJEK VAN GERIGTHEID:
BRON]
- f. volg [_{NP} die bloedspoor OBJEK VAN GERIGTHEID:
PAD]

Die profilering van 'n objek van gerigtheid is deel van hierdie werkwoorde se leksikalisering (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.1.2). Die objek van gerigtheid word voorts konvensioneel op 'n NP in die sintaktiese funksie van 'n direkte voorwerp afgebeeld. Hierdie inligting volg vir die werkwoorde uit hulle onderskeie leksikale inskrywings en hulle sintaktiese oorganklikheid kan deur 'n oortolligheidsreël van die volgende tipe beskryf word:

(137) *Oortolligheidsreël 4:*

Alle bewegingswerkwoorde wat 'n objek van gerigtheid profileer in hulle leksikalisering, vertoon die sintaktiese kenmerk [V, ___NP].

3.6.1.3 OPSIONEEL OORGANKLIKE BEWEGINGSWERKWOORDE

Naas die groep sintakties oorganklike werkwoorde (vergelyk afdeling 3.5.2.1), beskryf Ponelis (1979:200) ook 'n groep **semanties oorganklike werkwoorde**, wat na voorsetselstropping 'n direkte objek kan neem, soos in (138):

(138)

- a. PLEK: klim in 'n boom; klim 'n boom
- b. GEBIED: klim op 'n berg; klim 'n berg
- c. PAD: loop in die koers; loop die koers
- d. INSTRUMENT: ry op 'n perd; ry 'n perd

Opsioneel oorganklike bewegingswerkwoorde het die semanties-pragmatiese kenmerk dat dit 'n beweging leksikaliseer wat normaalweg deur 'n Agens uitgevoer word. 'n Deelnemerrol wat betrekking het op die ruimte van beweging (pad, bron, bestemming, gebied of medium) of die manier van beweging (instrument) word deur profilering tot 'n buitengewoon prominente status verhef en afgebeeld op 'n NP in die posisie van die semantiese objek van die sin:

(139)

- a. Gebied: klim [_{NP} die berg]
- b. Pad: loop [_{NP} die bergpad]
- c. Medium: swem [_{NP} die rivier]
- d. Instrument: ry [_{NP} 'n perd]
- e. Maatstaf: spring [_{NP} 'n rekordhoogte]

In die gevalle hierbo word twee deelnemerrolle tot 'n gelyke mate geprofileer: die wyse van beweging en 'n ander rol (onderskeidelik die gebied, pad, medium, instrument en maatstaf). Uitdrukkings van gebied, pad, medium of instrument kan egter nie as semantiese voorwerp optree by alle bewegingswerkwoorde nie (vergelyk ook voorbeeld 3.6.6.1):

(140)

- a. Die kinders swem [_{NP} die rivier MEDIUM].
- b. *Die klippe spoel [_{NP} die rivier MEDIUM].

Die verskynsel van opsionele oorganklikheid kom normaalweg slegs voor by bewegingswerkwoorde wat deur 'n Agens ('n lewende entiteit in beheer van die beweging) uitgevoer word.

Langacker (1991:301) wys daarop dat die blote verskyning van 'n NP in die direkte objekposisie nie sonder meer 'n bewys is van 'n werkwoord se oorganklikheid nie. Die meeste Afrikaanse bewegingswerkwoorde is onoorganklik. Heelwat bewegingswerkwoorde wat in die normale gebruik onoorganklik is, kan in Afrikaans ook oorganklik gebruik word in verbinding met beperkte reeks nominale. Die oorganklike gebruik van loop word in (141) geïllustreer:

(141)

- a. loop die pad
- b. Die Blou Bulle se Archer Dames loop vir Gerhard Bouwer van Mpumalanga in 'n Curriebekerwedstryd vroeër vanjaar. (byskrif by 'n foto, Beeld, 19/11/97)
- c. loop die hekwag heeltemal uit die pad uit

f. *loop die huis

Oorganklikheid is volgens Langacker (1991:302) 'n kwessie van graad en afhanklik van die klous as geheel. Dit word dus nie deur die betekenis van die werkwoord alleen bepaal nie, maar deur die werkwoordbetekenis en die ander sintaktiese elemente in sy omgewing (vergelyk ook Goldberg (1995) se teorie dat die werkwoord en die konstruksie gesamentlik betekenis bepaal).

Een van die belangrikste toetse wat Langacker gebruik vir ware sintaktiese oorganklikheid is passivisering. Slegs 'n egte direkte objek kan in die passiviseringalternasie as grammatiese subjek optree. Indien passivisering die enigste toets is vir oorganklikheid, sal al die werkwoorde hieronder in (142) verkeerdelik as "eg" oorganklik beskou moet word:

(142)

- a. 'n boom/ die berg word geklim
- b. 'n rekordhoogte word gespring
- c. die kanaal word geswem
- d. die pad word geloop

Passivisering blyk nie 'n absolute kriterium te wees vir die vasstelling van 'n werkwoord se oorganklikheid nie. Die werkwoorde in (141) is naamlik passiviseerbaar in sommige kontekste, hoewel hulle in die normale gebruik onoorganklik is, soos in (142) geïllustreer word. Die sinne in (143) is almal voorbeeldsinne wat die HAT (1994) gebruik om die gebruik van die woord te illustreer:

(143)

- a. klim: in 'n boom klim; tot die hoogste takke klim; op 'n leer klim; (teen) 'n berg klim; met 'n trap na bo klim; in, uit 'n motor klim; oor stoele en tafels klim om uit die kamer te kom; die vliegtuig klim goed; ...
- b. spring: hy het 2,3 m hoog gespring; hy het in die

water, oor die sloot gespring; die perd spring maklik oor die heining; op jou fiets spring en wegjaag; water het uit die rots gespring; baie sade spring uit hulle huisies; die tennisbal spring hoog in die lug op; die voetbal spring verkeerd vir die aanstormende vleuel; die erd van die ketel het gespring; 'n aartjie in sy oog het gespring ...

- c. swem: deur die rivier, in die swembad swem; visse swem; die kluitjies swem in sous; haar oë swem in trane ...
- d. loop: kantoor toe loop; dis te ver om te loop; 'n baba wat leer loop; toe hy die leeu sien, toe loop hy darem; die trein loop elke dag; die spruit loop sterk; hierdie straat loop dwarsdeur die dorp; die galjoen loop in Valsbaai; die rente loop vandat die lening goedgekeur is ...

Benewens die kriterium van passiviseerbaarheid, identifiseer Langacker nog nege konseptuele faktore wat betrokke is by oorganklikheid. 'n Prototipiese oorganklike klous vertoon volgens hom die kenmerke wat in (144) uitgestippel word. Die prototipe oorganklike klous kan beskou word as een van die basiese konstruksies van die taal, en dit vertoon tipies die nege kenmerke in (144) wat Langacker daarvoor uitlig:

(144) *Kenmerke van die prototipiese oorganklike klous:*

- a. Twee deelnemers wat deur overte nominale uitgedruk word, funksioneer onderskeidelik as subjek en objek.
- b. Dit beskryf 'n gebeurtenis en nie 'n situasie nie.
- c. Die gebeurtenis is energiek, relatief kort en het 'n goed gedefinieerde eindpunt.
- d. Die subjek en objek verteenwoordig diskrete, hoogs geïndividualiseerde fisiese entiteite.
- e. Hierdie entiteite bestaan reeds wanneer die gebeurtenis plaasvind en is nie die produkte van die gebeurtenis nie.
- f. Die subjek en objek is aparte entiteite wat betrokke is in 'n hoogs asimmetriese relasie.

- g. Die subjek se deelname is willekeurig, maar die objek se deelname is onwillekeurig.
- h. Die subjek is die bron van energie, en die objek is die teiken daarvan.
- i. Die objek word totaal geaffekteer deur die aksie.

Gemeet aan hierdie kriteria kan 'n klous 'n hoë of lae graad van oorganklikheid hê (Langacker 1991:302). Bewegingswerkwoorde soos dié in (141 en 142) word normaalweg onoorganklik gebruik, maar kan in spesifieke situasies oorganklik wees. Hulle vertoon in gevolge van hierdie kriteria 'n laer graad van oorganklikheid as die groep bewegingswerkwoorde wat in die normale gebruik oorganklik is. In sin (47) (*spring 'n rekordhoogte*) is die objek (*rekordhoogte*) nie 'n fisiese entiteit nie; dit bestaan nie voor die aanvang van die aksie nie en dit is nie moontlik om met sekerheid vas te stel of en hoe dit deur die aksie geaffekteer word nie. Voorbeelde soos dié in (145) vertoon 'n hoër graad van oorganklikheid, omdat die objekte reeds bestaan voor die aksie begin:

(145)

- a. swem die kanaal
- b. hardloop die marathon

Daar kan in hierdie gevalle egter ook geargumenteer word dat die objekte (onderskeidelik *kanaal* en *marathon*) nie deur die aksie geaffekteer word nie, maar dien as 'n plek en 'n pad vir die aksie om uitgevoer te word. Die *marathon* in (145b) is verder 'n abstrakte, nie-fisiese objek, wat aan daardie klous 'n laer graad van oorganklikheid gee as aan 'n klous soos *swem die kanaal* in (145a). Langacker (1991:303) se verklaring van die aanvaarbaarheid van die oorganklike gebruik van *klim* saam met 'n objek soos *berg* is dat *die berg* deur metaforiese interpretasie die eienskappe van 'n fisiese, geaffekteerde entiteit verkry in die oorganklike konstruksie. Dit is die landmerk wat die ruimtelike pad van *klim* definieer. Dit is ook 'n teenstander van die subjek en dit moet dus deur die klim-aksie oorwin word, en op daardie wyse daardeur

geaffekteer word.

Dit is waarskynlik nie moontlik om vir alle nie-prototipe oorganklike strukture die presiese graad van oorganklikheid vas te stel nie. Wat egter wel hier van belang is, is dat sekere werkwoorde wat normaalweg onoorganklik is, in sekere situasies 'n graad van oorganklikheid vertoon, terwyl ander dit glad nie doen nie. Alle bewegingswerkwoorde kan byvoorbeeld nie die pad van beweging as direkte objek neem nie, soos geïllustreer aan die hand van *kruip* en *styg* in (146):

(146)

- a. *kruip* die pad
- b. **styg* die hoogte

Die konstruksie waarin die werkwoord optree, is ook bepalend vir die oorganklike gebruik daarvan, soos reeds aangedui is. *Kruip* in (146a) hierbo kan oorganklik gebruik word as dit 'n objek neem met 'n padfunksie, maar nie as die objek 'n plekfunksie het nie, soos in (147):

(147)

- **kruip* die vloer

Die sintaktiese verspreiding van die klas ten opsigte van adjunkte en komplemente stem ooreen met die verspreidingspatrone van die kategorie werkwoorde oor die algemeen. Hierdie patroon vir Afrikaans word uitgestippel in Ponelis (1979:493-533). By die sintaktiese valensie van bewegingswerkwoorde is daar sekere gegewe wat geld vir alle werkwoorde van Afrikaans, byvoorbeeld die relatiewe volgorde van die werkwoord en sy adverbiale of preposisionele adjunkte in die sin. Hierdie inligting word afgelei uit die taalspesifieke beginsels van die taal en dit moet daarom nie herhaal word by die beskrywing van elke subklas nie.

Meer presiese riglyne oor die sintaktiese aard van

komplemente en adjunkte kan slegs vir individuele woorde of vir afsonderlike woordklasse gegee word. Die beskrywing van die inhoud van sulke sintaktiese stukke is 'n semanties-pragmatiese kwessie wat afsonderlik vir elke subklas hanteer word.

3.6.2 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Alle bewegingswerkwoorde leksikaliseer per definisie 'n vorm van beweging. Hierdie semanties-pragmatiese kenmerk hoef slegs vir die totale klas gespesifiseer te word en nie vir elke afsonderlike lid daarvan nie. Individuele lede van die klas verkry die kenmerk deur oorerwing. Die semanties-pragmatiese kenmerk wat bewegingswerkwoorde as 'n leksikale klas onderskei, word hier aanvaar as [+Beweeg].

Die bewegingsgebeurtenis bestaan uit 'n bewegende entiteit wat 'n verandering ondergaan ten opsigte van sy ruimtelike oriëntasie oor 'n tydperk (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.3.6). Enige leksikalisering van 'n besondere geval van beweging vooronderstel dat daar 'n bewegende entiteit betrokke is wat die beweging uitvoer of ondergaan. Die teenwoordigheid van die bewegende entiteit in die valensieraam van alle bewegingswerkwoorde word deur 'n oortollighedsreël soos dié hieronder hanteer. Die vereiste vir 'n bewegende entiteit hoef dan nie in afsonderlike leksikale inskrywings vir elke bewegingswerkwoord ingesluit te word nie:

(148) *Oortollighedsreël 5:*

Alle bewegingswerkwoorde verbind met 'n bewegende entiteit.

Die tipiese VRB vir bewegingswerkwoorde kan soos in (149) saamgevat word:

(149) *Tipiese VRB vir die sintaktiese en semantiese-pragmatiese omgewing van bewegingswerkwoorde:*

Die semantiese deelnemerrolle van die elemente wat in dieselfde sintaktiese omgewing as die bewegingswerkwoord uitgedruk kan word, is die volgende ("+" dui verpligte uitdrukking aan, "+" opsionele uitdrukking en "-" ontoelaatbare uitdrukking):

- a. + Bewegende entiteit met relatiewe kenmerke [BE], afgebeeld op 'n NP in die funksie van 'n onderwerp
- b. ± Objek van gerigtheid met relatiewe kenmerke [O] afgebeeld op 'n NP in die funksie van 'n direkte voorwerp
- c. ± Aspek met relatiewe kenmerke [A], afgebeeld op 'n bywoord, AP PP in die funksie van 'n temporele adjunk
- d. ± Maatstaf met relatiewe kenmerke [F], afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP in die funksie van 'n adjunk
- e. ± Graad met relatiewe kenmerke [GR], afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP in die funksie van 'n graadadjunk
- f. ± Gebied met relatiewe kenmerke [G], afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n plekadjunk of 'n NP in die funksie van 'n semantiese voorwerp
- g. ± Pad met relatiewe kenmerke [P], afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n rigtingadjunk of 'n NP in die funksie van 'n semantiese voorwerp
- h. ± Bron met relatiewe kenmerke [B], afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n rigtingadjunk of 'n NP in die funksie van 'n semantiese voorwerp
- i. ± Bestemming met relatiewe kenmerke [E], afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n rigtingadjunk of 'n NP in die funksie van 'n semantiese

voorwerp

- j. ± Medium met relatiewe kenmerke [D],
afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n plek-
adjunk of 'n NP in die funksie van 'n semantiese
voorwerp
- k. ± Wyse met relatiewe kenmerke [W],
afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP in die funksie
van 'n wyse-adjunk
- l. ± Klank met relatiewe kenmerke [K],
afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP in die funksie
van 'n klank-adjunk
- m. ± Spoed met relatiewe kenmerke [S],
afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP in die funksie
van 'n spoed-adjunk of op 'n NP in die funksie
van 'n semantiese voorwerp
- n. ± Instrument met relatiewe kenmerke [I],
afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n wyse-
adjunk of 'n NP in die funksie van 'n semantiese
voorwerp
- o. ± Beoogde resultaat met relatiewe kenmerke [BR],
afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n adjunk
of 'n S in die funksie van 'n bysin van rede
- p. ± Tydsduur met relatiewe kenmerke [TD],
afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP in die funksie
van 'n temporele adjunk
- q. ± Tydstip met relatiewe kenmerke [TS],
afgebeeld op 'n bywoord, AP of PP in die funksie
van 'n temporele adjunk
- r. ± Tydsoriëntasie met relatiewe kenmerke [TO],
afgebeeld op 'n PP in die funksie van 'n tempo-
rele adjunk of op 'n S in die funksie van 'n
bysin van tyd.

Die klassifisering van bewegingswerkwoorde berus op hulle verspreiding met betrekking tot spesifieke uitdrukkings van die deelnemerrolle hierbo. 'n Deelnemerrol soos wyse van beweging is byvoorbeeld 'n sambreelterm vir 'n verskeidenheid adjunkte van wyse soos die volgende:

(150)

- a. beweging deur middel van voete (*loop*)
- b. beweging deur middel van vlerke (*vlieg*)
- c. beweging deur middel van hande en voete (*kruip*)
- d. beweging deur middel van die hele liggaam (*dans*)

Op dieselfde wyse is die pad-adjunk 'n oorkoepelende term vir verskeie aanduidings van rigting soos:

(151)

- a. beweeg boontoe
- b. beweeg ondertoe
- c. beweeg vorentoe
- d. beweeg agtertoe
- e. beweeg in sirkels
- f. beweeg inwaarts
- g. beweeg afwaarts
- h. beweeg sywaarts

Hierdie tipe besonderhede waarin die afsonderlike deelnemerrolle verder ontleed kan word, vorm die basis van die klassifikasie van bewegingswerkwoorde. In die volgende afdeling word aangedui dat daar verdere ontledings moontlik is vir die groepe bewegingswerkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van wyse of rigting (pad) van beweging, in ooreenstemming met die ontleding van die betrokke deelnemerrolle.

3.7 MOTIVERING VIR DIE KLASSIFIKASIE VAN BEWEGINGSWERKWOORDE

Om 'n toereikende valensieraamwerk vir bewegingswerkwoorde te poneer, is dit nodig om die klas bewegingswerkwoorde verder te klassifiseer op grond van hulle sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke. Op grond van so 'n klassifikasie is dit dan moontlik om veralgemenings te maak oor die relasie tussen 'n woordklas se kenmerke en die linguistiese omgewings waarin lede van die klas normaalweg optree. Vir individuele woorde

in 'n woordklas hoof dan slegs idiosinkratiese kenmerke gespesifiseer te word wat hulle onderskei van die res van die woordklas ten opsigte van hulle spesifieke betekenis en vereistes ten opsigte van die linguistiese omgewing, bykomend tot dié wat geld vir die klas oor die algemeen.

Vir hierdie doel sal enkele bestaande klassifikasies van bewegingswerkwoorde in ander tale kortliks uiteengesit word en met mekaar vergelyk en geëvalueer word in terme van hulle waarde vir die daarstelling van 'n valensieraam vir Afrikaanse bewegingswerkwoorde. Na aanleiding van hierdie evaluasie word 'n volledige klassifikasie van Afrikaanse bewegingswerkwoorde aangebied. Daarna word 'n volledige valensieraam vir elke klas en subklas in die voorgestelde skema ontwikkel.

Daar is aanduidings dat 'n groot hoeveelheid van 'n woord se sintaktiese gedrag uit sy semanties-pragmatiese kenmerke afgelei kan word, soos blyk uit studies van onder andere Levin (1993) en Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995). Hierdie sintaktiese kenmerke hoof in so 'n geval nie gespesifiseer te word vir die woord nie, indien die inligting in oortolligheidsreëls vervat is (vergelyk Oortolligheidsreël 3 onder afdeling 3.6.1).

Dit is nie nodig om vir bewegingswerkwoorde die hiërargiese en liniêre posisie in die sin te spesifiseer nie omdat dit uit die reëls van UG afgelei word (vergelyk 3.6.1 en hoofstuk 2, afdeling 2.4.1).

'n Klassifikasie van bewegingswerkwoorde maak dit moontlik om veralgemenings oor groepe werkwoorde se valensie te maak op grond van hulle betekenis. Studies soos Atkins *et al* (1988) toon aan dat die taalgebruiker steun op bekende patrone wanneer hy moet oordeel oor die valensie van 'n gegewe woord. Hulle verduidelik hierdie proses soos volg:

... the meaning of a verb is used by the native speaker to predict a range of its syntactic properties. ... because particular syntactic properties are tied to particular semantic classes of verbs. Once speakers use the meaning of a verb to establish its place in the organizational scheme of English verbs, they can predict its behavior (Atkins et al 1988:85).

Soortgelyke argumente word aangebied in Bloom (1994) en Goldberg (1995), met verwysing na kindertaal. Die verband tussen woordbetekenis en sintaktiese vorm word oor die algemeen deur grammatici aanvaar, soos in Chen (1990), Deane (1991), De Stadler (1990), Bresnan (1978), en Croft (1993). Goldberg (1995:133) se verduideliking van die verskynsel is dat eng gedefinieerde werkwoordklasse implisiet voorgestel word as komplekse van semanties verwante werkwoorde wat volgens die taalgebruiker se kennis in 'n gegewe konstruksie kan optree. Nuwe of ongeklassifiseerde werkwoordvorme word dan na bestaande komplekse aangetrek.

Die Afrikaanse taalgebruiker weet onder andere dat 'n werkwoord soos *roei* dieselfde tipe verspreiding sal vertoon as *vaar* en *seil*, maar nie dieselfde as *swem*, *duik* of *snorkel* nie, ten spyte daarvan dat al hierdie woorde geassosieer word met beweging wat in water uitgevoer word. *Roei*, soos *vaar* en *seil*, behels beweging deur middel van 'n instrument, maar *swem*, *duik* en *snorkel* beweging deur middel van die liggaam. Die normale manier van beweging wat deur hierdie groepe woorde uitgedruk word verskil. Gevolglik verskil hulle algemene valensie ook, soos in (152) aangetoon word:

(152)

- a. *roei/vaar/seil* per boot uit die hawe uit
- b. **swem/duik/snorkel* per boot in die see

Die manier waarop die taalgebruiker afleidings maak aangaande die valensie van 'n leksikale item, kan slegs eksplisiet gestel word indien die woord se valensie beskryf word in die

konteks van die klas waartoe die leksikale item behoort. 'n Generatiewe grammatika vereis dat daar nie vir afsonderlike leksikale items 'n verklaring van valensie gesoek word nie, maar vir die patrone van valensie waarvan die taalgebruiker bewus is wanneer hy 'n leksikale item in 'n konstruksie gebruik. So 'n verklaring is slegs moontlik indien daar 'n eksplisiete beskrywing bestaan van die verskillende klasse leksikale items met gemeenskaplike valensie.

Asher en Sablayrolles (1995:163) merk op dat bewegingswerkwoorde veel meer inligting oordra as slegs 'n eenvoudige en beperkte ruimtelik-temporele beskrywing van bewegingsaktiwiteite. Verskeie studies, onder andere dié van Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995), toon ook aan dat bewegingswerkwoorde in verskillende tale, soos Engels, 'n heterogene maar gestruktureerde groep werkwoorde is.

Aangesien daar in Afrikaans nog nie 'n omvattende klassifikasie van die komponent bewegingswerkwoorde aangebied is nie, word so 'n klassifikasie in hierdie afdeling aangebied. Vir hierdie doel word enkele klassifikasies van die klas bewegingswerkwoorde vir Engels, Frans en Deens ontleed om vas te stel watter kriteria gebruik word om die afbakening van klasse vas te stel en om die geskiktheid van die voorgestelde klassifikasies vir die doeleindes van hierdie studie te bepaal.

Die klassifikasies hiernaas is hoofsaaklik van twee soorte. Die eerste soort analiseer en klassifiseer die werkwoorde op grond van hulle inherente betekenis met die veronderstelling dat hulle sintaktiese verspreiding deur hulle betekenis bepaal word. Hierdie soort klassifikasie word gemaak met verwysing na die deelnemerrolle wat betrekking het op die ruimte en wyse van beweging. Werkwoorde word dan saamgegroepeer op grond van gemeenskaplike deelnemerrolle in hulle betekenis.

In die tweede soort analise word die bewegingswerkwoord se

inherente semantiek nie as vertrekpunt geneem nie, maar verskillende tipes bewegingsgebeurtenisse (dus bewegingskonstruksies) word geklassifiseer. Adjunkte en dele van werkwoordkomplekse speel hier 'n rol in die klassifisering en kruisklassifisering van bewegingswerkwoorde.


3.7.1 KLASSIFIKASIES OP GROND VAN DIE INHERENTE BETEKENIS VAN DIE WERKWOORD: MANIER- EN RIGTINGWERKWOORDE

Die basis vir Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) en Pedersen (1997) se klassifisering is, soos dié van Levin (1993), 'n ondersoek na die semantiese bepaaldheid van sintaktiese gedrag van onakkusatiewe werkwoorde. Hulle klassifisering is in die besonder daarop gemik om aan te dui dat onakkusatiwiteit sintakties gerealiseer maar semanties bepaal word. So 'n aanduiding bevorder die hipotese dat (sintaktiese) subkategorisasie geheel en al uit (semantiese) seleksie afleibaar is (Levin en Rappaport Hovav 1992:265).

Hulle onderskei in hierdie verband twee hoofgroepe bewegingswerkwoorde, naamlik bewegingswerkwoorde van rigting en van manier (wyse). By bewegingswerkwoorde van manier word verder onderskei tussen bewegingswerkwoorde van manier met 'n direkte eksterne oorsaak (die bewegende entiteit is nie-lewend) en sonder 'n direkte eksterne oorsaak (die bewegende entiteit is lewend en veroorsaak self sy beweging). Hierdie onderskeid word in terme van die kenmerk [\pm DEC] (*direct external cause*) aangedui.

Skematies kan Levin en Rappaport Hovav se klassifikasie soos in (153) voorgestel word:

(153) Levin en Rappaport Hovav (1992) se bewegings-
werkwoordklassifikasie:



Levin en Rappaport Hovav (1992) gebruik *arriveer* as 'n generiese term vir die klas inherent gerigte bewegingswerkwoorde. Hierdie bewegingswerkwoorde spesifiseer inherent die rigting van beweging, maar nie die manier van beweging nie. Die inherente spesifikasie van rigting kan van 'n deiktiese aard wees (*gaan, kom*) of van 'n spesifieke aard (*val, retireer*). Hierdie klas werkwoorde sluit die volgende voorbeelde in:

(154)

arriveer, daal, gaan, kom, terugkeer, val, vertrek ...

Manier-van-bewegingswerkwoorde bevat 'n inherente spesifikasie van die wyse waarop die beweging plaasvind, maar nie van die rigting waarin die beweging plaasvind nie. Levin en Rappaport Hovav (1992) onderskei hoofsaaklik twee tipes maniere van beweging: dié waarvan die oorsaak *uitwendig* aan die bewegende entiteit is en dié waarvan die oorsaak *inwendig* aan die bewegende entiteit is. Indien die beweging deur 'n eksterne krag of agent veroorsaak word, vertoon die werkwoord die kenmerk [+DEC] (direkte eksterne oorsaak). Indien die beweging deur die bewegende entiteit self veroorsaak word, word die werkwoord gekenmerk deur [-DEC].

Die groep manier-van-bewegingswerkwoorde met 'n direkte eksterne oorsaak staan generies bekend as die *rol-klas*. Dié

klas sluit voorbeelde in soos die volgende:

(155)

rol, gly, swaai, tol, roteer ...

Manier-van-bewegingswerkwoorde sonder 'n direkte eksterne oorsaak staan bekend as *hardloop*-werkwoorde en sluit voorbeelde in soos die volgende:

(156)

hardloop, loop, gallop, spring, swem ...

Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) toon aan dat daar sistematiese veralgemenings oor hierdie drie werkwoordklasse se sintaktiese kenmerke gemaak kan word op grond van die betekeniskenmerke wat elke klas tipeer. Hierdie veralgemenings is hoofsaaklik die volgende:

(157)

Werkwoorde van inherente gerigtheid is sintakties onakkusatief (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.2.1).

(158)

Werkwoorde met die kenmerk [+DEC] (die *rol*-klas) is sintakties onakkusatief (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.2.1).

(159)

Werkwoorde met die kenmerk [-DEC] (die *hardloop*-klas) is sintakties onergatief (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.2.1).


Onakkusatiewe bewegingswerkwoorde (die inherente gerigte klas en die *rol*-klas) kan onder meer nie aan resultatiewe alternasies deelneem nie (vergelyk Levin en Rappaport Hovav 1992:253-4):

(160)

- a. Sy [loop MANIER: -DEC] haarself moeg.
- b. *Sy [arriveer RIGTING] haarself moeg.
- c. *Die bal [rol MANIER: +DEC] homself stukkend.

Levin en Rappaport Hovav (1992) toon aan dat daar op sistematiese wyse sintaktiese patrone geassosieer word met elk van die drie semantiese klasse bewegingswerkwoorde. Levin (1993) voer hierdie klassifikasie verder in 'n poging om aan te dui dat daar ook vir subgroeperinge binne hierdie drie klasse 'n sistematiese verhouding tussen sintaksis en semantiek bestaan.

(161)



Voorbeelde van lede van elke klas en hulle gemeenskaplike semantiese kenmerke, soos geïdentifiseer deur Levin (1993:263-270), word kortliks hieronder opgesom. Levin (1993) gee sintaktiese kenmerke vir die klasse bewegingswerkwoorde slegs in die vorm van alternasies waaraan die leksikale items in 'n klas kan deelneem, byvoorbeeld die resultatiewe en lokatiewe alternasies.³ Sy dui geen sintaktiese kenmerke (behalwe onakkusatiwiteit en onergatiwiteit) aan vir bewegingswerkwoorde in enkelvoudige konstruksies sonder alternasies nie. Aangesien die werkwoorde wat tot een klas

behoort ook nie eenvormige optrede in hierdie alternasies vertoon nie, is dit nie 'n duidelike kriterium vir klaslidmaatskap nie. Alternasies word gevolglik nie in hierdie studie verder ondersoek nie.

(162) *Inherent gerigte bewegingswerkwoorde* (Vergelyk Levin 1993:263-4)

a. Lede:

arriveer, daal, kom, ontsnap, oorsteek, val, vertrek ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Alle lede in die klas spesifiseer as deel van hulle inherente semantiek die rigting van beweging.

(163) *Verlaat-werkwoorde* (Vergelyk Levin 1993:264)

a. Lede:

ontruim, verlaat ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Die werkwoorde spesifiseer nie die manier van beweging nie. Hulle spesifiseer 'n rigting van beweging weg van 'n lokasie.

(164) *Rol-werkwoorde* (Vergelyk Levin 1993:164)

a. Lede:

bons, dryf, gly, rol, roteer, swaai, sweef, tol ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Die oorsaak van die beweging wat geleksikaliseer word is normaalweg ekstern aan die bewegende entiteit.

(165) *Hardloop-werkwoorde* (vergeelyk Levin 1993:265-7)

a. Lede:

draf, klim, kruip, loop, hardloop, nael, reis, stap, swem, trek tou, vlieg, wandel ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Die meeste werkwoorde beskryf maniere waarop lewende entiteite kan beweeg. Die rigting van beweging word nie in die werkwoordstamme aangedui nie.

(166) *Voertuigname as werkwoorde* (vergelyk Levin 1993:267)

a. Lede:

skaats, ski ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke

Die werkwoord se inherente betekenis beperk die manier van beweging tot slegs een instrument. Geen aanduiding van rigting word in die werkwoordstam geleksikaliseer nie.

(167) *Werkwoorde wat nie voertuigname is nie* (Vergelyk Levin 1993:268)

a. Lede:

roei, ry, seil, vlieg ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Die manier van beweging word beperk tot 'n bepaalde soort instrument (byvoorbeeld 'n vaartuig, vliegtuig of (land)voertuig). Rigting word nie as deel van die werkwoordstam geleksikaliseer nie.

(168) *Wals-werkwoorde* (vergelyk Levin 1993:268-9)

a. Lede:

dans, klopdans, polka, rumba, samba, tango, wals ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Die werkwoord se inherente betekenis beperk die beweging tot die uitvoer van 'n spesifieke dans (met die uitsondering van die generiese *dans*).

(169) *Jaag-werkwoorde* (vergelyk Levin 1993:269)

a. Lede:

agtervolg, jaag, volg ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Die manier van beweging word nie uitgedruk nie, maar wel die deiktiese rigting relatief tot 'n ander entiteit.

(170) *Vergesel-werkwoorde* (vergelyk Levin 1993:270)

a. Lede:


begelei, lei, vergesel ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Een bewegende entiteit beweeg saam met 'n ander van een plek na 'n ander.

Pedersen (1997) volg in haar klassifisering van Deense bewegingswerkwoorde 'n soortgelyke benadering as Levin (1993) en Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995). Sy baseer haar semantiese tipering van werkwoorde egter op die kognitiewe domein en in die besonder op die deelnemerrolle wat elke werkwoord leksikaliseer. Pedersen betrek in haar klassifikasie daarom 'n veel groter stel semantiese kenmerke as die rigting/manier-onderskeid wat Levin (1993) en Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) gebruik. Gevolglik bied Pedersen 'n meer gedetailleerde klassifisering van bewegingswerkwoorde aan as wat in die skema in (161) voorgestel word.

Sy klassifiseer inherent gerigte bewegingswerkwoorde volgens die spesifieke deelnemerrol wat hulle leksikaliseer: die pad, bron of doel. Manier-van-bewegingswerkwoorde word onderverdeel in groepe volgens die spesifieke manier waarop beweging plaasvind. Pedersen (1997) onderskei hier beweging deur middel van 'n instrument, deur middel van die liggaam en beweging van 'n nie-liggaam (die sogenaamde *rol-werkwoorde* of *werkwoorde* met die kenmerke [-DEC]). Die deelnemerrolle waarmee Pedersen werk, is egter nie voldoende om die volledige klassifikasie van Deense bewegingswerkwoorde te motiveer nie. Sy gebruik daarom ook ander etikette in haar tipering van die werkwoordklasse, soos hieronder:



Pedersen identifiseer nie reëlmatige sintaktiese kenmerke vir hierdie klasse werkwoorde nie. Soos Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) toon sy ook aan dat die sintaktiese verspreiding van onakkusatiewe en onergatiewe werkwoorde semanties bepaal word. Die lede van elke klas en hulle gemeenskaplike semanties-pragmatiese kenmerke is volgens Pedersen soos volg:

(172) *Rigting: Pad* (vergelyk Pedersen 1997:70)

a. Lede:

oorsteek, verbygaan ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die rigting en pad van beweging

(173) *Rigting: Bron* (vergelyk Pedersen 1997:70)

a. Lede:

vertrek, verlaat, verdwyn, losbreek ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die rigting en bron van beweging

(174) *Rigting: Bestemming* (vergelyk Pedersen 1997:70)

a. Lede:

aankom, arriveer, daal, gaan, kom, nader, styg, teruggaan, val ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die rigting en doel van beweging

(175) *Rigting: Jaag* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

agtervolg, jaag, volg ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Die doel van beweging is die objek waarop die beweging gerig is; die doel word afgebeeld op 'n direkte voorwerp.

(176) *Manier: Instrument* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

roei, ry, seil, skaats, ski, vlieg ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging as deur middel van 'n instrument

(177) *Voete: Loop* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

loop ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as redelik stadig deur middel van voete

(178) *Loop: Klank* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

sluip ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as deur middel van voete terwyl klank vrygestel word

(179) *Loop: Omgewing* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

marsjeer, paradeer, wandel ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as om in 'n spesifieke omgewing, saam met 'n groep
of in uniform te loop

(180) *Loop: Spoed* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

drentel ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as om stadig, onseker of doelloos te loop

(181) *Loop: Derogatief* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

slenter, jakker ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as argeloos

(182) *Hardloop: spoed* (vergelyk Pedersen 1997:71)

a. Lede:

hardloop, nael ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as vinnige beweging deur voete

(183) *Voete: diere* (vergelyk Pedersen 1997:72)

a. Lede:

gallop ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as vinnige beweging van 'n dier deur pote of hoewe

(184) *Liggaam: ander liggaamsdele* (vergelyk Pedersen
1997:72)

a. Lede:

kruip, seil, swem ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as beweging deur liggaamsdele anders as voete

(185) *Hele liggaam: dans* (vergelyk Pedersen 1997:72)

a. Lede:

dans, wals ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as beweging op die maat van musiek of ritme

(186) *Hele liggaam: spoed* (vergelyk Pedersen
1997:72)

a. Lede:

haas, pyl ...

b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:

Inherente spesifisering van die manier van beweging
as vinnige beweging met of sonder die hulp van 'n
instrument

(187) *Hele liggaam: derogatief* (vergelyk Pedersen 1997:72)

- a. Lede:
(rond)voeter, (aan)sukkel ...
- b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:
Inherente spesifisering van die manier van beweging as argelose beweging

(188) *Hele liggaam: ander* (vergelyk Pedersen 1997:72)

- a. Lede:
draai, spring, gly ...
- b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:
Inherente spesifisering van die manier van beweging as beweging op een van verskeie ander maniere as dié wat reeds hierbo gespesifiseer is

(189) *Nie-liggaam: vorentoe en agtertoe* (vergelyk Pedersen 1997:72)

- a. Lede:
beef, flap, skud, swaai, vibreer, waai, wieg...
- b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:
Inherente spesifisering van die manier van beweging as beweging vorentoe en agtertoe teen 'n stadige of vinnige spoed

(190) *Nie-liggaam: veelvuldig* (vergelyk Pedersen 1997:72)

- a. Lede:
streep, swerm ...
- b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:
Inherente spesifisering van die manier van beweging as vinnige beweging in 'n groot groep

(191) *Nie-liggaam: sirkulêr* (vergelyk Pedersen 1997:72)

- a. Lede:
draai, rol, roteer, tol...

- b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:
Inherente spesifisering van die manier van
beweging as draaiend, dikwels om 'n as

(192) *Nie-liggaam: massa* (vergelyk Pedersen 1997:72)

- a. Lede:
dryf, spuit, stroom, syfer, vloei ...
- b. Gemeenskaplike semantiese kenmerke:
Inherente spesifisering van die manier van beweging
as vinnige of stadige beweging deur 'n massa of 'n
vloeistof

Die klassifikasies van Pedersen (1997) sowel as dié van Levin (1993) toon aan dat werkwoorde in 'n sekere semantiese klas reëlmatig aan sekere sintaktiese alternasies deelneem. Sintaktiese kenmerke word in albei klassifikasies slegs aangedui vir die oorganklike bron-, bestemming en jaag-klasse. Dit is egter nie moontlik om op grond van hierdie taksonomieë veralgemenings te maak oor die ander klasse werkwoorde se sintaktiese of semanties-pragmatiese valensie in enkelvoudige sinne nie. Pedersen (1997) baseer haar klassifikasie op 'n raamsemantiese ontleding van die werkwoord se kognitiewe domein, maar ontleed nie die semanties-pragmatiese kenmerke van die woord se omgewing in enige verdere besonderhede nie. Die semanties-pragmatiese kenmerke waarop die klassifikasies gegrond word, is in sowel Levin (1993) as Pedersen (1997) nie inhoudelik duidelik geïdentifiseer nie. Pedersen se etikettering van meer as een klas as "Ander" en "Derogatief" is veral onduidelik omdat dit geen kriteria uitspel waarvolgens 'n bewegingswerkwoord in die klas ingesluit word of nie.

As 'n voorbeeld van hoe sommige van hierdie leemtes in die klassifikasie aangevul kan word, word daar in die volgende afdeling ondersoek ingestel na 'n klassifikasie wat nie op die deelnemerrolle gebaseer is nie, maar op die konteks van die bewegingsgebeurtenis. In hierdie benadering word gefokus op die verandering in ruimtelike oriëntasie tydens die

bewegingsgebeurtenis, ongeag die rigting of wyse van beweging.

3.7.2 KLASSIFIKASIES OP GROND VAN DIE BEWEGINGSGEBEURTENIS

Asher en Sablayrolles (1995) se ontleding van bewegingsgebeurtenisse is daarop gemik om die ruimtelik-temporele eienskappe van bewegingswerkwoordkomplekse te bepaal en om die verhouding tussen bewegingswerkwoorde (soos gaan) en bewegingswerkwoordkomplekse (soos ingaan) duidelik te maak. Bewegingswerkwoordkomplekse kan dan geklassifiseer word op grond van dieselfde kriteria wat vir bewegingswerkwoordstamme gebruik word (vergelyk Asher en Sablayrolles 1995:164).

Asher en Sablayrolles (1995) konsentreer in hulle klassifisering op die deelnemerrolle in 'n bewegingsgebeurtenis wat betrekking het op die ruimtelike oriëntasie van die beweging: die medium/gebied, pad, bron en bestemming van beweging. Hulle identifiseer drie veranderlikes om die verskillende tipes bewegings te beskryf: verandering van lokasie, posisie⁴ en postuur.

Lokasie word verstaan as die ruimte waarbinne 'n beweging plaasvind. 'n Verandering van lokasie behels 'n verandering van een lokasie na 'n volgende, soos geleksikaliseer deur werkwoordstamme soos arriveer en werkwoordkomplekse soos ingaan (vergelyk Asher en Sablayrolles 1995:173).

Posisie is 'n deel van 'n ruimtelike lokasie waarop of waarin beweging plaasvind, sonder dat die grense van die lokasie oorskry word (vergelyk Asher en Sablayrolles 1995:173). 'n Verandering in lokasie behels noodwendig ook 'n verandering in die bewegende entiteit se posisie in daardie lokasie, maar 'n verandering van posisie hoef nie gepaard te gaan met 'n verandering in lokasie nie. Verandering in posisie word geleksikaliseer deur werkwoordstamme soos roteer en werkwoordkomplekse soos rondhardloop. 'n Werkwoord soos

hardloop kan 'n verandering in lokasie of slegs 'n verandering in posisie behels, afhange van die adjunkte wat dit kwalifiseer:

(193)

a. Die sokkerspelers *hardloop* al vir 80 minute op die veld.

("heen en weer binne dieselfde grense van die veld": verandering van posisie, maar nie lokasie nie)

b. Die voorspeler *hardloop* van die middellyn doelhok toe.

("met 'n pad vanuit 'n lokasie verwyder van die doelhok na 'n lokasie wat die doelhok behels": verandering van lokasie)

'n Verandering in *postuur* behels 'n beweging wat nie die verandering van 'n posisie in 'n lokasie of die verandering van 'n lokasie vooronderstel nie. *Postuur* verwys na 'n besondere manier waarop die bewegende entiteit in sy 3D-ruimte verkeer (vergelyk Asher en Sablayrolles 1995:173). Dit word geleksikaliseer deur werkwoordstamme soos *buk* en werkwoordkomplekse soos *gaan sit*.

In gevolg hierdie klassifikasie kan die werkwoord *hardloop* enige van die drie klasse bewegingsgebeurtenisse leksikaliseer. In (193a) hierbo is die gebruik daarvan in 'n konteks van verandering van lokasie geïllustreer en in (193b) die gebruik in 'n konteks van verandering in posisie. 'n Gebied-adjunk soos *op die plek* beperk die beweging tot 'n verandering van *postuur* sonder dat die posisie binne die lokasie verander en sonder dat die lokasie se grense versit of oorskry word:


(194)

Die sokkerspelers *draf* op die plek (op die veld) vir opwarming.

Skematies kan hierdie klassifikasie soos volg voorgestel word

in (195):

(195) Asher en Sablayrolles (1995) se bewegingswerkwoord-
klassifikasie:



Asher en Sablayrolles (1995) se kriteria vir klassifikasie het tot gevolg dat sekere bewegingswerkwoorde tot een klas beperk word, maar dat ander op grond van die konteks in enige van die drie klasse kan val. *Buk*, *dril* en *bewe* sluit per definisie die moontlikheid uit om van posisie of lokasie te verander en hulle is beperk tot die klas van verandering van postuur:

(196)

- a. Die jellie dril op die tafel. (verandering van postuur)
- b. *Die jellie dril na die onderpunt van die tafel. (verandering van posisie)
- c. *Die jellie dril van die tafel af. (verandering van lokasie)

3.8 SAMEVATTING EN EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BENADERINGS TOT WERKWOORDKLASSIFIKASIE

Albei klassifikasiestelsels wat hierbo bespreek is, het sekere tekortkominge. 'n Klassifikasie wat slegs 'n beperkte aantal deelnemerrolle as kriterium gebruik en wat daardie deelnemerrolle ook nie verder analiseer nie, slaag nie daarin om rekenskap te gee van al die data nie.

'n Klassifikasie wat die totale bewegingsgebeurtenis as kriterium gebruik, bied 'n beter beskrywing van die

verspreiding van bewegingswerkwoorde omdat die werkwoord in so 'n benadering gekoppel word aan 'n konteks of 'n basiese konstruksie (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.3). Sonder 'n meganisme om gelykertyd ook die kenmerke van die werkwoorde uit te stippel en te vergelyk met die kenmerke van die konteks, het so 'n benadering egter geen verklarende of voorspellende vermoë nie.

In die klassifikasie van Afrikaanse bewegingswerkwoorde wat hieronder ontwikkel word, word die twee benaderings gekombineer en uitgebrei. Bewegingswerkwoorde word in semanties-pragmatiese klasse verdeel op grond van die deelnemerrol(le) wat hulle inherent spesifiseer as deel van hulle leksikalisasie. Deur hierdie kenmerke te vergelyk met die kenmerke van die konstruksies waarin die groep leksikale items normaalweg optree, word dan verklarings en voorspellings gemaak ten opsigte van hulle gemeenskaplike valensie.

3.9 KLASSEKASSIFIKASIE VAN AFRIKAANSE BEWEGINGSWERKWOORDE

In hierdie afdeling word Afrikaanse bewegingswerkwoorde geklassifiseer op grond van kenmerke wat onder meer vir groepe bewegingswerkwoorde geïdentifiseer word na gelang van die voorstelle wat spruit uit die klassifikasiesisteme wat hierbo ontleed is en na gelang van voorstelle uit die literatuur oor die Afrikaanse taalkunde.

Op grond van hierdie klassifikasies en identifisering van kenmerke word die sintaktiese en semanties-pragmatiese valensiepatrone van elke geïdentifiseerde klas bewegingswerkwoorde aangestip. Die verhouding tussen die kenmerke - byvoorbeeld voorspelbaarheid of uitsluiting - word daarna afgelei vir elke (sub)klas.

Die lede wat vir elke subklas gelys word, behels hoofsaaklik voorbeelde van werkwoordstamme, nie van deeltjiewerkwoorde,

werkwoordkomplekse of uitgebreide predikate (vergelyk Ponelis 1979:209) nie. Die lys moet ook nie as uitgeput beskou word nie. Die voorbeelde is sover moontlik verteenwoordigend van die tipiese bewegingswerkwoorde in 'n gegewe klas.

Die manier waarop werkwoorde wat primêr tot 'n ander werkwoordklas behoort as bewegingswerkwoorde kan optree, word in afdeling 3.12 hanteer as deel van die interaksie tussen die leksikale valensieraam en die konstruksionele valensieraam.

Bewegingswerkwoorde word in die volgende klassifikasies verdeel na gelang van die faset van die bewegingsgebeurtenis wat hulle leksikaliseer: die verandering van lokasie (bv. *loop*), die verandering van posisie (bv. *fladder*) of die verandering van postuur (bv. *buk*). Vir elkeen van hierdie fasette van die bewegingsgebeurtenis word spesifieke kenmerke, byvoorbeeld [\pm Manier] en [\pm Rigting], geïdentifiseer wat die klasse verder in semantiese eenhede groepeer.

Beweeg is 'n generiese bewegingswerkwoord wat in Afrikaans die beweging van 'n bewegende entiteit beskryf sonder om te spesifiseer of die verandering op die bewegende entiteit se lokasie, posisie of postuur betrekking het en sonder om te spesifiseer wat die manier of die rigting van beweging is. Hierdie werkwoord leksikaliseer slegs die feit dat beweging deur die bewegende entiteit uitgevoer word. Manier of rigting kan opsioneel as adjunkte saam met hierdie werkwoorde gebruik word, soos blyk uit (197):

(197)

- a. Die groepie beweeg [sukkelend WYSE] [na die dorp toe RIGTING].

Beweeg is nie inherent gespesifiseer ten opsigte van die manier of die rigting van beweging nie, maar kan geredelik verbind met uitdrukkings van albei tipes. Die semanties-pragmatiese kenmerke van hierdie leksikale item verteenwoordig die totale stel kenmerke waaruit die klas

bewegingswerkwoorde saamgestel is.

Omdat *beweeg* die kenmerk [+Beweeg] vertoon, sonder enige ander spesifikasies van inherente aanduiding van manier of rigting van beweging, is dit 'n generiese bewegingswerkwoord wat enige ander bewegingswerkwoord in enige konteks kan vervang, hoewel dit gepaard gaan met 'n verlies aan besonderhede van die aard van die beweging. Voorbeelde van *beweeg* se valensie word in (198) hieronder gegee:

(198)

- a. Die ballon styg op.
Die ballon beweeg op.
- b. Hy gly oor die gladde vloer.
Hy beweeg oor die gladde vloer.
- c. Die stomp rol teen die heuwel af.
Die stomp beweeg teen die heuwel af.
- d. Hy draf na die hek toe.
Hy beweeg na die hek toe.

Beweeg (in die nie-kousatiewe betekenis wat hier van belang is) kan egter nie met 'n objek van gerigtheid verbind nie omdat dit, as generiese bewegingswerkwoord, nie 'n spesifieke deelnemerrol profileer nie. In (199) en (200) is die medium (vloeistof) 'n inherente deel van *swem* se betekenis. *Beweeg* kan *swem* egter vervang slegs in konstruksies waar die medium gelyke profileringstatus met die manier van beweging geniet, soos in (199)

(199)

- a. *swem* [_{PP} deur die rivier MEDIUM]
- b. *beweeg* [_{PP} deur die rivier MEDIUM]

In (200) word die medium van beweging by *swem* egter tot 'n meer prominente status geprofileer as enige ander deelnemerrol. Dit word gevolglik afgebeeld op die objek van gerigtheid in die posisie van semantiese voorwerp. *Beweeg* se inherente semantiek laat nie hierdie tipe profilering toe

nie:

(200)

- a. swem [_{NP} die rivier OBJEK VAN GERIGTHEID: MEDIUM]
- b. *beweeg [_{NP} die rivier OBJEK VAN GERIGTHEID: MEDIUM]

Om dieselfde rede kan *beweeg* nie as plaasvervanger optree vir bewegingswerkwoorde wat inherent die objek van gerigtheid leksikaliseer nie, soos *volg*, *bereik* of *verlaat*:

(201)

- a. volg [_{NP} die gids OBJEK VAN GERIGTHEID: PASIËNT]
- b. *beweeg [_{NP} die gids OBJEK VAN GERIGTHEID: PASIËNT]

Beweeg kan slegs in parafrases - dus in ander konstruksietipes - die betekenis uitdruk van 'n bewegingswerkwoord wat 'n objek van gerigtheid profileer:

(202)

- a. volg die gids: beweeg agter die gids aan
- b. bereik die toneel: kom aan/arriveer by die toneel
- c. verlaat die huis: vertrek uit die huis uit

Uit die definisie van *roer* in woordeboeke kan verkeerdelik afgelei word dat *roer* dieselfde kenmerke het as *beweeg*. Vergelyk byvoorbeeld die volgende definisies in HAT (1994) van *beweeg* en *roer*:

(203)

- a. *Beweeg*: Van plek of stand verander; jou verroer
- b. *Roer*: In beweging kom
Verroer: *Beweeg*, verskuif, skuif roer

Roer behels egter 'n meer beperkte vorm van verandering van ruimtelike oriëntasie as *beweeg*, soos afgelei kan word uit die volgende voorbeelde in (204):

(204)

- a. *Verandering van postuur:*
 - i. Die riete bewe in die wind.
 - ii. Die riete beweeg in die wind.
 - iii. Die riete roer in die wind.
- c. *Verandering van posisie:*
 - i. Die wiel draai in die rondte.
 - ii. Die wiel beweeg in die rondte.
 - iii. *Die wiel roer in die rondte.
- b. *Verandering van lokasie:*
 - i. Die hysbak styg boontoe.
 - ii. Die hysbak beweeg boontoe.
 - iii. * Die hysbak roer boontoe.

Die lede en die kenmerke van elke klas bewegingswerkwoorde in Afrikaans word in die volgende afdelings bespreek.

3.10 SUBKLASSE BEWEGINGSWERKWOORDE

Binne die groep bewegingswerkwoorde word daar in navolging van Asher en Sablayrolles (1995) se ontleding van die bewegingsituasie drie hoofgroepe onderskei: dié wat verandering van die bewegende entiteit se lokasie, posisie of postuur behels. Op grond van hierdie onderskeid kan sekere kenmerke vir die drie subklasse geïsoleer word, soos dit in (205) uiteengesit word. In (205) word in (i) telkens die eienskap van die klas aangedui, gegrond op die tipe ruimtelike verandering waarmee die beweging geassosieer word, en in (ii) die kenmerke (bykomend tot [+Beweeg]) wat daarvan geabstraheer word:

- (205) Kenmerke van die subklasse bewegingswerkwoorde:
 - a. i. Eienskap: Verandering van lokasie
 - ii. Kenmerk: [+Lokasie]
 - b. i. Eienskap: Verandering van posisie
 - ii. Kenmerk: [+Posisie]

c. i. Eienskap: Verandering van postuur

ii. Kenmerk: [+Postuur]

Alle bewegingswerkwoorde van verandering van lokasie is inherent gespesifiseer ten opsigte van een van die kenmerke [+Manier] of [+Rigting], maar nie ten opsigte van albei nie. Die werkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van manier, kan vryelik verbind met adjunkte van rigting, maar daar is streng beperkings op die adjunkte van wyse wat hulle kan neem. Die teenoorgestelde geld vir werkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die rigting van beweging. Hierdie verskynsel word geïllustreer in die voorbeelde in (206):

(206)

a. Rigting-van-bewegingswerkwoorde

i. styg [per vliegtuig/ per hysbak WYSE]

ii. styg [boontoe/*ondertoe RIGTING]

b. Manier-van-bewegingswerkwoorde

i. loop [per voet/ *per vliegtuig WYSE]

ii. loop [boontoe/ondertoe RIGTING]

Styg in (206a) is inherent gespesifiseer vir 'n spesifieke pad van beweging. Dit kan slegs met rigtingadjunkte verbind met die betekenis van "op(waarts)" of "boontoe". Die manier waarop daar boontoe beweeg word, is egter nie inherent gespesifiseer nie en daar word daarom nie beperkinge gestel op uitdrukings van wyse by *styg* nie.

Loop in (206b) is inherent gespesifiseer ten opsigte van die manier van beweging deur middel van voete oor 'n oppervlakte. Dit kan daarom slegs met wyse-adjunkte verbind wat dieselfde betekenis het. Omdat *loop* nie die rigting van beweging spesifiseer as deel van sy inherente semantiek nie, plaas dit egter nie beperkinge op uitdrukings van rigting nie.

In notasievorm kan hierdie wedersydse uitsluiting voorgestel

word soos in (207):

(207) *Kenmerk van werkwoorde van verandering van lokasie:*
[±[-Manier +Rigting]]

Die volgorde van die elemente in die formule hierbo is arbitrêr; so ook die keuse van watter een positief en watter een negatief gemerk word. Die twee elemente moet egter komplementêre waardes hê. Die toepassing van die formule in (207) hierbo behels dat die waardes in die hakies binne hakies, [-Manier, +Rigting], gesamentlik geaffekteer word deur die bewerking buite die hakies. Indien 'n positiewe waarde (aangedui as "+") geld, is die waarde van die kenmerk tussen hakies onveranderd, dus [-Manier, +Rigting]. Indien die teenoorgestelde waarde hiervan egter geld, aangedui as negatief of "-", is die waarde van die kenmerk tussen hakies [+Manier, -Rigting]. Die kenmerkwaardes in (207) kan dus altyd slegs een van die volgende keuses in (208) wees:

(208) *Waardes van die kenmerk [±[- Manier +Rigting]]:*

a. [-Manier, +Rigting]

b. [+Manier, -Rigting]

Die notasie in (208) sluit alle ander moontlike toepassings uit. Toepassings soos [+Manier, +Rigting] en [-Manier, -Rigting] is onmoontlik in terme van die formulering van (207).

Levin (1993), Levin en Rappaport Hovav (1992, 1995) en Jackendoff (1990) se onderskeid tussen manier- en rigting- van-bewegingswerkwoorde is slegs van toepassing op die eerste groep in hierdie klassifikasie, naamlik die bewegingswerkwoorde van verandering van lokasie. Die ander groep sluit elemente van albei in, en hulle kan nie gedefinieer word sonder verwysing na sowel die manier as die rigting van beweging nie. Voorbeelde van die definisie en interpretasie van enkele bewegingswerkwoorde van verandering van postuur word ter illustrasie van hierdie verskynsel in (209) aangebied:

(209)

a. *Bewegingswerkwoorde van verandering van posisie:*

i. krioel: "deurmekaar wemel, swerm; in alle rigtings beweeg"

manier: in 'n veelvuldige massa

rigting: in alle rigtings

ii. dobber: "drywende op en neer op water gaan"

manier: drywend

rigting: op en neer

b. *Bewegingswerkwoorde van verandering van postuur:*

i. vibreer: "baie vinnig heen en weer beweeg"

manier: met die hele liggaam vibrerend

rigting: heen en weer

ii. bewe: "baie vinnig en baie liggies heen en weer beweeg"

manier: met die liggaam vibrerend

rigting: heen en weer

Bewegingswerkwoorde van verandering van posisie en verandering van postuur het die eienskap dat die woord inherent gespesifiseer is vir sowel die manier as die rigting van die beweging. Die kenmerk wat uit hierdie eienskap afgelei word, kan formeel voorgestel word soos in (210):


(210) *Kenmerk van bewegingswerkwoorde van onveranderde lokasie:*

[+Manier, +Rigting]

Bewegingswerkwoorde met die kenmerk [+Manier, +Rigting] vorm saam die klas bewegingswerkwoorde van onveranderde lokasie.

Die klassifikasie tot dusver kan saamgevat word in die diagram in (211):

(211) *Subklasse binne die klas bewegingswerkwoorde en hulle semanties-pragmatiese kenmerke:*



In die volgende afdelings word die kenmerke en valensie van elke groep bewegingswerkwoorde ontleed, en van die subklasse binne hierdie hoofgroepe. Daar word vir elke subklas se VRB slegs die aspekte uitgespel wat dit van die res van die klas bewegingswerkwoorde onderskei.

3.10.1 BEWEGINGSWERKWOORDE VAN VERANDERING VAN LOKASIE

Die werkwoordstamme wat lid vorm van hierdie klas word gelys onder (212):

(212) *Bewegingswerkwoordstamme van verandering van lokasie:*

arriveer, begeef, beland, betree, boemel, bons, borrel, daal, dans, dartel, deins, dool, draai, draf, drentel, dring, drup, dryf, duik, dwaal, dwarrel, emigreer, flenter, gaan, glip, gly, haas, hardloop, hink, hip, hol, huppel, immigrer, jaag, jakker, kantel, keer, klim, klouter, koers, koes, kom, kruie, kuier, loop, maal, marsjeer, nael, ontsnap, paradeer, piekel, ploeg, pyl, reis, rits, roei, rol, ry, rys, sak, sink, sirkel, skarrel, skeer, skiet, skry, skuifel, skuur,

sleep, slenter, slof, sluip, snel, spaander, spat,
spoed, spoel, spring, spuit, stap, stoot, storm, stort,
straal, streep, strompel, stroom, struikel, stuif,
styg, swaai, swalk, sweef, swem, swerf, syfer, sypel,
toer, tou, trap, tree, trek, trippel, tuimel, vaar,
val, verlaat, vertrek, vloei, vlug, volg, waad, waai,
wals, wandel, wel, wend, wentel, wieg, wyk ...

Hierdie tipe werkwoorde word geassosieer met 'n verandering in ruimtelike lokasie, en gevolglik met 'n pad van beweging:

(213)

- a. Die atlete draf (met 'n ongespesifiseerde pad).
- b. Die vliegtuig styg op (geïmpliseerde pad: boontoe).
- c. Die blare waai in die wind (met 'n ongespesifiseerde pad).
- d. Water vloei uit die dam (met 'n ongespesifiseerde pad)

3.10.1.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

In die vorige afdeling is daar reeds gewys op die stel semanties-pragmatiese kenmerke wat vir hierdie klas geabstraheer word. Hierdie kenmerke word in (214) herhaal:

(214) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die klas
bewegingswerkwoorde van verandering van lokasie:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
- b. Subklaskenmerk: [±[-Manier, +Rigting]]

3.10.1.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas se sintaktiese valensie is dieselfde as dié van die genus (die klas bewegingswerkwoorde). Binne die subklas is daar woorde wat oorganklik is, soos *volg*, wat onoorganklik is, soos *koes* en wat opsioneel oorganklik is, soos *loop* in die volgende voorbeelde in (215):

(215)

- a. Ann het hom na al die uithoeke van die wêreld gevolg.
(Beeld, 20/11/97)
- b. Nog departemente sal dalk dié paadjie moet loop ...
(Beeld, 21/11/97)
- c. Hy loop ook baie swaar. (Beeld, 20/11/97)
- d. Hy koes vir die hou.

Die sintaktiese kenmerke van hierdie klas is dieselfde as vir die klas bewegingswerkwoorde oor die algemeen, soos in (216):

(216) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, NP, AP, PP}], met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.1.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die semanties-pragmatiese valensie van die subklas kan soos volg saamgevat word:

(217) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos toegepas op die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[±[-Manier, +Rigting]]

3.10.1.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

Daar is in die vorige afdeling reeds daarop gewys dat hierdie subklas bewegingswerkwoorde die enigste van die drie hoofvertakkings van bewegingswerkwoorde is waar die inherente spesifikasie vir rigting en manier van beweging wedersyds eksklusief is. Daar word op grond van elke waarde van die

kenmerk [\pm [-Manier, +Rigting]] 'n afsonderlike subklas onderskei. Die twee subklasse wat hier ter sprake is, is die sogenaamde manier-van-bewegingswerkwoorde en rigting-van-bewegingswerkwoorde. In die eerste groep is die inherente spesifikasie van die manier van beweging deel van die woord se betekenis, en in die tweede groep is die inherente spesifikasie van die rigting van beweging deel van die betekenis.

Voorbeelde van die twee groepe word in (218) en (219) gegee:

(218) *Inherente spesifikasie van manier van beweging:*

Hy swem [al in die rondte/stroom-op/kant toe PAD]

Gespesifiseerde manier: beweeg met ledemate deur water

(219) *Inherente spesifikasie van rigting van beweging:*

Hy vertrek [per vliegtuig/ per voet/ per boot WYSE]

Gespesifiseerde rigting: weg van die dektiese sentrum

Die twee subklasse wat hierbo geïllustreer word, word van mekaar onderskei deur verskillende waardes van die kenmerk [\pm [-Manier, +Rigting]]. Die werkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die rigting van beweging vertoon die waarde [\pm [-Manier, +Rigting]], dus [-Manier, +Rigting]. Dié wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van die manier van beweging vertoon die waarde [-[-Manier, +Rigting]], of [+Manier, -Rigting].

Die subklasse word hieronder afsonderlik bespreek.

3.10.2 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN MANIER VAN BEWEGING

Hierdie bewegingswerkwoorde het as fokuspunt die beskrywing van die manier waarop die beweging uitgevoer word, sonder spesifikasie van die rigting daarvan. Die lede van die groep word in (220) gelys:

(220) *Lede van die subklas:*

boemel, bons, borrel, dans, dartel, draf, drentel,
drup, dryf, flenter, glip, gly, hardloop, hink, hip,
hol, huppel, jakker, klim, klouter, kruie, kruip, loop,
marsjeer, nael, paradeer, piekel, reis, rits, roei,
rol, ry, seil, skarrel, skeer, skiet, skry, skuifel,
skuur, sleep, slenter, slof, sluip, snel, spaander,
spat, spoed, spoel, spring, spuit, stap, straal,
streep, strompel, stroom, struikel, stuif, swaai,
swalk, sweef, swerf, swem, syfer, sypel, toer, tou,
tree, trippel, vaar, vloei, waad, waai, wals, wandel,
wel, wieg ...

Daar is verskeie kere reeds daarop gewys dat hierdie werkwoorde se inherente spesifikasie van die wyse van beweging beperkinge plaas op die uitdrukking van deelneemmerrolle in die funksie van wyse-adjunkte. Werkwoorde wat inherent gespesifiseer is ten opsigte van beweging deur middel van voete, soos *loop*, *wandel* of *stap*, kan normaalweg nie verbind met uitdrukings wat 'n ander wyse van beweging leksikaliseer nie, byvoorbeeld:

(221)

*[wandel WYSE: MET VOETE] [op sy hande en knieë WYSE].

By verstek van enige uitgedrukte adjunkte van wyse van beweging, word aanvaar dat die uitdrukking plaasvind op die wyse wat as inherente deel van die werkwoordsemantiek geleksikaliseer word:

(222)

- a. [wandel WYSE: MET VOETE] deur die bos
- b. [kruip WYSE: OP HANDE EN KNIEë] oor die vloer
- c. [vlieg WYSE: MET VLERKE] deur die lug

Die besondere wyse van beweging wat in individuele leksikale items geleksikaliseer word, plaas idiosinkratiese beperkinge op uitdrukings van deelneemmerrolle, soos in afdeling 2.4

uiteengesit. Die wyse van beweging in wandel en stap vooronderstel byvoorbeeld beweging oor 'n oppervlakte:

(223)

- a. stap/wandel [in die woud GEBIED: OPPERVLAKTE]
- b. *stap/wandel [in die lug GEBIED: LUG]

3.10.2.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die stel semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas word in (224) gegee:

(224) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [\pm [-Manier, +Rigting]]
- b. Subklaskenmerk: [+Manier, -Rigting]

3.10.2.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van die klas is soos vir die klas bewegingswerkwoorde, behalwe dat hulle as bewegingswerkwoorde (volgens die definisie wat hier aanvaar word) in die normale gebruik nie sintakties oorganklik is nie. Die subklas se kenmerke word in (225) gegee:

(225) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.2.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Omdat die wyse inherent gespesifiseer is by hierdie klas, word beperkings geplaas op die adjunkte van wyse waarmee die individuele woorde in die klas kan verbind. Die besonderhede van hierdie beperkings word uiteengesit vir elke tipe spesifikasie van manier van beweging in die volgende

afdelings. Hier word slegs die algemene VRB vir die klas bewegingswerkwoorde van manier aangebied:

(226) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:

soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

3.10.2.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

Vir hierdie groep werkwoorde word daar in die literatuur twee algemene subklasse onderskei, gegrond op die taalgebruiker se interpretasie van die oorsaak van die beweging. Die bron van die beweging kan intern of ekstern aan die bewegende entiteit wees. Indien dit intern is, word die beweging outonoom en onder die beheer van die bewegende entiteit (letterlik of metafories geïnterpreteer) uitgevoer. Indien die bron ekstern is, word die beweging deur 'n eksterne agent of mag veroorsaak en die bewegende entiteit beweeg in reaksie op hierdie eksterne prikkel, sonder om beheer oor sy beweging te hê. In voorbeeld (227a) word 'n bewegingswerkwoord geïllustreer wat deur die bewegende entiteit self geïnisieer en beheer word, en in (227b) 'n bewegingswerkwoord wat deur 'n eksterne mag of agent veroorsaak word:

(227)

a. *Interne oorsaak:* Hy loop hierdie kant toe.

b. *Eksterne oorsaak:* Hy rol hierdie kant toe.

Elkeen van hierdie werkwoordtipes word hiernaas in meer besonderhede ontleed.

3.10.3 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN MANIER VAN BEWEGING MET 'N EKSTERNE OORSAAK

Die werkwoordstamme in hierdie klas word gelys in (228):

(228) *Lede van die subklas:*

bons, drup, hop, ploeg, rol, skeer, spoel, spuit,
straal, streep, stroom, stuif, swaai, sweef, syfer,
sypel, vloei, waai, wel, wieg ...

In sommige gevalle kan die bewegende entiteit self die rol van die eksterne oorsaak vir sy beweging vervul, soos geïllustreer in (229):

(229)

- a. swaai deur die woud aan takke
- b. rol oor en oor by die sandduin af

By hierdie bewegingswerkwoorde kan die bewegende entiteit self die beweging inisieer, maar daarna het die bewegende entiteit relatief min of geen beheer oor die beweging nie. Hierdie verskynsel word in die voorbeelde in (230) geïllustreer. Dit is moontlik dat die bewegende entiteit 'n handeling uitvoer wat hom in reaksie daarop laat bons, maar terwyl hy die bons-aksie ondergaan, kan hy dit nie manipuleer nie. Hierteenoor het hy volle beheer oor die spring-aksie wat hy uitvoer in (230a):

(230)

- a. Die kinders spring al hoe hoër om oor die muur te kan sien.
- b. *Die kinders bons al hoe hoër (op die vloer/ op die matras) om oor die muur te kan sien.

Talmy (1985:80-81) beskryf die gebruik van *bons* in gevalle waar dit deur die bewegende entiteit self geïnisieer word, as self-agensief. Hy identifiseer drie tipes konstruksies waarin hierdie klas werkwoorde kan optree: (a) die bewegende

entiteit kan self die beweging inisieer (self-agensiewe veroorsaking), (b) 'n eksterne agent kan dit inisieer (agensiewe veroorsaking) of (c) die beweging kan plaasvind sonder die inmenging van die bewegende entiteit of 'n agent (outonome gebeurtenis). Talmy illustreer hierdie gebruike met rol as voorbeeld. Sy voorbeelde word in (231) aangebied (vergelyk ook hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.1.2):

(231)

- a. Die stomp rol oor die veld (outonome gebeurtenis)
- b. Die seun rol die stomp oor die veld (agensiewe veroorsaking)
- c. Die seun rol met opset oor die veld (self-agensiewe veroorsaking)

Die werkwoorde in hierdie klas beskryf normaalweg die beweging van 'n nie-lewende entiteit. Daar kan egter nie sonder meer aanvaar word dat die valensie van die klas 'n nie-lewende entiteit as bewegende entiteit vereis nie. Dit blyk uit die voorbeelde hierbo dat 'n lewende entiteit wel daartoe in staat is om hierdie tipes bewegings te ondergaan en om dit onder sekere omstandighede ook te inisieer. Dit gaan by hierdie werkwoorde nie soseer om die aard van die bewegende entiteit nie as om die gedrag daarvan. Die beweging behels normaalweg dat die bewegende entiteit nie sy wil daarop uitoefen nie, ongeag deur watter tipe (self- of agensiewe) veroorsaking dit aan die gang gesit is. Dit sal daarom meer akkuraat wees om aan die bewegende entiteit by hierdie werkwoorde die kenmerk [-Wil] toe te ken eerder as [-Lewend].

Die voorbeelde in (232) hieronder toon gebruike van bewegingswerkwoorde van inherent gespesifiseerde manier van beweging met 'n eksterne oorsaak in verbinding met sowel 'n lewende as 'n nie-lewende entiteit. In al die gevalle waar hierdie werkwoorde met 'n lewende entiteit verbind, is daardie lewende entiteit egter die onderganer van die beweging en nie die uitvoerder daarvan nie, selfs al het hy/

hulle self die beweging aan die gang gesit. Die kinders kan byvoorbeeld self veroorsaak dat hulle aan die rol of bons kom, maar daarna dra hulle momentum hulle verder totdat dit nodig is vir hulle om weer in te gryp om die beweging voort te sit.

(232)

- a. Die bal rol oor die veld/ die kinders rol by die duin af.
- b. Die bal bons buite die lyn/ die kinders bons op die matras.
- c. Die pen gly oor die papier/ hy gly oor die gladde vloer.
- d. Die voël nes swaai aan die tak/ die apie swaai aan die tak.
- e. Die takke wieg in die wind/ die ou man wieg in sy stoel.

3.10.3.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas, soos afgelei uit die optrede van die werkwoorde hierbo, word in (233) uiteengesit:

(233) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, -Rigting]
- b. Subklaskenmerk: [+Direkte eksterne oorsaak]

3.10.3.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die werkwoorde in hierdie subklas het die sintaktiese kenmerk dat hulle (in die outonome, nie-kousatiewe sin wat hier van belang is) nie oorganklik is nie. Hulle sintaktiese kenmerke is dieselfde as die kenmerke van die klas manier-van-

bewegingswerkwoorde en dit word onder (234) saamgevat:

(234) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde
hoof-eerste.

3.10.3.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB wat vir die subklas afgelei word, word in (235) uiteengesit:

(235) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
Bewegende entiteit: [-Wil], verder soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[+Direkte eksterne oorsaak]

3.10.3.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

Daar is twee groepe in die klas: dié wat die ekstern veroorsaakte beweging van 'n uniforme massa beskryf, en dié wat die ekstern veroorsaakte beweging beskryf van 'n bewegende entiteit wat nie 'n uniforme massa is nie. Voorbeelde van elke groep word in (236) aangebied:

- (236)
- a. *Ekstern veroorsaakte beweging van 'n uniforme massa:*
Die water vloei met die kanaal langs.

- b. *Ekstern veroorsaakte beweging van 'n nie-uniforme massa of 'n nie-massa:*

Die wiel rol in die straat af.

Elkeen van die groepe word onderskeidelik in die volgende afdelings bespreek.

3.10.4 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE MANIER VAN BEWEGING VAN 'N UNIFORME MASSA, MET 'N EKSTERNE OORSAAK VAN DIE BEWEGING

Die werkwoordstamme wat lede van hierdie groep is, word in (237) gelys:

(237) *Lede van die subklas:*

borrel, drup, plas, spat, spoel, spuit, straal, streep, stroom, stryk, stuif, syfer, sypel, vloei, wel ...

Hierdie werkwoorde verbind normaalweg met 'n bewegende entiteit wat bestaan uit 'n uniforme massa, soos blyk uit die voorbeelde in (238):

(238)

- a. [Die water +UNIFORME MASSA] drup/stroom/spuit oor die afgrond.
- b. *[Die klippe -UNIFORME MASSA] drup/stroom/spuit oor die afgrond.
- c. [Die sand +UNIFORME MASSA] stuif in die wind.
- d. *[Die blare -UNIFORME MASSA] stuif in die wind.

3.10.4.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word onderskei op grond van die werkwoord se kenmerk dat dit inherent die manier van beweging van 'n uniforme massa spesifiseer. Hierdie kenmerk word as [+Uniforme massa] uitgedruk. Die lys van semanties-

pragmatiese kenmerke van die klas word in (239) gegee:

(239) Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas

a. Klaskenmerke: [+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[+Direkte eksterne oorsaak]

b. Subklaskenmerk: [+Uniforme massa]

3.10.4.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas se sintaktiese kenmerke is soos vir die genus.
Dit word hieronder herhaal as (240):

(240) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde
hoof-eerste.

3.10.4.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB van die subklas is dieselfde as vir sy genus, met die uitsondering dat daar die bykomende beperking geplaas word op alle deelnemers om versoenbaar te wees met die kenmerk [+Uniforme massa]:

(241) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)

(ii) Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[+Direkte eksterne oorsaak]

[+Uniforme massa]

3.10.5 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE EKSTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING VAN 'N ENTITEIT WAT NIE 'N UNIFORME MASSA IS NIE

Die werkwoordstamme wat lede is van hierdie klas, word gelys in (242):

(242) *Lede van die subklas:*

bons, dryf, glip, gly, rol, swaai, struikel, sweef, waai, wieg ...

Die bewegingswerkwoorde in hierdie klas beskryf die ekstern veroorsaakte beweging van 'n bewegende entiteit wat normaalweg nie 'n uniforme massa is nie:

(243)

- a. [Die bal -UNIFORME MASSA] bons op die vloer.
- b. [Die waterdruppel -UNIFORME MASSA] bons van die vloer af voordat dit in kleiner druppels opbreek.
- c. *[Die water wat uit die emmer geval het +UNIFORME MASSA] bons op die vloer.
- d. ['n Groot brander -UNIFORME MASSA] rol strand toe.
- e. *[Die rivier +UNIFORME MASSA] rol see toe.

3.10.5.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word onderskei deur die eienskap van die werkwoorde in die klas dat dit die manier van ekstern veroorsaakte beweging leksikaliseer van 'n bewegende entiteit wat tipies nie 'n uniforme massa is nie. Hierdie eienskap kan geformaliseer word in die kenmerk [-Uniforme massa]. Die lys kenmerke van die subklas sien dan soos in (244) daar uit:

(244) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, -Rigting]
 [+Direkte eksterne oorsaak]
- b. Subklaskenmerk: [-Uniforme massa]

3.10.5.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Sintakties word die klas nie van die genus onderskei nie. Die klas se sintaktiese valensie word in (245) herhaal:

(245) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.5.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die verspreiding van die subklas word gekenmerk daardeur dat dit kan verbind met 'n bewegende entiteit wat normaalweg nie die kenmerke van 'n uniforme massa vertoon nie. Die VRB vir die klas is soos volg:

(246) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die normaalwege VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[+Direkte eksterne oorsaak]
[-Uniforme massa]

3.10.6 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING

Hierdie klas werkwoorde leksikaliseer die manier van beweging van 'n entiteit wat self die beweging iniseer. So 'n entiteit is normaalweg lewend (vergelyk afdeling 3.12 vir die oordragtelike gebruik van hierdie werkwoorde saam met nie-lewende entiteite). Omdat die bewegende entiteit as Agens van die beweging optree, is 'n wye reeks uitdrukkings van beoogde resultaat moontlik saam met hierdie werkwoorde:

(247)

- a. loop [om hulp te ontbied BEOOGDE RESULTAAT]
- b. swem [om die oewer te bereik BEOOGDE RESULTAAT]
- c. reis [vir 'n lewe BEOOGDE RESULTAAT]

Werkwoorde wat nie 'n Agens as bewegende entiteit neem nie (dus werkwoorde met 'n direkte eksterne oorsaak) kan normaalweg nie met 'n beoogde resultaat verbind nie:

(248)

- a. *Die bal rol [om die lyn te bereik BEOOGDE RESULTAAT].
- b. *Hy gly op die nat vloer [om sy been te breek BEOOGDE RESULTAAT].

Bewegingswerkwoorde met 'n interne oorsaak van beweging verbind normaalweg slegs met entiteite wat daartoe in staat is om die beweging willekeurig uit te voer. Sulke entiteite is normaalweg lewend. Lewende entiteite kan egter ook beweging ondergaan wat hulle nie willekeurig aan die gang sit nie (vergelyk (249)) en [\pm Lewend] is daarom nie 'n voldoende onderskeid tussen die bewegende entiteite van die twee klasse nie. Die lewende entiteit wat 'n intern veroorsaakte beweging uitvoer, vertoon ook die kenmerk [+Wil], waar [+Wil] geïnterpreteer word as die willekeurige uitvoering van beweging. Vergelyk die verskillende relatiewe kenmerke van die bewegende entiteit in die volgende voorbeelde:

(249)

- a. [Die man -WIL] [gly +DIREKTE EKSTERNE OORSAAK] in die stort.
- b. [Die man +WIL] [spring -DIREKTE EKSTERNE OORSAAK] in die stort.

'n Lewende entiteit soos *die man* kan gekonseptualiseer word as in staat om beweging onwillekeurig te ondergaan (soos in (249a)) of om beweging willekeurig uit te voer (soos in (249b)). 'n Nie-lewende entiteit kan normaalweg slegs 'n beweging ondergaan en nie uitvoer nie. Dit kan daarom ook nie die relatiewe kenmerk [+Wil] ontvang nie:

(250)

- *[Die bal -WIL] [dans +DIREKTE EKSTERNE OORSAAK]
na die anderkant toe.

Instrumente van beweging verkry in die oordragtlike gebruik dikwels die relatiewe kenmerke van 'n lewende bewegende entiteit met wil, soos in die volgende voorbeelde (vergelyk ook afdeling 3.12):

(251)

- a. [Die vlieënier +WIL] vlieg teen die berg vas [met die vliegtuig INSTRUMENT; -WIL].
- b. [Die vliegtuig +WIL] vlieg teen die berg vas.

Sekere werkwoorde in hierdie klas, soos *spring*, het die eienskap dat dit ook 'n onwillekeurige refleksbeweging kan uitdruk, byvoorbeeld:

(252)

- [Die bal -WIL] [spring -DIREKTE EKSTERNE OORSAAK]
verkeerd vir die vleuel.

In gevalle soos (252) voeg die konstruksie kenmerke toe tot die basiese deelnemerrolle van die werkwoord (vergelyk Goldberg 1995). Hierdie verskynsel word in afdeling 3.12 in

meer besonderhede beskryf.

Die werkwoordstamme wat lede is van die groep bewegingswerkwoorde wat die intern veroorsaakte en intern beheerde beweging van 'n entiteit leksikaliseer, word in (253) gelys:

(253) *Lede van die subklas:*

boemel, borrel, dans, dartel, draf, drentel, flenter,
hardloop, hink, hip, hol, huppel, jakker, klim,
klouter, kruie, kruip, loop, marsjeer, nael, paradeer,
piekel, reis, rits, roei, ry, seil, skarrel, skeer,
skiet, skry, skuifel, skuur, sleep, slenter, slof,
sluip, snel, spaander, spoed, spring, stap, strompel,
swalk, swerf, swem, toer, tou, tree, trippel, vaar,
waad, wals, wandel ...

3.10.6.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word van ander klasse bewegingswerkwoorde onderskei op grond van die werkwoorde se eienskap dat hulle beweging leksikaliseer wat normaalweg deur die bewegende entiteit self veroorsaak en beheer word. Die onderskeidende kenmerk hiervoor is [-Direkte eksterne oorsaak], soos in (254) aangedui:

(254) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas*

a. Klaskenmerke: [+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

b. Subklaskenmerk: [-Direkte eksterne oorsaak]

3.10.6.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van die subklas is nie onderskeidend van die genus nie. Dit word in (255) uiteengesit:

(255) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde
hoof-eerste.

3.10.6.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Hierdie subklas verbind met 'n entiteit wat die eienskappe vertoon dat dit self die beweging inisieer en beheer. Die kenmerk wat op grond van hierdie eienskap aan die bewegende entiteit toegeken word, is [+Wil]. Die VRB van die subklas word in (256) uiteengesit:

(256) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
Die Bewegende entiteit moet die kenmerk [+Wil] vertoon.
Verder soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]

3.10.6.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

In die groep bewegingswerkwoorde van intern veroorsaakte manier van beweging kan groepe woorde met dieselfde kenmerkende manier van beweging onderskei word. Die beweging kan plaasvind deur die gebruik van die bewegende entiteit se liggaam, of deur middel van 'n instrument, of deur middel van die liggaam of 'n instrument, soos in die voorbeelde in (257):

(257)

- a. loop dorp toe [te voet/ *per motor WYSE]
- b. ry dorp toe [per motor/ te perd/ *per voet WYSE]
- c. toer deur die land [te voet/ per bus WYSE]

In die volgende afdelings word die kenmerke en valensie van elke groep uiteengesit.

3.10.7 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN 'N LIGGAAM OF 'N INSTRUMENT

Die wyse van beweging wat deur die werkwoord geleksikaliseer word, word hier aangetoon as [\pm [-Instrument, +Liggaam]]. Die interpretasie van hierdie kenmerk se waardes is dat die beweging plaasvind deur middel van 'n instrument of die liggaam, maar nie gelyktydig deur albei nie.

(258) *Lede van die subklas:*

kruie, flenter, jakker, piekel, reis, rits, skarrel, skeer, skiet, snel, spaander, spoed, swalk, swerf, toer
...

Die werkwoordstamme in (258) leksikaliseer 'n beweging wat met of sonder die gebruik van 'n instrument uitgevoer word. In die afwesigheid van 'n adjunk wat die manier van beweging spesifiseer as per liggaam of as per voertuig, moet aanvaar word dat dit enigeen kan wees, byvoorbeeld:

(259)

- a. Hulle kruie aan dorp toe.
- b. Hy flenter in die strate rond.
- c. Hy swerf rond in Europa.

Die wyse van beweging word by hierdie werkwoorde gespesifiseer deur 'n wyse-adjunk of geïmpliseer deur 'n plek- of rigtingadjunk. In die voorbeelde in (260) word die

wyse deur 'n wyse-adjunk gepresiseer:

(260)

- a. toer [per bus WYSE: INSTRUMENT]
- b. piekel aan [te voet WYSE: LIGGAAM]

In (261) word die wyse geïmpliseer deur 'n plek- of rigtingadjunk. Die plek of rigting is van so 'n aard dat dit slegs een van die twee keuses van wyse kan hanteer:

(261)

- a. flenter rond [in die winkelsentrum GEBIED]
geïmpliseerde wyse: te voet
- b. snel [die ruimte in PAD]
geïmpliseerde wyse: met 'n instrument

In die voorbeelde hierbo is *die winkelsentrum* 'n gebied waarvan die relatiewe kenmerke nie beweging deur middel van 'n voertuig akkommodeer nie. *Die ruimte in* in (261b) is 'n pad waarvan die relatiewe kenmerke nie beweging deur middel van die liggaam akkommodeer nie, terwyl *die strate* in (259b) 'n gebied is wat albei akkommodeer.

3.10.7.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die eienskap wat hierdie klas werkwoorde van ander onderskei, is die inherente aanduiding van die manier van beweging deur die gebruik van die entiteit se liggaam of 'n instrument. Hierdie eienskap word verteenwoordig deur die kenmerk [\pm [+Instrument, -Liggaam]], wat die waarde [+Instrument, -Liggaam] of [-Instrument, +Liggaam] het. Die volledige semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas verskyn in (262):

(262) Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
[\pm [-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

b. Subklaskenmerk: [±[+Instrument, -Liggaam]]

3.10.7.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van die subklas is soos die kenmerke van die genus:

(263) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.7.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB in (264) vir die klas vereis dat die bewegende entiteit en alle ander uitgedrukte deelnemerrolle versoenbaar moet wees met die kenmerke van beweging deur middel van 'n instrument of liggaam.

(264) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[± [+Instrument, -Liggaam]]

3.10.8 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN 'N LIGGAAM

Die werkwoordstamme in (265) veronderstel almal 'n beweging wat doelbewus deur die bewegende entiteit uitgevoer word deur die gebruik van die entiteit se liggaam:

(265) *Lede van die subklas:*

boemel, dans, dartel, draf, drentel, dryf, hardloop, hink, hip, hol, huppel, klim, klouter, kruip, loop, marsjeer, nael, paradeer, rank, skry, skuifel, sleep, slenter, slof, sluip, spring, stap, strompel, struikel, swalk, swem, tree, trippel, vaar, vlieg, waad, wals, wandel ...

Die werkwoorde in hierdie groep leksikaliseer 'n beweging wat met die liggaam uitgevoer word en wat nie deur middel van 'n instrument uitgevoer kan word nie. Gevolglik kan werkwoorde in hierdie subklas nie verbind met enige adjunkte in die betekenis van "deur middel van instrument I" nie, soos geïllustreer in (266):

(266)

- a. Die soldate marsjeer met hulle seer voete na die front.
- b. *Die soldate marsjeer in hulle tenks na die front.
- c. Hy strompel die vertrek binne.
- d. *Hy strompel in sy motor die parkeerterrein binne.

Vlieg is hier 'n uitsondering, omdat dit in die oordragtelike sin ook beteken om te beweeg deur lug deur middel van 'n instrument, benewens die primêre betekenis van "beweeg deur middel van vlerke deur lug".

Bewegingswerkwoorde wat beweging deur middel van die bewegende entiteit se liggaam beskryf, impliseer ook dat die bewegende entiteit daartoe in staat is om beheer oor die

beweging uit te oefen. Gevolglik is dit in die normale, letterlike toepassing van hierdie bewegingswerkwoorde 'n vereiste dat die bewegende entiteit lewend moet wees, of die kenmerk [+Wil] moet vertoon.

3.10.8.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die lede van hierdie subklas het almal die bykomende eienskap dat hulle beweging deur middel van die liggaam van 'n bewegende entiteit spesifiseer. Hierdie kenmerk word in (267) as [+Liggaam] geformaliseer:

(267) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, -Rigting]
 [-Direkte eksterne oorsaak]
- b. Subklaskenmerk: [+Liggaam]

3.10.8.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die lede van hierdie klas werkwoorde is semanties oorganklik en kan met 'n NP in die direkte voorwerpfunksie verbind (vergelyk afdeling 3.6.1.3):

(268)

- a. loop [die pad OBJEK VAN GERIGTHEID: PAD]
- b. dans ['n wals OBJEK VAN GERIGTHEID: RESULTAAT]

Die sintaktiese kenmerke van die klas is in (269) aangedui:

(269) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.8.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die bewegende entiteit wat deur hierdie tipe werkwoorde vereis word, moet in staat wees tot beweging deur middel van die liggaam. In ander opsigte is die VRB van die subklas soos vir die genus:

(270) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]

3.10.8.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

By hierdie groep word twee verdere subklasse onderskei: dié wat veronderstel dat die entiteit die beweging uitvoer met die gebruik van sy totale liggaam, en dié wat veronderstel dat die entiteit die beweging uitvoer met 'n deel van sy liggaam (alhoewel die hele liggaam as gevolg daarvan in beweging geplaas word). Voorbeelde van elk word in (271) gegee:

(271)

- a. *Totale liggaam: *dans/kruip met sy voete*
- b. *Deel van liggaam: hardloop/loop met sy voete*

Die twee groepe word hiernaas in meer besonderhede ontleed.

3.10.9 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN LEDEMAAT EN ANDER LIGGAAMSDELE

Werkwoordstamme wat lede is van hierdie subklas word in (272) gelys:

(272) *Lede van die subklas:*

boemel, dans, dartel, kruip, paradeer ...

Die bewegingswerkwoorde in hierdie subklas behels beweging deur die willekeurige gebruik van 'n bewegende entiteit se totale liggaam. Gevolglik plaas dit 'n beperking op die aard van die bewegende entiteit en die adjunkte van manier waarmee dit kan verbind. Die bewegende entiteit van werkwoorde met 'n intern veroorsaakte manier van beweging moet die kenmerk [+Wil] hê:

(273)

- a. [Die verveelde jongmense +WIL] boemel van kroeg tot kroeg.
- b. *[Die herfsblare -WIL] boemel deur die strate.

Die werkwoorde verbind normaalweg nie met wyse-adjunkte nie, maar indien die manier overt uitgedruk word, moet die adjunk die betekenis "deur middel van totale liggaam" ondersteun. Hierdie verskynsel word in (274) geïllustreer:

(274)

- a. Die vullens dartel oor die veld [- WYSE].
- b. * Die vullens dartel oor die veld [op hulle voete WYSE].
- c. Die jongmense dans [met rukkende lywe WYSE] op die maat van die musiek.
- d. *Die jongmense dans [te voet WYSE].

3.10.9.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die onderskeidende semanties-pragmatiese kenmerk van die subklas is die verskynsel dat die werkwoorde 'n beweging leksikaliseer wat vereis dat die bewegende entiteit meer as slegs ledemate daarvoor gebruik. Hierdie eienskap word in (275) uitgedruk as [+Totaal]:

(275) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, -Rigting]
 [-Direkte eksterne oorsaak]
 [+Liggaam]]
- b. Subklaskenmerk: [+Totaal]

3.10.9.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Hoewel dit nie algemeen voorkom nie, word lede van die klas soms semanties oorganklik gebruik (*kruip DIE PAD as jy hom nie kan loop nie*), en die sintaktiese kenmerke daarvan is in alle opsigte soos dié van die genus:

(276) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.9.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die valensieraam van die subklas word onderskei deur verdere vereistes aan die bewegende entiteit. Die bewegende entiteit moet die kenmerke [+Liggaam, +Totaal] vertoon, omdat die beweging deur die gebruik van die totale liggaam uitgevoer word. Dit is nie moontlik om verdere beperkings op die deelnemerrolle te plaas wat vir alle lede van die klas sal geld nie, behalwe die algemene beperkings en vereistes van

versoenbaarheid wat in (149) gestel is. Die VRB vir die klas verskyn in (277):

(277) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]
[+Totaal]

3.10.10 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN LEDEMATE

Lede van die subklas bewegingswerkwoorde wat beweging deur middel van die gebruik van ledemate leksikaliseer, word in (278) gelys:

(278) *Lede van die subklas:*

draf, drentel, hardloop, hink, hip, hol, huppel, klim, klouter, loop, marsjeer, nael, skry, skuifel, slenter, slof, sluip, spring, stap, strompel, stryk, swem, tree, trippel, vlieg, waad, waggel, wandel, wip ...

Hier word die wyse van beweging deur middel van spesifieke ledemate geleksikaliseer in elke woord in die subklas. *Swem* en *klouter* leksikaliseer byvoorbeeld beweging deur middel van arms en bene; *skry*, *hardloop* en *stap* leksikaliseer beweging deur slegs bene/voete en *vlieg* leksikaliseer beweging deur middel van vlerke.

In die afwesigheid van enige wyse-adjunkte word die wyse wat deur die werkwoord geleksikaliseer word, veronderstel. Indien die wyse egter deur 'n adjunk uitgedruk word, moet dit ooreenstem met die manier in die werkwoord, soos in (279):

(279)

- a. Die atlete [hardloop WYSE: MET VOETE] oor die baan.
- b. [hardloop WYSE: MET VOETE] [met moeë voete WYSE] oor die baan
- c. *[hardloop WYSE: MET VOETE] [op hulle hande oor die baan WYSE]

Konstruksies soos *die gimnas loop op sy hande oor die balk* kan wel voorkom omdat die betekenis van die konstruksie en die betekenis van die werkwoord gesamentlik daartoe bydra dat *hande* hier verstaan word as ledemate wat soos voete gebruik word (vergelyk afdeling 3.12).

3.10.10.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Hierdie subklas word van ander klasse onderskei op grond daarvan dat dit inherent 'n beweging spesifiseer wat slegs met die ledemate van die bewegende entiteit uitgevoer word. Om dit te onderskei van die klas bewegingswerkwoorde van beweging deur die ledemate en nog ander liggaamsdele, word aan hierdie subklas die kenmerk [-Totaal] toegeken in (280):

(280) Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]
- b. Subklaskenmerk: [-Totaal]

3.10.10.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van die subklas is dieselfde as vir die genus:

(281) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.10.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Soos met die vorige subklas kan daar slegs ten opsigte van die bewegende entiteit vereistes geïdentifiseer word wat vir die hele subklas geld. Die bewegende entiteit moet daartoe in staat wees om met sy ledemate te beweeg (dus nie met die totale liggaam nie, hoewel die totale liggaam in beweging gebring word). Die kenmerke wat die bewegende entiteit hier onderskei, is [+Liggaam, -Totaal]. Die meeste lewende entiteite sal die kenmerk [±Totaal] (vermoë om met die ledemate of die ledemate en ander dele te beweeg) hê, wat met [-Totaal] en met [+Totaal] in die kognitiewe raam versoenbaar is. Die VRB vir die subklas verskyn in (282):

(282) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[+Manier, -Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]
[-Totaal]

3.10.10.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

Hier word verder onderskei tussen beweging op 'n oppervlakte en beweging deur 'n medium, soos in (283):

(283)

- a. Oor 'n oppervlakte: skuifel oor die grond, loop op die vloer
- b. Deur 'n medium: swem deur die water, duik deur die lug

Die kenmerke en valensie van die onderskeie klasse word hiernaas ontleed.

3.10.11 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INHERENT VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN LEDEMATE WAT GESKIK IS VIR BEWEGING OOR 'N OPPERVLAKTE

Werkwoordstamme van hierdie subklas is gelys in (284):

(284) *Lede van die subklas:*

draf, drentel, hardloop, hink, hip, hol, huppel, klim, klouter, loop, marsjeer, nael, skry, skuifel, slenter, slof, sluip, stap, strompel, stryk, struikel, tree, trippel, waggel, wandel ...

Die werkwoorde leksikaliseer as deel van hulle inherente semantiek die wyse van beweging deur voete/bene oor 'n oppervlakte. Die oppervlakte het normaalweg die eienskappe van 'n vaste stof. Die oppervlakte van 'n vloeistof kan egter ook die relatiewe kenmerk [+Gesik om beweging deur voete te akkommodeer] verkry in sekere konstruksies, byvoorbeeld:

(285)

Met dagbreek die volgende môre het hy [op die see
GEBIED: OPPERVLAKTE VAN 'N VLOEISTOF] na hulle toe
aangeloop gekom.

Vergelyk ook die bespreking in afdeling 3.12, waar daar in
meer besonderhede verduidelik word hoe die betekenis van die
konstruksie die relatiewe kenmerke van die konstituente
affekteer.

3.10.11.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die groep werkwoorde wat beweging deur middel van die
ledemate oor 'n oppervlakte leksikaliseer, het die
onderskeidende kenmerk [+Oppervlakte], soos in die lys van
kenmerke wat in (286) uiteengesit word:

(286) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, -Rigting]
 [-Direkte eksterne oorsaak]
 [+Liggaam]
 [-Totaal]
- b. Subklaskenmerk: [+Oppervlakte]

3.10.11.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke in (287) van die subklas is soos vir
die genus:

(287) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke
volgorde hoof-eerste.

3.10.11.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB van die subklas word onderskei deur die vereiste wat aan die deelnemerrolle gestel word om versoenbaar te wees met die werkwoord se kenmerk [+Oppervlakte].

(288) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]
[-Totaal]

3.10.12 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN LEDEMATE WAT GESKIK IS VIR BEWEGING DEUR 'N MEDIUM

Die lede van hierdie klas word gelys in (289):

(289) *Lede van die subklas:*
duik, spring, swem, vlieg, waad ...

Die werkwoorde leksikaliseer as deel van hulle inherente semantiek beweging wat deur ledemate deur 'n medium uitgevoer word. Die uitdrukkings van pad en gebied moet versoenbaar wees met die spesifieke medium in die werkwoord se betekenis, byvoorbeeld:

(290)

- a. [swem MEDIUM: VLOEISTOF] [deur die water MEDIUM: VLOEISTOF]
- b. [swem MEDIUM: VLOEISTOF] [in die swembad GEBIED: VLOEISTOF]
- c. *[swem MEDIUM: VLOEISTOF] [deur die mielieland MEDIUM: VASTE STOF]

3.10.12.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word onderskei van beweging deur ledemate oor 'n oppervlakte deur die kenmerk [+Medium]. Die lys kenmerke wat vir die totale subklas geld, verskyn in (291):

(291) Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 - [±[-Manier, +Rigting]]
 - [+Manier, -Rigting]
 - [-Direkte eksterne oorsaak]
 - [+Liggaam]
 - [-Totaal]
- b. Subklaskenmerk: [+Medium]

3.10.12.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese verspreiding van die subklas is soos vir die genus:

(292) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.12.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die spesifieke vereistes wat hierdie subklas werkwoorde aan hulle omgewing stel, behels dat die deelnemerrolle versoenbaar moet wees met die kenmerk [+Medium] in die raam, soos in (293) uiteengesit:

(293) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:

soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[-Direkte eksterne oorsaak]

[+Liggaam]

[-Totaal]

[+Medium]

3.10.12.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

By die groep bewegingswerkwoorde wat beweging deur 'n medium beskryf hierbo, word twee tipes beweging onderskei: dié wat beweging beskryf deur 'n medium met die eienskappe van lug (in voorbeeld (294a)), en dié wat beweging beskryf deur 'n medium met die eienskappe van 'n vloeistof (in voorbeeld (294b)):

(294)

a. *beweging tipies deur lug: vlieg oor die huis*

b. *beweging tipies deur vloeistof: swem deur die kanaal*

Die kenmerke en valensie van elke groep word hiernaas ontleed.

**3.10.13 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN
DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR
MIDDEL VAN LEDEMATE WAT GESKIK IS VIR BEWEGING DEUR
'N MEDIUM MET DIE EIENSKAPPE VAN LUG**

In Afrikaans is dit slegs *vlieg* wat normaalweg in die letterlike sin in hierdie klas gebruik word. Werkwoorde soos *sweef* leksikaliseer wel beweging deur lug, maar nie deur middel van ledemate nie (vergelyk afdeling 3.10.3 en afdeling 3.10.5).

(295) *Lede van die subklas:*
vlieg ...

Vlieg leksikaliseer beweging deur lug as deel van sy inherente semantiek. Daardeur word die uitdrukking van adjunkte beperk tot adjunkte met die kenmerk [+Gesik vir beweging deur lug]. Die pad, medium en gebied moet byvoorbeeld geskik wees om beweging deur lug te akkommodeer:

- (296)
- a. *vlieg* [deur die lug MEDIUM: LUG]
 - b. **vlieg* [deur die water MEDIUM: VLOEISTOF]
 - c. *vlieg* [oor die water PAD]
 - d. **vlieg* [op die water GEBIED: VLOEISTOF]

Vlieg impliseer 'n beweging wat uitgevoer word in 'n lugmedium, sonder aanraking met 'n vaste stof- of vloeistofgebied. Dit is daarom moontlik om oor 'n vloeistofgebied te *vlieg* as deel van die pad van beweging, maar nie om op vloeistof te *vlieg* as deel van die gebied van beweging nie.

3.10.13.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas bewegingswerkwoorde word onderskei deur die kenmerk [+Lug] as 'n spesifikasie van die medium van beweging. Die semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas

verskyn in (297):

(297) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]
[-Totaal]
[+Medium]
- h. Subklaskenmerk: [+Lug]

3.10.13.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van die subklas is nie onderskeidend van die genus se kenmerke nie. Die kenmerke word hieronder vir die subklas herhaal:

(298) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.13.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die werkwoorde in hierdie subklas stel die spesifieke vereiste aan hulle omgewing dat die deelnemerrolle versoenbaar moet wees met die inherente betekenis van beweging deur lug in die werkwoorde. Dit affekteer die VRB vir die subklas op die wyse wat in (299) beskryf word:

(299) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees

met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[-Direkte eksterne oorsaak]

[+Liggaam]

[-Totaal]

[+Medium]

[+Lug]

3.10.14 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN LEDEMAAT WAT GESKIK IS VIR BEWEGING DEUR 'N MEDIUM MET DIE EIENSKAPPE VAN VLOEISTOF

Lede van die klas word in (300) gelys:

(300) *Lede van die subklas:*

swem, waad ...

Hierdie werkwoorde leksikaliseer vloeistof as 'n medium van beweging. Beperkinge word daardeur geplaas op die uitdrukking van adjunkte: alle adjunkte moet die relatiewe kenmerk [+Gesik vir beweging deur 'n vloeistof] vertoon. Dit is byvoorbeeld moontlik om swembewegings te simuleer op 'n tafel, maar nie om te swem op 'n tafel nie:

(301)

*[swem MEDIUM: VLOEISTOF] [op die tafel GEBIED: VASTE STOF]

3.10.14.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word onderskei deur die spesifikasie [+Vloeistof] by die kenmerk [+Medium] in (302):

(302) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]
[-Totaal]
[+Medium]
- b. Subklaskenmerk: [+Vloeistof]

3.10.14.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van die subklas stem ooreen met die kenmerke van die genus:

(303) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.14.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die onderskeidende kenmerk [+Vloeistof] by hierdie subklas vereis dat alle ander deelnemerrolle daarmee versoenbaar moet wees. Dit stel die spesifieke vereistes aan die raam wat in (304) aangedui word:

(304) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]

[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Liggaam]
[-Totaal]
[+Medium]
[+Vloeistof]

3.10.15 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN
DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR
MIDDEL VAN 'N INSTRUMENT

Die lede van die groep in Afrikaans word in (305) gelys. Werkwoorde soos *vlieg* (beweeg deur middel van ledemate: vlerke) en *sweef* (ekstern veroorsaakte manier van beweging deur die lug) word slegs in 'n oordragtelike sin in hierdie konteks gebruik.

(305) *Lede van die subklas:*

ry, seil, skaats, ski, stoom, sweef, vlieg ...

Ry is in hierdie klas 'n generiese werkwoord. Dit kan met 'n wye reeks adjunkte van instrument verbind wat op enige van die drie natuurlike gebiede (land, water of lug) gebruik kan word, byvoorbeeld:

(306)

- a. *ry* perd [GEBIED: LAND]
- b. *ry* vliegtuig [GEBIED: LUG]
- c. *ry* trein [GEBIED: LAND]
- d. *ry* 'n motorboot [GEBIED: VLOEISTOF]

Die ander lede van die klas is meer beperkend jeens die uitdrukking van adjunkte van 'n instrument. *Skaats* kan slegs uitgevoer word deur middel van rol- of ysskaatse (of 'n ander instrument wat daarvoor aangepas is) en *ski* slegs deur ski's (of 'n aangepaste instrument in die funksie daarvan).

Die instrument wat as deel van die werkwoordsemantiek

geleksikaliseer word, plaas ook beperkinge op die gebied waarop of waaroor die beweging plaasvind. *Ski* veronderstel 'n beweging wat plaasvind in aanraking met 'n oppervlakte wat relatief min wrywing bied (byvoorbeeld die oppervlakte van water, ys of sneeu). *Vlieg* en *sweef* veronderstel beweging deur 'n lugmedium.

3.10.15.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word onderskei deur die kenmerk [+Instrument], in die lys kenmerke wat in (307) uiteengesit word:

(307) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
- b. Subklaskenmerk: [+Instrument]

3.10.15.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van die subklas is soos vir die genus:

(308) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.15.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die gebruik van 'n instrument om die beweging uit te voer, plaas die beperkinge op die werkwoord se linguistiese omgewing wat in (309) in die VRB uiteengesit word:

- (309) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*
- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding: soos in (149)
 - b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

 - [+Beweeg]
 - [±[-Manier, +Rigting]]
 - [+Manier, -Rigting]
 - [-Direkte eksterne oorsaak]
 - [+Instrument]

3.10.15.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

Die groep bewegingswerkwoorde wat beweging leksikaliseer wat uitgevoer word deur middel van 'n instrument, vertoon dieselfde valensie ten opsigte van adjunkte van plek van beweging as die klas bewegingswerkwoorde van beweging deur middel van ledemate. Gevolglik word hier ook twee subklasse onderskei, naamlik beweging deur middel van 'n instrument oor 'n oppervlak, en beweging deur middel van 'n instrument deur 'n medium, soos in (310) geïllustreer:

(310)

- a. *Beweging oor 'n oppervlak:* ry met sy motor/perd
- b. *Beweging deur 'n medium:* vlieg per helikopter

Elke groep in Afrikaans word hiernaas ontleed.

3.10.16 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN 'N INSTRUMENT WAT GESKIK IS VIR BEWEGING OOR 'N OPPERVLAKTE

Die lede van die klas word in (311) gelys:

(311) *Lede van die subklas:*
ry, ski, skaats ...

Hierdie bewegingswerkwoorde vereis 'n oppervlakte waarop die beweging uitgevoer kan word. Ry kan op 'n vaste stofoppervlakte of op 'n vloeistofoppervlakte uitgevoer word, afhangend van die relatiewe kenmerke van die instrument:

(312)

- a. ry [met 'n motor GESKIK VIR 'N VASTE STOFOPPERVLAKTE][op die gras VASTE STOFOPPERVLAKTE]
- b. ry [met 'n motorboot GESKIK VIR 'N VLOEISTOFOPPERVLAKTE] [op die golwe VLOEISTOFOPPERVLAKTE]

Ski en *skaats* vereis oppervlaktes wat nie wrywing bied vir die beweging nie, byvoorbeeld *sneeu*, *ys* of *water*(*oppervlakte*).

3.10.16.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word onderskei deur die spesifikasie dat die instrument waardeur die beweging plaasvind, vir beweging oor 'n oppervlakte geskik is. Die lys semanties-pragmatiese kenmerke wat met lede van die klas geassosieer word, verskyn in (313):

(313) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, -Rigting]
 [-Direkte eksterne oorsaak]
 [+Instrument]
- b. Subklaskenmerk: [+Oppervlakte]

3.10.16.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas vertoon nie onderskeidende sintaktiese kenmerke nie:

(314) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.16.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB in (315) vir die subklas sluit die vereiste in dat die deelnemerrolle aanpasbaar moet wees by die kenmerke van beweging deur 'n instrument oor 'n oppervlakte:

(315) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:

soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[-Direkte eksterne oorsaak]

[+Instrument]

[+Oppervlakte]

3.10.17 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN 'N INSTRUMENT WAT GESKIK IS VIR BEWEGING DEUR 'N MEDIUM MET DIE EIENSKAPPE VAN LUG

In Afrikaans is daar in die leksikon geen werkwoorde wat primêr vir hierdie funksie gereserveer is nie. Werkwoorde

soos *vlieg*, *seil* en *sweef* word in 'n oordragtelike sin gebruik om onderskeidelik te beteken "beweeg deur die lug deur middel van 'n instrument met meganiese vlerke, soos 'n voël"; "beweeg deur die lug 'op die manier van 'n seilende skip'" (HAT (1994)); en "beweeg voort op 'n swewende manier of 'vlieg deur middel van 'n sweeftoestel'" (HAT (1994)). By hierdie klas is dit veral duidelik hoe die wisselwerking tussen die werkwoord se kenmerke en die kenmerke van die konstruksie gesamentlik die betekenis van die werkwoord in die konteks bepaal (vergelyk afdeling 3.12).

Die voorbeelde in (316) is streng gesproke nie lede van hierdie klas nie, omdat hulle primêr lede is van ander klasse (tussen hakies aangedui), maar polisemiese waardes het wat die gebruik in hierdie klas moontlik maak:

(316) *Lede van die subklas:*

vlieg (deur middel van ledemate), *sweef* (ekstern veroorsaakte beweging), *seil* (deur middel van 'n instrument deur 'n vloeistofmedium) ...

3.10.17.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die onderskeidende semanties-pragmatiese kenmerk van die klas is die spesifikasie vir beweging deur lug, soos uiteengesit in (317):

(317) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, -Rigting]
 [-Direkte eksterne oorsaak]
 [+Instrument]
 [+Medium]
- b. Subklaskenmerk: [+Lug]

3.10.17.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas het geen onderskeidende sintaktiese kenmerke nie.
Die kenmerke word in (318) aangegee:

(318) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke
volgorde hoof-eerste.

3.10.17.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die kenmerk [+Lug] by hierdie subklas werkwoorde plaas die
beperkinge in (319) op die VRB daarvan:

(319) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die
subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees
met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, -Rigting]
[-Direkte eksterne oorsaak]
[+Instrument]
[+Medium]
[+Lug]

3.10.18 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE INTERN VEROORSAAKTE MANIER VAN BEWEGING DEUR MIDDEL VAN 'N INSTRUMENT WAT GESKIK IS VIR BEWEGING DEUR 'N MEDIUM MET DIE EIENSKAPPE VAN VLOEISTOF

Die werkwoorde in hierdie klas leksikaliseer die medium
waarvoor 'n instrument geskik moet wees as deel van hulle

inherente semantiek. Beperkinge word daardeur geplaas op die uitdrukkings van alle deelnemerrolle om die relatiewe kenmerk [+Geskik vir beweging deur vloeistof met instrument X] te vertoon. 'n Trein is byvoorbeeld nie geskik om mee te seil nie:

(320)

a. seil [met 'n bootjie INSTRUMENT]

b. *seil [met 'n trein INSTRUMENT]

Die werkwoordstamme wat lede is van hierdie klas, word gelys in (321):

(321) *Lede van die subklas:*

vaar, roei, seil ...

3.10.18.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die onderskeidende kenmerk van hierdie subklas werkwoorde is [+Vloeistof]. Die volledige lys semanties-pragmatiese kenmerke wat met alle lede van die subklas geassosieer word, verskyn in (322):

(322) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

a. Klaskenmerke: [+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[-Direkte eksterne oorsaak]

[+Instrument]

[+Medium]

b. Subklaskenmerk: [+Vloeistof]

3.10.18.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas se sintaktiese kenmerke nie is soos vir die genus:

(323) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke
volgorde hoof-eerste.

3.10.18.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB vir die subklas in (324) toon aan hoe die kenmerk [+vloeistof] verdere beperkings plaas op die semanties-pragmatiese inhoud van die deelnemerrolle:

(324) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, -Rigting]

[-Direkte eksterne oorsaak]

[+Instrument]


[+Medium]

[+Vloeistof]

3.10.19 TAKSONOMIE VAN MANIER-VAN-BEWEGINGSWERKWOORDE

Die klassifikasie van die manier-van-bewegingswerkwoorde wat hier aangebied is, kan diagrammaties soos in (325) voorgestel word:

(325) *Klassifikasie van manier-van-bewegingswerkwoorde:*



3.10.20 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE RIGTING VAN BEWEGING

Die woorde in hierdie subklas is inherent gespesifiseer vir die rigting van die beweging met 'n ruimtelike pad (metafories of andersins), maar nie die manier waarop die beweging plaasvind nie. *Daal* spesifiseer 'n spesifieke rigting (afwaarts), maar nie die wyse waarop daar met die afwaartse pad beweeg word nie:

(326)

a. *Daal* (af) [met 'n tou/ met 'n sweeftuig WYSE]

Sekere bewegingswerkwoorde, soos *daal*, *styg*, *val* en *rys*

leksikaliseer 'n spesifieke rigting van beweging. Ander, soos kom en gaan, leksikaliseer 'n deiktiese rigting.

Die lede van die klas word in (327) gelys:

(327) *Lede van die subklas:*

arriveer, begeef, beland, betree, daal, deins, draai, dring, emigreer, gaan, haas, immigrer, jaag, kantel, keer, koers, koes, kom, maal, ontsnap, ploeg, pyl, rys, sak, sink, sirkel, skiet, stoot, storm, stort, streep, styg, swalk, tuimel, val, verlaat, vertrek, vlug, volg, wentel, wyk ...

Hierdie klas bewegingswerkwoorde kan verbind met adjunkte van manier, insluitend instrument, soos in die voorbeelde in (328):

(328)

- a. pyl met sy motor/motorboot op die plek af
- b. vlug per voet/te perd uit die gebied uit

Enige uitdrukking van rigting in die konstruksie moet egter versoenbaar wees met die inherente spesifikasie van rigting in die werkwoord. Werkwoorde wat inherent gespesifiseer is vir 'n vaste rigting, kan slegs verbind met rigtingadjunkte met dieselfde rigtingaanduiding as dié in die werkwoord, soos in (329) en (330):

(329) *Rigting ondertoe:*

- a. tuimel/stort/val af/ grond toe/ ondertoe/ op die grond
- b. *tuimel/stort/val boontoe

(330) *Rigting in die rondte:*

- a. roteer/ draai/ wentel om
- b. *roteer/ draai/ wentel in 'n reguit lyn

(332) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, NP, AP, PP}] met die taalspesifieke
volgorde hoof-eerste.

3.10.20.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB van hierdie subklas vereis dat die deelnemerrolle versoenbaar moet wees met die spesifieke uitdrukking van rigting in die betrokke woord. Hierdie vereiste word in (333) in die VRB geïnkorporeer:

(333) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[-Manier, +Rigting]

3.10.20.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

By bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die rigting van beweging kan twee groepe onderskei word. Een groep spesifiseer per definisie 'n vaste pad en die ander groep 'n relatiewe pad, gerig op 'n bestemming of 'n ander bewegende entiteit. Voorbeelde van elke groep word in (334) en (335) gegee:

(334) Vaste pad:

- a. arriveer [vanaf die buiteland PAD] op die lughawe
*arriveer [na die lughawe toe PAD]
- b. styg met die lugstrome [boontoe PAD]
*styg met die lugstrome [ondertoe PAD]

- c. sak [af op sy knieë PAD]
*sak [op na sy knieë PAD]

(335) Relatiewe pad:

- a. jaag die dief [op met die trappe/ in die straat af/
uit by die deur/ in die straat in PAD]
b. bereik die lughawe [vanuit die suide/ van bo af PAD]

3.10.21 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE VASTE RIGTING VAN BEWEGING

Die werkwoorde in hierdie klas word gelys in (336):

(336) *Lede van die subklas:*

arriveer, begeef, beland, daal, deins, dool, draai,
dring, dros, dwaal, dwarrel, emigreer, gaan, kantel,
keer, koers, koes, kom, land, maal, nader, ontsnap,
pyl, retireer, roteer, rys, sak, sink, swenk, trap,
trek, tuimel, val, vertrek, vlug, wend, wentel, wyk ...

Hierdie werkwoorde leksikaliseer 'n spesifieke pad met betrekking tot 'n gespesifiseerde pad of met betrekking tot 'n deiktiëse sentrum. *Arriveer* en *beland* leksikaliseer die voltooiing van 'n pad wat gestrek het in die rigting van 'n bestemming. *Ontsnap*, *dros*, *trap* en *trek* leksikaliseer die begin van 'n pad vanaf of vanuit 'n gespesifiseerde bron. Werkwoorde soos *roteer*, *draai* en *wentel* leksikaliseer 'n pad met 'n sirkelbeweging. Alle uitdrukkings van pad by hierdie werkwoorde moet ooreenstem met of aanvullend wees tot die leksikalisering van pad in die werkwoord. Dit is byvoorbeeld nie moontlik om *reguit* te *draai* of om *opwaarts* te *val* nie.

3.10.21.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die eienskap dat hierdie subklas werkwoorde 'n vaste rigting leksikaliseer, word geformaliseer in die kenmerk [+Vaste

Rigting] in die lys kenmerke in (337):

(337) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [-Manier, +Rigting]
- b. Subklaskenmerk: [+Vaste Rigting]

3.10.21.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas het die onderskeidende sintaktiese kenmerk dat die werkwoorde nie oorganklik is nie. Die volledige lys sintaktiese kenmerke van die subklas word in (338) gegee:

(338) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.21.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB in (339) word vir hierdie subklas afgelei. Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die aanduiding van die spesifieke rigting [P] in die pad wat die werkwoord leksikaliseer:

(339) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[-Manier, +Rigting]
[+ Vaste Rigting]

3.10.22 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE RELATIEWE RIGTING VAN BEWEGING

Hierdie klas werkwoorde leksikaliseer 'n geprofileerde pad-deelnemerrol as deel van hulle inherente semantiek. Die bewegingsgebeurtenis wat hierdie werkwoorde leksikaliseer, is van so 'n aard dat die beweging nie gekonseptualiseer kan word in die afwesigheid van 'n bron, bestemming of Pasiënt wat die beweging motiveer en waarop die beweging gerig is nie (vergeelyk afdeling 3.6.1.2).

Alle lede van die klas is oorganklik omdat hulle 'n verpligte objek van gerigtheid profileer en omdat die objek van gerigtheid op geen ander sinsdeel as die direkte voorwerp kan afteken nie. Vergelyk byvoorbeeld die optrede van *betree*, *verlaat* en *jaag*:

(340)

- a. *betree* [_{NP} OBJEK die terrein OBJEK VAN GERIGTHEID: BESTEMMING]
- b. *verlaat* [_{NP} OBJEK die terrein OBJEK VAN GERIGTHEID: BRON]
- c. *jaag* [_{NP} OBJEK die hoenderdief OBJEK VAN GERIGTHEID: PASIËNT]

Lede van hierdie klas word gelys in (341):

(341) *Lede van die subklas:*

bereik, betree, haas, jaag, nader, verlaat vermy, volg
...

3.10.22.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die werkwoorde in hierdie klas leksikaliseer 'n relatiewe pad van beweging, teenoor die vasgestelde en spesifieke pad wat inherent in die subklas in afdeling 3.10.21 uitgedruk word. Om hierdie werkwoorde te onderskei van die werkwoorde wat 'n

vaste pad uitdruk, word aan hulle die kenmerk [-Vaste Rigting] toegeken. Die lys van kenmerke vir die subklas verskyn in (342):

(342) Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [-Manier, +Rigting]
- b. Subklaskenmerk: [- Vaste Rigting]

3.10.22.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Hierdie werkwoorde verbind altyd met 'n objek relatief waartoe die bewegende entiteit sy rigting van beweging uitvoer. Hierdie klas werkwoorde is almal verpligtend oorganklik, en vertoon die kenmerke in (343):

(343) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ NP, {AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

Dit is nie nodig om vir elke lid van die klas, of selfs vir die klas as geheel hierdie kenmerk afsonderlik te spesifiseer nie. Alle lede van die klas vertoon die sintaktiese kenmerk dat hulle oorganklik is, en dit is afleibaar uit die semanties-pragmatiese kenmerk [-Vaste rigting]. Hierdie veralgemening kan hanteer word in 'n oortolligheidsreël van die tipe in (344):

(344) *Oortolligheidsreël 6:*

Alle bewegingswerkwoorde met die semanties-pragmatiese kenmerke [+Rigting], [-Vaste rigting] vertoon ook die sintaktiese kenmerk [V: V__ NP, {AP, PP}], met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.22.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB in (345) beskryf eksplisiet hoe die kenmerk [-Vaste Rigting] die keuse van die woord se kognitiewe deelnemerrolle beïnvloed:

(345) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
[+ Objek van relatiewe gerigtheid]; verder soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[-Manier, +Rigting]
[-Vaste Rigting]

3.10.22.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

By die groep werkwoorde waar 'n pad relatief tot 'n ander entiteit veronderstel word, word twee groepe onderskei: dié wat 'n pad impliseer met betrekking tot die rigting van 'n ander bewegende entiteit, en dié wat 'n pad impliseer relatief tot die ligging van 'n nie-bewegende entiteit, soos geïllustreer in die voorbeelde in (346) en (347):

(346) *Beweging relatief tot rigting van beweging:*

- a. jaag [die vluggende dief OBJEK VAN GERIGTHEID]
- b. *jaag [die dorpie OBJEK VAN GERIGTHEID]

(347) *Beweging relatief tot ligging:*

- a. bereik [die dorpie OBJEK VAN GERIGTHEID]
- b. *bereik [die vluggende dief OBJEK VAN GERIGTHEID]⁵

Hierdie twee groepe werkwoorde word hiernaas ontleed.

**3.10.23 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN
DIE RIGTING VAN BEWEGING RELATIEF TOT DIE RIGTING VAN
BEWEGING VAN 'N ANDER ENTITEIT**

Bewegingswerkwoorde in hierdie klas leksikaliseer 'n beweging wat vir die uitvoering daarvan afhanklik is van 'n Pasiënt wat self in beweging is en op wie die bewegende entiteit sy eie beweging rig. In die geval van *haas* het die objek van gerigtheid en die bewegende entiteit dieselfde referent. 'n Konstruksie soos *Sy haas haar na die hospitaal* beteken ongeveer dieselfde as *Sy jaag haarself (aan) na die hospitaal*. Die pad wat die bewegende entiteit volg, word geheel en al bepaal deur die pad wat die objek van gerigtheid volg omdat die beoogde resultaat van beweging is om agter die objek aan te beweeg.

Lede van die klas word in (348) aangebied:

(348) *Lede van die subklas:*

haas, jaag, volg ...

Jaag word dikwels ook onoorganklik gebruik, na aanleiding van die kenmerke van die konstruksie waarin dit gebruik word (vergelyk afdeling 3.12), byvoorbeeld:

(349)

Sy het hospitaal toe gejaag toe sy die nuus verneem.

Goldberg (1995) se standpunt word hier aanvaar dat sulke leksikale items met opsionele oorganklikheid 'n enkele leksikale inskrywing het en dat die konstruksie toegelaat word om deelnemerrolle by te voeg of te verdonker (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.3.3). Hier word daarom aanvaar dat *jaag* in sy basiese betekenis oorganklik is en dat dit in konstruksies soos (349) 'n objek (*haarself*) impliseer wat as gevolg van die eienskappe van die konstruksie onuitgedruk kan bly. Hierdie verskynsel is egter hoogs konvensioneel en dit is nie moontlik vir die ander lede in die klas nie.

3.10.23.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die subklas word onderskei deur die eienskap dat die beweging op 'n bewegende teiken gerig is. Hierdie eienskap word in (350) formeel in die kenmerk [+Bewegende teiken] gestel:

(350) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [-Manier, +Rigting]
 [+Gerig]
- b. Subklaskenmerk: [+Bewegende teiken]

3.10.23.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas het dieselfde sintaktiese kenmerke as die genus. Die kenmerke word in (351) aangegee:

(351) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ NP, {AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.23.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB van die subklas vereis dat alle uitgedrukte semantiese deelnemerrolle versoenbaar moet wees met die inherente gerigtheid op 'n bewegende entiteit van die werkwoord. Die volledige VRB vir die subklas word in (352) aangebied:

(352) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
 [+Objek van relatiewe gerigtheid]; verder soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[-Manier, +Rigting]

[+Gerig]

[+Bewegende teiken]

3.10.24 BEWEGINGSWERKWOORDE MET INHERENTE SPESIFIKASIE VAN DIE RIGTING VAN BEWEGING RELATIEF TOT DIE LIGGING VAN 'N ANDER ENTITEIT

Hierdie bewegingswerkwoorde leksikaliseer 'n beweging wat afhanklik is van 'n statiese objek van gerigtheid. Die objek is in hierdie gevalle 'n plek of 'n entiteit (ook 'n persoon) wat as die bron of bestemming van die rigting van beweging optree, byvoorbeeld:

(353)

Hy verlaat [sy vrou en kinders OBJEK VAN GERIGTHEID: BRON].

Die lede van hierdie klas word gelys in (354):

(354) *Lede van die subklas:*

bereik, betree, nader, verlaat ...

3.10.24.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Semanties-pragmaties word hierdie subklas onderskei deur die kenmerk [-Bewegende teiken], wat aandui dat die beweging gerig is op die ligging van 'n statiese teiken. Die volledige lys semanties-pragmatiese kenmerke wat vir al die lede in die klas geld, verskyn in (355):

(355) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[-Manier, +Rigting]
[+Gerig]
- b. Subklaskenmerk: [-Bewegende teiken]

3.10.24.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas het dieselfde sintaktiese kenmerke as die genus.
Die kenmerke word in (356) aangegee:

(356) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ NP, {AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde
hoof-eerste.

3.10.24.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB van die subklas in (357) weerspieël die feit dat die
werkwoorde in die subklas aan hulle uitgedrukte deelnemer-
rolle die eis stel om versoenbaar te wees met die uitdrukking
van gerigtheid op die ligging van 'n teiken:


(357) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die
subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
[+Objek van gerigtheid]; verder soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees
met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[-Manier, +Rigting]
[+Gerig]
[-Bewegende teiken]

3.10.25 TAKSONOMIE VAN RIGTING-VAN-BEWEGINGSWERKWOORDE

Die taksonomie van die klas bewegingswerkwoorde met inherente spesifikasie van die rigting van beweging word diagrammaties in (358) uiteengesit:

(358) *Klassifikasie van rigting-van-bewegingswerkwoorde*



3.10.26 BEWEGINGSWERKWOORDE VAN VERANDERING VAN POSISIE

Die lede van die klas bewegingswerkwoorde wat 'n verandering van posisie leksikaliseer, sonder dat die bewegende entiteit van lokasie verander, word in (359) gelys:

(359) *Lede van die subklas:*

dein, dobber, fladder, flapper, golf, kartel, klop, kolk, kriewel, krioel, maal, roteer, sirkel, swerm, warrel, wemel wentel ...

Die werkwoorde in hierdie klas kan verbind slegs met uitdrukkings van wyse wat ooreenstemmend is met die wyse wat inherent in die werkwoord geleksikaliseer word. Dit verbind ook slegs met uitdrukkings van pad wat nie 'n verandering van

lokasie uitdruk nie. Alle uitdrukings van pad moet voorts ook in ooreenstemming wees met die inherent gespesifiseerde pad in die bewegingswerkwoord. In die volgende voorbeelde kan *maal* nie verbind met 'n pad-adjunk wat in stryd is met die betekenis daarvan as "in die rondte" nie:

(360)

- a. Die beeste maal [in die rondte PAD].
- b. *Die beeste maal [vorentoe PAD].

Die werkwoorde plaas ook beperkinge op wyse-uitdrukings omdat hulle inherent gespesifiseer is ten opsigte van die wyse van beweging. 'n Voël se vlerke kan byvoorbeeld *saggies* fladder, maar nie *met sterk hale* nie.

3.10.26.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die semanties-pragmatiese kenmerke van hierdie werkwoorde behels die kenmerk [+Posisie], omdat die spesifieke verandering in ruimtelike oriëntasie wat hierdie werkwoorde uitdruk een van posisie is. Die volledige lys kenmerke wat met alle lede van die klas geassosieer word, word in (361) gelys:

(361) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, +Rigting]
- b. Subklaskenmerk: [+Posisie]

3.10.26.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas het die sintaktiese kenmerk dat dit nie met 'n NP in die posisie van die direkte voorwerp kan verbind nie. Die subklas se sintaktiese kenmerke word in (362) aangegee:

(362) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*
[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde
hoof-eerste.

3.10.26.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB vir die subklas verskyn in (363). Dit behels die eksplisiete beskrywing van die wyse waarop die gelyktydige aanduiding van die manier en die rigting van die beweging en die aanduiding van die verandering van posisie die werkwoord se deelnemerrolle beperk.

(363) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, +Rigting]
[+Posisie]

3.10.26.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

Beweging met verandering van posisie, sonder verandering van lokasie, behels twee tipes bewegings: die beweging wat normaalweg geassosieer word met 'n veelvuldige massa as bewegende entiteit (vergelyk (364)), en die beweging wat normaalweg geassosieer word met 'n bewegende entiteit wat nie 'n veelvuldige massa is nie (vergelyk (365)):

(364) *Veelvuldige bewegende entiteit:*

- a. Die kokkerotte krioel onder die wasbak.
- b. *Die twee kokkerotte krioel onder die wasbak.

(365) *Nie-veelvuldige bewegende entiteit:*

- a. Die muise kriewel op die plafon.
- b. Die twee muise kriewel op die plafon.

Hierdie twee groepe word hiernaas ontleed.

3.10.27 BEWEGINGSWERKWOORDE VAN VERANDERING VAN POSISIE VAN 'N VEELVULDIGE BEWEGENDE ENTITEIT

Lede van hierdie klas vertoon die kenmerk dat hulle slegs verbind met 'n bewegende entiteit wat as 'n veelvuldige massa beskryf kan word. *Baie mense* kan op 'n feesterrein *wemel*, maar twee of drie of 'n paar mense se beweging kan hoogstens as *rondbeweeg* beskryf word. Die werkwoorde vereis ook 'n gebied wat groot genoeg is om die (rond)beweging van die gespesifiseerde veelvuldige bewegende entiteit te akkommodeer. *Mense* kan in die straat of op 'n strand *wemel*, maar nie in 'n *vertrek* nie. Lede van die klas word hieronder gelys:

(366) *Lede van die subklas:*

krioel, swerm, wemel ...

3.10.27.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die onderskeidende kenmerk van die subklas kan as [+Veelvuldig] geformaliseer word in die lys kenmerke in (367):

(367) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

a. Klaskenmerke: [+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, +Rigting]

[+Posisie]

b. Subklaskenmerk: [+Veelvuldig]

3.10.27.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas se sintaktiese kenmerke is soos vir die genus:

(368) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.27.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die deelnemerrolle by hierdie klas werkwoorde moet versoenbaar wees met die werkwoord se inherente aanduiding van die beweging van 'n veelvuldige entiteit. Dit is veral die uitdrukking van die bewegende entiteit wat deur hierdie vereiste beïnvloed word. Die volledige VRB vir die klas word uiteengesit in (369):

(369) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:

soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, +Rigting]

[+Posisie]

[+Veelvuldig]

3.10.28 BEWEGINGSWERKWOORDE VAN VERANDERING VAN POSISIE VAN 'N NIE-VEELVULDIGE BEWEGENDE ENTITEIT

Die lede van die klas word gelys in (370):

(370) *Lede van die subklas:*

dein, dobber, golf, kartel, klop, kolk, kriewel, maal, wentel ...

Soos die klas werkwoorde in afdeling 3.10.27 leksikaliseer hierdie werkwoorde 'n beweging wat binne die begrensing van 'n vasgestelde lokasie plaasvind. Hierdie bewegingswerkwoorde verbind egter met 'n bewegende entiteit wat nie as 'n veelvuldige massa beskryf kan word nie. Die *kind* kan byvoorbeeld *kriewel* en 'n *bootjie* kan op en af *dobber*. Daar word gevolglik ook mindere eise gestel aan die grootte van die gebied waarop of waarbinne die beweging plaasvind. Binne die klas stel sekere werkwoorde, soos *fadder* en *flapper* eise ten opsigte van 'n lugmedium.

Al die werkwoorde stel idiosinkratiese eise ten opsigte van die kenmerke van die bewegende entiteit. *Kolk* en *golf* vereis 'n vloeistof as bewegende entiteit en *dobber* vereis 'n konkrete entiteit. *Maal* kan egter albei tipes bewegende entiteite hanteer. Hierdie vereistes word verreken deur die relatiewe kenmerke wat daar vir elke deelnemerrol uitgestippel is (vergelyk ook (145)).

3.10.28.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Hierdie klas werkwoorde word onderskei van die groep in 3.10.27 op grond van die inherente spesifikasie ten opsigte van die eienskappe van die bewegende entiteit. Die feit dat hierdie klas nie 'n veelvuldige bewegende entiteit vereis nie, word in (371) uitgedruk:

(371) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

- a. Klaskenmerke: [+Beweeg]
 [±[-Manier, +Rigting]]
 [+Manier, +Rigting]
 [+Posisie]
- b. Subklaskenmerk: [-Veelvuldig]

3.10.28.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas se sintaktiese kenmerke is soos vir die genus:

(372) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.28.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB van hierdie subklas werkwoorde word uiteengesit in (373):

(373) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, +Rigting]

[+Posisie]

[-Veelvuldig]

3.10.29 BEWEGINGSWERKWOORDE VAN VERANDERING VAN POSTUUR

Die lede van die klas bewegingswerkwoorde wat verandering van die bewegende entiteit se postuur leksikaliseer, maar nie die verandering van sy lokasie of sy posisie nie, word in (374) gelys:

(374) *Lede van die subklas:*

bewe, bibber, biggel, buig, buk, dril, fladder, flapper, pulseer, roer, strek, tol, tril, vibreer,

tipe beweging, naamlik verandering van postuur. Gevolglik word verbindings met 'n uitdrukking van pad, bron en bestemming uitgesluit (*wapper met die pad af; *dril van die tafel af; *bewe na die deur toe):

(377) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

- a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:
[-Pad], [-Bron], [-Bestemming], verder soos in (149)
- b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:
Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:
[+Beweeg]
[±[-Manier, +Rigting]]
[+Manier, +Rigting]
[+Postuur]

3.10.29.4 GROEPE BINNE DIE SUBKLAS

In hierdie groep werkwoorde word twee subklasse onderskei op grond van die bereik van die beweging. Sekere werkwoorde leksikaliseer 'n beweging wat intern aan die bewegende entiteit plaasvind, met 'n tipiese heen-en-weer-beweging op dieselfde plek, soos in (378). Die ander subklas leksikaliseer beweging deur die liggaam van die bewegende entiteit in een of verskillende rigtings, maar steeds sonder dat die middelpunt van die beweging verskuif (vergelyk (379)):

(378)

- a. Die jellie [dril HEEN-EN-WEER] as die bak geskud word
- b. *Die jellie dril [vooroor PAD]

(379)

- a. Sy [buk NIE-HEEN-EN-WEER] [vooroor PAD]
- b. *Sy [buk NIE-HEEN-EN-WEER] [heen en weer PAD]

3.10.30 BEWEGINGSWERKWOORDE VAN VERANDERING VAN POSTUUR MET DIE RIGTING HEEN-EN-WEER

Lede van die klas word gelys in (380):

(380) *Lede van die subklas:*

bewe, bibber, biggel, dein, dril, pulseer, tril, wikkel

...

Die werkwoorde kan met geen ander rigtingadjunkte verbind as adjunkte met die betekenis "heen en weer" nie (vergelyk voorbeelde (378)). Die bewegende entiteit van hierdie werkwoorde het die kenmerk [-Wil] en die werkwoorde kan nie met 'n beoogde resultaat verbind nie. Mense kan *bibber* van koue, maar hulle kan nie *bibber om warm te word* nie.

3.10.30.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die spesifieke tipe verandering van postuur, met 'n heen-en-weer-rigting, word in (381) as die kenmerk [+Rigting heen-en-weer] uitgedruk:

(381) *Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas:*

a. Klaskenmerke: [+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, +Rigting]

[+Postuur]

b. Subklaskenmerk: [+Rigting heen-en-weer]

3.10.30.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die subklas se sintaktiese kenmerke is soos vir die genus. Dit word hieronder herhaal as (382):

(382) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde

hoof-eerste.

3.10.30.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die feit dat hierdie werkwoorde 'n spesifieke tipe verandering van postuur leksikaliseer, plaas die tipe beperkings op die omgewing van die woorde wat in (383) aangedui word:

(383) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:

[-Pad], [-Bron], [-Bestemming], verder soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, +Rigting]

[+Postuur]

[+Rigting heen-en-weer]

3.10.31 BEWEGINGSWERKWOORDE VAN VERANDERING VAN POSTUUR MET 'N NIE-HEEN-EN-WEER RIGTING

Lede van die klas word gelys in (384):

(384) *Lede van die subklas:*

buiig, buk, roer, strek, tol, wankel, wapper, woel ...

Die werkwoorde leksikaliseer 'n beweging wat met 'n pad plaasvind vanaf of na die bewegende entiteit se middelpunt, maar sonder dat die bewegende entiteit versit word. *Tol* behels 'n beweging al in die rondte en *buk* behels 'n beweging wat gelyktydig ondertoe en vorentoe gerig is. *Strek* leksikaliseer egter nie 'n spesifieke rigting nie, maar bloot 'n beweging wat neig in 'n rigting weg van die middelpunt van

die bewegende entiteit (*strek vorentoe/boontoe/agtertoe ...*).

3.10.31.1 SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Hierdie klas werkwoorde word gekenmerk daardeur dat die verandering van postuur wat hulle leksikaliseer, nie uitsluitlik 'n heen-en-weer-igting behels nie. Hierdie verskynsel word in die kenmerke in (385) geïnkorporeer:

(385) Semanties-pragmatiese kenmerke van die subklas

a. Klaskenmerke: [+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, +Rigting]

[+Postuur]

b. Subklaskenmerk: [-Rigting heen-en-weer]

3.10.31.2 SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintaktiese kenmerke van hierdie werkwoorde is dieselfde as vir die genus. Dit word hieronder herhaal:

(386) *Sintaktiese kenmerke van die subklas:*

[V: V__ {e, AP, PP}] met die taalspesifieke volgorde hoof-eerste.

3.10.31.3 VALENSIERAAMBESKRYWING

Die VRB vir die klas word in (387) uitgedruk:

(387) *Onderskeidende elemente van 'n VRB vir die subklas, soos afgelei van die tipiese VRB in (149):*

a. Uitgedrukte deelnemerrolle en hulle afbeelding:

[-Pad], [-Bron], [-Bestemming], verder soos in (149)

b. Kenmerke van elke uitgedrukte deelnemerrol:

Alle uitgedrukte deelnemerrolle moet versoenbaar wees

met die volgende semanties-pragmatiese kenmerke:

[+Beweeg]

[±[-Manier, +Rigting]]

[+Manier, +Rigting]


[+Postuur]

[-Rigting heen-en-weer]

3.10.32 TAKSONOMIE VAN DIE KLAS BEWEGINGSWERKWOORDE

Die totale klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde wat in die voorafgaande afdelings geklassifiseer is na gelang van hulle leksikale valensie, kan skematies soos in (388) voorgestel word:

(388) *Skematiese voorstelling van die klassifikasie van Afrikaanse bewegingswerkwoorde:*



In afdeling 3.11 word die oortolligheidsreëls saamgevat wat die verhouding tussen die leksikale kenmerke verreken en in afdeling 3.12 word die reëls beskryf wat die interaksie tussen leksikale en konstruksionele valensie verreken.

3.11 DIE INTERAKSIE TUSSEN LEKSIKALE KENMERKE

Die interaksie tussen die leksikale kenmerke wat betrokke is by werkwoordvalensie is vroeër in hierdie hoofstuk in 'n aantal oortolligheidsreëls saamgevat (vergelyk voorbeelde (128), (120), (130), (137) en (148)). Hierdie oortolligheidsreëls word as 'n komponent van die leksikon in 'n grammatika vervat en dit hoef nie vir elke afsonderlike leksikale item in 'n leksikale inskrywing herhaal te word nie (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.6.2 en hoofstuk 2, voorbeeld (156)).

Daar is in hoofstuk 2 die volgende tipes oortolligheidsreëls voorgestel om hierdie verhoudinge te verreken:

- Reëls wat sintaktiese kenmerke aflei uit semanties-pragmatiese kenmerke.
- Reëls wat semanties-pragmatiese kenmerke aflei uit ander semanties-pragmatiese kenmerke.
- Reëls wat die deelnemerrolle versoen met konstruksierolle.
- Reëls wat agtergrondraamelemente van die leksikale item versoen met konstruksionele agtergrondraamelemente.

Agtergrondraamelemente is in afdeling 3.5 bespreek en konstruksionele valensie word in afdeling 3.12 bespreek. Die oortolligheidsreëls wat sintaktiese kenmerke vir 'n leksikale item aflei en dié wat semanties-pragmatiese kenmerke aflei, word onderskeidelik in afdeling 3.11.1 en afdeling 3.11.2 bespreek.

3.11.1 AFLEIBARE SINTAKTIESE KENMERKE

Die sintakties-kategoriale kenmerk [+V] volg by alle bewegingswerkwoorde uit die semanties-pragmatiese kenmerk [+Beweeg]. Dit word in Oortolligheidsreël 3 in voorbeeld (130) saamgevat, wat hier as (389) herhaal word:

(389) Oortolliheidsreël 3:

Enige leksikale item met die semanties-pragmatiese kenmerk [+Beweeg] het ook die sintakties-kategoriale kenmerk [+V].

Bewegingswerkwoorde is onoorganklik tensy die beweging gerig is op 'n objek van gerigtheid. Hierdie sintaktiese kenmerk word saamgevat in Oortolliheidsreël 4 in voorbeeld (137) en hier herhaal as 390 (vergelyk ook Oortolliheidsreël 6 in voorbeeld (344) onder afdeling 3.10.22.2):

(390) Oortolliheidsreël 4:

Alle bewegingswerkwoorde wat 'n objek van gerigtheid profileer in hulle leksikalisering, vertoon die sintaktiese kenmerk [V, ___NP].

Alle bewegingswerkwoorde subkategoriseer vir 'n NP-onderwerp. Hierdie verskynsel word verreken deur Oortolliheidsreël 5 (vergelyk voorbeeld (148)):

(391) Oortolliheidsreël 5:

Alle bewegingswerkwoorde verbind met 'n bewegende entiteit.

Die oortolliheidsreëls wat geïnkorporeer is as deel van skema (145) (die tipiese VRB vir bewegingswerkwoorde) bepaal verder dat 'n bewegende entiteit afteken op 'n NP en dat die bewegende entiteit die subjek van 'n aktiewe sin is.

3.11.2 AFLEIBARE SEMANTIES-PRAGMATIESE KENMERKE

Die bewegende entiteit as 'n deelnemerrol volg uit die feit dat 'n bewegingswerkwoord 'n bewegingsgebeurtenis leksikalisier. So 'n bewegingsgebeurtenis vereis noodwendig 'n entiteit wat die handeling uitvoer of ondergaan. Alle ander deelnemerrolle word gemotiveer deur die feit dat beweging 'n verandering van daardie entiteit binne 'n ruimte, oor 'n pad

en met verloop van tyd behels (vergelyk afdeling 3.4 vir die besonderhede hiervan).

3.12 REËLS WAT DIE INTERAKSIE TUSSEN RAAM- EN ARGUMENTROLLE VERREKEN

In hoofstuk 2 (afdeling 2.4.2.5) is aangetoon dat basiese, ongevulde konstruksies argumente kan toevoeg tot 'n woord se rollestruktuur of kognitiewe raam. In hierdie afdeling word aangedui hoe daar vanuit 'n KG-benadering (vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.3) 'n verklaring gegee kan word vir (a) werkwoorde uit ander klasse wat in 'n bewegingskonstruksie optree en (b) bewegingswerkwoorde wat in ander konstruksie-tipes optree. Hierdie verskynsels word onderskeidelik in afdeling 3.12.1 en afdeling 3.12.2 bespreek.

3.12.1 BEWEGINGSWERKWOORDE UIT ANDER KLASSE WAT IN 'N BEWEGINGSKONSTRUKSIE OPTREE

'n Werkwoord word in alle gevalle geïntegreer in die betekenis van die konstruksie. Met verwysing na die *pad*-konstruksie (Jackendoff (1990, 1992) se *way-construction*) merk Goldberg (1995:12) op dat alle werkwoorde wat in dié konstruksie optree, as bewegingswerkwoorde van rigting beskou moet word. *Pad*-uitdrukkings druk naamlik beweging uit met die aangeduide *pad*, soos geïllustreer in die voorbeelde in (392):


(392)

- a. *lieg sy pad uit die moeilikheid uit* (beweeg uit die moeilikheid uit deur te *lieg*)
- b. *skiet hulle pad oop deur die vyandige troepe* (beweeg deur die vyandige troepe deur te *skiet*)

Konstruksies wat ooreenstem met basiese sinstipes kodeer as hulle sentrale betekenis gebeurtenistipes wat basies is aan


menslike ervaring (vergelyk Goldberg 1995:39; hoofstuk 2, afdeling 2.4.3). Die bewegingsgebeurtenis is een so 'n basiese menslike ervaring. Die tipiese konstruksie waarin hierdie ervaring geënkodeer word, word in (393) uiteengesit (vergelyk ook voorbeelde (145) en (147) in hoofstuk 2):

(393) *Die tipiese bewegingkonstruksie:*




Die pad-argument hoef nie altyd uitgedruk te word nie (soos in (394), of dit kan deur die teenwoordigheid van ander argumentrolle geïmpliseer word (soos in 395). Ander argumentrolle, soos die instrument, word ook dikwels uitgedruk (soos in 396):


(394)



(395)




(396)



Goldberg (1995:17) postuleer 'n kernbetekenis vir 'n woord,

wat met die betekenis van 'n konstruksie geïntegreer word om die betekenis van 'n uitdrukking of linguistiese afleiding te vorm. Die *pad*-konstruksie wat hierbo beskou is, se basiese betekenis is "beweeg met 'n pad X terwyl die aksie Y die beweging vergesel en kenmerk". Die vorm van hierdie basiese konstruksie kan voorgestel word soos in (397):

(397)



Die werkwoord se kernbetekenis bly dieselfde, ongeag in watter tipe konstruksie dit optree. *Skiet* en *lieg* verloor byvoorbeeld nie hulle kernbetekenis van onderskeidelik "vuur met 'n vuurwapen" en "verkondig 'n onwaarheid" in die *pad*-konstruksie nie. Die deelnemerrolle wat met hierdie woorde geassosieer word, word egter beïnvloed en aangepas deur die besondere konstruksie waarin dit optree, sodat die "skietende entiteit" (die skut) en die "ligende entiteit" (die leuenaar) in die onderskeie woorde se konvensionele deelnemerrollerame versmelt word met die bewegende entiteit in die argumentstruktuur van die bewegingkonstruksie.

In die afwesigheid van 'n meer spesifieke konstruksie word die konvensionele betekenis en toepassing van die werkwoord aanvaar, soos in die voorbeelde in (398):

(398)

- a. Hy *lieg* (verkondig 'n onwaarheid)
- b. Hy *skiet* (vuur met 'n vuurwapen)
- c. Hy *dryf* (lê op die water)
- d. Hy *fluit* (maak musiek)

Indien 'n uitdrukking van pad egter tot die konstruksie toegevoeg word (soos in die pad-konstruksie), verkry die konstruksie die betekenis van 'n bewegingkonstruksie, en die werkwoord se rolleraam moet daarby aanpas. In (399) word die statiese werkwoord *dryf* in 'n bewegende sin gebruik as gevolg van die uitdrukking van 'n pad-konstruksie:

(399)

- a. Die boot *dryf* in die grot in.
- b. Die koeël fluit by my ore verby.
- c. Die groepie voeter die bult uit met hulle skedonk.

In die voorbeeld in (399) vertoon *dryf* die valensie van 'n bewegingswerkwoord van manier van beweging. Dit is egter nie enige werkwoord wat as 'n bewegingswerkwoord kan optree in 'n bewegingkonstruksie nie. *Verbied* en *beplan* in (400) is twee voorbeelde van werkwoorde wat nie grammatikaal in die konstruksie kan optree nie:

(400)

- a. **verbied* by my ore verby
- b. **beplan* die bult uit met hulle skedonk

Goldberg (1995:44) se verklaring vir hierdie verskynsel (dat sommige werkwoorde uit ander klasse kan optree as bewegingswerkwoorde, maar ander glad nie) is dat woorde leksikaal bepaal watter apsekte van hulle raamsemantiese inligting verpligtend geprofileer word in enige konstruksie. Sulke leksikaal geprofileerde rolle word deur Goldberg (1995:44) beskryf as

entities in the frame semantics associated with the verb that are obligatorily accessed and function as focal points within the scene, achieving a special degree of prominence.

Goldberg wys voorts daarop dat hierdie profilering hoogs gekonvensionaliseer is en nie deur die konteks gewysig kan word nie (sien hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.3.3). 'n Woord kan

dus nie lukraak uit die leksikon getrek word en as 'n bewegingswerkwoord geïnterpreteer word bloot omdat dit in 'n bewegingkonstruksie optree nie. Die konstruksie kan nie deur die toevoeging of wysiging van argumentrolle die verpligte, gekonvensionaliseerde profilering van die werkwoord se semantiese rolle verander nie. Deelnemerrolle kan nie versmelt met onversoenbare argumentrolle nie. Ongrammatikale gevalle soos die voorbeelde in (400) word deur Goldberg (1995:50) se Korrespondensiebeginsel in (401) hanteer:

(401) *Korrespondensiebeginsel:*

Elke deelnemerrol wat leksikaal geprofileer word en uitgedruk word, moet versmelt word met 'n geprofileerde argumentrol van die konstruksie.

Die konstruksie spesifiseer watter rolle daarvan verpligtend versmelt word met rolle van die werkwoord. Argumentrolle wat nie verpligtend versmelt word met die werkwoord se deelnemerrolle nie, kan deur die konstruksie bygedra word tot die werkwoord se deelnemerrolleraam (Goldberg 1995:51). In die voorbeelde in (400) hierbo kan die rolle nie versmelt word nie, omdat die geprofileerde deelnemerrolle uitgedruk moet word, maar nie versoenbaar is met die uitgedrukte argumentrolle nie (bewegende entiteit en pad in (402a); bewegende entiteit, pad en instrument in (402b)). In die voorbeelde in (402) het *fluit* en *voeter* elk 'n enkele geprofileerde deelnemerrol, onderskeidelik die "fluitende entiteit" en die "voeterende entiteit". In navolging van Goldberg (1995:54) kan die integrasie van hierdie geprofileerde deelnemerrolle met die bewegingkonstruksie soos in (402) voorgestel word. R is in die voorstelling die semantiese relasie tussen die deelnemerrol en die argumentrol (vergelyk ook hoofstuk 2, afdeling 2.4.4.3.4).

(402) *Integrasie van die werkwoord se deelnemerrolle met die konstruksie se argumentrolle:*

a. Die koeël fluit by my ore verby.

Sem.:	Beweging	<bewegende entiteit	pad>
R:		<fluitende entiteit	>
	↓	↓	↓
Sin.:	V	SUBJ	OBL

b. Die groepie voeter die bult uit met hulle skedonk.

Sem.:	Beweging	<bewegende entiteit	pad	instrument>
R:		<voeterende entiteit		>
	↓	↓	↓	↓
Sin.:	V	SUBJ	NP	OBL

Die basiese konstruksie voeg die argumentrol van pad by tot die woord se rolleraam in (402a) en (402b). In (402a) word hierdie rol sintakties gemanifesteer as 'n NP en in (402b) as 'n obliëkobjek in 'n PP-konstruksie. In (402b) word 'n instrument ook deur die bewegingkonstruksie toegevoeg tot die rolleraam van voeter. Dit word as 'n obliëk of PP uitgedruk in die konstruksie. Deur 'n soortgelyke toevoeging van raamrolle deur die konstruksie word die statiese werkwoord *dryf* as bewegingswerkwoord aangewend in (399a) hierbo.

'n Werkwoord wat in 'n bewegingkonstruksie optree, word as 'n bewegingswerkwoord geïnterpreteer indien sy geprofileerde deelnemerrolle suksesvol versmelt word met die konstruksie se geprofileerde argumentrolle. Indien die versmelting nie suksesvol is nie, omdat die rolle onversoenbaar is, ontvang die uitdrukking 'n defektiewe interpretasie. 'n Woord wat as 'n bewegingswerkwoord geïnterpreteer word, word geassosieer met die valensieraam van een van die bestaande klasse bewegingswerkwoorde. In die meeste gevalle word so 'n werkwoord gebruik met die valensie van een van die manier-van-bewegings-werkwoordklasse.

3.12.2 BEWEGINGSWERKWOORDE IN ANDER KONSTRUKSIETIPES

Soos werkwoorde wat tradisioneel met ander klasse geassosieer word, as bewegingswerkwoorde kan optree, kan bewegingswerkwoorde ook in konstruksies met ander betekenis aangewend word. In die voorbeelde in (403) word rolle uit die bewegingsraam patroonmatig onderdruk wanneer die werkwoord in 'n konstruksietipe anders as 'n bewegingkonstruksie optree:

(403)

- a. Die enjin loop (*die enjin werk*)
- b. Die pad loop oor die berg (*die pad lê oor die berg*)

In (403a) en (403b) word telkens 'n statiese entiteit (teenoor die bewegende entiteit van die bewegingkonstruksie) en voortsetting van situasie (teenoor 'n bewegingsgebeurtenis) geprofileer. Die argumentrol van pad, wat in die normale gebruik (as bewegingswerkwoord) van hierdie woorde uitgedruk of geïmpliseer word, word deur die konstruksies in (403) onderdruk, of *verdonker* (vergelyk Goldberg 1995). Volgens Goldberg (1995:64) bly die betekenis van die konstruksie konstant, ongeag of die werkwoord 'n geval van die konstruksie se geprofileerde rolle voorstel. 'n Bewegingkonstruksie se betekenis kan nie verander word deur 'n werkwoord in die konstruksie uit 'n klas anders as die bewegingswerkwoorde nie. *Verbied* en *bepian* kan byvoorbeeld nie die betekenis van die konstruksie waarin hulle optree in (400) verander om dit in ooreenstemming met hulle besondere rollerame te bring nie; daarom bly die interpretasie van die strukture in (400) defektief.

Die werkwoord in die konstruksie kan slegs die valensiepatrone aanneem van 'n werkwoord wat tradisioneel met die konstruksie geassosieer word indien dit deur konvensie toegelaat word dat die werkwoord se geprofileerde rol(le) met die konstruksie se argumentrolle versmelt. Die proses waardeur die valensieraam van een klas werkwoorde deur 'n konstruksie suksesvol toegepas word op 'n werkwoord wat

tradisioneel in 'n ander leksikale klas gegroepeer is, kan as **mutasie** beskryf word.

Mutasie is 'n hoogs bereëde proses en berus op hoogs gekonvensionaliseerde leksikale kennis. *Fluit* se valensieraam ondergaan in (404a) 'n mutasie, waardeur dit in daardie konstruksie die valensieraam van 'n bewegingswerkwoord verkry. *Praat* in (404b) ondergaan egter nie dieselfde mutasieproses nie, omdat die "pratende entiteit" in die werkwoord se rolleraam nie suksesvol versmelt met die "bewegende entiteit" in die konstruksie se argumentraam nie. *Fluit* beskryf naamlik 'n element van die manier van beweging van 'n vinnig bewegende, relatief klein voorwerp soos 'n koeël, terwyl *praat* dit nie doen nie.

(404)

- a. Die koeël fluit by my ore verby.
- b. *Die koeël praat by my ore verby.

Fluit se konvensionele valensieraam (die raam wat geld by verstek van aanvullende inligting in die konstruksie) kan mutasie ondergaan, onder invloed van die bewegingkonstruksie, omdat die betekenis van die werkwoord ("vrystelling van klank") sowel as die betekenis van die konstruksie ("beweeg met 'n pad") behou en verenig word. *Praat* se konvensionele valensieraam kan nie dieselfde mutasie ondergaan in die bewegingkonstruksie nie, omdat die betekenis van "beweeg" in die konstruksie verlore gaan. Die konstruksie in (404b) is dan 'n bewegingkonstruksie sonder die spesifisering of profilering van beweging, en as sodanig is die uitdrukking se interpretasie defektief.

3.12.3 IMPLIKASIES VAN DIE MUTASIE VAN 'N VRB

Uit die bespreking hierbo blyk dit dat leksikale valensie bereël word deur 'n komplekse stel gegewe en 'n komplekse stel interaksies wat nie deur 'n enkele, geïsoleerde

leksikale inskrywing ondervang kan word nie. Dit behels die kennis van die konvensionele valensieraam waarmee 'n woord geassosieer word (en wat vir bewegingswerkwoorde in hierdie hoofstuk uiteengesit word) en dit behels ook die kennis van die spesifieke mutasies wat moontlik is vir hierdie konvensionele valensieraam. Kennis van die manier waarop die valensieraam gemuteer kan word, behels kennis van:

- watter van die werkwoord se deelnemerrolle verpligtend geprofileer moet word;
- of hierdie geprofileerde deelnemerrolle versoenbaar (en dus versmeltbaar) is met die argumentrolle van die konstruksie;
- watter addisionele deelnemerrolle deur die konstruksie toegevoeg kan word tot die woord se rolleraam en
- watter konvensionele deelnemerrolle verdonker kan word deur die konstruksie.

3.13 SAMEVATTING

Die sentrale doelstelling van hierdie hoofstuk is in afdeling 3.1 gestel as om vir die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde die besonderhede te stipuleer van die valensieraambeskrywing wat in hoofstuk 2 ontwikkel is.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is daar eerstens in afdeling 3.4 ondersoek ingestel na die reëlmatige wisselwerking (a) tussen werkwoordkenmerke en deelnemerrolle en (b) tussen deelnemerrolle onderling. Daar is bevind dat werkwoorde met sekere kenmerke en met 'n sekere profilering van kenmerke reëlmatig verbind met sekere deelnemerrolle. Daar is ook aangetoon dat die werkwoord se geprofileerde kenmerke bepalend is vir sy sintaktiese verspreiding en dat 'n groot deel van werkwoordsintaksis uit hierdie kenmerke afgelei kan word.

Op grond van die bevindinge wat in afdeling 3.4 en afdeling 3.6 gemaak is ten opsigte van werkwoord- en deelnemer-

kenmerke, word Afrikaanse bewegingswerkwoorde in afdeling 3.10 geklassifiseer na gelang van ooreenstemmende kenmerke en verspreiding. Daar word aangetoon dat daar op reëlmatige wyse 'n konvensionele VRB afgelei kan word uit elke groep semanties-pragmatiese kenmerke wat vir die klassifikasie gebruik word.

Laastens, in afdeling 3.11 en 3.12, word dit duidelik gemaak dat die elemente in 'n VRB grootliks voorspelbaar is uit die semanties-pragmatiese kenmerke van 'n werkwoord.

Onvoorspelbare elemente van 'n VRB volg reëlmatig uit die wyse waarop semanties-pragmatiese kenmerke geprofileer word. Profilerings is 'n konvensionele proses wat nie voorspelbaar is uit die werkwoord se betekenis nie. Inligting oor geprofileerde deelnemerrolle moet dus as idiosinkraties hanteer word vir elke werkwoord, maar die implikasies daarvan (byvoorbeeld dat 'n geprofileerde bestemming op 'n NP-voorwerp afgebeeld word) is reëlmatig en dit kan deur oortolligheidsreëls hanteer word.

Die wisselwerking tussen geprofileerde argumentrolle in 'n konstruksie en geprofileerde rolle in 'n werkwoord se deelnemerraam vorm die basis van kruisklassifikasie van werkwoorde. Daar word in afdeling 3.12 aangetoon dat dit moontlik is om vir werkwoorde 'n enkele leksikale inskrywing voor te stel, met 'n enkele geassosieerde VRB. Polisemiese gebruike van werkwoorde word dan verreken in terme van moontlike mutasies wat die werkwoord se normale VRB kan ondergaan onder die invloed van die organisasie van die argumente in die konstruksie.

3.13 VOETNOTE

- 1 Ponelis (1979:342) identifiseer ook 'n adjunk van frekwensie. Frekwensie word hier nie as 'n afsonderlike deelnemer hanteer nie, maar as deel van aspek en tydsduur.

- 2 Die enigste uitsondering is bewegingswerkwoorde wat ook optree as werkwoorde van weersgesteldheid, soos die volgende gebruike van *drup* wat deur die HAT (1994) gegee word:

(405)

- a. Dit begin al te drup.
- b. Dit het die hele nag gedrup-drup.

Dit is slegs in hierdie gebruik as sinoniem vir (ligte) reën dat die werkwoord nie 'n uitgedrukte subjek neem nie. Die subjek in (405a,b) tree hier ook nie op as 'n bewegende entiteit nie, en die werkwoord is nie in die ware sin van die woord 'n bewegingswerkwoord nie, omdat dit 'n weers-toestand beskryf eerder as die beweging van 'n entiteit. *Drup* as bewegingswerkwoord kan nie sonder 'n uitgedrukte bewegende entiteit gebruik word nie:

(406)

- a. Sweet drup van sy voorkop. (HAT 1994)
- b. *Dit drup van sy voorkop (sonder 'n antesedent vir *dit*).

- 3 Resultatiewe alternasies sluit voorbeelde in soos (407) en lokatiewe alternasies sluit voorbeelde in soos (408):

(407)

Hy loop [sy skoene stukkend RESULTAAT].

(408)

[Op die baan LOKATIEF] hardloop vyf moeë atlete.

- 4 Asher en Sablayrolles (1995) onderskei verder tussen 'n **inerte** en **nie-inerte** verandering van posisie. Hulle onderskeid word vir die doeleindes van hierdie studie buite rekening gelaat.

- 5 Die konstruksie is wel moontlik met *inhaal*.

HOOFSTUK 4 SLOTOPMERKINGS

4.1 SAMEVATTING

Twee sentrale probleme vorm die basis van die navorsing wat hier aangebied is: (a) die problematiek rondom die daarstel van 'n teoreties adekwate model om leksikale valensie te verreken en (b) die problematiek rondom die beskrywing van 'n subklas Afrikaanse werkwoorde.

Die klas bewegingswerkwoorde is hier vir ondersoek gekies omdat die valensieproblematiek reeds geruime tyd navorsing stuur oor hierdie klas werkwoorde in verskillende tale. Dit gaan in hierdie studie dan ook om 'n ondersoek na die hipotese dat die sintaktiese gedrag van werkwoorde deur hulle semantiek bepaal word en dat hulle sintaktiese gedrag gevolglik op grond van hulle semantiese kenmerke voorspel kan word (die onakkusatiwiteithipotese).

Vanuit hierdie problematiek word 'n dubbele doelstelling vir die navorsing geformuleer:

- a. Om op algemeen-teoretiese vlak 'n adekwate valensieteorie te ontwikkel wat taalspesifieke leksikale valensie bevredigend kan verreken.
- b. Om die klas Afrikaanse bewegingswerkwoorde te klassifiseer op grond van semantiese kenmerke en om die onakkusatiwiteithipotese aan die taalspesifieke data te toets, dus om vas te stel tot watter mate valensie uit semantiese kenmerke voorspelbaar is.

4.1.1 ALGEMEEN-TEORETIESE PROBLEMATIEK

Die eerste van die doelstellings word in hoofstuk 2 bereik deur op 'n eklektiese wyse 'n valensieteorie saam te stel vir

die verantwoording van leksikale valensie.

Die vereistes vir so 'n teorie word eerstens geformuleer in afdelings 2.2 en 2.3 van die hoofstuk. Die volgende fasette van 'n leksikale item se grammatiese omgewing is geïdentifiseer as van belang vir sy valensiebeskrywing:

(1)

- a. Sintakties-kategoriale kenmerke van sinstukke (NP, VP, S, PP, ens.)
- b. Sintaktiese/grammatiese funksie van die sinstukke (onderwerp, voorwerp, adjunk, ens.)
- c. Semantiese funksies van sinstukke (Agens, Pasiënt, ens.)
- d. Semantiese inhoud van sinstukke ([+Menslik] ens.)
- e. Pragmatiese kenmerke ("vinnige" teenoor "stadige" beweging ens.)
- f. Die netwerk relasies tussen a-e.

Daar word in hoofstuk 2, afdeling 2.4, breedvoerig aangevoer dat 'n teorie van UG (soos in die TGG-modelle) 'n teoreties gefundeerde verantwoording gee van slegs die eerste beskrywingsvlak in so 'n valensiebeskrywingsmodel. Universele sintakties-kategoriale valensie word deur 'n beperkte stel beginsels vir I-taal verreken deur die TGG-modelle, met duidelik uitgestippelde riglyne in die vorm van parameters vir die afleiding van taalspesifieke woordorde.

UG se verrekening van valensie strek slegs tot op die sintakties-kategoriale invoer van die LF-representasievlak. Ter wille daarvan om insig te bekom in die prosesse wat valensie bereël op die ander beskrywingsvlakke, word ander grammatikamodelle se hantering van valensie in die res van hoofstuk 2 ontleed. Die CS (afdeling 2.4.2) maak 'n belangrike bydrae tot die uitbouing van die semanties-funksionele en semanties-inhoudelike komponente van 'n valensieteorie deur 'n uitbreiding van die beperkte stel teta-rolle voor te stel. Die taalspesifieke pragmatiese

komponent van 'n valensieteorie word ten beste verreken deur die teoretiese apparaat van kognitiewe grammatikamodelle soos CG.

Die netwerk relasies tussen die veranderlikes ((1f) hierbo) word in afdeling 2.4.4 ondersoek as drie verwante prosesse: (a) leksikalisering, (b) die semantiese bepaaldheid van sintaktiese verspreiding en (c) die wisselwerking tussen die basiese konstruksie en die leksikale item se inherente semanties-pragmatiese kenmerke.

Vanuit die verskillende bydraes ten opsigte van die uitbouing van (a) die komponente van 'n valensieteorie en (b) die netwerk relasies tussen die komponente, word 'n valensieteorie geabstraheer met die volgende vorm:

(2) *Komponente van 'n valensieteorie:*

- a. sintaktiese kategoriale valensie wat op universele vlak hanteer word deur UG se sintaktiese reëls/komputasiekomponent
- b. leksikale valensie wat die liniêre en hiërargiese patroon volg in (a) en wat op LF-vlak hanteer word deur 'n leksikale inskrywing met die volgende vorm:
 - i. sintaktiese kenmerke (formele kenmerke)
 - ii. semanties-pragmatiese kenmerke, insluitend 'n spesifikasie van die kognitiewe domein wat die item se leksikalisering aktiveer met inligting rakende:
 - die leksikale item se deelnemerraam
 - die leksikale item se agtergronddraam
- c. reëls wat die passing van (b.i,ii) in die konstruksies van (a) verreken.

Die teorie word onderwerp aan die volgende vereistes:

(3)

Die valensieteorie wat die valensie van 'n leksikale item X verreken, moet rekenskap gee van die volgende

veranderlikes:

- a. Die inherente sintaktiese en semanties-pragmatiese kenmerke van X.
- b. Die semanties-pragmatiese kenmerke K van alle sinstukke in X se maksimale projeksie (XP) en die susterstukke van XP.
- c. Die semantiese rolle R van die stukke in (b).
- d. Die sintaktiese kategorieë SK waarop die rolle in (c) afgebeeld word.
- e. Die sintaktiese funksie (onderwerp, voorwerp, bywoordelike bepalingens ens.) SF van die kategorieë in (d).
- f. Die posisie van X in die liniêre orde van XP, en van XP in die sin.
- g. Die netwerk van relasies tussen (a-f).

Daar word in hoofstuk 2 aangedui dat die grammatikamodel onderliggend aan die teorie in (2) bestaan uit 'n universele sintaktiese komponent en 'n taalspesifieke leksikon. Die leksikon bestaan uit 'n hoogs geordende stel leksikale items en uit 'n stel oortolligheidsreëls. Leksikale items word in universele sintakties-kategoriale posisies ingevoeg deur die beginsels van die universele sintaktiese komponent, met inagneming van die taalspesifieke woordorde. Op LF-vlak word die geskiktheid van 'n leksikale item vir 'n gegewe grammatiese omgewing bepaal deur 'n stel oortolligheidsreëls in die leksikon.

Die oortolligheidsreëls in die leksikon vereenvoudig ook die taalspesifieke leksikale inskrywing. Oortolligheidsreëls stipuleer onder meer dat sekere sintaktiese kenmerke volg uit sekere semanties-pragmatiese kenmerke en dat sekere semanties-pragmatiese kenmerke volg uit ander semanties-pragmatiese kenmerke. Sulke afleibare kenmerke hoef dan nie vir afsonderlike leksikale items in hulle leksikale inskrywings herhaal te word nie.

Die insluiting van oortolligheidsreëls in die leksikon hou

die moontlikheid in dat alle sintaktiese kenmerke uit leksikale inskrywing gekrap kan word indien dit empiries bewys kan word dat alle sintaktiese kenmerke volg uit semanties-pragmatiese kenmerke. So 'n resultaat sou in ooreenstemming wees met die sterk variant van die onakkusatiwiteit hipotese. Dit sou ook vir 'n valensieteorie gewens wees omdat dit die teorie meer ekonomies sou maak. 'n Hipotese van reëlmatigheid tussen betekenis en valensie impliseer voorspelbaarheid en voorspelbare gegewens word in beperkte stelling reëls ondervang in plaas daarvan om vir elke individuele geval gestipuleer te word. So 'n benadering laat dan slegs toe dat idiosinkratiese inligting in die teorie gespesifiseer word.

4.1.2 TAALSPESIFIEKE PROBLEMATIEK

Die ontleding van bewegingswerkwoorde in hoofstuk 3 spesifiseer die omvattender analitiese apparaat wat nodig is vir die verrekening van valensie verby die punt waarvoor 'n teorie van UG voorsiening maak. Dit blyk uit hierdie analise dat die valensie van die kategorie in 'n aantal valensieraambeskrywings vir die aparte subklasse saamgevat kan word. 'n Duidelike beeld van die universele en taalspesifiek-idiosinkratiese aspekte van hierdie kategorie kan in terme van hierdie VRB's aangetoon word.

Die keuse van bewegingswerkwoorde as ondersoekgebied word ook gemotiveer op grond van die teoretiese problematiek van die voorspelbaarheid al dan nie van sintaktiese kenmerke op grond van semanties-pragmatiese kenmerke. In hoofstuk 3 word hierdie hipotese getoets aan die empiriese data van Afrikaanse bewegingswerkwoorde.

Afrikaanse bewegingswerkwoorde word geklassifiseer na gelang van ooreenstemmende semanties-pragmatiese kenmerke. Daar word getoon dat bewegingswerkwoorde met dieselfde semanties-pragmatiese kenmerke dieselfde stelling deelnemerrolle deel.

Hulle semanties-pragmatiese valensie is dus voorspelbaar uit hulle inherente semanties-pragmatiese kenmerke. Die sterker variant van die onakkusatiwiteithipotese, naamlik dat alle leksikale items se volledige valensieraambeskrywings afgelei kan word vanuit hulle semanties-pragmatiese kenmerke, is egter nie haalbaar nie. Daar word in afdeling 3.12 aangetoon dat die interaksie tussen die konstruksie-semantiek en die werkwoord se konvensionele deelnemerrolleraam ook 'n rol speel in sy valensie. Laasgenoemde proses is onderworpe aan konvensies oor die woord se gebruik en die verpligte profilering van sekere van sy deelnemerrolle wat nie uit die werkwoord se semantiek voorspelbaar is nie.

4.2 TEKORTKOMINGE VAN HIERDIE STUDIE TEN OPSIGTE VAN DIE ALGEMEEN-TEORETIESE PROBLEMATIEK

Hoewel dit hier aanvaar word dat die valensieteorie wat in hoofstuk 2 ontwikkel word, van 'n algemene (eerder as 'n taalspesifieke) aard is, word dit in hierdie studie slegs getoets aan Afrikaanse data. Die toetsingsterrein is hier ook beperk tot Afrikaanse bewegingswerkwoorde. Hoewel daar in beginsel aanvaar word dat die teorie toepassingsmoontlikhede het op ander klasse in die Afrikaanse leksikon en op klasse leksikale items in ander tale, moet so 'n hipotese nog empiries getoets word in verdere navorsing.

Daar word aangetoon dat die wisselwerking tussen die konstruksiesemantiek en die werkwoordsemantiek 'n deurslaggewende rol speel in die bepaling van 'n leksikale item se valensie. Deur interaksie met die semantiek van die konstruksie kan 'n leksikale item se konvensionele VRB 'n mutasie ondergaan om die verspreiding te vertoon van 'n ander leksikale klas. Hierdie proses word gereguleer deur die wyse waarop rolle geprofileer word in die konstruksie enersyds en in die leksikale item andersyds. Daar is min bekend oor hierdie proses van mutasie en in hierdie studie word daar ook nie uitsluitel daarvoor gegee nie. Ook hieroor moet nog

verdere navorsing gedoen word.

Prosesse wat die profilering van konvensioneel ongeprofileerde of minder geprofileerde deelnemerrolle bepaal, gee aanleiding tot die verskynsel van semantiese oorganklikheid van konvensioneel onoorganklike werkwoorde. Hierdie prosesse vind nie lukraak plaas nie en dit is beperk tot sekere werkwoorde (gewoonlik dié wat normaalweg 'n Agens as bewegende entiteit neem). Die volle besonderhede hiervan en die implikasies daarvan vir 'n werkwoord se VRB en mutasies daarvan moet nog verreken word.

4.3 TEKORTKOMINGE VAN HIERDIE STUDIE TEN OPSIGTE VAN TAALSPESIFIEKE BESKRYWING

Hoewel 'n valensieteorie in hoofstuk 2 ontwikkel word wat die riglyne neerlê vir die verrekening van alle leksikale items in Afrikaans, is die omvang van hierdie studie beperk tot die beskrywing van slegs die subkategorie bewegingswerkwoorde.

Die valensierame wat in hoofstuk 3 beskryf word, is nie van toepassing op werkwoorde buite hierdie klas nie. Hierdie valensierame en hulle elemente is ook nie van toepassing op ander sintaktiese kategorieë woorde nie. Ander kategorieë woorde (soos naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde of voorsetsels) word by die beskrywing betrek slegs ten opsigte van hulle relevansie in die valensieraam van bewegingswerkwoorde.

Ten opsigte van die klas bewegingswerkwoorde word die beskrywing ook beperk tot slegs hulle primêre, letterlike betekenis. Daar word wel beperkte aandag gegee aan polisemiese waardes van die primêre werkwoordbetekenis op grond van konstruksionele betekenis.

Figuurlike betekenisonderskeidings word nie in hierdie studie ondersoek nie. Hierdie verskynsels is wel belangrik vir 'n

volledige verantwoording van 'n leksikale item se valensie en dit behels meer mutasies van die konvensionele VRB as wat hier bespreek is. 'n Volledige beskrywing daarvan verg 'n dieptestudie van die sistematiek in die afleiding van metaforiese en metonimiese betekeniswaardes van die lede van die klas en beperkinge daarop. 'n Verantwoording van die figuurlike gebruik van hierdie leksikale items noodsaak 'n gedetailleerde beskrywing van die verband tussen die valensieraam van die leksikale item in sy letterlike betekenis en die valensieraam van die figuurlike konstruksie.

BIBLIOGRAFIE

ABRAHAM, W., EPSTEIN, S.D., THRÁINSSON, H. en ZWART, C.J. 1996. *Minimal ideas: syntactic studies in the Minimalist framework*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.

ALLEN, J.P.B. en VAN BUREN, P. 1971. *Chomsky: selected readings*. Londen, New York: Oxford University Press.

ALLERTON, J.D. 1982. *Valency and the English verb*. Londen: Academic Press.

ASHER, N. en SABLAYROLLES, P. 1995. "A typology and discourse semantics for motion verbs and spatial PPs in French." *Journal of semantics* 12: 163-209.

ATKINS, B.T.S. en FILLMORE, C.J. 1992. "Towards a frame-based lexicon: the semantics of RISK and its neighbours." in Kittay, E.F. en Lehrer, A. (reds.) *Frames, fields and contrasts (new essays in semantic and lexical organization)*. New Jersey: Lawrence Erlbaum.

ATKINS, B.T.S., FILLMORE, C.J. en HEID, U. 1995. "Lexicographical relevance in corpus evidence". Ongepubliceerde manuscript.

ATKINS, B.T.S. en ZAMPOLI, A. (reds.) 1994. *Computational approaches to the lexicon*. New York: Oxford University Press.

ATKINS, B.T.S., KEGL, J. en LEVIN, B. 1988. "Anatomy of a verb entry: from linguistic theory to lexicographic practice." *International journal of lexicography* 1: 84-126.

ATKINSON, M. 1996. "Generative grammar: the Minimalist Program." in Brown, K. en Miller, J. (reds.) *Concise encyclopedia of syntactic theories*. Oxford: Pergamon.

- BAKER, C.L. en McCARTHY, J.J. (reds.) 1981. *The logical problem of language acquisition*. Massachusetts: MIT.
- BEUKES, E. 1981. *Die valensie van adjektiewe vir graadwoorde in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.
- BLOOM, P. 1994. "Possible names: the role of syntax-semantics mappings in the acquisition of nominals". *Lingua* 92: 297-329.
- BOTHA, R.P. 1977. *Generatiewe taalondersoek - 'n sistematiese inleiding*. Pretoria, Kaapstad: HAUM.
- BOTHA, T.J.R., PONELIS, F.A., COMBRINK, J.G.H. en ODENDAL, F.F. (reds.) 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Academica.
- BRESNAN, J. 1978. "A realistic transformational grammar." in Bresnan, J. Halle, M. en Miller, G.A. (reds.) *Linguistic theory and psychological reality*. Cambridge: MIT.
- BRESNAN, J., HALLE, M. en MILLER, G.A. (reds.) 1978. *Linguistic theory and psychological reality*. Cambridge: MIT.
- BRESNAN, J. 1982 (red.) *The mental representation of grammatical relations*. Cambridge: MIT.
- BROEKHUIS, H. 1997. "Recente ontwikkelings in de generatiewe syntaxis I: het minimalistiese programma." in *Gramma/TTT, Tijdschrift voor taalwetenskap* 6: 13-39.
- BROWN, K. en MILLER, J. (reds.) 1996. *Concise encyclopedia of syntactic theories*. Oxford: Pergamon.
- CARSTENS, W.A.M. 1993. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.

- CHEN, R. 1990. "English demonstratives: a case of semantic expansion". *Language sciences* 12: 139-153.
- CHOMSKY, N. 1957. *Syntactic structures*. Den Haag: Mouton.
- CHOMSKY, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge: MIT.
- CHOMSKY, N. 1972. *Studies on semantics in generative grammar*. Den Haag: Mouton.
- CHOMSKY, N. 1977. *Essays on form and interpretation*. Amsterdam: North-Holland.
- CHOMSKY, N. 1981. *Lectures on government and binding*. Dordrecht: Foris Publications.
- CHOMSKY, N. 1985. *Barriers*. Cambridge, Londen: MIT.
- CHOMSKY, N. 1986. *Knowledge of language. Its nature, origin and use*. Convergence series. Londen: Praeger.
- CHOMSKY, N. 1991 "Some notes on economy of derivation and representation" in Freidin, R. (red.) *Principles and parameters in comparative grammar*. Cambridge: MIT.
- CHOMSKY, N. 1993. "A Minimalist Program for linguistic theory" in Hale, K. en Keyser, S.J. (reds.) *The view from building 20*. Cambridge: MIT.
- CHOMSKY, N. 1995a. *The Minimalist Program*. Cambridge: MIT.
- CHOMSKY, N. 1995b. "Bare phrase structure." in Webelhuth, G. (red.) 1995. *Government and Binding Theory and the Minimalist Program (principles and parameters in syntactic theory)*. Oxford, Cambridge: Blackwell.

CHOMSKY, N., en LASNIK, H. 1995. "The theory of principles and parameters." in Chomsky, N. *The Minimalist Program*. Cambridge: MIT.

COMBRINK, J. 1981. "Kom en gaan". in Sinclair, A.J.L. (red.). *Kongresreferate van die 17e nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika*. Belville: Universiteit van Wes-Kaapland.

COOK, V.J. 1988. *Chomsky's universal grammar: an introduction*. Cambridge: Blackwell.

CROFT, W. 1993. "Case marking and the semantics of mental verbs." in Pustejovsky, J. (red.) *Semantics and the lexicon*. Den Haag: Kluwer.

DEANE, P. 1991. "Limits to attention: a cognitive theory of island phenomena." *Cognitive Linguistics* 2: 1-63.

DEANE, P.D. 1996. "On Jackendoff's Conceptual Semantics." *Cognitive Linguistics* 7: 35-91.

DE STADLER, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

DE STADLER, L.G. 1990. "Kousatiewe deiktiese werkwoorde in Afrikaans: *bring* en *neem*". *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde* 8: 59-68.

DE VILLIERS, M. 1975. *Die semantiek van Afrikaans*. Kaapstad, Pretoria: HAUM.

DIK, S.C. 1994. "The Lexicon in a computational functional grammar." in Atkins, B.T.S. and Zampoli, A. (1994) *Computational approaches to the lexicon*. New York: Oxford University Press.

EPSTEIN, S.D., THRÁINSSON, H. en ZWART, C.J. 1996. "Introduction." in Abraham, W., Epstein, S.D., Thráinsson, H. en Zwart, C.J. (reds.) *Minimal ideas: syntactic studies in the Minimalist framework*. Amsterdam: John Benjamins.

FILLMORE, C.J. 1971. "Verbs of judging: an exercise in semantic description." in Fillmore, C.J. en Langendoen, T. (reds.) *Studies in linguistic semantics*. New York: Holt, Rinehart en Winston.

FILLMORE, C.J. en ATKINS, B.T.S. 1994. "Starting where dictionaries stop: the challenge of corpus lexicography." in Atkins, B.T.S. en Zampoli, A. (reds.) *Computational approaches to the lexicon*. Oxford: Oxford University Press.

FILLMORE, C.J. en LANGENDOEN, T. 1971. (reds.) *Studies in linguistic semantics*. New York: Holt, Rinehart en Winston.

FISHER, C., GLEITMAN, H. en GLEITMAN, L.R. 1991. "On the semantic content of subcategorization frames." in *Cognitive Psychology* 23: 331-392.

FREIDIN, R. (red.) 1991. *Principles and parameters in comparative grammar*. Cambridge: MIT.

FREIDIN, R. 1996. "Generative grammar: Principles and Parameters." in Brown, K. en Miller, J. (reds.) *Concise encyclopedia of syntactic theories*. Oxford: Pergamon.

FROMKIN, V. en RODMAN, R. 1993. *An introduction to language*. New York: Harcourt, Brace, Jovanovich.

GAZDAR, G., KLEIN, E., PULLUM, G. en SAG, I. 1985. *Generalized Phrase Structure Grammar*. Cambridge: Harvard University Press.

GOLDBERG, A.E. 1995. *Constructions (a Construction Grammar approach to argument structure)*. Chicago: University of Chicago Press.

GOUWS, R. en FEINAUER, I. (reds.). 1998. *Sintaksis op die voorgrond*. Pretoria: J.L. van Schaik.

GRIMSHAW, J. 1979. "Complement selection and the lexicon." in *Linguistic inquiry* 10: 279-326

GRIMSHAW, J. 1981. "Form, function, and the language acquisition device." in Baker, C.L. en McCarthy, J.J. (reds.) *The logical problem of language acquisition*. Cambridge: MIT.

HAEGEMAN, L. 1991. *Introduction to Government and Binding theory*. Oxford: Blackwell.

HALE, K. en KEYSER, J. (reds.) 1993. *The view from building 20*. Cambridge: MIT.

HERSLUND, M. 1988. "On valence and grammatical relations." in Sørensen, F. (red.) *Three studies on the linking power of verbs*. Copenhagen studies on language, Cebal series no. 11. Copenhagen: Nyt Nordisk Forlag Narnold Busck.

JACKENDOFF, R. 1972. *Semantic interpretation in generative grammar*. Cambridge: MIT.

JACKENDOFF, R. 1983. *Semantics and Cognition*. Cambridge: MIT.

JACKENDOFF, R. 1987. "The status of thematic relations in linguistic theory". in *Linguistic inquiry* 18: 369-411.

JACKENDOFF, R. 1990. *Semantic structures*. Massachusetts: Cambridge University Press.

JACKENDOFF, R. 1992. "Babe Ruth homered his way into the hearts of America." in Stowell, T. en Wehrli, E. (reds.) *Syntax and Semantics Vol. 26*. Londen: Academic Press.

JAKOBSEN, L.F. 1988. "Valency grammar." in Sørensen, F. (red.) *Three studies on the linking power of verbs*. Copenhagen studies on language, Cebal series no. 11. Copenhagen: Nyt Nordisk Forlag Narnold Busck.

KIMBALL, J.P. (red.) 1975. *Syntax and semantics Vol. 4*. New York: Academic Press.

KITTAY, E.F. en LEHRER, A. (reds.) 1992. *Frames, fields and contrasts (new essays in semantic and lexical organization)*. New Jersey: Lawrence Erlbaum.

LANGACKER, R.W. 1986. "An introduction to Cognitive Grammar." in *Cognitive science* 10: 1-40.

LANGACKER, R.W. 1987. "Nouns and verbs." in *Language* 63: 53-93.

LANGACKER, R.W. 1988a. "An overview of cognitive grammar." in Rudzka, O.B. (red.) *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam: Benjamins.

LANGACKER, R.W. 1988b. "A view of linguistic semantics." in Rudzka, O.B. (red.) *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam: Benjamins.

LANGACKER, R.W. 1988c. "The nature of grammatical valence." in Rudzka, O.B. (red.) *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam: Benjamins.

LANGACKER, R.W. 1988d. "A usage-based model." in Rudzka, O.B. (red.) *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam: Benjamins.

LANGACKER, R.W. 1990. "Cognitive grammar: the symbolic alternative." in *Studies in the linguistic sciences* 20: 3-30.

LANGACKER, R.W. 1991. *Foundations of cognitive grammar. Vol. II: Descriptive application.* Stanford: Stanford University Press.

LEVIN, B. 1993. *English verb classes and alternations - a preliminary investigation.* Chicago: University of Chicago Press.

LEVIN, B. en RAPPAPORT, M. 1988. "What to do with theta-roles." in Wilkins, W. (red.) *Syntax and semantics. Vol. 21: Thematic Relations.* San Diego: Harcourt, Brace, Jovanovich.

LEVIN, B., RAPPAPORT HOVAV, M. 1992. "The lexical semantics of verbs of motion: the perspective from unaccusativity." in Rocca, I.M. (red.) *Thematic structure: its role in grammar.* Berlyn, New York: Foris Publications.

LEVIN, B., RAPPAPORT HOVAV, M. 1995. *Unaccusativity (at the syntax-lexical interface).* Cambridge: MIT.

LYONS, J. 1977. *Semantics.* Cambridge: Cambridge University Press.

MAARTENS, J. 1996. "The Minimalist Program - an orientation." in *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde.* Supplement 21: 5-34.

MARANTZ, A. 1995. "The Minimalist Program." in Webelhuth, G. (red.) *Government and Binding Theory and the Minimalist Program (principles and parameters in syntactic theory).* Oxford: Blackwell.

- PEDERSEN, B.S. 1997. "Danish motion verbs: syntactic alternations and the hypothesis of semantic determination." in *Nordic journal of linguistics* 20: 63-89.
- PLATZACK, C. 1988. "Valency and GB Grammar." in Sørensen, F. (red.) *Three studies on the linking power of verbs*. Copenhagen studies on language, Cebal series no. 11. Copenhagen: Nyt Nordisk Forlag Narnold Busck.
- POLLARD, C. en SAG, I.A. 1987. *Information-based syntax and semantics. Vol. 1: Fundamentals. (CSLI Lecture notes no. 13)*. Stanford: University of Chicago Press.
- POLLARD, C. en SAG, I.A. 1994. *Head-driven Phrase Structure Grammar*. Chicago: University of Chicago Press.
- POLLOCK, J.Y. 1989. "Verb movement, Universal Grammar, and the structure of IP." in *Linguistic inquiry* 20: 365-424.
- PONELIS, F.A. 1968. *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- PONELIS, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- PONELIS, F.A. 1989. "Sintaksis." in Botha T.J.R. et al. (reds.) *Inleiding tot die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Academica.
- PUSTEJOVSKY, J. (red.) 1993. *Semantics and the lexicon*. Den Haag: Kluwer.
- RADFORD, A. 1988. *Transformational Grammar*. Cambridge, New York: Cambridge University Press.
- ROCCA, I.M. (red.) 1992. *Thematic structure: its role in grammar*. New York: Foris Publications.

- RUDZKA, O.B. (red.) 1988. *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam: Benjamins.
- SHIBATANI, M. (red.) 1976. *Syntax and semantics. Vol. 6: The grammar of causative constructions*. Londen: Academic Press.
- SHOPEN, T. (red.) 1985. *Language typology and syntactic description. Vol. III: Grammatical categories and the lexicon*. Cambridge: Cambridge University Press.
- SINCLAIR, A.J.L. (red.) 1981. *Kongresreferate van die 17e nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika*. Belville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- SØRENSEN, F. (red.) 1988. *Three studies on the linking power of verbs*. Copenhagen studies on language, Cebal series no. 11. Copenhagen: Nyt Nordisk Forlag Narnold Busck.
- STOWELL, T. en WEHRLI, E. (reds.) 1992. *Syntax and semantics. Vol. 26*. Londen: Academic Press.
- SWANEPOEL, P.H. 1995. "'n Eksegese van 'n leksikografiese metode: raamgebaseerde leksikografiese definisies." in *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*. Supplement 26: 73-98.
- SWANEPOEL, P.H. 1998. "Kousatiwiteit: modelle, konstruksies en perspektivering." in Gouws, R., Feinauer, I. (reds.). *Sintaksis op die voorgrond*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- TALMY, L. 1975. "Semantics and the syntax of motion." in Kimball, J.P. (red.) *Syntax and semantics. Vol. 4*. Londen: Academic Press.
- TALMY, L. 1976. "Semantic causative types." in Shibatani, M. (red.) *Syntax and semantics. Vol. 6: The grammar of causative constructions*. Londen: Academic Press.

TALMY, L. 1985. "Lexicalization patterns." in Shopen, T. (red.) *Language typology and syntactic description. Vol. III: grammatical categories and the lexicon*. Cambridge: Cambridge University Press.

TALMY, L. 1988. "Force dynamics in language and cognition." in *Cognitive science* 12: 49-100.

TAYLOR, R. 1996. "On running and jogging." in *Cognitive linguistics* 7: 21-34.

TESNIÈRE, L. 1959. *Éléments de syntaxe structurale*. Parys: Klincksieck.

VAN JAARSVELD, G.J. 1982. *Semantiese seleksie in Afrikaans: die adjektief plus naamwoord*. Ongepubliseerde proefskrif: UOVS.

VAN JAARSVELD, G.J. 19885. *Semantiek*. Pretoria: Academica.

WAHER, H., OOSTHUIZEN, J. 1996. "Minimalisme: organisasie, afleiding en woordorde." in *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde. Supplement* 29: 35 - 67.

WEBELHUTH, G. (red.) 1995. *Government and Binding Theory and the Minimalist Program (principles and parameters in syntactic theory)*. Oxford, Cambridge: Blackwell.

WILKINS, W. (red.) 1988. *Syntax and semantics. Vol. 21: Thematic Relations*. Londen: Harcourt, Brace, Jovanovich.

WOORDEBOEKE

HAT:

ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. en BOOYSEN, C.M. 1994. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.